

KAMEE

'n Bundel kortverhale

en

Mini-verhandeling

DIE VERGESTALTING VAN SKULD EN VERGIFNIS IN 30 NAGTE IN AMSTERDAM (ETIENNE VAN HEERDEN)

deur

Roela Hattingh

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

September 2013

KAMEE

'n Bundel kortverhale

deur

Roela Hattingh

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

September 2013

Bedankings

My dank aan prof. Henning Pieterse vir die waardevolle raad, bystand en ondersteuning dwarsdeur die kursus. Ook aan my medestudente in Kreatieweskryfkuns-klas, die skryfgroep by Quellerina en Vega-kollegas: Dankie vir julle kritiek, ondersteuning en gebede. Dankie Sonja Pieterse vir redigering, Ansie en Henk Gous vir die berg van vergifnis wat julle met my geklim het. Veral vir Flip, Nicholas en Chrisjan, familie en my vriende: Dankie dat julle na my onsamehangende stories luister. Dankie aan God vir vergifnis.

So lank

Klouter deur die heining Ma,
gooi af die karos
los maar die grashalms waaraan ons vashou –
die stories van nou'iedag
en nog 'n bietjie dit.

Fnuik die hanslammers
waai vir die kinders in die dam
kies die kortpad – verby die uilebos
om met die bult deur die plaat proteas –
vlieg hoër as Amper Bo.

Dis oukei as die koffie koud word
die brood verbrand
krane drup en verf afdop
rose ongesnoei blom.

Daar's 'n nuwe plaas daar anderkant
doer waar die son rus,
waar die maan dou
en die uile roep
en die dans van die reën wag.

Stap die see in, swem diepkant toe
verby ons horison
nie bang wees nie
nie terugdeins nie –
kies die brekergolwe.

Daar's 'n nuwe strand daar anderkant
'n goeie uitkykplek
met oorgenoeg dryfhout en stroke hardloopsand
en vreemde skulpiesoekgoed.

Pak torings gladde klippe
maak 'n groot vuur, solank.
Lag oopmond sing voluit
spring uit Ma se vel uit
en voel hoe die wêreld
wegwieg na die groter omhelsing.

Inhoudsopgawe

Alibi	2
Gate uit	8
Swem	11
Trousseau	15
Voorspel	21
Tjoepstilte	23
Weetlus	28
Kamee	30
Rieme	39
Land van die lotuseters	43
Honger	50
Jinx	59
Om vredeswil	60
So lief soos sout	70
Tambudzai (Swaarkry)	76
Sakrament	83
Vakansietog	90
Vrylopers	92
Eintlik	94
Take-away	100

**DIE VERGESTALTING VAN SKULD EN VERGIFNIS IN 30
NAGTE IN AMSTERDAM (ETIENNE VAN HEERDEN)**

Mini-verhandeling

deur

Roela Hattingh

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

September 2013

Samevatting

Skuld en vergifnis is komplekse konstrunkte wat deur die eeue in verskillende religieuse, sosiologiese, psigologiese, wetlike en private sfere ontwikkel het en steeds ontwikkel. Hierdie konstrunkte word gesien as deel van die menslike kondisie.

Hierdie mini-verhandeling lewer 'n ondersoekende literêre oorsig na die ontwikkeling van die konstrunkte skuld en vergifnis, met spesifieke verwysing na:

- bestaande perspektiewe en post-strukturele teorieë aangaande skuld en vergifnis;
- aspekte van skuld en vergifnis wat neerslag vind in die politieke, sielkundige, sosiale, filosofiese en religieuse domeine;
- die metodiek en ritueel rondom die gee en ontvang van vergifnis.

Die navorsing stel voor dat skuld en vergifnis as ideologiese raamwerke kan dien om die wêreld, samelewing en letterkunde te analiseer.

In die ontleding van die roman *30 nagte in Amsterdam*, deur Etienne van Heerden (2008), word aangetoon hoe aspekte van skuld en vergifnis verbeeld word deur die gebruik van die volgende narratiewe strukturelemente: karakters en karakterisering, plot of intrige, verteller en perspektief, tyd en ruimte.

Sleutelterme

Skuld, vergifnis, onvergeefbare skuld, onvoorwaardelike vergifnis, voorwaardelike vergifnis, restoratiewe geregtigheid, reparasie, politieke vergifnis, amnestie, derdeparty-vergifnis, selfvergifnis, vergifnisrituele, ubuntu, Etienne van Heerden, *30 nagte in Amsterdam*.

Abstract

Guilt and forgiveness are complex constructs that have developed through the ages and in different religious, sociological, psychological, legal and private spheres. These constructs are considered part of the human condition.

This mini-thesis offers an exploratory literary outline on the development of the constructs guilt and forgiveness with specific reference to:

- current perspectives on and post-structural theories of guilt and forgiveness;
- aspects of guilt and forgiveness that manifest in political, psychological, sociological and religious domains;
- the methodology and rituals that are concerned with the acts of giving and receiving forgiveness.

The research proposes that guilt and forgiveness can serve as ideological approaches when exploring the world, society and literature.

In the analysis of the novel *30 nagte in Amsterdam*, by Etienne van Heerden (2008), the manifestation of guilt and forgiveness are analysed by means of the following narrative structural elements: characters and characterisation, plot, narration and perspective, time and setting.

Key words

Guilt, forgiveness, the unforgivable, unconditional forgiveness, conditional forgiveness, restorative justice, reparation, political forgiveness, amnesty, third-party forgiveness, self forgiveness, forgiveness rituals, ubuntu, Etienne van Heerden, *30 nagte in Amsterdam*.

INHOUDSOPGAWE

SAMEVATTING	2
SLEUTELTERME	2
ABSTRACT	3
KEY WORDS	3
HOOFSTUK 1	6
PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING VIR EN ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE	6
1.1 INLEIDING EN KONTEKSTUALISERING	6
1.2 PROBLEEMSTELLING	9
1.3 MOTIVERING VIR DIE STUDIE	9
1.4 DIE RESEPSIE VAN <i>30 NAGTE IN AMSTERDAM</i>	11
1.5 ONTPLOOIING VAN STUDIE	13
1.6 METODOLOGIE	14
1.7 SAMEVATTING	15
HOOFSTUK 2	16
TEORETIESE AGTERGROND	16
2.1 INLEIDING	16
2.2 <u>SKULD</u>	16
2.2.1 ONVERGEEFBARE SKULD	20
2.2.2 DIE TERM <u>SKULD</u>	21
2.2.3 ERVARING VAN SKULD	23
2.3 <u>VERGIFNIS</u>	26
2.3.1 UITGANGSPUNT	27
2.3.2 DEFINISIE VAN <u>VERGIFNIS</u>	30
2.3.3 NIE-VERGIFNIS	33
2.3.4 VERSKILLENDE RAAMWERKE	35
2.3.4.1 VERGIFNIS IN GODSDIENSTIGE KONTEKS	35
2.3.4.2 VERGIFNIS IN POLITIEKE KONTEKS	40
2.3.4.3 VERGIFNIS BINNE SIELKUNDIGE KONTEKS	42
2.3.4.4 VERGIFNIS BINNE DIE RAAMWERKE VAN FILOSOFIE, SOSIOLOGIE EN NARRATOLOGIE	44
2.3.5 VERWANTE BEGRIPPE	53
2.3.6 Tipes VERGIFNISSE	60
2.3.6.1 METAFISIесе VERGIFNIS	61
2.3.6.2 ONVOORWAARDELIKE VERGIFNIS	62
2.3.6.3 VOORWAARDELIKE VERGIFNIS	64
2.3.6.4 RESTORATIEWE GERECHTIGHEID EN VERGIFNIS	64
2.3.6.5 REPARASIE	65

2.3.6.6	POLITIEKE VERGIFNIS / OORGANGSJUSTISIE	67
2.3.6.7	DERDEPARTY-VERGIFNIS	67
2.3.6.8	GROEPSVERGIFNIS	68
2.3.6.9	SELFVERGIFNIS	69
2.3.6.10	VOLWASSE EN ONVOLWASSE VERGIFNIS	71
2.3.7	VERGIFNISRITUELE	71
2.4	SLOT	76

HOOFSTUK 3 **79**

DIE VERGESTALTING VAN DIE TEMA SKULD EN VERGIFNIS IN 30 NAGTE IN

AMSTERDAM **79**

3.1	INLEIDING	79
3.2	OPSOMMING VAN DIE TEKS	81
3.3	KARAKTERISERING	85
3.3.1	HENK DE MELKER	86
3.3.2	ZAN DE MELKER	103
3.3.3	MAOLIVIER DIE AANSIENLIKHEID EN KYTIE	119
3.3.4	DOMINEE, DOKTER, ONDERWYSER, KLABOET, VEILIGHEIDSPOLISIE-AMPTENARE	120
3.3.5	SOBUKWE-SEL: CECIL DIMAGGIO, BRA ZOLANI, HAMERKOP GALATA	120
3.3.6	DIE DRIE-KOPPIGE KUNSTENAAR: BUSKER, DIE BEDELAAR EN DIE SAKKEROLLER	121
3.3.7	GROTIUS	121
3.4	PLOT OF INTRIGE	122
3.5	VERTELLER EN PERSPEKTIEF	124
3.6	TYD EN RUIMTE	126
3.7	GEVOLGTREKKING	127

HOOFSTUK 4 **130**

GEVOLGTREKKING **130**

4.1	INLEIDING	130
4.2	SKULD EN VERGIFNIS IS KOMPLEKSE KONSTRUKTE	130
4.3	SKULD EN VERGIFNIS IN 30 NAGTE IN AMSTERDAM	132
4.4	VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING	137
4.5	SLOT	137

BIBLIOGRAFIE **138**

KAMEE

'n Bundel kortverhale

en

Mini-verhandeling

DIE VERGESTALTING VAN SKULD EN VERGIFNIS IN 30 NAGTE IN AMSTERDAM (ETIENNE VAN HEERDEN)

deur

Roela Hattingh

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

September 2013

KAMEE

'n Bundel kortverhale

deur

Roela Hattingh

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

September 2013

Bedankings

My dank aan prof. Henning Pieterse vir die waardevolle raad, bystand en ondersteuning dwarsdeur die kursus. Ook aan my medestudente in Kreatieweskryfkuns-klas, die skryfgroep by Quellerina en Vega-kollegas: Dankie vir julle kritiek, ondersteuning en gebede. Dankie Sonja Pieterse vir redigering, Ansie en Henk Gous vir die berg van vergifnis wat julle met my geklim het. Veral vir Flip, Nicholas en Chrisjan, familie en my vriende: Dankie dat julle na my onsamehangende stories luister. Dankie aan God vir vergifnis.

So lank

Klouter deur die heining Ma,
gooi af die karos
los maar die grashalms waaraan ons vashou –
die stories van nou'iedag
en nog 'n bietjie dit.

Fnuik die hanslammers
waai vir die kinders in die dam
kies die kortpad – verby die uilebos
om met die bult deur die plaat proteas –
vlieg hoër as Amper Bo.

Dis oukei as die koffie koud word
die brood verbrand
krane drup en verf afdop
rose ongesnoei blom.

Daar's 'n nuwe plaas daar anderkant
doer waar die son rus,
waar die maan dou
en die uile roep
en die dans van die reën wag.

Stap die see in, swem diepkant toe
verby ons horison
nie bang wees nie
nie terugdeins nie –
kies die brekergolwe.

Daar's 'n nuwe strand daar anderkant
'n goeie uitkykplek
met oorgenoeg dryfhout en stroke hardloopsand
en vreemde skulpiesoekgoed.

Pak torings gladde klippe
maak 'n groot vuur, solank.
Lag oopmond sing voluit
spring uit Ma se vel uit
en voel hoe die wêreld
wegwieg na die groter omhelsing.

Inhoudsopgawe

Alibi	2
Gate uit	8
Swem	11
Trousseau	15
Voorspel	21
Tjoepstilte	23
Weetlus	28
Kamee	30
Rieme	39
Land van die lotuseters	43
Honger	50
Jinx	59
Om vredeswil	60
So lief soos sout	70
Tambudzai (Swaarkry)	76
Sakrament	83
Vakansietog	90
Vrylopers	92
Eintlik	94
Take-away	100

Alibi

An het gewéét, toe hy so aangaan oor die mengelslaai.

“Moet asseblief nie die blare so met jou hande skeur en dan alles deurmekaar gooi nie. Hou dit heel, asseblief en pak die slaigoed op hierdie nuwe bord uit, tog net nie in daai bak van jou ou tannie Margaret nie. Dan kan almal opskep wat hulle wil eet en ons mors nie kos nie.”

Uitpakslaai, soos die Waterkloof-madams sou sê, het sy gedink.

Uithaal-en-wys-tyd.

Haar hande het oor die kristalslaaibak gevries. Die bamboes buite die venster het heen en weer beweeg toe 'n vink 'n blaartjie met sy snawel afgetrek het. Hadidas het geskree. 'n Kraan het in die opwasplek gedrup. Die kinders was besig om 'n Leon Schuster-fliek op TV te kyk. Die reuk van die bure se Sondagmiddagbraaivleis het in die lug gehang. Sy het die kristalbak opgetel, dit omgedraai en die inhoud in 'n groot plastiekskottel getiep. Sy het tannie Margaret se bak gewas en afgedroog met die gedrukte linnevadoek van Skye. Die een met die Serenity-gebed op – *the wisdom to know the difference* is al lankal uitgebleik. Toe het sy die bak in die glaskas gaan bêre.

“'n Uitpakslaai. Sekerlik, my dier. Soos jou vriende daarvan hou.”

Sy het nie geweifel voor die woord “vriende” nie. Sy het dit nie vervang met “girlfriend”, “baas”, “gym-maats”, “fietsrypêlle” of jou “nuutste bewonderaars” nie. Sy het die mengelsaai stukkie vir stukkie verander in 'n uitpakslaai. 'n Hopie tamatietjies in die middel, 'n halfmaantjie avokado-kwarte, ingelegde uie en agurkies. 'n Rytjie swart olywe afgewissel met groen olywe – die rooi pimento telkens na bo. Sy het die peppadews, wat sy self gekweek en ingelê het, gevul met peper-fetakaas en 'n spatseltjie pesto op elk gesmeer. Dit as 'n kartelrandjie op die bord gepak. Die blaarslaai het sy weggegooi. Bronslaai is beter. Dis bitter.

Sy het hom nie herinner aan hulle eerste mengelslaai op universiteit nie. Aan die skreeugeel kombuishoekie waar daar eintlik net plek vir een mens was nie. Die eerste keer toe hy by haar kom kuier het. Hoe hy opsluit wou help toe sy vir hulle 'n slaai maak.

Hulle boude het aan mekaar geraak. Sy het die blare een vir een afgespoel in sout-en-asynwater en dit goed in die vergiettes laat droogdrup. Sy moes mooi dink. Agter haar het hy die agurkies, grasuie en kappertjiesaad fyn gekap, komkommer met 'n vurk gekrap en toe in skyfies gesny. Sy kon elke beweging van sy hande aanvoel deur die trilling teen haar boude. Toe sy die blare bak toe bring, moes hulle soos 'n rondomtaliendeur draai – hy by die opwasbak, sy by die slaabak. Sy het die blaarslaai geskeur en liggies in haar tannie Margaret-kristalbak laat val. *Tamaties in sirkels, calamata-olywe, Deense feta en avokado nog*, het sy gedink om haar aandag van hom af te lei. Die drukking van sy boude teen hare het verdwyn. Hy het omgedraai, styf agter haar kom staan en oor haar skouer geloer. Hulle lywe het soos twee slaaiblaare teen mekaar gevou.

“My ma sny dit altyd in dun repies en probeer dit verdoesel, want niemand in ons huisgesin hou van bokkos nie. Ons vis altyd die kaas en olywe uit en los die res,” het hy gesê.

Sy't gesluk, moeilik gepraat. Sy moes konsentreer: *tamaties in sirkels, calamata-olywe, Deense feta en avokado nog*.

“In ons familie eet ons agter die klank en geur aan. Blaarslaai is soos water wat mens kan kou. As ek dit skeur, maak ek watervalle,” het sy gesê.

Hy't 'n blaar uit die bak gehaal. Sy arm het aan haar bors geraak. Sy wou aanhou slaai maak, maar sy het met die tamatie in die een hand en die skerp messie in die ander gevries, gehoor hoe hy kou, sluk. Toe het hy haar omgedraai, haar gesoen. Sy't die tamatie en die messie sommer op die grond laat val. Later het hulle die slaai met hulle vingers uit die bak geëet.

An het vermóéd, toe hy vroegoggend begin draf het. Hy't ongesweet teruggekom, effense geur van 'n vreemde deodorant in die lug. Die fanatiese ge-gym in die aand. Werksverpligtinge. 'n Nuwe baas – en sy implementeer 'n alternatiewe aanlynstrategie wat meer laterale denke van hom verg. Die byderwetse klere en funky musiek. Hulle koskas is deur proteïen-aanvullings, eierskommels en tuna beset. Koringmeel is die huis belet. Sy en die kinders moes brood skelm op Saterdagoggende begin eet, wanneer hy die pad vat met sy alien-fietsrypakkie en toebehore.

Eers het sy gedink: dis sy midlife crisis. Sy het hom die lyflike fokus beny. 'n *Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees*, het sy van Maandagoggende se vele skoolsale onthou. Alles wat in die sewentigs en tagtigs aan hulle opgedis is, was tog 'n leuen – is dié nie dalk ook nie, het sy gewonder.

Sy het gewoon aangegaan, haar onsamehangende stories oor die ditjies en datjies van haar en die kinders se lewens in stand gehou. Afsprake met ou vriende gemaak, waar hy net homself kon wees. Waar niemand skynbaar hoef voor te gee nie. Sy het sy geliefkoosde disse gemaak. Vakansies in Nieu-Bethesda en Nature's Valley gereël. Hy't nie sy mond aan die Japie-se-gunsteling gesit nie. Hy't vies geraak omdat daar geen selfoonontvangs in die Vallei van Verlatenheid was nie. Wanneer sy en die kinders in die see swem, het hy op en af op die strand gedraf. Smiddae Plett toe gery om te gaan gym. Hulle ek-sien-die-see-eerste en stories oor Klippiesbaai, die dolfyne of die Grootboom het hom nie meer vermaak nie.

“Asseblief tog, An. Kry die kinders om na iets meer leersaam te kyk, die Discovery-kanaal, of sport. Wat sal mense van ons dink as ons kinders na daai gemors op TV kyk!”

An dwing haarself terug na die wasbak en die Sondagete vir die fietsrypêlle. Die fietsryklub moet die finale reëlings vir die Argus tref en dit was haar voorstel dat hulle hier moet ontmoet. Dan kan sy en die kinders sy spanmaats leer ken. Sy't nie verwag dat hy sou instem nie.

Tafel gedek met die wit Arzberg, glase gepoets, mineraalwater op ys, bulghur-sorghum-quinoa-en-mint-disse gereed, *alles so ordelik soos dit ons betaam*. Nou moet sy nog net haar slonsklere uittrek, haar hare reguit droogblaas, haar en die kinders transformeer na privaatskool-ou-geld-linne-en-ligblou-agtergrondmateriaal. *God, waar gaan dit eindig?*

Ou praatsieke potjierol. Nie dat sy ooit die regte ding sê nie, daarvoor gebruik sy te veel woorde. Aandagafleibare gebabbel. Dialoogdiarree. Los en vas praatjies oor die huidige president se kaperjolle; die tekort aan affodilbolle by die kwekerye; die mediese fonds se fooie wat opgaan; die knoppe in haar borste; alles net mooi in die wind in. Dalk kan sy die huwelik red as sy minder praat. Sy sal moet leer om te *tweet*. 'n Praatbeurt te *tweak* soos 'n *status*

update. Haar opinie te SMS. Die kruks van die saak is blykbaar altyd minder as 165 karakters of korter as 'n minuut.

Sy draai vererg om van haar bedonderde gesig in die spieël. Sien die sonstreep wat die onopgemaakte bed met die gehekelde kombers van afvalwol in alle kleure soos krismisliggies laat skyn, die stoel in die hoek met die hoop klere, die stof wat op die goetertjies en botteltjies lê, die hopenie boeke wat sy hierdie week nog wou klaar lees: *Wys my waar is Timboektoe; The strange alchemy of life and law; Memory – an Anthology; The wisdom of forgiveness* en *The Inhuman Condition*.

“God is the detail. So not!”

Of dalk wel. In die begin was die prent daar en die prent was by God en die prentjie was self God en alles was perfek en goed. En toe verander alles toe dieselfde prentjie nie meer reg is nie. Daar is net te veel woorde, te veel alles. Hoe *less-is-more* jy jou kop, 'n lewe saam?

As alles kortliks gesê kon word, het Shakespeare haikoes geskryf, was die Bybel 'n telegram. Sou alles vinniger plaasgevind het, almal soveel tyd kon spaar. TV-programme word TV-advertensies. Advertensies word 'n woord. 'n Boek word 'n tydskrif, 'n tydskrif 'n pamflet, alles verkort tot die essensie.

Hoe?

Goed.

Ook.

Laat?

Ag, gym jy weet.

Hoender-biryani?

Reeds.

Wat van?

Nee, dankie, moeg.

Is jy?

O.

[sug]

Goed dan.

Twintig woorde na drie-en-twintig jaar. Hoekom nou? As dit tien jaar terug was, kon sy ook oorbegyn het. Maar nou is alles van haar met hom

ineengestremel, reeds gemeng, sodat sy nie meer weet wat haar storie of syne is nie.

Mens kan tog nie die sout of suiker uit die beslag haal nadat jy dit by die meel gevoeg het nie. As jy te veel van die een bestanddeel ingegooi het, moet jy maar nog van die ander ingooi totdat die verhoudings weer reg is. Uitpakslaai maak van mengelslaai.

Wat sou tannie Margaret sê? “Arrange whatever pieces come your way, my dearie, as Virginia Woolf said, and make a fresh pot of tea while you’re at it.”

Dis oggend in die Bosveld, tannie Margaret help die standerd sewe-An met die *Fairlady*-blokkiesraaisel.

“Seventeen across: ‘elsewhere’, vyf letters? Dink Tannie dis ‘apart’?”

“Alibi.”

“Skuus Tannie?”

“A ... l ... i ... b ... i.”

“Ek dog ‘alibi’ beteken die mense by wie jy was toe die moord gepleeg is. As die regter jou in die hof vra.”

“Exactly, my old dearie. It refers to where you were when the act happened. You were elsewhere. That is your alibi. To provide an alibi, to offer an excuse. I think it’s Latin.”

Die gaste is hier. Sy sit Revlon se burnt bronze lipstiffie aan, glimlag vir haarself in die spieël. Het alweer oor die lyne ingekleur. Sy moet ondertoe gaan. Jong, pragtige lywe, ’n paar mans met boyfriends, twee met blonde skinny-jeans-hoë-hakke-meisies. Die nuwe baas is alleen. Háár grimering is perfek. Almal hang aan Piet of eerder *Pete* se lippe.

Sy dink aan die *status update* van haar oudste vriendin op Facebook vanoggend. “*There is no listening. There’s just waiting for the other person to stop talking - Fran Lebowitz.*”

Sy probeer die verkeersligreël. Praat net as dit groen is. Komplimenteer die jong klomp. Konsentreer op die draaie en opdraandes en ratte en hellings en die resies van Piet, oeps *Pete*, se nuwe vriende. Bied van die uitpakslaai aan. Die bronslaai is eerste op.

Haar oudste seun skuif die kos op sy bord rond. Die jongste eet niks nie. Sy sien hulle gedra hulle vir Pappa se vriende. Hulle sit regop, antwoord in vol sinne, wag dat die grootmense klaar eet. Sy laat val haar mes, 'n *vreemde man gaan kom kuier*, dink sy toe sy afbuk om dit op te tel. Dis stil onder die tafel. 'n Ander wêreld asof die bene nie aan die boonste mense behoort nie. Party met enkels gevou, ander vooruitgestrek. Deurmekaargestrengel. Nie netjies in rytjies nie. Sy sien hoë hakke, kinders se skoene, Nike-tekkies, een gespierde kaalvoet met haartjies op die groottoon wat haar man se naakte, geskeerde maermerrie liefkoos. Sy stamp haar kop van skrik.

A ... I ... i ... b ... i, spel sy. I need an elsewhere.

Dan staan sy op, verskoon haarself saggies, wink vir die seuns, fluister vir hulle.

“Kom ons gaan koop KFC.”

Gate uit

Ons het nou net gala geswem by die Rec en stap huis toe deur die wye veld. Jy's tien, ek's nege. Ons het vyftig sent gekry om te deel en ons het vir ons elkeen 'n Groovy en 'n klein slab donkersjokolade van Albany gekoop. Dis bitter en soet en maak ons warm van binne af. Ons hare is vasgeplak en gekoek. Joune hang slierte teen jou nek af en jou hemp is reeds nat in die middel van jou rug.

Ons is bang. Die huis is ver, die veld is oop en groot en leeg en ons loer die heelyd na die klompie doringbome. Op die horison is mynhope. Laas was hulle die piramides in Egipte en ons was Nefertiti en haar tweelingsus. Ons het towerkragte gehad: ek kon enige metaal smelt deur daarna te kyk en almal wat jou sien, het op jou verlief geraak en jou gedien.

'n Ander keer was die mynhope Don Quixote se meulens en ons het Spaans gepraat: *amigo, obrigado, chateau, ciaou*.

Jy lees elke aand vir my uit die *Kinders van die wêreld*. Ons is ook kinders van die wêreld.

Die huise waarheen ons stap, is nie van bakstene gebou nie. Dis sulke dunnerige mure, ek dink dis asbes, jy sê dis gevaarlik: asbes gee mens tering. Ons het lank terug in 'n baksteenhuis gebly waarvan net die tuin nou oor is. Sondae op pad kerk toe ry ons daar verby. Ons kan nog sien waar ons gebly het, al is al die huise en strate weg. Net die tuine is oor. Ons mag nie ons eie kaalgatperskes gaan pluk nie, al sien ons dis ryp.

"Verbode terrein," sê Ma.

"Niemandslan," fluister jy altyd vir my met 'n spookstem.

Ons bure het in die gat geval, toe ons klein was. Ma het die dag voor die gat ingeval het, gesien die water verdwyn in die kraak in die grond in en die rose is droog, alhoewel sy die kraan vir die hele nag oop vergeet het; maar niemand het geluister toe sy sê iets is verkeerd nie. Die tuin wou net nie nat word nie. Ma sê myners hoor nie as vrouens praat nie. Ons bure het van vakansie af teruggekom en net vir een aand oorgeslaap voordat hulle na hulle oupa en ouma sou gaan. In die middel van daardie nag het die gat ingeval. En hulle het verdwyn. Vir altyd. Sommer so oornag. Ek het lank gewonder of

die bure daaronder se huis heel is of hulle vars melk gehad het. Ek weet daar was baie water.

In ons kamer het die muur net in drie gekraak. Niks het ingeval nie. Toe eers luister die myners vir Ma.

Inderhaas trek ons die dag ná die gat in hierdie splinternuwe huis in Summerplace - waar ons nou bly. Ons oom sing altyd: “Little boxes on the hillside, little boxes made of ticky-tacky and they’re all made out of ticky-tacky and they all look just the same.”

Dan lag hy. Hy is ’n boer en bly op ’n plaas waar daar net een huis is. Ek dink hy lag omdat dit hier so plat is en omdat ons huis nie dieselfde as die ander is nie. Ons s’n is ligblou. Die bure aan ons linkerkant, die souties s’n, is groen. Die ander buurtannie wat die inry-kafee besit en wie se man dood is, se huis is ligpienk.

Dis al skemer. Die miershope maak lang puntskaduwees.

“Sê nou maar,” begin een van ons twee.

“... die aarde is toe met ’n dun lagie sjokolade presies waar ons monde is. Dit sweef half in die lug en ...”

“... en ons moet ons pad oopeet om êrens heen te gaan en die sjokolade gaan weer toe agter ons.”

Ons loop en draai ons koppe van links na regs en weer terug soos ons ons pad kamstig oopeet. Soos katte maak ons klappgeluidjies.

“Watter sjokolade ons ook al sê, dis wat daar is.”

“Flake ...”

“Turkish delight ...”

“... en hoe meer ons eet, hoe ...”

“... vetter en vetterder word ons.”

“Dis wonderlik, dan moet ons al hoe meer eet om ons bestemming te bereik en almal wat ons wil seermaak, moet ook ’n pad deur die sjokolade eet.”

“Teen die tyd wat hulle by ons kom, is hulle soet ...”

“... en wil ons nie meer pla nie.”

Ons blaas ons monde op en maak ons arms rond en waggel heen en weer in die paadjie soos ons die pad voor ons massiewe lywe probeer

oopeet. Ons loop al weerskante van die grondpaadjie en sig-sag voor mekaar verby.

“Peppermint crisp ...”

“Gemmersjokolade ...”

“Koffiesjokolade ...”

“Daai Pink Panther sjokoladetjies ...”

“Kit Kat, Crunchies ...”

“Sirkeltjie-klappersjokolade ... en ... en ... bokdrolletjies ...”

By die laaste troppie doringbome gaan die aarde oop en die dag val diep in ’n rysgat in. Al die soet sjokoladestafies wat ons al ooit geëet het, skif in ons mond.

Die lang man leun teen ’n doringboompie, sy ding in sy hand. Dis vet en pers soos ’n eivrug. Dit blink. Maar dis sy oë wat ’n gat in die dag brand.

Ons hardloop. Laat val die handdoeke met ons nat baaikostuums wat styf opgerol is. Ons skree nie. Voel nie die skerp klippe onder ons voete of die duwweltjies nie. Ons is nie Johanna van Arkel, Rageltjie de Beer, Emily Hobhouse, Barbara Lipschutz, Medea of die koningin van Skeba nie. Ons hardloop uit al ons stories, ensiklopedieë en kinderdrome uit.

Dan is ons by die einde van die veld. Ons klim deur die draad. Uiteindelik teerpad en geel, pienk, groen, blou, geel, pienk, groen huise tot by Ou Bettie wat ons met haar kreukelvel inwag.

“Ek het vir die Nonnies gekyk al die pad van doer bo by daai bome.” Sy hou ons styf vas tot ons ophou ruk. Sy ruik na Vaseline en meubelolie. Sy maak ons sit op die agterstoep, ons bene in die son. Gee vir ons krummelpap met botter en sheba. Ons eet hoenderboudjies in die oond gebraai. Die sout maak ’n krakerige skilletjie. Ons eet sommer so met ons hande.

Die soet smaak van bang is weg.

Swem

God weet, sy weet nie hoekom haar man hierdie vakansieoord gekies het nie. Of hoekom hy dink dat hy haar hiermee bederf nie.

“Net om dankie te sê dat jy so ’n goeie hulp vir my is, Naseera, my vrou.”

Elke keer as hy so praat, glimlag sy skaam, kyk af, sê sy dank God dat hy haar geneem het.

Tweegesig.

Dis nie eintlik vakansie nie. Nie vir haar nie. Alles is amper dieselfde as by die huis. Net dubbel so swaar. Sy kook, maak skoon, was en stryk, versorg die kinders. Haar man werk nie. Hy rus.

God weet. Hoe gaan sy ooit vandag *whudu* bereik? Sy kan die velle van haar arms afskuur, maar haar hart en kop is vuil soos urine. *Vergewe my rebelsheid*, bid sy. Die huisskoonmaak is nie heeltemal so erg nie, maar sy moet elke dag klere was. Die kokery is amper dieselfde. Sy onthou hoe sy gesukkel het om te kies watter potte en panne sy moes saambring. Biryani-pot vir seker, dan een vir dahl en die ysterpot vir vleisgeregte, klein pannetjie vir chepatti’s en puri’s. Groot pan vir roti, ’n ryspot, stomer vir die groente, drukkoker en vergiettes. Melkpot vir paneer en die sweetmeats. Oondpan en ’n rooster.

Uiteindelik was amper al haar potte ingepak. Vir een week se vakansie? Sy moes haar buurvrou roep om te help besluit. Sonder haar raad sou sy nooit regkom nie. En toe die eetgerei en bakke en kruie en dhana-gheera-halda-garam-masala. Al die verskillende soorte meel ook, die growwe meel, semolina, self raising flour, chana, koekmeel. Gelukkig het die buurvrou haar gehelp om die bestanddele reeds in sakkies uit te meet. Uiteindelik was driekwart van die bagasieruimte afgestaan aan die potte en kos.

Sy’t min klere vir hulle kon inpak. Die kinders gee nie om nie, maar haar man wel. Hy vergewe haar, sien sy. Seker omdat sy kurta steeds onberispelik wit is.

“Trots is my kled en groot is my jas en die een wat met my kompeteer sal tweede kom,” het die Profeet tog gesê.

Sy wonder of Hy ooit sy eie kleed moes was. Dit was nog altyd die vroue se werk. Dis die belangrikste. Alles kan maar verkeerd gaan, maar as kurtas skitter en glad gestryk is, is die manne se eer gered. Die kinders se klere is makliker gedurende vakansies. Dis nie skoolklere nie. En boonop word hulle nie eintlik vuil nie, hulle bly meestal in die woonstel. Lees, kyk televisie. Siestog, hulle is vry om te speel, natuurlik nie met die ander kinders nie, maar darem playstation, scrabble en rummy. Dis tog jammer dat sy nie halaal-speelmaats vir haar kinders ook kon inpak nie, dink sy met die goddelose kant van haar brein. Sy staan op van haar gebede. “Die gelukkige sal goeie dade doen.” Vandag sal sy baie hard moet werk om ’n ryskorreltjie se geluk te verdien.

Een keer ’n dag gaan hulle strand toe. Na *zohr* en middagete en voor *magribh*. Hulle moet voor sononder tuis wees – die djins loop rond op soek na slagoffers. Sy weet daar word onbeskaamd na haar gekyk, meer as na die vrouens in die bikini’s, met borste wat punte staan en lap wat styf om hulle skaamboog span. Meer as na die babas en peuters wat rondwaggel, sand orals in hulle oop monde. Meer nog as na die jong mans met die blink kaal bolywe wat volspoed die see inhardloop en skuins platval bo-oor die eerste golwe en omkyk met helder oë vol water wat stroom oor wimpers; wat mekaar duik en jaag en later volley-bal speel, spring, uitbundig lag, arms om hulle meisies. Baie meer as na die pienk, wit, bruin vel om skouers, arms, mae, boude, dye, selfs die wegloer-binnkant wat ingesmeer word met sonskerm. Selfs meer as die staar van die lewensredders na die see en swemmers as hulle buite die afgebakende area swem. Die klein vlaggies wat die swemmers veilig laat voel in die water. Asof die haaie nie daar swem nie.

Op die strand is die beskerming van haar purdah baie dun. Die vreemde *jahiliya*-oë volg haar maer, afgeëtste silhoeët. Die oë van mense wat doen en kyk wat en waar hulle wil. Die oë sien die vrou agter die swart gordyn wat die eentonigheid van sand en halfkaal lywe en water en lug breek. Die vrou wat verby hulle stap en eenkant gaan sit. En binne in die gordyn kruip sy nog dieper weg. God weet. En haar man weet. Van hoe sy haar wegsteek ook vir hom.

Haar man en kinders stap saam met haar tot sy sit. Eenkant. Dan hardloop hulle na die vlaggies en spring-spring in die golwe tot hulle knieë amper nat is. Hulle staan nie uit soos sy nie. Hulle swem met

driekwartbroeksweetpakke. Sy kan haar verkyk aan haar dogtertjie wat elke keer as sy val of rol, na haar pa kyk, asof sy net mag lag as hy dit goedkeur. Sy ken dit. Die ingehoue self wat net deur 'n pa of 'n broer, later 'n man, mag wéés. Nooit totaal oorgee nie. Vroue het slegs lewe deur mans. Binne die vlaggies van God se genade.

“My genade is sterker as my wraak,” hoor sy die Skrif. “As my dienaar daarvan hou om My te ontmoet, sal Ek hom ontmoet. As hy My nie wil ontmoet nie, sal Ek hom nie ontmoet nie.”

Sy kyk na die skepe ver op die horison. Vasgehou tussen lug en see. Kan hulle kies om anders te vaar, wonder sy. Dan sien sy hoe haar man na haar wink. Sy bedek vinnig haar enkels wat sy verspot vir die meeuie gewys het. Asof hy weet. Sy moet gaan as hy haar roep. Haar voete onder die warm sand uithaal. Sleepvoet beweeg sy na hom. Voel weer die oë. Dis hoekom sy die purdah moet dra, sê haar man. Dis hoe hy haar beskerm teen die aankyk van ander mans. “O mense, dit is waar dat julle sekere regte ten opsigte van julle vroue het. Dit is julle reg dat hulle nie vriende maak met iemand wat julle nie goedkeur nie.” Maar wat van beskerming teen haar eie man se oë, dink sy. As haar vel maar purdah was. Sy kyk af as sy by hom kom.

“Kyk na my dogter en maak jou voete nat, die water is goed. Ons stap rotse toe,” sê hy.

Sy ken die stemtoon. Trots. Sterk. Man. Hy wil hê almal moet sien dat niemand behalwe hy haar mag sien nie. Dit klits hom op. Vannag as die kinders slaap, sal hy vir haar nuwe onderklere gee. Sy sal dit aantrek sodat hy dit kan uittrek. Hy sal orals aan haar vat. Haar soen en vryf. Sy sal alles doen wat hy wil. Maar haar hare sal sy nie los maak nie. Nie vir haar man nie.

Sy glimlag vir haar dogter. Nou kan haar kind gelukkig swem soos sy wil. Naseera draai om. Sy wil kyk of haar man en seun nog naby is. Sy sien hoe hy kyk. Na die vroue. Na die gladde bene wat so mooi saamgevoeg is by die plek waar sy hand sou kon inpas. Die broekies wys uit eerder as om toe te maak. Die oop naeltjies. Die vroue se onbedekte, los hare. Sy lag skelm. Voel hoe die lang vlegsel teen haar rug tot onder haar boude hang. Net vir haarself maak sy die vlegsel los. Nie vir haar man nie; selfs nie vir God nie.

Haar dogtertjie lag as 'n golf haar purdah laat opblaas soos 'n ballon. Sy buk af en fluister teen die koue, nat ore van haar kind.

“Geniet jouself, gaan dieper as jy wil, ek sal jou dophou.”

Dan sien sy die vet vrou met ’n swart kostuum wat buite die area van die vlaggies die water instap. Haar ronde wit bene soos pilare. Die vrou het twee seuns aan die hand. Spring oor die golwe, val, rol in die water. Soos ’n seekoei, ’n see-olifant. Lomp. Die kinders val oor haar. Sy plons in die vlak water rond. Haar man kom nader. Sy lag as haar borste amper uit haar kostuum pop. Hy lag saam. Almal kry ’n bietjie skaam. Dan los sy die een seun by hom, sy en die ander seun gaan dieper in.

Naseera kan nie ophou kyk nie. Sy sien hoe die ander mense ook na die vet vrou kyk. Die vrou help haar seun deur die golwe.

“Sterk bene, druk deur, gaan die golwe tegemoet, duik, oor, ons is amper daar,” sê die vet vrou.

Hulle swem dieper as die spul jong mans. Hulle dobber oor die groot golwe. As die kind moeg is, bring sy hom terug tot by haar man en ander seun. Naseera sien hoe die ouer seun vir haar dogter lag. Hoe haar dogter afkyk, dan terugkyk en glimlag.

“Ek gaan bietjie diep kant toe,” sê die vet vrou vir haar man.

Dan draai sy terug. Duik weer deur die golwe. Dieper as almal. Sy kyk hoe die vrou deur die water sweef, dans. Sy lag die see, die lug, die oë van al die mense op die strand, die lewensredders, die meeue, haaie, selfs die vrou in die purdah uit. Sy word al hoe kleiner. Die see groter.

Naseera kyk af en sien hoe haar purdah aan haar enkels kleef. Sy sien die wit skuim oor die swart lap, voel die sand op haar kuite. Sy soek haar man en seun, hulle is nog by die rotse. Sy sien die horison, sien die skepe, sien die son, sien die vet vrou wat weer terug swem. Dan steek sy haar hand bo by haar purdah in. Sy maak haar dik vlegsels los, spreid die hare om haar skouers onder haar purdah. Dit golf om haar borste, naeltjie, dit raak haar bene. Sy maak haar oë toe. Gaan die golwe tegemoet.

Trousseau

“Nee, maar jy’s welkom, meneer Cloete,” sê Bert van Bastion Motors.

“Toetsbestuur die hele lot: die Hilux, Navara, selfs die Triton, en as jy klaar gespeel het, kom traai ons Amarok. Onthou net, gee goed vet op die teerpad en gooi sommer ’n paar agts op die duine met elkeen van die outjies.”

Bert voel hoe sy neus begin jeuk. Dis altyd die teken, hier kom ’n koper.

“Dis nes jy daar sê, Meneer. Appels met appels, anders sal jy nie weet watter een perform beter nie. Ek is al agt-en-dertig jaar in die motorhandel en nog nooit het ek ’n voertuig leer ken wat so baie rolle kan vervul soos die Amarok nie. Gaan bevoel die kompetisie. Ek boek die Amarok vir jou vir môreoggend.”

Bert sluit die motorhandel se deur vir die middaguur. Hy gaan rus elke middag in sy woonstelletjie bo-op die werkswinkel. Hy slaap nie, maar dis sy tyd om te dink.

Hy weet voor sy siel dat hy ’n koopkontrak aan meneer Cloete sal skryf mits hy net die Amarok toetsbestuur. Bert het al amper net soveel Amarokkies die afgelope jaar verkoop as wat daar buite-egtelike babas op Humansdorp gebore is. Sedert die Amarok se verskyning by die troue, is dit asof hierdie deel van die land maar Amarok se Oos-Kaap gedoop kan word. Plus, hierdie tweede demo is die heeltyd in aanvraag, nes die eerste een. Hy swaai sy hand met ’n vinnige beweging terwyl hy oor die ruimte in die vertoonkamer loop waar die demo-model veronderstel is om te staan. So asof hy die Amarokkie op haar boud klap. Hulle kry skaars tyd om haar te spit en te polish na ’n toetsbestuursessie of die volgende meneer staan in die tou. En as die manne hulle hande op haar gelê het, kan hy maar die koopkontrak uithaal.

Daar’s natuurlik baie tegniese redes hiervoor. Die Amarok het nie die turbo-traagheid van die ander bakkies nie en die agterste diff lock gly minder as die Triton s’n. Dis ’n skelm voertuig – ’n kar aan die binnekant, ’n bakkie aan die buitekant en die outjie, of eerder vroujie, beskik oor elektronika waaroor haar teenstanders net van kan droom. In sekere van-die-pad-af-situasies is die elektroniese vastrapbeheer en die agterste ewenaarslot net

die ding wat 'n verskil maak vir die manne wat weet van. So byvoorbeeld sal die enjinsageware die luierspoed aanpas sodat die Amarok nie vrek oor hindernisse nie, selfs nie eens by steil opdraandes nie.

Bert maak die vorige aand se ekstra bord kos, wat sy vrou elke dag getrou vir hom inpak, warm in die mikrogolfoond. Hm. Heerlik. Bobotie, rys, soetpatats, twee tjoppies en groenboontjies. En altyd ook 'n tupperbakkie met ietsie soets agterna. As hy meneer Cloete skryf, kan hy haar gerus bietjie treat op 'n uitete. Of dalk 'n toetsrit-naweek weg met die Amarok, hy roep haar hoeka sy Amarokkie. Deesdae is rondrits weer lekker vir hulle tweetjies. Seker omdat hulle gemaklik in die ruim kajuit pas – wat nogal baie sê van hulle twee se ... persoonlikhede.

“Die Amarok sal jou nie drop nie,” sê hy hardop. Dit is hoe sy verkoops-pitch gewoonlik begin.

Jy kan wel in die dorp ene drop van robot tot robot. Selfs doughnuts gooi Saterdag-middae in Kerkstraat wanneer die jongklomp kom oudspeel en die ou ballies kom lyf uitkyk.

Bert weet mense is baie emosioneel oor hulle bakkies. Dit is verstaanbaar want dit is nie net 'n groot belegging nie, dit mag ook 'n lewensveranderende kopie wees. Soos vir Sweis en sy rugbyspan. En vir Clarese. En as hy wat Bert Bastion is nie self die hele troue-gedoente beleef het nie, sou hy dit nie geglo het nie. Dis asof die trouery geturbo-charge was.

Om die waarheid te sê, dis asof die hele dorp en die omgewing se jongmans geturbo-charge was.

Die storie het begin die Saterdagoggend nadat die Amaroktoetsmodel afgelewer is. Sweis was vroeg reeds op Bastion se stoep. Moes voor vyf gewees het. Bert onthou dit goed. Hoeka 'n jaar terug. Dit was die einde van die maand, nadat Clover se melktjekkies inbetaal is. Bert slaap dan die Vrydagaand sommer by Bastion Motors in die agterste woonstelletjie want dis die beste naweek vir besigheid. Dan maak hy Saterdag vrek vroeg oop om die boere te akkommodeer.

Sweis kry die prys vir sy vroegste kliënt ooit.

Ja, voor vyf, want toe Bert Bastion se deur oopmaak om die melk in te bring voor die klonkies dit steel, skrik hy hom amper boeglam. Sweis leun teen die pilaar. Dronk, dog hy.

“Oom Bert, kan ek daai Amarok vanaand toetsbestuur, vanaf sesuur? Ek weet Oom-hulle is dan al toe. Maar dis ’n saak van lewe en van dood, en ek sal hom mooi oppas. Ek belowe vir Oom ’n bees en ’n skaap en Oom moet net sê, ek kan nog ’n varkie ook kom aflaai. Oom Bert, ek kon die hele nag nie slaap nie. Dis soos ’n gesig wat ek gesien het. Ek moet absoluut net die ...”

“Môre, Sweis.”

“Skuus, Oom. Môre, Oom. Kan ek asseblief vanaand die Amarok toetsbestuur, Oom? Ek kan als verduidelik, Oom.”

Daar was ’n helse glans op die jongman se gelaat. Hy was óf begeesterd óf gesuip.

“Hokaai, Sweis. Jinne, Boet, klink my jy spreek in tale vanoggend. Ek volg nie mooi nie. Give a chap a chance; ek het nog nie eens water afgeslaan nie en jy praat van op-bling. Gee my net daai bottel melk aan dat ek darem vir ons ’n koffie kan maak voor ons besigheid gesels. Kom maar in. Kom sit sommer hier agter by my in die kombuis. Vee net daai moddervoete van jou ordentlik af; dit het goed gereën laas nag. Julle boere is seker lekker bly, net na planttyd, nogal.”

“Skuus, Oom. Ja, Oom. Baie bly, dankie Oom. Maar Oom, dink net bietjie, Oom. Die Amarok. Troukar. Clarese.”

In die middel van die vertoonkamer langs sy lessenaar gaan staan Bert in sy spore toe Sweis die woorde sê. Dis asof hy self ’n profesie beleef. ’n Gesig, soos sy vrou sal sê. In sy geestesoog sien hy vir Clarese van Biljon agter op die bloedrooi Amarok staan. Haar ronde tieties in die wind, haar hare en sleep na agter toe gewaai, haar vol lyf afgeëts en haar rooi mond net so effens oop. Hy kan dit wragtig sien. Die Amarok. Troukar. Clarese.

“Sjoe, sy’s wragtig mooi, Oom!”

Hy draai om sodat hy liever die melk by Sweis kan vat. Die man is in ’n dwaal. Hy is dalk Humansdorp se losskakel en kaptein, wat vele male daai balletjie so styfgeklem onder sy arm op die hot spot in die middel van die pale druk, maar vandag gaan hy die bottel melk op die vertoonvloer drop en die meidjies kom nie in nie. Hulle poets die vloer en al die voertuie tot dit blink op Vrydae sodat alles spiekeries is vir Saterdag.

Sweis staan voor by die bakkie, sy hand geklem op die Amarok se bosbreker. Bert dog hy praat van Clarese van Biljon se figuur.

Die meisie wat die hele omgewing se ramme in 'n beswyming het vandat sy vier jaar terug by die laerskool begin skoolhou het. In die middag na sport het al hoe meer broers en nefies en ooms kom kinders oplaai. Nét om met die juffrou tjie kennis te maak. En toe dit eers uit is dat sy mal is oor inheemse tuinmaak en die skool en koshuis se terreine wil mooimaak, toe val die dorp se rugbyspan ook in. Toe's dit net aalwyntjies van Groot Geluk en kiepersolletjies van Omdraai. 'n Bakkie vol kraalmis van Saamrus en 'n span werkers van Strydpoort wat kom bossies uittrek. Sweis het selfs klippe by die groot krans gaan loop uithaal vir Clarese. Die manne het tougestaan om dankie uit daai rooi mond te hoor, soms 'n drukkie teen haar ronde stywe borste. Dit het nie verander vandat sy verloof geraak het nie. Dit was werklikwaar asof daar 'n virus in die omtrek was. Iets soos die malkoeisiekte, of eerder Claresekoors, het hy gedink. Sal seker na die troue anders wees, as sy eers deur haar man goed ingelê is.

“Is dit 'n groot troue, Sweis? Sweis?”

Hy staan steeds voor by die Amarok, streef wragtig die masjienkap en fluister:

“Die Amarok. Clarese. Troukar.”

“Ja, Sweis. Die Amarokkie is mooi, heeltemal in 'n ander klas.”

Dis toe dat Bert instem oor die aand-demo-ding. Wel, eerstens gaan hy en sy vrou ook troue toe, so hy kan sommer self 'n ogie hou. Tweedens is dit 'n goeie bemarkingsgeleentheid.

Dinge het die aand effens anders uitgespeel as wat hy verwag het. Ja, dit was 'n uitstekende advertensie. Ja, Clarese was stralend op die Amarok. Hulle het nogal 'n ekstra paar draaie van die kerk af na die onthaal by die skouterrein gery. Die mense het in die strate gestaan en kyk asof dit 'n optog was. Of 'n stoet. Haar sleep het in die wind bokant die bakwerk van die Amarok gewapper. Sy't regop gestaan met tieties afgeëts, net soos Bert die oggend in sy geestesoog gesien het. Hardop gelag. Haar bruidegom het geklou vir die vale. Seker nie bestand teen die grootsheid van die oomblik nie, of dalk was hy net ook soos al die ander mans, wel, opgewonde.

By die saal gekom het Clarese gesukkel met die afklim. Die Amarok was te groot om by die stoep tussen die doringbome te parkeer.

Modderpoele, as gevolg van die vorige dag se reën, het soos 'n hindernisbaan om die saal gelê. En toe begin die toustanery en stryery om haar af te help. Op die ou end het die omgewing se manne haar saam van die Amarok afgetel. Soos in een van daai danse by die Skouspel. Die hele rugbyspan met arms omhoog asof sy die vrou van die wedstryd was. Amper soos in 'n lynstaan. Die bruidegom het maar self afgeklim en al druipend en spring-spring oor die modderpoele die spulletjie gevolg toe hulle Clarese die saal indra.

Dit was 'n onthaal om van te praat. Clarese het gedans, gedraai, gelag. Rooi mond en tieties, rooi mond en tieties tot laat in die nag. Die voggies het ook woes gevloei. Humansdorp weet van makietiehou. Bert en sy vrou het saam met die oues van dae so ná twaalf gery. Sweis sou die demo-Amarok Bastion Motors toe vat en agter by die werkswinkel parkeer nadat hy die presente by Clarese se woonstel afgelaai het. Die sleutel deur die klein toiletvenstertjie gooi.

Ná twaalf het dinge gedraai, loop die storie. Die bruidegom kon nie byhou nie, het sommer op die troutafel langs die troukoek aan die slaap geraak. Die bruid het bly dans en in die loop van die nag 'n paar keer teen die Amarok se masjienkap geleun. Daar's mos genoeg sitplek en vashouplek op daai reuse bosbrekers. En sy't gekraai van plesier. Agterop die bakkie 'n keer of wat en voor in die kajuit ook. So loop die storie in die dorp.

En die bruidegom het bly slaap tot vroeg die volgende oggend nadat die presente afgelewer is, heeltemal onbewus van die kaperjolle. Arme ding, weet seker steeds nie wat alles gebeur het nie.

Sweis het die bakkie vroeg Sondagoggend teruggebring. En 'n week later het hy die geslagte en netjies verpakte bees en skaap kom aflaai.

“Dankie, oom Bert. Dinge het beter uitgewerk as wat ek gehoop het. Die Amarokkie het my verwagtings, en ook my manne s'n, oortref.”

Hy het uitgeloop net voor Clarese en haar man by Bastion ingeloopt het. Dié was so 'n tree of wat agter Clarese. Bert het gesien hoe die verwese mannetjie bloos toe Sweis eenkant staan dat hulle kan verbystap. Clarese het vyftien kontanttjeks – R5 000 elk - en 'n spul kontant uit haar netjiese swart handsakkie gehaal. Vir die res van die prys het hulle altwee 'n koopkontrak

geteken. Hulle het nie soos jong getroudes gelyk nie, het Bert opgemerk.
Clarese wou die einste demo-bakkie koop; al het haar man nie verstaan nie.

Bert het hulle jammer gekry, sommer self 'n R10 000 afgeskryf.
“Trougeld vir die troukar,” het hy gesê en weggekyk van Clarese se mond wat
effens begin bewe het. Sy't nie lipstiffie aangehad nie.

Voorspel

“n Plaas kan nie twee boere hê nie,” sê Kobus de Korte hardop. “Dit sal wragtagwaardieHerehoormy nooit werk nie.”

Hy kyk vinnig rondom hom, maar dis net die nagveld en die herkouende koeie wat hom hoor. Dis nou al goed twee jaar dat dinge net nie tussen hulle stryk nie. Klein-Koos is hardkoppig, nes hy ook was. Maar die tyd slyt aan 'n mens. Die skurwe kante moet af, 'n kalf kry die beste weiding – maar nie vir altyd nie. Hierdie storie dat die kind dink *Cow Candy* kan al sy weiding-probleme sommer so oplos, is verregaande. Weiding, goeie weiding bestaan uit grasklawers, meerjarige raaigras en gemengde kikoejoe. Dit was nog altyd so op Grasfontein en so sal dit bly. In elk geval tot die dag dat hy sy kop neerlê en Klein-Koos kom maak en breek soos hy dink.

Partykeer is hy amper spyt dat hy op net die een kind besluit het. 'n Dogter sou na sy stories wou luister. Of 'n ander seun. Maar die plaas is te klein om te verdeel. En sy vrou vat ook altyd die seun se kant. Al sê sy nie so nie. Hy sien dit in die kospakkies wat sy vir die kroonprins landboukollege toe stuur. Met briefies binne-in! Die geraamde foto langs haar bed. Dit maak hom skoon ongemaklik. As hy aantrek sit hy die ding plat.

Hy wat Kobus de Korte is, moes na matriek kom boer, hy moes maar aangaan waar sy pa gelos het, daar was nie tyd of geld vir studies nie. Hy moes net raakvat. Vir sy ma sorg.

Maar sy vrou en die kind is mos geleerd. Weet beter. Hy't ook self 'n paar keer sy kop goed gestamp. Veral voor die lang droogte. In '74 het hy gebargain op die reënval. Dit was egter na jare van noukeurige opnames en so het hy toe wragtag gewaag om te voorspel wat gaan gebeur. 'n Maand te vroeg gesaai. Die hele spul het gevrek en hy't amper sy gat gesien. God weet, as hy toe die plaas verloor het so net na sy pa se dood.

Nee wat, die kind sal maar net moet leer. As hy wat Kobus is nou vandag 'n voorspelling kan waag, is dit dat die seun maar eers op die plaas waar hy sy prakties doen, moet voorman word vir so tien jaar. Daarna kan hy maar weer probeer. Laat hy sy foute op 'n ander man se rekening maak. 'n Boer kan nie speel nie, dit kos net te veel.

Hy's bly Klein-Koos is die naweek by die huis, sal môre met hom praat oor die toekoms. Vandag is hy net te veel rammetjie-uitnek. Laat hy maar by sy vriende op die dorp kuier vanaand. Môreoggend vroeg, net na melktyd en voor kerk, kan hulle praat. As die vrou nog tittewyt. Dis nou as die klein klits nie weer laat is vir die melkery nie. Deesdae fuif hulle mos tot vroegoggend, dan kom hy ingesluip, borsel net tande, suig pipperment en trek skoon klere aan. Die koeie weet ook. Die seun vat die spene maklik mis en dan wil hulle nie sak nie. Dis die drank. Sy vrou sê los, dis net 'n fase. Hy sal maar sy bek hou, maar hy't al gesien hoe boere hulle plase wegsuip.

Miskien moet hy maar sy halsstarrigheid oor restaurantkos laat staan en aanbied dat hulle by die Wimpy na kerk eet. Al kos dit 'n plaas se geld. Andersins boer die meneer in elk geval net by sy ma in die kombuis met sy studentepraatjies wanneer sy kook. En hy wat Kobus is, sit alleen op die stoep en luister RSG.

Ja, dis soos dit sal wees. Hulle gaan môre Stilbaai toe. Direk na kerk. Dis tog Vadersdag. Hulle gaan eers op die strand stap en daarna by die visplek op die hawe eet. Op die balkon. Die seelug sal die onderonsie tussen hom en Klein-Koos wegwaai. Hy sal aanbied dat Klein-Koos met die driehoekland langs die vlei kan doen wat hy wil. Hy sal toegee sodat hulle weer met mekaar kan praat.

Dis tyd om te gaan inkruip. Gelukkig het hy na aandete gehelp met die opwas. Sy vrou sal vanaand inskiklik wees vir so 'n bietjie warmte. Hy stap kamer toe, hoor die telefoon lui. Seker alweer iemand wat nie môre kan tee skink nie, sy's mos altyd die *back-up*. Hoop nie sy gaan nou staan en melkterte maak vir die hele gemeente nie. Hy sit die gang se lig af, maak solank sy belt los en sê:

“Sal ek vir ons 'n *night cap* inskink, my lam?”

Sy vrou sit op die oopgetrekte bed met die telefoon in haar hand. Sy kyk na die gehoorbuis, sien hom nie raak nie. Sy vryf oor die foto van haar kind.

Tjoepstilte

Oral waar sy gaan, soek sy plekke om lyke te bêre.

Langs die M1-hoofweg in Johannesburg, naby Killarney Mall, tussen die struik en die klippe wat skuins-op met die helling gestapel is tot by 'n yslike betonmuur, is 'n goeie plek. Die pad lê ver na onder. Die betonmuur maak 'n inham – dit behoort yskoud in die winter te wees. Weke kan verbygaan voordat iemand iets agterkom.

Goeie plekke is waar mense nie loop nie, waar reuke kan oorneem, die land en diere hulle plek kan terugneem.

Sy dink vooruit aan die tekens wat haar lyk sou kon weggee. Rotte. Kakkerlakke. Dalk voëls: uile eet nie sommer dooies nie. Sou aasvoëls nog in die omgewing aas, wonder sy? In Bloemfontein wel, daar's 'n aasvoël-restaurant, nie in Johannesburg nie. Is al die roofvoëls op hok in die dieretuin? Sê nou maar net die hiënas breek deur die heinings. Sou hulle die spoor oor Jan Smutslaan, verby selfoonbome, tussen die vierwielgedrewe Gautengers kry? Sou hulle nie eerder by Zoo-lake smul aan die wit ganse wat hulleself walserig verkoop vir krummels terwyl die kameras van die kliënte by die rolbalkklub kliek nie?

Goeie plekke is waar kinders nie speel nie. Waar mense anderpad kyk.

Sy soek natuurlik 'n wegsteekplek wat by die karakter van die mens wat was, sal pas. Dis die moeilikste gedeelte van die speletjie. Hoe weet mens ooit wie iemand is? Selfs ouers vergeet wie hulle kinders is – hulle oorhandig hulle bloedjies dan gretig aan onderwyslui.

Sy het al telkemale van oudstudente gehoor dat die persone wat die grootste invloed op hulle gehad het, diegene was wat hulle verneder het. Sy verstaan dit. Te veel keer moes sy haar eie naam aanhoor. Veral van die siele wat dit toe wel in die wêreld *gemaak* het. Wat dit ook al beteken. Sy kan hulle almal verbind aan een van haar dissipline-speletjies. Behalwe natuurlik vir Albert. Die eerste een – vir hom het dit nie gewerk nie – maar dit was toe nog nie 'n speletjie nie.

Die seergemaaktes, geslaandes, geïgnoreerdes, stilgemaaktes, uitgesmytes, uitskrywers en die inblyers noem almal haar naam. Die outjies wat deur die vloerplanke geval het, hulle nooit gesteur het aan die stelsel en

aan haar nie, soek haar nie eens op nie. Elke keer as 'n oudstudent haar nie onthou nie, slaak sy 'n sug van verligting. Een minder wat sy vernietig het. Sy self onthou haar weeshuisvader maar te goed.

Haar laaste slagoffer se lyk kon sy wegsteek in die besemkas van die Michael Angelo-penthouse. Die Griekse bleekgesiggie wat haarself nooit hardop kon verbind tot 'n antwoord nie.

“Ek weet nie,” met 'n skalkse giggel, was haar standaard-antwoord op alle vrae. En selfs as die antwoord voor die hand liggend was, of selfs as sy wat na jare se klasgee die konsep vir die kind in haar prosesboek neergeskryf het met 'n verduideliking van hoekom dit sal werk, was die antwoord net altyd;

“Uh, ek is nie seker nie, ek weet nie.”

Om tot die daad oor te gaan, om jou lyf en hart en woorde tot 'n opinie of idee te verbind, het al hoe skaarser geword. Sy neem aan dis die teken van die tye. Dis koel vir die kinders om onbetrokke, neutraal, effens onseker en skugter te wees. Karakter is deesdae vir die voëls.

Die besemkas. Die perfekte plek vir die bleekgesiggie.

“Mense wat nie weet nie, word vloerlappe, my kind. Vir jou straf kan jy die seunstoilette se vloer gaan skrop. Gedurende pouse. Vir 'n week lank. Dit sal jou leer om 'n opinie te ontwikkel. As jy nie een het oor die impak van die Waarheidskommissieverslag op die psige van die Afrikaner nie, sal dit ten minste 'n opinie oor vloere was wees.”

Sou dit moontlik wees dat iemand wat in die penthouse bly ooit 'n eier laat val en dit dan self skoonmaak? 'n Borsel en 'n skoppie soek om krummels op te vee? Kombuise is gewoonlik perfek ingerig in sulke apartemente – vir mense wat nooit kook nie: 'n natuurlike *cordon bleu*-niemandslaan. Dis restaurante toe of afgelewerde *fusion food*. Sy kry vir 'n oomblik die arme skropvrou jammer wat die kas sou oopmaak. Sien die vrou se skrik as die blink besemhare lank en welig en swart vir haar loer. Sou die skropvrou van die geleentheid gebruik maak om iets uit die student se sak te gaps? Haar skootrekenaar, die kleurgekodeerde pennesakkies wat by die kind se uitrusting en lêer pas? Sy hoop so!

Die res van die onderwysersgarde, die kinders en selfs die hoof het gedink sy was wreed. Hulle het stilgebly omdat dit 'n maand voor die einde

van die jaar en haar aftrede was. Tog het dit gewerk. Die kind het geleer om haarself tot 'n opinie te verbind. Sy werk deesdae as politieke analis vir CNN.

Sy weet nie presies wanneer sy besluit het dat dit dan nou maar haar doel in die lewe sal wees nie. Om doodeenvoudig alle twyfel uit te vee nie.

Die droom was die eerste stap. Alhoewel dit drie-en-vyftig jaar gelede in haar eerste jaar van skoolhou gebeur het, is dit nog steeds ontstellend helder. In haar droom word sy wakker in die hoekkamer in tannie Bokkie se losieshuis. Sy word wakker van kinderstemme, altans kinderagtige stemmetjies. Dit klink soos haar matriekklas. Sy staan op en soek. Teen die muur, langs die afdruk van een van Pierneef se werke, in die plek van die biddende hande-tapisserie wat tannie Bokkie gemaak het, sit hulle. 'n Klas insekte, met koddige kindergesigte. En hulle praat oor haar. Oor die nuwe juffrou wat nie murg in haar pype het nie. Wat blykbaar in 'n kinderskool grootgeword het en dit nooit sal regkry om hulle te beïndruk nie.

Sy het half ingedagte begin om die insekte een vir een dood te druk. Effense drukking van die regterduim. Dit was amper 'n speletjie. Kon sy die spreker in die middel van 'n sin onderbreek? Sy's die deus ex machina in 'n moderne geanimeerde kinderteater. Sy onthou hoe sy in haar droom omdraai toe dit stil word, in die bed klim en slaap. So asof niks gebeur het nie.

Dit was die eerste stel matrikulante; sy't hulle geërf by mevrou Viviers wat skielik siek geword het. Sy het geweet hulle steur hulle nie aan haar nie. Die eerste rugbyspan was in daai klas. Sy wou die volgende dag bedank. Het selfs vir die hoof vertel dat sy nie gereed is vir die lewe as 'n leermeesteres nie. In daardie jare kon sy nie lieg nie. Vars uit die varsity was dit moeilik om 'n professionele toon in te slaan. Veral teenoor matrikulante. Die hoof het haar bedank vir haar eerlikheid en die reperkussies van kontrakbreuk verduidelik. Sy't 'n beurs wat sy oor vier jaar moes terugwerk:

“Kom-kom, liewe Juffie – gebruik jou vrye tyd reg. Kanaliseer jou verbeelding – ontwikkel 'n interessante dissiplinêre sisteem. So hou ons die kinders op hulle plek. Jy sal nog 'n aanwinst vir ons edele professie word.”

Sy dink aan die houtjie-vir-'n-foutjie-toets. Die matrieks het aspris die verkeerde antwoorde geskryf. En sy moes by haar woord bly. Dit was die tweede stap. Albert het vier uit dertig gekry. Hy het vermakerig vir sy maats geknipoo en voor haar kom buk. Iemand het saggies 'n wolwefluit geblaas.

“Nee, jou hand. Gee my jou hand.”

“No sweat. Hierso, Juffie.”

Sy het die punte van sy vingers vasgehou.

“Een,” sy gesig oombliklik wit, strak, oë reguit, “twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien.”

Sy’t hard en vinnig geslaan, gekonsentreer om nie haar eie vingers raak te slaan nie, die houe millimeters uitmekaar. Die groen rottang wat sy van die Skei-Nat-meneer laat kom het, het afgemete gesis. Toe sy met sy linkerhand klaar is, het hy met neergeslane oë omgedraai om te gaan sit.

“Jou ander hand, asseblief. Nog dertien.”

Die klas was tjoepstil.

Vierhonderd-drie-en-tagtig houe later was daar net slierte van die jong juffrou oor.

“Uiteraard skryf julle nog ’n toets môre. Dieselfde reëls geld.”

Die volgende dag het almal volpunte gehad.

Die geheim is om nooit ’n metode te herhaal nie. Elke leerling is anders. Individuele aandag kweek ’n gemoedelikheid, ’n ampse vertroue. Sy het die akademiese standaard onberispelik hoog gehou – nie een matrikulant het ooit minder as ’n C in die eindeksamen behaal nie. Ouers vertrou resultate: dis ’n geboekstaafde feit dat ’n onberispelike loopbaan ’n moeder se kropgevoel snoer.

Mag verskans homself in vele gestaltes. Sy weet die meeste mense dink sy was suksesvol, haar klasgemiddeld die hoogste in die land, jaar in en jaar uit. Sy het haarself onderskei as ’n uitmuntende opvoeder.

Daar’s baie plek vir oorblyfsels van kinders.

Onlangs het sy amper die spoor byster geraak.

Hy’t die heroïen-merke onder sy naels, in sy arms, kuite, nek aan haar uitgewys. Van die trips kon hy niks onthou nie, maar elke merk het ’n storie oor verdoeseling en diefstal en grusame gretigheid bewys. Het hy geweet wat sy afgetakelde lewe aan haar sou doen?

“Juffie verstaan mos, Juffie? Ek weet Juffie kan my help. Juffie was die enigste een wat my ooit kon kortvat. No sweat. Juffie was my mentor.”

Sy’t nie geweet wat om te doen nie. Gedagtes oor hoe sy die aand later normale dinge sou doen, het haar gekeer om in trane uit te bars. Sy sou

wasgoed was. Die wit goed skei van die bont goed. Die swart klere vir laaste bêre. Sy sou die suurlemoene van die boom afpluk en die skille fyn sny met die marmelademessie wat sy in Engeland gekoop het. Dit in die blou erdeskottel laat lê vir agt-en-veertig uur. Sy sou na haar foto's van seerawe kyk.

Sy wou nét die een keer dit sê: *Ek was verkeerd. Ekskuus, Albert. Ek het nie geweet hoe om op te tree nie.* Sy wou alles vertel.

Sy't opgekyk, oorhoeks, met oorgeloopte oë. 'n Vreemde gevoel om haar mond.

'n Glimlag.

Hy het sy linkerhand uitgehou na haar.

Sy't sy hand gevat en dit in die palm gesoen. Tot ses-en-twintig getel. En toe het sy haarself reggeruk. Die laaste slierte laat gaan.

“Jammer. Jy verwar my seker met iemand anders.”

Toe hy wegskuifel met die bekende vernedering in sy oë, het sy begin dink aan 'n wegsteekplek vir haarself.

Weetlus

Adelia le Grange glo nog altyd dat sy sal weet wanneer die regte man opdaag. Hy sal haar ook eien as Die één. Jaar na jaar bespreek haar pêle tegnieke van manvang en mooi lyk en hoe om 'n verhouding te laat slaag, en leef dit ook krampagtig. Maar sy wag net. Hy sal kom en sy sal weet. Al is sy in haar koöperasieklere agter die toonbank by die John Deere-spares, of met 'n *bad-hair day* op 'n Vrydagmiddag voor toemaaktyd by Sentra wanneer die warm brood uit die oond kom, of by die kerk se sopkombuis besig om met die boemelaars grappies te maak. Ken sal sy hom ken. En hy sal dink sy is 'n goue nimf, nes sy is.

Adelia hou haar rein vir hom. Gaan net in groepe uit. Sy wil nie tyd mors met die verkeerde mans nie. Hy sal haar nie uitnooi vir koffie of vir 'n skemerkelkie nie. Nee, hy sal haar wegvat met vakansie. By die see. Hy sal nie vir haar 'n bos blomme laat aflewer nie, eerder self die roosblare een vir een afpluk en in die hotel se badwater met skuim laat val. Dit sal 'n blommebad wees. Hy sal vir haar 'n verwarmde wit handdoekjapon en pantoffels reghou, haar nek masseer. Hy sal weet dat sy syne is.

En net so gebeur dit toe.

Die sterk man met die Mercedes vat haar weg. Binne 'n dag nadat hy haar eers dopgehou het terwyl sy in die straat (gekleed in haar blou overall) klippie-hink met die sopkombuis-kindere speel terwyl die ouers klaar eet. Hy wag heel galant dat sy die saaltjie sluit en die laaste twee looppakkies op die trappe uitdeel aan Petrus (wat altyd laat is omdat hy Vrydae eers sy bedlêende pa moet versorg na werk) voor hy hom aan haar voorstel.

Sy het net genoeg tyd om vir haar ma 'n kort briefie te skryf.

“Hy't my kom haal, Ma. Ons gaan nou weg vir 'n paar weke en dan gaan ek by sy ingenieursfirma sy persoonlike sekretaresse wees. Ek sal vir Ma my nuwe adres deurbel. Dankie vir alles. Dit is só wonderlik, nes ek geweet het. Lief vir Ma. Delletjie. xx”

Sy verwag dat hy op haar jaloers sou wees. Dis tog 'n teken van hoe lief hy haar het. Hy's twee keer ouer as sy en wag twee keer langer as sy. Sy weet hier en daar sal die detail verskil van hoe sy altyd gedink het dit gaan wees. Soos die hotel (waar die kontrei se mans kom rugby kyk) en die dorpie

– op pad see toe. En dat hy brandewyn drink en nie rooiwyn nie. Dat hy 'n stut is in die rugbyspan (en vuus bysit) – nie 'n flank (wat weghardloop) nie. Sy verwag dat hy haar sal beskerm. Maar nie wegsteek nie. Sy het nooit gedink dat hy nie daarvan sal hou dat sy met ander mense praat nie.

Maar daarmee kan sy haar nog vereenselwig. Mense is nie prentjies nie. Hulle sal mettertyd nog by mekaar aanpas. Maar sy verwag nie dat sy die eerste nag aan haar eie enkelbed, met haar ouma se gehekelde kombes, sal dink nie. Dat sy sal verlang na haar ma wat na aandete saam met haar tee drink nie.

Of dat hy sy naam op haar hart sal skryf met 'n slagtersmes en haar in die hotel se kas los nadat hy haar syne gemaak het nie.

Kamee

My tannie Margaret het my vertel dat die kamee baie oud is en dat sy dit in 'n houertjie agter in een van haar laaie wegsteek, selfs vir haarself. Ek onthou hoe ek op die bed by haar gesit het, haar uitgemergelde skouers sigbaar deur die gehekelde bedbaadjie – amper net so uitasem soos sy, brandend om te hoor hoekom die kamee so belangrik is. Was dit dalk 'n geskenk van een van haar lost loves? Het sy dit gesteel? Heel moontlik uit 'n museum of 'n winkeltjie wat antieke juweliersware verkoop? Ek het stories uitgedink van kuiers by die Engelse koningin – sy het in elk geval alles van die koningshuis geweet – van geheime en perderitte in die nag, van balsale vol gemaskerde dansers, ferweel, kaviaar, kristalkandelare, koetse, sluiers, satynlakens.

Die aanloklikheid van 'n kamee het begin, en mag moontlik eindig, by kanker. In my tannie Margaret het die kanker na sewentien jaar van remissie weer sy verskyning gemaak.

My tante het, êrens in die laat tagtigs, 'n huis naby my flinke, negentigjarige oupa en sy derde vrou gehuur. Dit was 'n praktiese reëling. Stiefouma, 'n goeie tien jaar jonger as my tante, het aangebied om na die huis en honde om te sien elke keer as tannie Margaret Bloemfontein toe moes gaan vir chemo en later vir bestraling. My stiefouma was 'n raakvatter; haar waarde ver bo korale; 'n voorsanger; 'n inlêer van vrugte, 'n bobaas-koeksisterbakker; hoof van die Vrouelandbou-unie; 'n kenner van kanker.

My geliefde tannie kon 'n storie vertel. Na een van die chemo-besoeke het Stiefouma blykbaar na die waarde van tannie Margaret se kameeborspeld verwys. My tannie was heel verontwaardig: “The old hag, can you believe it. She’s been making an inventory of my belongings, my dearie. She’s been going through my things.” Terwyl Stiefouma haar hand so knap oor die huishouding hou, het sy ook die laaie en kaste reggesien. “I’ve absolutely never shown it to anyone or even talked about it.” Sy het gefluister: “I’ve not even worn my cameo once since .., well, not for donkey’s years.”

Tot my spyt weet ek nie waar die kamee nou is nie; ek het dit self nooit gesien nie, maar verbeel my dit was een van die tipies ovaalvormige kornalyn-kamees wat 'n vroueprofiel uitbeeld. Wit op oranje pienk. Een van daai wat mens óf as 'n borspeld óf as 'n hangertjie kan dra.

Tannie Margaret het geswyg oor die kamee. Maar sy het my wel vertel van haar plan om die ouma in die bek te ruk. Sy gaan klein briefies skryf wat sy orals in haar laaie en kaste gaan wegsteek. Briefies met net 'n enkele sin: “Looking for something, old Dearie?”

Haar laaie was deurmekaar toe sy 'n jaar of wat later doodgaan. En die storie van die kamee het, soos die kamee en die stiefouma, verdwyn. Ek het gelukkig een van haar briefies gekry. 'n Klein stukkie wit uieblaarpapier in 'n rolletjie gedraai, vasgebind met rooi garing.

Die afgelope ses maande moes nog vyf mense doodgaan voor ek die kamee-storie klaar kan vertel.

My-ma-my-ma-my-ma. Sou ek dit al kon probeer neerskryf? Hierdie hartseer holte in my wat skree nooit ooit sal die pyn beter word nie en niks wil sin maak nie en niemand sal ooit weer vir my lief kan wees nie.

My vriend, Marc, liefhebber van woorde, papierbasse en perde.

Die Duitse tannie wat al jare lank wag om dood te gaan en wat as jong dogtertjie in die Tweede Wêreldoorlog gelukkig genoeg was om egg-nog gemaak van 'n enkele eier vir haar verjaardag te kry.

Die temp by die werk wat na dertig jaar as uitgewekene in Kanada terug Suid-Afrika toe gekom het om studentelêers te alfabetiseer.

En Jacques – die man met 'n hoed vir elkeen van sy opinies, wat dood is drie maande nadat hy getroud is en drie maande voor sy boek se bekendstelling.

Die moontlikheid van nog 'n dood kruip al nader natuurlik – dié dat ek nou, voor ek ingaan vir die operasie, so vinnig as wat ek kan, tik – want werklikwaar, daar is nie plek vir nog 'n protea in my tuin nie.

As ek dus van tannie Margaret af tel, is dit ses mense altesaam. Maar dis mos hoe dit is. Wat is kan af, en die beste vrek van voor.

Ek moet by 'n kameemaker uitkom. Dringend. Ek moet nuwe begrippe en materiaal en “implemente” kry om die woorde van vreemde herkoms wat deesdae so glad op my tong kom lê, te vervang.

Karsinoom, miëloom, limfoom ... leukemie

Fibro-, lipo-, mio-, chondro-, osterosarkoom ... karsinogenie

Olka bolka riebietjie stolka olka bolka knor

Êrie pèrie chiekerie chérie, êrie chérie tjorts

Ek wil die krag van my ma laat kerf, 'n kamee vir haar kap, die grein van klip toelaat om haar lig vas te vang. Ek het nodig om dinge in ivoor of skulp of glas weg te werk met bedoeling. Nie toe te laat dat weefsel van 'n gewas as gevolg van ongekontroleerde en onbeheerste groei 'n nuwe mutasie ondergaan nie.

Ek wil stukkie vir stukkie die agtergrond wegkrap. Nie spore laat vir metastase nie.

Ek hoop 'n kamee is die teenoorgestelde van die Griekse *karkinoma* wat Hippokrates raakgesien het toe hy kanker beskryf het. Die krap met 'n honderd voete. Dalk is kameemaak soos karakterkry? Stukkie vir stukkie, seerkry vir seerkry. Dis te laat vir my ma om 'n verskyning in 'n film of drama te maak; sy kan moontlik nog vasgevang word in 'n kort letterkundige bydrae ... maar dis alles ter syde. Ek het nodig om 'n kamee van my ma agter in my laai weg te steek, voordat dit vir my te laat is.

Die internet kom my tot hulp. 'n Skouveteraan wat al die hele Psalm 121 op 'n ryskorrel gegraveer het en die name van sy vrou – Eufesia Kakewania Karolina – op die agterkant van 'n kopspeld. Hy't selfs 'n kamee gesny op die stof wat 'n maanreisiger van die maan af gebring het. Hy't onder Aquila in Italië die kameekuns verfyn. Daar is al van hom gesê dat 'n skulp hom tot laatnag aan 'n stoel kan vassuig sodat die son hom in die oggend daar kan betrap. Dís my kameemaker en hy woon net om die hoek in Pretoria.

Ek bel. Die dame wat die foon beantwoord, is kortaf. Drie-uur die volgende dag. Seker die kopspeld-tannie, dink ek. Ek probeer verduidelik van 'n kamee oor my ma en vra oor vergoeding.

“Kom self, bring drie foto's, die kameemaker maak self die prys. Dag.” Ek droom die aand van my ma wat wonder wat sy na haar eie begrafnis moet aantrek. Sy besluit uiteindelik om nie te gaan nie – dit sal die ander mense ontstel. Sy vra my om die linnekas uit te pak, om seker te maak dat elke kind sy of haar deel, in lap kry.

Die deurpad tussen Johannesburg en Pretoria is toegepak met karre. Die slakkepas laat stukgies van my ma in die kar in. Die dag toe sy uit die hospitaal kom, ná haar mastektomie. Sy lê op die bed, haar oë styf toegekny

van pyn, haar vel deursigtig. Haar kaal kop laat haar soos 'n Boeddhistiese non lyk. Ek maak die stywe verband om haar borskas los om die wond en die vyf dreine skoon te maak. Dit lyk of 'n haai haar gehap het. My uitgerafelde ma. Ek tel die krammetjies, drie-en-twintig. Dis hoe oud sy was toe ek gebore is. Sy haal vlak asem, ek werk so vinnig soos ek kan. As die wond skoon is, moet sy regop sit sodat ek die verband weer styf om haar kan draai. Die liggaam wil kompenseer vir die borste wat weg is en stuur dan vog na waar die borste was. Ek het nie genoeg hande om die verband te trek en te draai en vas te hou en die wond te bedek en haar regop te hou nie. My ma maak haar oë oop. Die groen met bruin spikkels is nog daar, maar dis ligweg toegeverf met wit.

“Dankie, my poppie.”

Ek arriveer by Impalasingel 3, 'n sypaadjie met drie groot papierbasse, vetplante met dorings – Jesuskroon, dink ek – en 'n groot turksvybos. Inheemse stadsbos wat skelms kan uithou.

“Kom in, Mevrouw – die werkswinkel is links van die melkhout – parkeer by die granaatbos,” sê die kospeld-tannie oor die interkom.

Ek stap in 'n storieboek-outyd in. 'n Skadubos, mosklippaadjie. Ek koes-koes half gebukkend oor 'n sleeper-bruggie, onder deur ou-ou kiepersolle, yl watertjies waarin varings en irisse groei en dan 'n kobaltblou houtdeur. Net toe ek wil klop, ruk die deur oop.

Voor my staan 'n dwerg, 'n baie ou dwerg.

“Kom gou in, ons het net 'n uur voor die heks my weer toesluit,” sê hy, toe ek, hand nog in die lug, hom ongeskik aangaap.

“Eh, hi, ekskuus. Ek's ...”

“Ja-ja. En ek is die kameemaker.”

Rakke tot by die plafon vol skulpe en klippe en hout. 'n Regte-egte maliekolderpak hang teen een van die rakke. Werksbanke vol vreemde instrumente en dan 'n helder verligte hoek.

“Die kameestatie, sit-sit,” sê die dwerg terwyl hy op 'n podium en 'n kroegstoeltjie by die werksbank klim.

Hy's oud en siek, sien ek vanuit die wipstoel. Daar is lewermerke op sy hande, sy kleur is grou. Sy hare is wit en onder 'n pet ingedruk. Ek moet myself keer om nie te kyk of hy puntskoene met klokkies dra nie.

“Meneer, dankie dat jy vandag tyd aan ...”

“Ja-ja, my naam is Jasper. Als reg, als reg.”

Dan sê hy skor: “Vertel my van haar.” Hy tel 'n perlemoenskulp op, gooi dit liggies op en af, klop daaraan, vryf dit teen sy wang waar 'n moesie groei, als terwyl hy sy oë toemaak asof hy die binnekant van die skulp bevoel en beluister. Dan plaas hy dit voor hom op die werksbank neer. Hy tel 'n stuk ivoor op en kyk ongeduldig na my.

“Vertel my van jou ma. Wil jy 'n kamee van haar hê, of nie? Eers, eers moet ek hoor, dan dink en dan praat ons môre oor prys. Maar ek het nie baie tyd nie, toe-toe, vertel nou maar.”

Hy spring op, gaan haal 'n stuk blou en wit glas van die rak en 'n klip wat soos oniksmarmer lyk. Herhaal die prosedure van weeg in sy hand, klop, vryf, bevoel en luister.

“Haar naam was Skippie,” sê ek. “Van Scheepers, haar nooiensvan. Sy't die lewe opgedrink. Ek dink sy't die gawe van verwondering gehad. Maar ek besef dit nou eers. Soos toe sy klein was, vakansietye by die see en sy't gedink dat iemand elke oggend vroeg opstaan en met 'n takkie merkies op die strand druk – eers later het sy agtergekom dis strandloperdjies en meeu se spore.”

Die kameemaker kyk lank na my. In my binneste in, voel dit. Dan staan hy op en gaan haal 'n skulp uit 'n glaskas.

“Cassis madagascariensis, die keiser-stormhoedskulp. Dit lyk soos agaat, maar dis skulp, ons noem dit sardoniksskulp,” hoor ek hom sê. “Ek bêre dit al vanaf my jongdae. Dit is tyd, dit is tyd. Vertel verder.”

“Vreemdelinge was mal oor haar, kinders het vir haar stories kom vertel, selfs in tale wat sy nie kon verstaan nie. In Ierland het ek en sy eendag die veerboot na Skotland verpas. Dit was vroeg op 'n Sondagoggend, toe luier ons rond aan die hawekant van Belfast. 'n Baie ou kerk was toegespyker en 'n omie het daar gestaan en wyn drink en brood eet en 'n gebed opgesê. My ma het nader gestap om die houtdeur se skarniere van nader te bekyk. Die Ierse omie met sy opwaartse infleksiepatroon vertel toe vir my ma die hele

storie. Vertel van die biskop wat die kerk, al is dit die oudste in Belfast, wil verkoop omdat die area as gevolg van besigheidsregte so gesog is, en alhoewel die gemeente en al die diakens en ouderlinge daarteen gekant is, volg die man net sy eie kop. ‘The bishop is a bit of a bully ...’ sê hy, kom druk haar hand en stap weg. Effens aangeklam van die wyn.

Dit was asof sy hom gehelp het met iets wat ek nie kon verstaan nie. Net daarna, toe ons in die straat afstap op soek na ’n koffieplek, kom ’n honderd-jaar-oue tannie, gebukkend, met ’n groot bos sleutels uit haar huis, kyk na my ma en sê: ‘You’re wanting to see the graveyard. Follow me.’ En sy sluit ’n hek oop na grafte van voor die vyftiende eeu, sê dat die stuk grond oorspronklik ’n ‘poorhouse’ was. Ek stap rond en lees al die inskripsies. My ma gaan sit op ’n bankie en rus. En later wys sy my: voor haar is ’n groot klip met woorde op gegraveer: ‘Here lie thousands of people. They all had names.’”

Ek sluk, wil stilbly. Maar iets in die dwerg se houding laat my net aanhou praat.

“My ma het die name van dinge en mense geken. Gedigte van kindtyd uit haar kop opgesê. Altyd nuwe gebeure en mense en informasie opgeasem. Sy’t ons geleer om te kan sukkel met ’n glimlag, om die bokant altyd blink te vryf, om mooi te soek in dit wat skeef is ...”

Die kameemaker werskaf nou freneties.

“Sy’t ons geleer om liefde sonder veel omhaal te doen. Sy was ons omfalos, die middelpunt van die aarde. As ek maar vir God so lief kan word soos vir haar. Eintlik kan ek nie verdra dat sy dood is nie. Dat kanker ...”

Ek kan nie verder praat nie. Kyk uit by die venster en sien hoe ’n blinkswart katlagter met lang stert en rooier as rooi snawel, goggatjies uit ’n droë boomstam eet. Hy breek ’n stukkie bas met sy snawel af en pik-pik dan in die hout in. Seker houtluise, dink ek.

Ek wonder of kanker mens losmaak van die lewe. Stadig die binnekant lossukkel, soos wanneer jy die eerste pannekoek bak en die pan nog nie ingebak is nie. Dan karring mens die kante los met ’n eierspaan en later laat jy pannekoek tuimel en wiprol soos akrobate in ’n sirkus. Uiteindelik, as jy aanhou bak, sal jy dalk ’n pannekoek op en op en op kan gooi, jou siel aanhou laat vlieg, weg van pan en oond en kaneelsuiker.

“Sy het moeilik doodgegaan,” sê ek. “Chemoterapie, ’n moeilike mastektomie waar haar limfklier ook uitgehaal is, bestraling. En toe is die kanker in haar brein in. Ek dink ek wil haar in al haar ander tye onthou, soos toe ons jonk was en sy deur die nag vir my en my sussie rokkies ontwerp en gemaak het. As ons die oggend wakker word, lê daar drie rokkies vir elk op ons voetenente. Afskouer reënboog-laprokke, wit blommietjies op ’n donkerblou agtergrond met fyn plooitjies om die middel en ’n groen kragierok – elkeen met ’n bypassende broekie. Dis die tyd toe sy vir ons so mooi soos Liz Taylor en Sophia Loren was. My sus en ek het altyd gestry oor na wie sy lyk. Vir my was sy Sophia Loren.”

Die kameemaker begin met ’n figuursaag aan die sardoniksskulp saag. Sy hande vat sekuur, hy hou ’n groot stuk ovaal teen die lug.

“Dit sal doen, sal doen.”

Hy plak ’n stukkie hout teen die ovaalskulp, klem dit in ’n klamp vas. Dit lyk soos die dryfhoutjie wat my ma vir my man by die papegaaiduikers in Ierland opgetel het.

“Foto’s, die foto’s.”

“Hierdie een is so dertien jaar terug, waar sy onder die sambreel in die reën staan en ’n vuurtjie aan die gang kry om ’n kaasbroodjie vir haar eerste kleinkind te maak, die rivier het afgekom en ons was vakansietyd vir ’n week in die winter sonder elektrisiteit, die hout was nat, maar sy’t nie moed opgegee nie ...”

Die kameemaker sit ’n John Lennon-brillettjie op.

“Hierdie is in haar tyd op kollege – haar vel was perfek – sy het met ’n kohl-potlood ’n naat op die agterkant van haar bene getrek – dit het gelyk of sy sykouse dra. Hierdie is sy as dogtertjie, sy’t haar hare losgemaak en in die wind gaan staan. Blykbaar het dit my oomatjie heeltemal uitge-freak.”

Die kameemaker kyk my stip aan terwyl ek praat. Hy sien nie eens die foto’s raak nie.

“En hierdie is ’n jaar voor sy dood is, ons het vis en tjijs op die strand gaan eet, al haar kinders en kleinkinders was by haar. “Kyk net hoe ryk is ek,” het sy gesê toe ek die foto neem.

Hy neem die foto’s by my, sit dit op die werksbank neer.

“Bel oor ’n week, in die oggend. Details, details. Skryf jou adres en telefoonnommer neer. Wil jy dit as borsspeld of hangertjie dra? Goue of silwer randjie, of op hout gemonteer?”

“n Hangertjie asseblief, op hout.”

“Drie duisend dan.”

“Rand?”

“Nee ryskorrels, simpele kind,” lag die kameemaker. “Kontant asseblief – bring dit volgende keer – nie in sente nie.”

Sy oë kreukel heeltemal weg toe hy lag en hy wieg heen en weer op sy voete. Hy ruik soos olyfolie en sederhout.

“Dankie, dankie kind. Kom-kom, die heks wag.”

“Baie dankie, Meneer die kameemaker ... Jasper.”

“Ja-ja, is reg, is reg.”

Ek stap verdwaas verby die rakke, die maliekolderpak, deur die blou deur, oor die bruggie, verby die groot granaatbos met granate wat tot barstens toe daar hang.

Voor ek my kon kry, het ek een gepluk. Klim skuldig in my kar langs die melkhout.

Terwyl ek terugry Johannesburg toe, sing ek. Die lied hou vir ’n week.

Ek bel vroegoggend. Dis die heks wat antwoord. Ek vra of ek ’n afspraak met die kameemaker kan kry, verduidelik weer van my ma se kamee.

“Dis reeds gepos,” sê sy. “Met jou kwitansie en die foto’s. Dit was sy laaste kamee. Hy is eergister dood. Kanker.”

Sewe mense.

“Eh ... ek’s verskriklik jammer, Mevrou ...”

Ek weet al daar is niks om te sê nie.

“Skuus, Mevrou, ek het nog nie vir die kamee betaal nie. Kan u dalk vir my ’n rekeningnommer gee.”

“Reeds betaal. Dis wat die kameemaker gesê het. Ek sien dit as afgehandel. Dag.”

Ek skryf die dag nie ’n woord nie. Dwaal rond, pak die linnekas later reg. Die lied en my deel in lap is weg.

'n Paar dae later gaan haal ek die pakkie by die poskantoor. Sit sommer in my kar terwyl ek dit oopmaak. Papier, bubble wrap, kartonboksie, foto's, kamee. My ma, in bruin en wit en oranje met 'n titseltjie donkergroen. Twee gesigte van haar in profiel. Die agterste een as jong meisie met hare wat wild waai, voor kaalkop, 'n Boeddhistiese non. In die pakkie is 'n klein opgerolde uieblaarpapier-briefie vasgebind met 'n stukkie rooi garing. Hoe vreemd, dink ek, ek het hom tog nie van tannie Margaret vertel nie.

Ek rol die papiertjie oop: "Dankie, my poppie."

Rieme

Dêmitôl, ek't al weer die dessitse affodillebolle raakgespit. Dis oorlat ek die hotnotbossies uit misses Davis se Engelse tuin moet kry. Hoe moet ek nou aan haar verduidelik? Hierdie oor-die-water-blommegoed aard nie hier nie, misses Davis. Hulle het nie die fighting spirit van onse plante nie, misses Davis. Sy sal my net so snaaks aankyk. So van agter haarse rookgoed. Daai alewige Cameos van haar. Ek weet mos goed sy's proud op haar Engelse tuin. Dis die enigste tuin op Toewaaibaai waarin jy nie 'n protea of fynbosgoed sal kry nie. Sy dink haarse tuin is so uit die boeke uit.

En al weet ekke nie te veel van boeke nie – ek wou mos skool dros jare terug om pearlies te smous – ek weet genoeg van die ding, dat as jy anderste as onse goed is, sal probleme jou kom opsoek. Best to blend met die ruigte. Eerder tuinman, as dooieman. Die uitheemse goed bring net vuilvleis.

Hierdie is 'n groot ding wat ek self moet klaarsien. Maar hoe? Ek sal misses Davis moet kry om onse-se eie-se goed te plant. Dis die rede dat sy so siek is. Dis die natuur se manier. Jy moet dié se reëls respekteer. Hoe krap jy ander man se seekastaiings uit die vuur? Veral as jy weet die vetste pearly kruip daaronder weg. Veral as pearlies hoeka my ticket was. Miskien maar net my storie vir haar vertel.

Dis 'n lang storie, misses Davis. Omrede ek 'n tuinman is en nie 'n visterman nie. Die storie loop dat dit mos my second chance is, die tuinwerkery.

My pa kon met 'n malgasoog visvang. Hy't selfs in die kaalwater sukses behaal. Onse huis was nooit sonder kos nie. Melkkabeljou, kerrievis, kerriebiryani, selfgesoute snoek en ook gedroog deur onse ma se hand. Kan ma' sê dit was die tyd van melk en vis toe my pa nog gelewe het.

Hy het ons goed geleer. Die see sorg vir sy mense as die mense vir die see sorg. Jy moet nooit te veel vat nie en ook nie verkeerd vat nie, want dan bring jy die kwaaite aan. Misses Davis weet, die kwaaisee. En nadat die kwaaisee gevat het wat sy moet, dan kom die haaie jou uitsoek. Al is jy tussen jou broers. Jy word uitge-pick. Die natuur vat terug. Soms kom die rooiwater. Dan word almal gestraf, want hulle moes daai een wat verkeerd

gevat het, betyds gekeer het. Die krewes hardloop in hulle miljuisende uit – maar jy kan hulle nie eet nie. Dis dan marawaters in die huise, want die kos is min en die see sorg nie.

Ek wyk af, misses Davis.

My pa het my goed geleer en so word ek toe ook 'n visterman. Dit het kopdisselboom gegaan, my seewerk en my lewe. Vrou, kinders, onse eie huis. Maar die regering het die kwotas ingebring. Toe word ons almal skelm. Nou is dit nie net die wet van die see soos jou pagoed jou geleer het nie. Dis ook die wet van die goewerment. En die tafel staan leeg en jou kinders skree. En dan vat jy rookgoed en dié vat jou en het vir jou te vertelle dat jy maar sommer al die wette kan breek soos jy lus het.

Maar in my tyd was ons nog slim. Ons het geweet hoe en wanneer. Ons het uit die gangs se pad gebly en dom gespeel. Maar dit is so. Die een ding lei tot die ander en voor jy kan sê “pasop” dan is trouble so volop soos dassiemis. My pa het ons lank voor daai tyd gewaarsku. Hy't so klomp klippe opmekaarlangs gebalanseer om voorspooksele – party mense roep dit ‘mofija’ – af te weer.

Toe kom dit so dat die gangs my vra om vir hulle te werk. Ek ken die see, so dan kom haal ek so twee of drie keer 'n week bietjie uit. En berei die pearlies voor. En deliver self. Dit was nou in die ou tyd. Ek is gebetaal in geld en in rookgoed. Ek was die duiker, die look-out, die runner en die deliveryman. Deesdae is daai werke gespesialiseer. Die duikers duik net. En in pakke. En met hulle Nokias so in die kondoomsakkies om te keer dat die water inkom. Die look-outs kyk net. Hulle is die manne wat die duikers onder die water bel as gevaar kom. As die selfoon flikker dan weet die duikers. Los die pearlies daar en bly tussen die bamboese. Partykeer los hulle sommer die sakke met perlemoengood net daar en kom haal dit die volgende dag. Maar dis gevaarlik, want perlemoen is mos bloeigoed. En dit trek ander vis en ander vis trek die skerptande en dan's dit klaarpraat, Boetie.

Maar sê nou maar hulle het uitgekóm met die pearlies. Dan is dit die walkers wat dit optel. Net soos aflos. En die walkers word baie keer eerder runners want jy wil nie gevang wees nie. Die mense bind jou duime vas agter jou rug met cable ties, gooi jou in die polieste-trok. Tronk toe. En as daar nou een plek is waar niemand bly staan nie, dan is dit die tjoekie, misses Davis.

Gelukkig moet hulle jou vang met jou buit. Jy kan neergooi in die bosse en katvoet. En as die polieste jou eers het – dan bly die tafel leeg en daai duiker is vies want hy soek sy betaling en die delivery-outjies wag en so ook die voorbereiders want die pearlies moet gedroog en gepak word en jy is in groot kak want jy het nie net die sak met pearlies gedrop nie.

Dis nie kinderspeletjies nie, misses Davis. Dis tik-speletjies. Dit blyk die jongspan werk vir die bendes; die bendes werk vir die sindikate; die sindikate verskaf aan die Sjinese en almal smokkel ook, nogal met drugs. Die ergste is dat hulle betaal met tik. Nie met geld nie. En tik is nie die soetvleis van perlemoen nie. Tik is soeter. As jy dit eers geproe het, sal niks jou ooit weer laat glimlag nie. Niks. Die jongetjies sê die wêreld se as draai regom as jy eers goed getik is.

Gelukkig is ek oud. En ongespesialiseerd. Soos ek gesê het, ek was die duiker en die runner en het ook ge-deliver.

Maar eendag, daai laaste dag, toe loop ek my rieme styf. Dit was hoeka Easter-Sondag, almal is mos of in die kerk of slaap nog roes af. Dis 'n goeie dag vir werk, het ek gedink.

Dit was rooiwater. Toe ek uit die see stap, was dit net skuins by daai klipmofija van my pa. Die was toegeloo met krewes. Ek het versigtig getrap, en die sak met die pearlies hoog gehou, al was dit swaar. Dit was amper halfson en almal kon my sien. Ek was op my se linkervoete. Vandag gaat hulle jou rieme styf span, het ek vir myself gesê. Jy wil nie in die duine gevang word nie, trap hoog.

By die ruigte gekom, kon ek asemhaal en het bietjie gerus. Ek onthou, ek het daai sak neergesit langs 'n boetebossie vol in blom. Hulle is nie skaam vir mooi nie, misses Davis, die boetebossies. Geler as geel. Dis waar die son sy gedagtes gekry het om so te skyn. Ons moet hulle in misses Davis se tuin laat groei. Anyway, toe voel ek hoe ek gekyk word. Daai gevoelente wat soos 'n skerp mes versigtig teen jou ruggraat oloop.

En ek weet dis tickets nog voor ek omdraai. Want ek ruik die dood. En dis stil, selfs die see hou asem op.

Ek probeer nie eers my mes vat nie. Ek draai net om. Geel oë met sulke sny-skrefies kyk my uit. 'n Tier hierso, net hier by my, hy hoef nie eers te spring nie. In godse helderoordag staan die mannetjies en kyk my stip

aan. Ek ruik homse asem, dis wild misses Davis, wild. Toe kyk die tier na die perlemoen wat by my voete lê. En weer terug in my oë tot my anderkant uit. Ek haal nie asem nie.

Ons mense praat van tiere. Hulle jag mos in die nag. Hulle is nie luiperde nie.

Misses Davis sal my nie glo nie. Ek kyk daai tier terug en woorde borrel uit my mond uit: “Sorrie-man-sorrie-Meneer-sorrie-die-see-sorrie-die-tier-sorrie-Pa-sorrie-sorrie-natuur. Sorrie-man-sorrie-Meneer-sorrie-die-see-sorrie-die-tier-sorrie-Pa-sorrie-natuur.”

En toe kyk die tier na my en hý katvoet weg.

Daai sak met pearlies lê nou nog daar misses Davis. Eintlik moes ek hulle terug gevat het see toe. Maar ek was bang vir die haaie. Ek het geweet my kans is opgebruik. Ek moes ’n ander besigheid kry. Een wat eerlik is. Dis hoe ek ’n tuinman geword het, Mevrouw. Dis hoekom my bynaam “Nog ’n chance is”, misses Davis.

Rieme. Nog ’n chance.

Ek het nou gewonder oor misses Davis. Oor die goed wat nie hierso hoort nie. Daar is genoeg tyd voor die winter om dit te verander, misses Davis. Dink net, boetebossies, vol in blom, proteas, suikerbosse, varkenoortjies.

Ek kom sommer die week in as misses Davis vir daai naarmaakgoed gaan.

Dan haal ons die goed uit wat nie hier hoort nie, sodat als weer reg kan groei. Ons maak hierdie tuin van misses Davis ’n eersteklas mofija-tuin en weer daaise kankersiekte af.

Ons het dalk nou nog net hierdie een chance, misses Davis.

Land van die lotuseters

“Jy is obviously nog nie lank genoeg in die game nie, my Boytjie. As die perlemoenpoeiertjies mens só vat, weet ek nie wat renosterhoring doen nie. Beste om dit te kry by die Sjinese medisyneman hier om die hoek langs die bruidswinkel.”

Lood probeer die ou man in die grys pak stil maak. “Nee, jy verstaan my verkeerd. Hoe is dit moontlik dat enige iemand dit kan gebruik? Daar is tog ander produkte wat medies betroubaar is.” Maar die man praat onophoudelik voort. Asof hy met iemand anders in gesprek is.

“So na die tweede keer hoef jy nie meer te verduidelik nie – hy sal jou gesig onthou. Hy moet dit altyd agter gaan haal – ook maar skytbang hy beland in die tjoekie, selfs in hierdie land. Any case, dis so ’n witgrys poeiertjie; hy sal dit vir jou afweeg en in ’n waspapiertjie toevou en nog ’n keer en nog ’n keer. Moet net nie omval as jy die prys hoor nie, dis fokken duur, maar glo my dis die moeite werd. Hy sal vir jou sulke gebroke mixing instructions probeer gee. Vir my issie beste net so knypie onder die tong, vat dit maar eers stadig – jy weet nie hoe dit jou gaan skop nie. Reël maar vooraf ietsie gewilligs – as jy nog moet loop soek, sit jy een-twee met jou gat in die tronk vir rape. Dit maak mens wild, Boetie. Jy soek net lê-plek en gou-gou ok – soos ’n groot groot pis.”

Lood staan op. Die man kyk direk voor hom terwyl hy die glas met sy Johnnie Walker Blue al in die rondte draai. Die ys klingel saggies.

“Dink nou aan daai grap van die girl wat sê as sy ’n dildo kan kry wat bottels oopdraai, is sy vir altyd klaar met mans. Nou die ou perlemoentjie is dieselle – hardegat bo, maar onder die ene slymplesier – like the real thing – net jammer dis net die een kant se spier. Goeie resistance as jy daaroor streel, net genoeg lube, ruik na see en vis en as jy dit so ’n ou lekkie gee, gaan jy jou stokstyf skrik. Too close to the real thing. Maar hulle sê die moeders maak glo by die tienduisend eiers op ’n slag – almal bevrug. Nogal ’n job nè. Moet donners jags wees om dit reg te kry – veral as jy sien hoe lelik die perlemoenmeisies is. Jy’t groot spoed nodig anders gaan dit ongedaan bly. Weet nie, Boet, het nog nie renoster nodig gehad nie.”

Siestog, Oom, dink Lood, jy is ver heen. Kan seker nie meer die ding gedoen kry nie. Het seker maar die poeier as hupstoot nodig. Dan begin sy selfoon vibreer.

“Wei? Wei?” Dis sy nuwe kliënt, Golden Lotus. “Yes, it’s James Dean. I’m ready. White Saab. Next to the big temple. Black hat, black Adidas bag. Five minutes.”

Die oom se kop ruk op toe hy White Saab sê. Dis asof daar jammerte in sy blik is. Die ou toppie is regtig nie lekker nie.

Lood staan op, skuif ’n 500- Taiwanese dollarnoot oor die toonbank en beduie ’n dankie vir die bar-man. Dis dalk die enigste manier om hierdie job gedoen te kry op die lange duur. Die ou man, hy’t hom voorgestel as Omar Shariff, moes in sy twintigs nogal gewild gewees het; hoekom sou hy anders in Taiwan aangebly het? Hy het obviously die perlemoenpoeiertjies nodig noudat hy die annerkant van die groot vyf betree het. So bietjie aansporing in die lyf. Hoekom doen hy dit nog, is hy simpel? En hoe vreemd. Nog ’n Afrikaner. Het hy nie familie by die huis nie?

Hy tik sy slape vinnig in ’n saluut vir die ou man, pop ’n pipperment in sy mond, tel sy sak op. Hy sal moet beweeg. Die groot tempel is anderkant die nagmark. Golden Lotus wil hom nie voor die klub oplaai nie. Seker weer ’n geval van ’n skatryk, hooggeplaaste besigheidsman se verveelde vroultjie.

Lood rek sy treë om vinnig verby die gefermenteerde-tofu-stalletjie te kom. Hoe kan die mense hierdie goed eet? Dit ruik soos gebraaide vuilgoed. Hy luister na die verkoper se geteem op die luidsprekertjie, “... mad dog, you mad dog”. Jissie, girl, hoor jy wat jy sê? Dan sidestep hy die bloedrooi beetlenut juice wat iemand op die sypaadjie uitgespoeg het. Dit stink suur. G’n wonder die mense noem Taiwan die “shithole of the east” nie. Dis flippen gross man, gross. Direk langs die verligte mannekynpoppe getooi met rooi, swart en lemmetjiegroen bra’s en deurtrekkers is die snake-alley wat na die groot tempel lei. Hy draai, kyk vinnig links en regs, niemand volg hom nie, vat sy hoed in sy hand vas en begin hardloop. Twee minute.

Gelukkig is hy wat Lood Liebenberg is se vlees en gees altyd gewillig, vir enige iets of iemand ook. Bring it on. BDSM, oud, jonk, straight, gay ... niks skrik hóm af nie, solank hy goed betaal word. En hy het geen poeiertjie nodig nie. Hy is nie simpel nie. Hy gee homself nog twee jaar dan is hy uit

hierdie game uit. Voor dertig gaan hy terug Suid-Afrika toe, koop met kontant 'n lekker see-uitsig-possie en begin sy groot droom: 'n ontwerpstudio wat die Oosterse estetika na Suid-Afrika bring. Hy sal dalk so nou en dan een van sy huidige kliënte sien, as dit vir 'n naweek of 'n week is en hulle hom na 'n ander land vlieg. Kan dit altyd *alternatiewe marknavorsing* noem. Of 'n *eksperimentele aktivering*. Dis mos die nuutste *buzzwoord* in *branding*. Maar nooit-ooit weer in hierdie land nie en vir seker ook nie in Suid-Afrika nie. Voor dertig.

Die wit Saab kom om die hoek net toe hy by die lotusblomverkoper gaan staan. Hy haal diep asem, sit sy hoed op en neem sy James Dean-houding aan. Showtime.

Toe die Saab stop, beweeg hy onmiddellik na die linker-agterdeur. Hy gooi sy sak op die sitplek en klim in.

“To please lie down and to please cover with blanket.”

Dis 'n ouer vrou se stem. Al wat hy sien voordat hy die kombes oor hom trek, is spierwit handskoene op die stuurwiel. Die binnekant van die Saab, die vrou se klere en donkerbril is gatswart.

Daar is 'n vreemde reuk in die kar. Swaar parfuim, Opium, dink hy en dan iets anders. Effens muffereg, soos ou boeke in 'n toe kamer. Nee, dis eerder die reuk van 'n grot. Grond wat nooit son sien nie.

Goue Lotus sit musiek aan. 'n Sjinese opera, vreemde, donker musiek met sing-songerige gepraat tussenin. Hy gaan maar probeer om dit te geniet. Dis nie aldag dat hy in 'n Saab opgelaaie word nie. Hierdie een klink soos 'n outomatiese een. Hy maak sy oë toe en hoor sy ma se stem.

“Hoe gaan dit, my kind? Hoe lank gaan jy die Sjinesies nog Engels leer? Kom Kersfees huis toe. Ons verlang na jou. Jy't mos reeds jou studieskuld afbetaal. Ek is seker jy sal 'n werkie by een van die ontwerpersfirmas kry. Jy kan so mooi teken, my kind.”

“Nog net twee jaar, Ma, dán is ek tuis,” fluister hy in die donker.

As sy weet waarmee hy hom besig hou, kry sy 'n hartaanval. Lood onthou hoe dit was toe hy eers in Taiwan aangekom het. Hy moes vir drie maande by 'n private kleuterskool kinders met speletjies vermaak sodat hulle 'n paar eenvoudige sinnetjies in Engels kon sê.

“When I grow up I want to be a policeman. When I grow up I want to be a dancer. When I grow up I want to be a banker. When I grow up I want to be a firefighter. When I grow up I want to ... be a famous designer.”

Gelukkig het die ma’s hom raakgesien. Private klasse. Vyf keer soveel per uur. En toe die bal eers aan die rol is, kon hy vir die ekstras begin vra. Deesdae is sy flat rate vyftigduisend Taiwanese dollars per nag. En die woordeskat wat hy hulle moet leer het amper nooit meer as vier letters nie - hier en daar geykte uitdrukkings uit een of ander Hollywood movie.

Hy dink aan die ou man by die klub met sy perlemoenpoeiertjies. Hoe laag kan mens daal? Hy roem homself daarop dat hy nog elke keer – dis nou al amper vier jaar lank – die ding kan doen. Sonder enige hulp. Boerseun met murg in sy pype.

Die musiek word afgesit, sommer so in die middel van ’n beweging. Die kar hou stil. Hy hoor die klank van ’n garagedeur. Dan ry hulle nog ’n paar meter, die klank van die garagedeur weer. Stilte. Hy wag.

“To please appear again and to follow.”

Hierdie vrou het haar sinne voor die tyd in die woordeboek opgesoek en geleer, dink hy terwyl hy regop sit. Hy vou die kombes op, vat sy sak en klim uit in ’n helder verligte garage. Daar is ’n Rolls Royce langs die Saab. Jackpot, dink hy.

Die vrou is kort. Sy beweeg moeilik en met ’n kerie, sien hy. Sy’t ’n donker jas wat tot op die grond val, ’n swart serp om haar hare, Jackie Onassis-donkerbril en die wit handskoene aan.

Hy volg haar na ’n hysbak. As die deur toegaan, oorhandig sy aan hom ’n dik, rooi koevert.

“Double the fee, to not say a word. You to call me Tjieng-Li-en. Means Golden Lotus.”

Hy maak ’n effense buiging, loer vinnig in die koevert in. Bakgat, ’n duisend Amerikaanse dollars. As hy weer na haar kyk, is haar bril en serp af. Dis ’n beeldskone ou vrou, seker sewentig, dalk ouer. Fyn plooitjies, swaar grimering. Haar hare is gryswit en gekam in ’n formele kapsel. Twee goue eetstokkies se punte steek by die kante verby. ’n Keiserin wat plesier by ’n vreemde jong man soek? Steeds die vreemde geur wat hy nie kan plaas nie.

Die hysbak se deur gaan oop in 'n ontvangslokaal. Tjieng-Li-en wys met haar hand na die skoenrakkie langs die deur. Lood trek sy skoene uit, en druk sy voete in die swart syskoene wat gereed staan. Dis vreemd, sy trek nie háár skoene uit nie. Die res van die skoenrakkies is leeg.

Hy volg haar na 'n massiewe kamer wat soos die sitkamer in 'n hotel lyk; nee, dis eerder 'n teehuis. Die hele vloer is bedek met tatami's. Daar is twee goue leeubeelde weerskante van die deur. Indigoblou behangsels, blou en wit Sjinese potte, antieke banke en stoele, Joean-dinastie as hy nie verkeerd is nie. Tjieng-Li-en wys met haar kiere na 'n rooi dubbeldeur in die verste hoek. Bo-op is ysterwerk met die dubbel-geluk-karakter op elke deur. Hy kan sý geluk nie glo nie. Die vrou is sweerlik 'n koninklike.

“To please get ready. Outfit laid out on the bed. Then we shall partake in dinner by the roof garden out of these doors in thirty minutes.”

Sy wys na donkerhout-skuifdeure. Buite sien hy die silhoeët van 'n ou, ou boom. Dit lyk soos 'n esdoring. 'n Lamp brand in 'n toro. Lood, jy't met jou gat in die botter geval, dink hy. Hy hoop sy word 'n regular. Hierdie is mos soos hy die Ooste verbeel het. Hierdie is the real deal. Dis soos 'n droom, neem alles in.

Die kamer is net so indrukwekkend. 'n Gekerfde houtbed uit die sesde vorstehuis. Dit voel vir hom of hy in 'n fliëk is. Hy kliek 'n paar foto's op sy selfoon. Navorsing.

Uiteindelik kan hy wabi, sabi en suki ervaar. Wabi, die skoonheid van tekstuur. Sy, brokaat, handgeweefde raffia-blindings, tatami-matte. Sabi, die karakter wat mettertyd deur middel van verweer skoonheid word. Ou hout, klipbeelde, raku-barsies in porseleinbakke. Suki, die subtiele elegansie van die vreemde. Kyk net na hierdie broek en baadjie met die draakborduurself wat hy moet aantrek.

Sy badkamer is agter 'n afskorting van papier met net twee kalligrafie-karakters.

Hy herken net die karakter wat 'goud' beteken. Regs onder is die rooi stempelafdruk van die kunstenaar. 'n Reghoekige bamboesbad op 'n grys granietvloer. Groot vensters, vergroei met een of ander rooiblaar-klimop aan die buitekant.

Die hemel moet Sjinees wees, dink hy as hy wegsak in die poel water. Die vryheid van die rykes. Hy wonder net vir 'n oomblik wat sy hom gaan vra om te doen.

Op die daktuin sien hy die dun sekel van nuwemaan in die lug. Goue Lotus sit reeds aan tafel. Sy dra soos hy, swart klere, met goue borduursel op. In haar geval is dit lotusblomme.

Hy gaan sit oorkant haar. Hulle plekke is identies gedek. Voor hom is drie porseleinbakkies met dekseltjies, 'n drankie reeds ingeskink in 'n kommetjie, 'n bordjie vrugte, Sjinese eetstokkies. Hy wag dat sy begin. Sy tel die kommetjie met twee hande op, hou dit voor haar. Hy doen dieselfde.

“Gambé,” sê sy, kyk in sy oë en drink. Hy weet wat dit beteken, alles met een teug en moenie oogkontak verloor nie. Dis goeie maniere. Die drank slaan sy asem weg. Daar is 'n ondertoon van iets wat muf. Seker 'n slangdrankie vir viriliteit. Gelukkig is die kos aan hom bekend. 'n Paar dimsum, groenblaargroente met jasmynrys, hoender in grondboontjiesous, 'n consommé met dun snysels seegras. Wanneer hy die mangostan en lovers' fruit - yskoue groen mangoskyfies - eet, sien hy dat sy glimlag.

“This is delicious. Thank you for dinner, Tjieng-Li-en.”

“To retire in my room now, come, James Dean. I shall call you Ts'asi fei-lu.”

A, rolspel, dink Lood. Hy is seker die ou girl se jeugliefde, of haar fantasy lover. Sy't hom seker nie betaal net om te bad en te eet nie. Hy stap na haar en bied haar sy arm. Golden Lotus haak by hom in met haar linkerhand. Steeds die kerie in die regterhand. Die vreemde geur kom vir seker van haar.

Sy lei hom deur die skuifdeure, dan deur nog 'n stel rooi dubbeldeure met die identiese dubbel-geluk-karakter daarop. In die middel van haar kamer is 'n groot futon, 'n vreemde houtstoel wat amper soos 'n bidbankie lyk en 'n plat blou en wit porseleinskottel gevul met water. Miskien moet hy eers haar hare was, dink hy.

“To wash and dry my feet, Ts'asi fei-lu,” sê sy.

Sy gaan sit op die bidbankie. Steek haar regtervoet na hom uit. Dis 'n piepklein voetjie. G'n wonder sy loop so moeilik nie, dink Lood. Die vrou is seker gebreklik. Haar lapskoene is ook geborduur. Lood trek die

skoene uit.

Dan slaan die walm hom. Dis haar voete wat so stink. Daar is 'n linneverband om haar voet gedraai.

“To take off and to bathe, Ts’asi fei-lu,” sê sy.

Lood begin die verband afdraai. Meters en meters lap. Hoe is dit moontlik dat haar voet so klein is? Dit lyk asof sy altyd op haar tone loop. Haar voet se brug is soos 'n ballerina s'n. As hy die laaste stukkie lap afhaal, skrik hy en laat val haar voet. Net die groottoon is nie mismaak nie. Haar ander tone is na onder omgebuig. Daar is nie 'n kleintoontjie nie. En die stank is onuithoubaar, 'n vlieëvangsak, 'n dooie dier. Golden Lotus hou haar linkervoet uit.

“And the other golden lotus* too, Ts’asi fei-lu,” sê sy.

Wanneer albei voete kaal is, sit hy hulle in die water. Die water is warm en olierig.

“To wash with hands, and to dry with mouth.”

Daar is 'n eteriese glimlag op haar gesig.

Stukkies vel kom af soos hy aan die voete vryf. Die walging stoot op in hom. Die tone is soos papgedrukte nartjiesegmente wat vrot. Hoe hy daaraan gaan suig weet hy nie. Hy sal sy kop beslis vinnig op 'n ander plek moet kry.

Lood dink aan die ou man in die klub. Hy sal hom môre gaan soek om te hoor waar om daai poeiertjies te kry. Net vir alternatiewe marknavorsing natuurlik – 'n bietjie eksperimentele aktivering.

**Vanaf die tiende tot die twintigste eeu is jong meisies in Sjina se voete styf vasgebind sodat dit kleiner as ses duim is. Die ideale grootte van die voete wat as 'n seksuele fetisj gesien is, was drie duim. Dit is “gouelotus”-voete genoem.*

Honger

Die foon lui.

“Sabie Slagtery, goeiemiddag. Kan ek help?” Hy sê dit met dieselfde infleksiepatroon as wat hy dit vir haar gesê het netnou, hoor sy. Daar was dus geen sweempie van afkeuring of belangstelling nie.

Ay kyk direk na hom. Hy’s groter van naby as van ver. Hy’s gemaklik in sy lyf. Hy kyk na haar en glimlag, beduie na die gehoorbuis. Sy knik en glimlag vinnig terug. Agter hom hang stringe en stringe droë wors en repe biltong . Daar’s ’n groengeverfte kas met ’n sifdraaddeur langs die biltongdrade teen die muur op. Dit lyk soos haar oupa se biltongkas. Sy ruik beenmeel. Hoor die gelykmatige geskree van die saagmasjien vanuit ’n kamer agter die toonbank. Sy wil die klank volg. Voel die aantrekkingskrag van verbode ruimtes, die mag van ’n saag wat genadeloos deur been en vleis gly. Haar mond water. Sy sal om die toonbank moet loop, verby die slagter skuur, sy boude sal net onder haar tieties inpas, hy sal kan omdraai en haar vasdruk.

*

Dawid sien haar net voor sy instap. Sy vee haar voete aan die matjie voor die deur af. Goed grootgemaak, al dra sy nagemaaakte-luiperdvel-platforms, dink hy. Toe sien hy haar arms: getatoeëer, haar gesig: ge-pierce, haar hare: pers en blou gekleur aan die regterkant, kortgeskeer en ge-peroxide aan die linkerkant, met – bid jou aan, my kind, sou sy ma gesê het – swart luiperdkolle op haar kopvel, seker ook getatoeëer. Sy lyk soos ’n vegetariër, of eerder ’n vegan – ongedefinieerde spiere om ledemate, met so ’n blou skynsel aan ’n te los vel. Hy hoop nie sy is die een of ander aktivis nie. Hy het nie vandag lus vir die gesprek oor diere se siele nie.

“Middag, kan ek help?”

Sy kyk vinnig op, dan weer af. Haal nie haar sonbril van haar oë af nie.

“Ek kyk net bietjie rond.”

Sy’s mooi, sien hy. Fyn. Bietjie te maer en baie te wit, veral daar waar daar nie tattoos is nie. Sy lyk honger, of miskien is dit net haar ongemaklike bewegings wat hom so laat dink. Haar swart moulose t-hemp span oor haar

tieties. Sy't vir seker nie 'n bra aan nie, sien hy. Miskien moet hy nader stap. Toe lui die foon.

*

Sy fokus eerder op die yskaste om haar. Sy leun vorentoe. Dis asof sy in 'n dam inkyk waar sy hoop om glibberige khoi-visse raak te sien. Gewoonlik sien sy 'n verbreekte weerkaatsing van die liggaam wat sy probeer modify. Vandag sien sy gelukkig net rou vleis, netjies verwerk en vakuumverpak. Boude, blaaië, steak, tjops, wors, maalvleis, silverside, brisket. Dis vreemd om vleis sonder vel te sien, dink sy. Haar neusvleuels gryp na die ysterreuk van rou vleis. Sy loer weer na die biltong. Dan na die slagter. Die deur wat wink. Sy kan wag. Sy sal weer terugkom, sy sal vanmiddag na werk weer kom. Of môre, as sy kan uithou.

Dis 'n lang bestelling. Hy moet alles vir die dame herhaal.

“Drie kilogram topside mince, opgemaak in twee-honderd-en-vyftig-gram-pakkies.”

*

Dawid sien die meisie met die tattoos is nie 'n vleiseter nie, sy tel nie die pakkies op of kyk na die pryse nie. Staan te ver weg van die yskaste. Leun effens vooroor by die uitstalyskas. Dis asof sy eerder rondruik as rondkyk.

“Twaalf boud-chops, twee-twee in 'n pakkie. Twee lemon-and-herb-hoendersosaties. Ja, Mevrouw, ek skryf dit alles neer. Twee thai-curry-hoendersosaties.”

Agge nee, daar loop sy nou. Hy moes om die toonbank geloop het.

“Twee bees-varken-skaap-gemengde sosaties. Twee gerookte varkribbe, in porsies van een beentjie elk opgesny, nie te vetterig nie en opgemaak in pakkies met vier beentjies elk. Ongeglasuur. 'n Halwe kilogram droë droëwors, in 'n bruin papiersakkie. 'n Kilogram cheddar-kaas opgesny in twee-honderd-gram-stukkies en apart verpak. Is reg so, Mevrouw. Ons maak halfses toe ... nee dis reg, kwart oor vyf, vanmiddag, ja ek besef dis Donderdag vandag, Mevrouw. Nee, dit sal reg wees. Dankie, Mevrouw. Lekker dag.”

Dawid stap deur toe. Sien hoe sy om die hoek by die geelhoutboom verdwyn. Sy't 'n goed gevormde agterstewe, dink hy.

*

“Jou kliënt is vroeg, Aymara. Sy wag by jou stasie. Ek het haar al die Flash gewys, sy lyk soos ’n Celtic, dalk ’n Tribal.”

“Dankie, Thea,” sê Ay.

Sy wonder wanneer die nuwe ontvangsdame sal agterkom dat almal haar Ay noem. Die salon is Aymara, sy’s net die artist.

“En jou girl ... ek bedoel, Preya, het gebel om te sê sy sal thali’s vir aandete by Krishna’s Curries kry. Jou selfoon was al weer af. Sy vra jy moet haar dadelik bel.”

“Dankie, Thea,” sê sy weer. Dink: give me a fucking gap, Preya. Haar girlfriend se besitlike moraliteit dryf haar partykeer teen die mure op. Dis asof sy elke happie kos wat sy eet, elke move wat sy maak, monitor. Talk about smothering. Sy gaan vir seker vanmiddag terug slaghuis toe.

Die kliënt sit regop op die bed met die groot boek vol Flash op haar skoot. Sy’s ’n virgin, sien Ay. Sy sal moet sag werk. Die vrou wil seker permanent make-up hê.

“Hi, ’skuus ek was nie hier om jou te verwelkom nie. Ek’s Ay.”

“Middag Ay, my naam is Natalie. Heeltemal reg, dit is in my geaardheid om vroeg te wees vir afspraak. Ek het na die ontwerpe gekyk, dis nogal insiggewend.”

Sy skat die vrou so sewe-en-veertig. Dis duidelik nie haar scene nie. Sy wonder of sy ’n B-back gaan wees.

“Is daar iets wat jou fancy strike? Of weet jy reeds wat jy wil hê?”

“Ek dink so. Maar ek weet nie of dit moontlik is en watter kleurskakerings die beste op my vel sal vertoon nie.”

Sy maak die boek toe. Krap in haar handsak, haal ’n stuk papier en ’n kaartjie uit. Die brief was opgefrommel voordat dit opgevou is, sien Ay.

“Sou dit byvoorbeeld moontlik wees om hierdie woorde wat ek omkring het, in hierdie presiese skrif, op my bikinilyn te tatoeër? Ek sou dit graag vandag wou afhandel.”

Die vrou klink soos haar ma. Sy praat seker ook van skaapkottelette en beeshaas en gebruik korrekte Afrikaans wat die wêreld in kategorieë van reg en verkeerd indeel. “Werklikwaar, Alberta my kind, dis tog moontlik om uiting te gee aan jou kunssinnige natuur in ’n meer tradisionele genre. Die

beeldende kunste omvat soveel uiteenlopende strominge. Tekenkuns, skilderkuns, beeldhouwerk, selfs gemengde media. Hoekom wil jy altyd die volksvreemde najaag?” Haar gesig het vertrek van afkeur. “’n Tatoe-salon? Werklikwaar.” Hoe sou sy in elk geval haar ma antwoord? Hei Ma, die dinge wat my opklits sal Ma in elk geval nooit goedkeur nie. Dis net nie my make-up nie. Drop dit net, oukei.

Ay lees eers die woorde op die kaartjie. Dan kyk sy na die brief. Dis ’n man se handskrif. Sy kyk weer na die vrou. Haar gemanikuurde naels, netjiese snyerspakkie, hoëhakskoene, ringe aan al haar vingers, rock van ’n diamantring saam met ’n trouwing aan haar trouvinger. Sakevrou, dalk ’n mevrou-dokter, iemand wat nie hoef te werk nie. Aan die verbete trek om haar mond sien sy die vrou het reeds besluit.

“Sure, dis moontlik. Ek sou swart of blou voorstel. Watter size het jy gescheme?”

Die vrou vat die kaartjie by haar, hou dit op haar maag, kyk daarna.

“Ek het gedink dit moet bokant my skaambeen wees. Seker so vier keer die grootte van die skrif in die brief, wat dink jy?”

Ay kyk na die vrou, sien hoe sy die binnekant van haar lip kou.

“Dit hang seker af of jy die woorde vir jou, of vir iemand anders ink. Wil jy dit kan lees of wil jy hê jou lover moet dit lees? Die ding met tats is dat ...”

“Doen jy scarring ook, Ay?”

Ay gee ’n dubbel-kyk.

“Ja, maar dis ’n dicey procedure, Natalie. Baie seer. En dis moeilik om by die skrif se styl te hou. As ek dit ink, sal dit duideliker wys.”

Ay hoop nie die vrou wil ge-scar word nie. Sy is nie seker of sy dit vandag sal kan doen nie.

Die vrou kyk na die brief, dan na Ay. Die woorde gly een vir een by haar mond uit. Asof sy al vir jare vir ’n spreekbeurt wag, asof dit opgeneem word om uitgesaai te word, asof sy in die hof ’n uitspraak lewer.

“Ek wil hê jy moet hierdie woorde op my brand sodat ek dit vir altyd sal onthou. Die pyn of die prys is nie van belang nie.”

Dit is wat dit is. Scarring doesn’t scar the soul. Dis maar net ’n teken van iets anders.

“Dan’s dit ’n deal. Let’s do it.”

Natalie skud haar kop saggies op en af. Sy sug, verslap haar figuur en vou haar hande op haar skoot. 'n Gelate houding, sou haar ma gesê het.

Ay skakel die elektro-sjirurgiese eenheid aan sodat die punte solank kan skoonbrand. Dan loop sy by die afskorting uit.

“Thea, kan jy die ander booking vir vandag 'seblief met 'n uur aanskuif? En as jy dit gedoen het, sit die antwoordmasjien aan. Jy kan die middag maar afvat.”

Thea glimlag breed. “Koel. Thanks, Ay.”

Uiteindelik, dink Ay.

Ay kies vyf cd's: Janis Ian, Abby Lincoln, Tori Amos, Florence and the Machine, Mary Black. Kies die shuffle-opsie. Scarring werk nie met rock nie.

“I learned the truth at seventeen. That love was meant for beauty queens. For high school girls with clear-skinned smiles, who married young and then retired ...”

Sy neurie saggies saam met Janis Ian. Sien die slagter by die biltongkas. Nie nou nie. Later, berispe sy haarself. Sy behoort teen vyfuur klaar te wees.

“Jy kan maar jou romp uittrek, Natalie en op die bed kom lê.”

Sy gee vir haar 'n katoenlaken aan.

“Ek wil net gou die area meet, sodat ek die woorde presies kan inpas. Die ontwerp van die stencil sal nie lank vat nie.”

As Natalie lê, meet sy die gedeelte bokant haar skaamboog. Die vrou het 'n ongelooflike lyf. Daar is geen rekmerke of keisersnit-letsels nie. Nogal ongewoon vir haar ouderdom, dink Ay. Sy skandeer die gedeelte van die brief op haar rekenaar, vergroot die letters en speel met die reël- en letterspasie.

“Wat dink jy, Natalie?”

“Dis presies wat ek wou hê. Dankie. Die aanmerkings op jou website en op jou fans se blogs is baie positief. Ek wou nog sê; dis hoe ek by jou salon uitgekom het.”

“Thanks, Natalie. Hierdie is die maklike deel. Dis die volgende gedeelte wat challenging is. Met scarification weet mens nooit hoe 'n vel reageer nie.”

Terwyl die sjabloon uitdruk, was en ontsmet sy die area tussen Natalie se twee heupbene. Sy rol haar swart bikini ondertoe, sien Natalie is gladgeskeer.

Haar vel is sag, baie wit. Sy swem seker haar lewe lank in 'n volkostuum, dink Ay. Haar maag is verrassend plat, gespierd. Seker Pilates, of joga. Wanneer sy die blou verdowingsjel aansmeer, draai haar maag. Haar vingers kan so maklik laer gly. Ingly. Verbode spasies. Sy sluk. Voel hoe sy nat word. Sy was lanklaas so hyper-sexed. Wat gaan aan met haar? Haar liggaam verraai haar siel nog haar lewe lank. 'n Beeld van Preya in die bad flits deur haar kop. Kaal donker meisie wat dryf in spierwitskuimwater. Haar perfekte borste wat deur die skuim breek, donker tepels op donker, syagtige vel. Sy moet haar nog bel. Eerder nie nou nie, sy wil eers by die slaghuis uitkom – sy sal later met die reperkussies cope.

“Wil jy iets drink voor ons begin?”

“Hoe lyk dit met 'n sopie whiskey?”

“Net Panado.”

“Nee dankie, die pyn is seker deel van die proses.”

“Totally. By the way, dis R40 'n letter of leesteken en 'n bietjie ekstra vir die stencil. Dit gaan R1 800 kos, Natalie.”

“Is reg.”

Sy reik na haar handsak.

“Later is fine. Ek wou net seker maak. Die proses is taamlik eenvoudig. Ek gaan die stencil op jou plaas. Dan cauterize ek die letters een vir een. As ek klaar is, vryf ek onuitwisbare ink in die wond. Dit gaan binne 'n dag of twee begin rofies maak wat jy nie mag afkrap nie. Jy sal vir 'n ruk nie 'n pantie kan dra nie, wel wye klere sodat niks teen die rofies skuur nie. Ek sal vir jou goo gee om aan te smeer.”

“Sal ek kan bad?”

“Nee, ook nie stort nie. Was maar die vitals vir so twee weke. Sout en suurlemoensap op die wond.”

“Is reg. Ek's gereed.”

“Is jy totally sure oor die woorde, Natalie?”

“Jy kan maar begin”

Sy plaas die sjabloon bokant Natalie se bikinilyn.

“Bietjie ondertoe, asseblief.”

Ay huiwer. Skuif die stencil se punte onder Natalie se opgerolde panty in.

“Hierso?” vra sy skor.

Natalie knik net. Dan vryf sy die sjabloon op Natalie se vel. As sy dit aftrek, is die letters duidelik sigbaar.

“Jy weet dit gaan heluit seer wees. Die meeste mense is completely squicked out. Ek kan dit nog steeds ink eerder as scar. Scarification kan nie uitgevee word deur laserterapie soos mens met tats kan doen nie.”

Natalie glimlag. “Nou of nooit,” sê sy.

“Gewoonlik beteken dit nooit.”

“Nee wat, ek’s seker. Dis my keuse.”

Ay sit ’n masker op haar mond en neus, trek sjirurgiese handskoene aan. Sy tel die scarring tool op, haal diep asem. Die vel sis. Natalie ruk net effens. Haar asemhaling is vlak en vinnig.

Sy brand die eerste letter. Konsentreer om deur haar mond asem te haal. Konsentreer om nie heeltemal deur die vel te druk nie. Ay onthou hoe sy in graad een stadig en presies geskryf het. Onthou die verwondering dat strepies op papier woorde in die mond kon wees. Sy sluk en dan neem dit oor. Die geur van braaivleis, bacon, steak, geroosterde ribbe. Sy’s honger. Haar mond water. Sy moes maar etenstyd haar dahl en brood geëet het. Nie dat dit sou gehelp het nie. Sy’s lus vir vleisvleisvleis. Ay haal diep asem en dink: dis dangerous stuff dié, girl, fokus op die kliënt. Jy wil nie die vel laat keloid nie. Dan cauterise sy die ‘l’ van “I need you like water in my lungs. Love to Sally.”

*

Dawid dra die boks vir die vrou na haar kar.

“Jinne, dankie, Meneer. En dat jy elke maand al die pakkies so mooi vir my opmaak. Jy maak ook nooit ’n fout nie.”

“Dis reg, Mevrouw. Enige tyd.”

Hy neem die R5-tip wat sy hom aanbied. Sy weet steeds nie dat hy die eienaar van die winkel is nie. Ag, wat maak dit saak? Dit was ’n goeie dag, dink hy. Net die girl met die tattoos wat hy nie uit sy kop kry nie. Hy kyk op sy horlosie. Dis amper halfses. Hy kan seker al toemaak. Jabu en Pete is reeds weg, die vleis is gebêre, hy moet nog net op-cash. Miskien net gou ’n sigaret rook.

Hy sien haar aangestap kom. Sy's haastig. Hy vat 'n diep trek, dink: kalm bly Dawid en blaas die rook uit. Sien hoe haar tieties skud. Dan trap hy die sigaret dood, tel die stompie op en gooi dit in die asblik. Loop in en begin kastig die vleispakkies regpak.

Sy vee weer eens haar voete af. Sy's uitasem. Daar's sweet op haar nek. 'n Straaltjie loop in haar hals af oor 'n Sjinese simbool wat in haar cleavage wegkruip. Sy haal haar bril af, haak dit aan die voorkant van haar t-hemp. Sy bewe, sien Dawid.

"Shit, ek's bly jy's nog oop. Ek dog jy maak halfses toe."

"Gewoonlik. Maar nie vandag nie."

Ek't vir jou gewag, wil hy sê.

"Kan ek help?"

Sy kyk na die biltong.

"Ek ... kan ek asseblief wildsvleisbiltong kry? Tensy daar preserveermiddels in is; ek soek eintlik na biltong wat op die outydse manier gemaak word. My oupa het dit ..."

"Tasal genoem."

"Hoe't jy geweet?"

Sy vryf met haar linkerhand op haar regterboarm. Daar's 'n blou en groen draak wat rooi vuur uitspoeg op haar regterarm. Op haar voorarm 'n stukkie teks.

"Caress me while I kiss the sky." Wow. Dis diep, dink hy. Sy't nie 'n ring aan nie.

"Is my job, Juffrou. Soos my pa my geleer het en sy pa hom geleer het. Repies wildsvleis wat met sout, peper, asyn en koljander besprinkel en winddroog gemaak word."

Sy sluk. Hierdie girl crave iets, dink hy. Is mos die ding met party vegetariërs. Seker die sout in die biltong.

"Wil jy eers 'n stukkie proe?"

Sy knik net.

"Droog, of natterig?"

"Nat asseblief."

Hy stap na die waaierkas. Maak die gaasdeur oop. Kyk oor sy skouer na haar voordat hy die stuk tasal uithaal. Hy sien hoe sy na sy boude kyk.

Hel, dalk is sy available, dink hy. Hy sny 'n biltongboekie. Sit dit op 'n bordjie. Hy stap om die toonbank tot voor haar. Hou die tasal na haar toe uit. Sy skeur 'n stukkie af, ruik daaraan, sit dit in haar mond en kou stadig terwyl sy vir hom kyk. Hy sien sy sien wat hy dink.

“Wil jy nog hê?”

Sy kyk lank na hom. Sluk die biltong. Sy stap na die deur, trek dit toe. Draai die sleutel in die slot. Kom vat die bordjie tasal by hom. Sit dit op die toonbank neer. Dan neem sy sy hande in hare. Trek dit stadig na haar mond, dan na haar neus. Sy ruik aan sy naels. Haar oë skuif verby hom. Kyk na die deur wat na die vleiskamer lei.

“Wys my eers 'n bietjie rond.”

Jinx

Op 'n Hy-kom-op-die-wolke-laatmiddag toe die bedonderdheid van haar dag deur die hemelruim bokant Koster opgesuig word en die plaat goue wolke op die horison nogal 'n boog vorm rondom 'n koepelvormige blou-blou venster waardeur God net gaan inloer en wegraap – die res van die lug alles gatswart – op só 'n middag, in die vyf-minute-speling waar sy nog moet besluit of sy pampoen-rys-vleis of pasta-spek-kaas moet kook en voor haar siel weet dat sy, al is dit 'n weeksaand, 'n glas wyn vinnig gaan wegsluk voor sy huiswerk check en sy broek en hemp stryk – “tog net nie met 'n naat voor nie, ek's nie mnr. Venter nie,” – op só 'n middag stap Jonathan in en sê sy kan maar die huis, strandhuis, kinders en die Claerhoute kry.

Om vredeswil

Dr. Robert Neethling stap oor die drumpel van die Grand Hotel in Oslo. Die gedruis en geskarrel van Karl-Johanstraat en die vrou wat hom in sy gesig gespoeg het, word oombliklik uitgesluit. Hy neem sy hand met die sakdoek wat sy neus en mond bedek het, weg. Sy neusvleuels beweeg liggies. Daar is nog 'n sweempie van die muwwerige gliserierenreuk van die vrou oor, maar dis nou hanteerbaar. Soos wanneer hy terugdink aan sy moeder wat kleintyd op 'n snesie spoeg en sy mond skoonvee. Hy kan die aksies verdra as hy die insidente kan herformuleer, die persoon bejammer. Sy moeder het arm en sonder klas grootgeword; die vrou hier buite weet kennelik ook nie van beter nie. Sy is in elk geval, wel, vét.

Hy neem 'n diep asemteug deur sy neus. Die reuk van 'n vyfsterhotel is altyd beter as sy herinnering daarvan: vars gestrykte linne, lemmetjiewater, die geur van 'n nuwe boek. Hy gaan sit in 'n leunstoel in die voorportaal. Dis beter. Net eers asemskep. Hy glimlag selfvoldaan. Dis vandag 9 Desember. Hy het 'n uur gelede die gasteboek by die Nobelinstituut geteken. Sy naam in groot ronde letters geskryf langs die name van Frédéric Passy, Henry Dunant, Kofi Annan, Martin Luther King Jr, Nelson Mandela, Frederik Willem de Klerk, Moeder Teresa, Aung San Suu Kyi, Barack H. Obama, Ellen Johnson Sirleaf, Leymah Gbowee, Tawakkol Karman. Dis 'n ellelange lys. Alhoewel hy nog nooit van sommige van hulle gehoor het nie, het hy die gevoel gehad dat hulle hom ken.

Die lys van bykans 'n honderd-en-vyftig name in die boek voel werklikwaar heel gewoon. Asof hulle almal saam gegraduateer het en nou 'n konferensie bywoon. Hy het deur die boek geblaai nadat hy daarin geteken het. Hy het die selfversekerde krulle, draaie en strepe wat die afgelope honderd en wat jare neergepen is, as gul ervaar. Die name vertoon 'n gemoedelikheid, asof hulle wil sê – *welkom hier in die boek, besondere mens, jy's nou ook uitgelese, jy's een van ons, Robert.*

Die res van die gewoel en drukdoenery voel onwerklik, asof iemand dit aan hom vertel het, of hy dit dalk in die koerant gelees en nie self daaraan deelgeneem het nie.

Vroegmiddag, op die negende Desember in Oslo, bestorm 'n skare mense dr. Neethling. Die mense hou plakkate omhoog wat bekrap is met beledigings en swetswoorde. 'n Vrou wat met bitsige oë na hom kyk, trek haar mond op 'n tuit en spoeg hom vol in die gesig. Sy snou hom toe: "Jy's nie die titel 'mens' waardig nie. Monster! Maniak ...!" Nee, berispe hy homself, nogmaals nee. Hou onmiddellik op. Dink nie daaraan nie. Dis net 'n vet vrou wat niks het om haarself mee besig te hou nie. Jy ken die tipe. Dis die vrouens wat na jou gesondheidsplaas reis. Jou betaal om hulle aanvaarbaar vir die samelewing te maak. Sy's vet, Robert, sy kan nie helder dink nie. Laat haar gaan.

"As u gereed is, dr. Neethling, kan ons nou na die Nobelsuite beweeg. Die sekuriteitsklaring is voltooi."

"Dankie, Kommissaris."

Die beamptes drom om hom saam. Die insident het hulle sweerlik laat skrik. Dit sal 'n massiewe verleentheid wees as iets slegs met hom gebeur in Oslo, veral voor die oorhandiging.

Die gebeure hoort eerder op een van die geskilderde panele in die stadsaal. Hy kan hom dit goed voorstel. Hy sou deel wou wees van die legende van Oslo se beskermheilige, St Halward. Hy, dr. Robert Neethling, op die oewer van die fjord, 'n groen geklede, beheerste toeskouer. Hy sien hoe die boewe die tou eers om Halward se lyf en dan om 'n meulsteen bind. Die verkragte meisie wat Halward gered het en per skuit na die oorkantste wal van die fjord geneem het, staan digby dr. Robert Neethling. Haar benerige en bebloede lyf druk kaal teen syne. Sy arms is om haar gevou; sy prewel: "Kan iemand tog nie die jonge Halward red, soos hy my gered het nie?" Net voor die boewe Halward doodmaak, draai hy sy kop, kyk na dr. Neethling en die meisie wat krampagtig aan hom klou. "My broer, kyk na haar ... beskerm en voer haar," is die woordelose opdrag. Drie pyle word in Halward se hart geskiet. Hy val. Hy is nog nie dood nie. Die boewe rol hom en die meulsteen in die fjord in. Hulle lag uitbundig, draai om en kom dreigend nader. Stop as hulle die verbaasde jubelkreet van die meisie hoor. Die heilige Halward se lyk en die meulsteen waaraan hy vasgebind is, dryf na die oppervlak. Die wonderwerk is vir altyd vasgevang in die stadsaal van Oslo.

Heel waarskynlik was Halward vetsugtig. Hy het weliswaar tot die adelstand behoort, en dr. Neethling weet met sekerheid dat die rykes, selfs in 1043, die uitgevretenes was. Hoekom die klip sou dryf, kan hy nie verklaar nie. Miskien was dit hol.

Dr. Neethling bedank die veiligheidswagte wat die Nobelsuite deursoek het. Hy het drie salige, allenige ure voordat hy weer iemand hoef te aanskou. Hy sluit die deur van binne, al weet hy dat die wagte die stel kamers bewaak. Voor die balkon en die vensters is daar koeëlbestande versperrings. Dit is oorspronklik aangebring vir oudpresident Obama. Niemand kan nou naby hom kom nie. Hy stap deur die ingangsportaal waar die vorige Nobelwenners goedig vir hom grinnik – *ag maar dis wonderlik om jou te sien, gesels bietjie met ons, vertel ons wat jy gedoen het om vrede te bewerkstellig* – en dan stap hy deur die sitkamer in die rigting van die balkon. Gelukkig is die suite klankdig. Sal hy loer, wonder hy? Besluit dan daarteen en stap doelgerig na die badkamer.

Hy stort onmiddellik, die water so warm as moontlik. Met growwe, gegeurde sout skuur hy die smalende woorde en die uittartende oë van die blonde vrou met die vol lyf van hom af. Die arme ding kan dit in elk geval nie verhelp nie. Dan tap hy 'n diep bad, gooi 'n hele bottel vredesolie in. Hy sal hom nie aan haar of haar trawante steur nie. Hy sal toelaat dat die vettigheid van sy sukses hom self. Die Noorweegse polisie sal toesien dat die insident nie herhaal word nie.

Dis die dag voor sy Nobeltoekenning! Niks kan meer verkeerd loop nie. Die sekretaris het die protokol deeglik met hom bespreek. Na die repetisie by die stadsaal voel hy gereed vir môre se seremonies. Hy sal die Nobelraad volg deur die houtdeur waarop die toneel van 'n ridder wat die slang van onmin onthoof, uitgekerf is.

Hy sal voor die koning en koningin buig en dan op die stoel vir die vredes-laureaat gaan sit. Die voorsitter sal eers die seremonie met 'n voorlesing uit Alfred Nobel se testament open: “Vir die uitsonderlike en volhoubare daarstelling van broederskap tussen nasies; vir die vermindering en moontlike uitwissing van oorlog; vir vrede.” Die redes vir die toekenning aan hom sal puntsgewys bespreek word. Wanneer sy naam gelees word, sal hy opstaan, die diploma, goue medalje en dokument wat sy prysgeld beskryf,

ontvang. Dan sal hy sy lesing lewer voor tweeduisend uitgesoekte gaste. Hy kan gerus vanaand, na die mediakonferensie, sy toespraak in die ontvangslokaal vir die vorige wenners lewer, dink hy.

Na sy toespraak sal hy terugkeer na die Grand Hotel waar die skare hom voor sy balkon sal toejuig – heel moontlik hier en daar iemand wat hom eerder sal uitjou, as hy aan vandag se gebeure dink. Om sewe-uur die aand terug na die banket in die banketsaal en dan sal hulle almal sy genialiteit eerstehands ervaar.

Hy voel-voel na die kluis se sleutel in sy broeksak. Gelukkig nog veilig. Hy sal die twee-honderd-en-vyftig vredespille net voor die geleentheid uithaal. Dit self aan die sekretaris, wat sal toesien dat elke gas net een pil ontvang, oorhandig. Eintlik wou hy dit self op elke gas se tong geplaas het, maar die sekretaris het hom verseker dat hy self sal toesien dat niemand meer as een pil drink nie.

Die enigste keer in die geskiedenis van die Nobeltoekennings wat die banket gekanselleer is, was vir Moeder Theresa wat gevoel het dat die geld eerder op die armes gespandeer kon word. Met die seweduisend Amerikaanse dollars wat op twee-honderd-en-vyftig uitgevrete gaste spandeer sou word, het Moeder Theresa op Kersdag vir tweeduisend haweloses 'n aansit-ete gegee.

Dr. Neethling is verbaas dat die Nobelraad ingestem het dat hy die werking van sy vredespil aan die koning en sy gaste kan demonstreer. Veral te midde van die polemiekie wat sy vredesoplossing veroorsaak het. Ongelukkig is hulle nie ondervoed, uitgeteer of aggressief nie. Dit sou ideaal wees om die aktiviste wat juis nou buite sy venster staan en skree, te gebruik. Hy fantaseer hoe hy op die balkon staan en vir die jillende masse die vredespille gooi.

“Dé, eet, hier is my oplossing. Gebruik dit as julle daaglikse brood.”

Die gevaar bestaan natuurlik dat iemand twee sal drink – en dit kan hy nie nou toelaat nie. Een dosis elke vier-en-twintig uur vir maksimale effektiwiteit.

Dr. Neethling klim gloeiend uit die warm bad. Breek die seël van nog 'n bottel olie. Hy kan dit vandag bekostig om kwistig te wees. Hy droog homself eers af en vryf die olie behaaglik oor sy hele lyf terwyl hy verder fantaseer. Die muskusgeur maak hom jags. Maar dr. Neethling is 'n man met

selfbeheersing. Hy besef terdeë dat hy nie nou in sy huis op die gesondheidsplaas is waar hy hom aan sy drange kan oorgee nie.

Die ideaal sou wees om eerder in die Domkirke, Oslo se hoofkatedraal, die waansinnige skare een vir een te bedien. 'n Donker afgesonderde kamer behang met wynrooi damask, druppende kerse, 'Herz und Mund und Tat und Leben' van Bach, die gretige vlesige monde wat een vir een voor hom oopgedwing word, hy wat goedig glimlag wanneer hy 'n pil op elk se tong plaas.

“Dé, eet, hier is my oplossing. Gebruik dit as jou daaglikse brood.”

As die rustigheid van self- en lotsaanvaarding oor die skare toesak, sal hy homself verskoon. Hy sal die skare wat mekaar begin omhels, verlaat sodra hulle verdwaas begin rondkyk en met omstanders begin klets oor ditjies en datjies. *Waar is die heilige dr. Robert Neethling? As hy maar net 'n rukkie langer by ons kon bly.* Die hoeksteen van die Domkirke, wat die geveg tussen die magte van goed en boos uitbeeld, sal hy liefs ignoreer. Hy sal dan veilig deur die strate van Oslo kan wandel, seker in die wete dat niemand hom weer sal of wil verskree of op hom sal spoeg nie.

Tensy iemand natuurlik 'n dubbeldosis inkry.

Dr. Neethling trek die verwarmde japon en pantoffels aan en strek hom uit op die koningsbed. Hy stel sy interne wekker vir 'n uur, maak sy oë toe en raak oombliklik aan die slaap. Hy droom, nee, hy onthou, die beginpunt van hierdie sukses.

Anatomieles, sy eerste kadawer. Dit was 'n gebalsemde wit vrou. Sy was uitsonderlik vet. Sy's vroeg in haar veertigs dood – 'n hartaanval. Alhoewel die professor hulle duidelik laat verstaan het dat hulle respek teenoor die kadawers moet toon, het hy en sy makkers vieslik aangegaan. Vinnig bepaal, soos met al die ander vroulike kadawers, of sy 'n maagd was. Haar hymen was nog heel.

“Shame. Vet, 'n maagd en dood! What a life!”

Die professor het hulle tot stilte geroep. Op die skerm het hy gedemonstreer wat hulle moes doen. Robert het gebewe – 'n mengsel van opgewondenheid en vrees. Presies soos dit gevoel het die somersmiddag in standerd nege toe die buurtannie hom in haar kamer ingewink het, om kastig 'n gloeilampie om te ruil.

Hy het sy ringvinger in die gaatjie van die ontleedmes se hef gesit. Hy het diep asemgehaal, vir die dooie vrou geglimlag. Die lanset onder haar keel geposisioneer, die punt ingedruk en toe uitwaarts vanaf die keel tot by die duik waar die sleutelbene ontmoet gesny en dan weer vanaf die keel af met die sternum en met 'n boog na die sy by die onderste ribbebeen. Hy het die vel en die onderhuidse vet eenkant toe gerol sodat hulle die manier waarop die spiere aan die bene heg, kon bestudeer. Sy maters het vir die vet gegril, maar was gefassineer deur die spiere, later die organe. Vir hom was dit net mooi tjies andersom. Die vet se ongevormdheid het hom aan speelklei laat dink. Hiervan kan ek iets maak, het hy gedink. Vet is tog opgebergde energie. Hier is die potensiaal, die medium. Hy moet net die regte toepassing kry.

Na sy basiese studies en hospitaaljaar het hy onmiddellik gespesialiseer in lipo-suiging. Sy doktorsgraad behaal deur die ontwikkeling van 'n nuwe, meer beheerbare en minder skadelike prosedure wat bloeding en kneusing uitskakel, omdat dit nie van die cannula-buis of laserstrale gebruik maak nie. Sy uitvinding word gedoop “die lipo-katpak” en bevat duisende 0,01 millimeter-naalde wat vibreer en tot agt-en-negentig persent van die ondervelse en dieperliggende vet opsuig.

Nie net patenteer hy sy lipo-katpak nie, maar registreer ook sy smelt-alles-weg-gesondheidskuur. Die “Dik tot dun in drie weke”-gesondheidsplase is 'n treffer in die Weste. Die vettes word maer en hy word ryk. Dis 'n wen-wen-situasie.

Hy word wakker. Dis amper tyd vir die mediakonferensie. Dis tog 'n jammerte dat hy so bekend is; hy sou graag die aand in Oslo se strate wou wandel, 'n nagmark besoek, rustig by die fjord gaan sit. Ag wat, dis nou tot daarnatoe.

Dr. Neethling trek 'n grys broek, wit hemp, maroen strikdas en 'n donkergroen baadjie aan, grys sokkies en puntskoene, versorg sy hare, glimlag vir homself in die spieël – *jy lyk soos 'n ware heer, Robert*. Hy kyk op sy horlosie, sesuur op die kop. Stap na sy aktetas, maak 'n nuwe pakkie vredespille oop. Dis 'n week se voorraad. Met sy duim druk hy die eerste goudgeel oliepill deur die goue foelie van die blister-pak. Dit lê op die palm van sy hand. Hy sit die pill op sy tong, koester dit vir 'n oomblik, maak sy oë toe en sluk. Die pill gly gemaklik af met sy slukderm. Hy stel hom voor dat hy die ligte

peristalse ervaar, hy voel hoe die pil deur die pars cardiac beweeg en in sy maag plons.

Hoe gelukkig is hy darem nie! Tevrede. Die wêreld is 'n goeie plek. Hy stap na die ingangsportaal. Die oë van die Nobelwenners is almal op hom gedraai. *Sterkte, Vriend. Jy sien daar goed uit. Vertel dit vir die wêreld. Ons staan by jou.* Die vrouens kyk hom goedkeurend aan. Hy knipoog vir die jong vrou in die Moslemgewaad, *Ons praat later, Skattebol ... ek bedoel, Tawakkol Karman*, sê hy hardop terwyl hy effens nader leun en haar naam op die raam lees. Verbasend, 'n Nobelprys op twee-en-dertig, nogal presies die helfte van sy ouderdom. Sy glimlag terughoudend.

As hy die deur oopmaak, is die sekretaris se hand in die lug, gereed om te klop.

“U tydsberekening is perfek, dr. Neethling. Is u gereed? Wil u eers iets ligs eet voor die konferensie?”

“Dankie, Meneer die Sekretaris. Ek't reeds iets gekry. Ons kan onmiddellik begin.”

Die konferensiesaal is gepak met joernaliste. Hy hoor snarsies Frans, Duits, Engels, Mandaryns, Spaans, Japannees, isiZoeloe, Swahili ... en dan 'n spul tale wat hy geen kop of stert van kan uitmaak nie. Die dame wat die primêre onderhoud met hom voer, is van die NRK – die Norges Televisjan. Sy's besonder vriendelik, slank, intelligent. Sy't 'n deeglike studie van sy navorsing gemaak. Kortom, al die joernaliste blyk hom goedgesind te wees.

“Dr. Neethling, vertel ons asseblief hoe die gedagte van die vredespil ontstaan het.”

“Ek was met vakansie in ... wag, ek sal eerder die land se naam verswyg. Die situasie daar is haglik. Hongersnood tot op sy uiterste. Kinders word geslaan omdat hulle kos steel en niemand dink dis vreemd nie. Die gevolg is natuurlik 'n hoë misdadaadysfer. As 'n proefneming het ek 'n groep kinders wat deurentyd onder mekaar en met ander baklei, begin voer. Ek het seker gemaak dat hulle die basiese vitamienes en gebalanseerde etes ontvang. Hulle gedrag het onmiddellik verander. Van deurslaggewende belang was die feit dat hulle mekaar aanvaar het en toe begin planne maak het om hulle situasie te verbeter.”

“Sou u sê dat dit ’n wêreldwye probleem is?”

“Wel, laat ek dit so stel. Volgens die Wêreldgesondheidsraad is ’n derde van die wêreld se bevolking ondervoed, ’n derde ly aan hongersnood en ’n derde is goed gevoed. Die derde wat goed gevoed is, leef ook in vrede. Hierdie vrede is natuurlik moontlik omdat die oliekrisis twee jaar gelede opgelos is deur prof. Chin van die Universiteit van Taiwan. U onthou seker dat hy die Nobelprys vir Wetenskap ontvang het omdat hy brandstof ontwikkel het uit afvalmateriaal – die ‘vullis-tot-brandstof-inisiatief’ wat ons nywerhede en voertuie nog steeds aan die gang hou.”

“Heeltemal reg, dr. Neethling, maar wat ek ...”

“Dus het ek die vredespil ontwikkel. Voer die mense wat hongerly, en hulle kan begin dink en sodoende hulle eie ...”

“Jammer om u in die rede te val, dr. Neethling. Soos u weet, is daar taamlik kritiek op u ‘oplossing’. Eerstens omdat dit ’n simplistiese reaksie op ’n komplekse probleem is; tweedens dat die woordeskat wat u gebruik stereotipering en veralgemening veronderstel en derdens dat dit ’n onmenslike oplossing is. Wat is u gedagtes hieroor?”

“Dis bog. Mense wat die pil gebruik, het opgehou om te baklei. Hongersnood word stelselmatig uitgeskakel. Wat is die alternatief? Dat ons hongeres moet ignoreer?”

“U besef seer sekerlik dat die internasionale gesondheidswet bepaal dat u verplig is om te verklaar waaruit die pil bestaan. Kan u ons asseblief meer daarvan vertel?”

“Op die voubiljet van die pakkie is die detail gespesifiseer, maar ek herhaal dit graag: Hoodia, Triptofaan, ’n hormoon wat veroorsaak dat serotonien afgeskei word; vitamien A, B12, C, D, E; asook natuurlike olies. Soos u weet het ek al hieroor verskeie artikels gepubliseer en my navorsing is telkens geëvalueer deur eweknieë.”

“Wat is die uitwerking van die pil, Dokter?”

“Wel, die eerste reaksie van mense is ’n gevoel van tevredenheid.”

“Is die pil veilig, Dokter?”

“Natuurlik, honderd persent veilig – kyk net wat dit aan die konflik in die Midde-Ooste gedoen het.”

“Drink u dit self?”

“Daaglik. Hoe sou ek anders in staat gewees het om die stres van ’n mediakonferensie te hanteer? Veral wanneer die onderhoudvoerder effe moeilik is.”

Daar is ’n ligte gelag uit die gehoor.

“Is daar enige newe-effekte, Doktor?”

“Natuurlik. Alle pille het newe-effekte. In dié geval, ’n gebrek aan eetlus.”

“Is ’n oordosis skadelik?”

Dr. Neethling glimlag gelate vir die kamera. Gooi sy hande in die lug.

“Maar, Mevrou, wat moet ek doen om aan u te bewys dat die vredespil werklik vrede veroorsaak? Seer sekerlik sal die Nobelraad tog nie die prys aan my oorhandig as dit skadelik vir mense is nie.”

Dr. Neethling hoor hoe iemand uit die gehoor skree:

“Laat hy ’n pil voor ons drink!”

“Sou u dit oorweeg, Doktor? Of is u bang vir die newe-effekte?”

Die onderhoudvoerder haal ’n pakkie uit haar handsak. Dr. Robert Neethling voel hoe sy wange warm word. Sou hy sy kamer kon haal voor die uitwerking sigbaar is? Sal hy dit probeer?

“Ek het reeds my dosis in vir die dag, maar as u daarop aandring, sal ek een neem aan die einde van die onderhoud.”

Hy kyk na die res van die joernaliste. Almal knik instemmend.

“Enige vrae van die vloer?”

Hy hoor net die klank van kameras wat kliek.

“Dames en here, dr. Neethling het ingestem om ’n vredespil voor die kameras te drink. Dankie, dr. Neethling. Dit sal sekerlik die negatiewiteit oor hierdie pil eens en vir altyd uitwis.”

’n Kelner bring ’n bottel Perrier-water na die verhogie waarop hulle sit. Die onderhoudvoerder bied hom ’n glas en die pakkie pille aan. Hy maak dit oop, glimlag vir die gehoor, druk ’n goue pil uit die goue foeliepak. Sit dit op sy tong, neem ’n mondvol van die borreltjie-water, sluk. Hy voel weer die peristalse, die klep wat oopgaan, die plons in sy maag.

“Is u nou tevrede?”

Die onderhoudvoerder glimlag vir hom, kyk direk na die kamera.

“Ons besit nog nie die wysheid van nakennis nie. Al wat ons in hierdie stadium met sekerheid kan sê, is dat die vredespil van dr. Robert Neethling duisende aggressiewe en honger mense kalmeer. Dankie, dr. Neethling vir u samewerking.”

Toe kom die sarsies vrae.

“Wat bedoel u met natuurlike olies?”

“Robert Neethling, wat doen jy met die afvalprodukte van jou skoonheidsplase?”

Dr. Neethling ignoreer die vrae, staan oombliklik op. Beduie aan die kommissaris dat hy na sy hotelkamer wil gaan. Die sekuriteitswagte is om hom. Net voor hulle in die hysbak klim, begin hy dit ruik. Hy konsentreer om dit te ignoreer, kyk na die punte van sy blinkgepoetste leerskoene. Hulle bereik sy kamers net betyds.

Eers wanneer hy die deur agter hom toegemaak en gesluit het, kyk hy op van die vloer af. Druk sy hande oor sy ore om die geskree van sy binneste uit te sluit, dan sy vingers om sy neus om die doodsreuk weg te dwing. Dit help tog nie. Robert sien homself in ’n helderverligte spieël, elke plooi, elke lewervlek, elke verjongingskuur duidelik sigbaar. Hy sien homself. Hy sien homself presies vir wat hy is. Hy ruik homself. Hy proe die galsterigheid van sy spoeg.

Hy stap deur die ingangsportaal, kyk net vir ’n oomblik hoopvol na die foto's van die Nobelpryswenner. Hulle gesigte is van hom weggedraai. Nie een van hulle, selfs nie die jonge, slanke Moslemvrou, kyk sy gebalsemde kadawer in die oë nie.

So lief soos sout

Katrien trek die groot John Deere-trekker in die stoor in. Sy klim trappie vir trappie af, asem die reuk van diesel en sout in. Al is haar lyf seer van die ure se op-en afryery in die lande, is sy tevrede. Sy strek agteroor, gooi haar arms oop en lag hardop. Sy's uiteindelik klaar met Bart se heilige, net-die-beste-kunsmis-lande. Sy vee die sweet van haar voorkop af en glimlag wanneer sy dit proe. Sy's net betyds klaar. Mōre kom Bart terug. Sy los die stoor wawyd oop sodat hy kan sien dat die trekker goed gebruik is.

Een keer 'n jaar, in Juliemaand, wanneer hy gaan jag saam met sy vriende, is Katrien ongewond; lig op haar voete en vreesloos met haar herinneringe. Die res van die jaar is sy stukkend en stil.

Na twee-en-twintig jaar maak die houe nie meer saak nie. Sy steur haar nie aan die stampe en die skoppe nie. Elke week 'n ander bloukol, elke ses maande nog 'n been wat êrens aangroei. Sy kry dit reg om van buite na haar lyf af te kyk. Soos 'n ou verpleegster, gewoon aan alle beserings.

Dis eintlik vervelig, die ou lyf wat na elke insident witbloediggaampies saamroep om een of ander vorm van genesing aan te pak. Sy sou dink haar liggaam sou leer: los maar hierdie nerfaf wang; drie maande gelede was dit ook so, een of ander tyd sal dieselfde wond weer hier opduik.

Deur die jare word die hersteltyd langer, meer uitgerek. Katrien vermoed sy't geitjebloed in haar. Indien Bart per ongeluk haar vinger sou afsny behoort dit dalk weer terug te groei.

'n Jaar nadat hulle getroud is, het dit begin. Hulle het in die berg gaan uitkamp vir hulle eerste herdenking. Sy't vergeet om die sout in te pak. Die aand toe hy vir hulle skaaptjops en wors braai, het hy dit agtergekom. Hy het nie geskree nie, haar nie gewaarsku nie. Net geslaan. 'n Regter op haar linkeroog. Toe sy langs die vuur opstaan, het 'n klein wit klippie aan haar wang vasgeklou. Die klip het sag gevoel, simpatiek. Sy het die klippie in haar mond gesit en gesuig.

“Dat jy met al jou geleerdheid nie eens sout kan onthou nie! Al die jare op universiteit was 'n vermorsing, Katrien. Wat kan jy nou eintlik fokken wys vir jou studies? Jy kan nie eens 'n trekker dryf nie!”

Sy't gekonsentreer op die klippe, haarself gedwing om haar storiëklippe te onthou. Haar soewenierklippe. Ek was al op ánder plekke, het sy gedink, ander dinge hét al met my gebeur.

Môre kom Bart terug van sy jagtog. Sy moet tog onthou om genoeg sout vir hom reg te sit. Sy sal dit sommer in die brandkas pak. Sy weet al wat hy gaan doen as hy hier aankom. Stilhou, gewere bêre, biltong maak, boude inlê, beneveleis pekel. Sy moet die sout onmiddellik uithaal, voordat sy haar klippe gaan pak.

Die werf is stil. Sy is bly sy het die werkers vandag afgegee. "Gaan doen julle dinge in die dorp, môre is die baas terug en dan moet julle net regstaan. Ek sal regkom. Julle sien dan hoe mooi ek die lande omploeg."

Die lang skaduwees van die reuse bloekoms wink haar na die huis. As die bome darem kon praat. Sy weet hulle kan sing. Saans, wanneer die wind die blou-groen geur roer, refrein dit: "Watter tipe vrou is jy, watter slegte ma, dat jy nie eens die lakens wit, die kinders stil kan hou nie." Jaar in en jaar uit. Altyd 'n ander verwyf. Ag wat. Sy laaste een: "Jy's 'n koue vrou, snoep met jou gunsies. Wat het ek ooit in jou gesien?"

Katrien gaan haal die twee-en-twintig boksies sout wat sy al vir 'n maand onder in haar klerekas, agter die lang rokke, bêre. Maak die brandkas oop, stapel die boksies opmekaar sodat hulle staan, nie lê nie. Hy sal hulle almal moet uitpak voordat hy sy gewere kan bêre. Op die ingewing van die oomblik gaan soek sy ook die koöperasierekening en skuif dit netjies onder die blou boksies in.

Soutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsoutsout.

See how it runs. Cerebos. 'n Brandkas vol sout. Veilig teen enige aanslag. Sy los sommer die sleutel in die slot. So-ja, nou hoef hy nie daarvoor te soek nie.

Katrien gaan sit by haar klippe se wegkruipplek. Dis agter die groentetuin, verskuil deur die opgeërte aartappels. Sy't hulle hiernatoe geskuif toe Bart die klippe die huis belet het.

"Jy's mos nie 'n fokken geoloog nie! Vir wat stuur jou kamstige vriende vir jou die goed? Hulle besef seker ook jy's 'n klipkop. Wanneer laas het een van hulle vir jou kom kuier? Arme, onnosele Katrien. Uit die oog, uit die hart."

Met albei hande tel sy die klippe een vir een op. Laat die herinneringe voor haar geestesoog afspeel. Die paartjies wat haar eie is, die swetterjoel gedagtenisse van haar vriende en familie, deur die jare aan haar gepos, of skelm afgelaai wanneer Bart gaan jag. Sy roep die stories op wanneer haar vingers oor die groefies gly.

Breekbare woestynrose uit die Namib. Dis toe Willemien en Burger verdwaal het in 'n sandstorm. 'n Boesman-omie het hulle gehelp. Hy het rustig voor die Landrover uitgestap, soos 'n touleier, tot by 'n teerpad met padtekens. Hy wou nie saamry nie, wou nie geld aanvaar nie, het net ja gesê vir 'n blikkie Coke. Sy onthou toe haar vriende die brose aandenkings, wat versigtig in watte toegedraai was, vir haar gee en die storie vertel. Haar rug was gekneus en pers van 'n rondstampery. Hulle het natuurlik nie besef nie, maar dit was amper asof die Boesman-omie háár versigtig teruggelei het met hulle woorde.

Sy pak haar drie seuns se klippe onder in die rugsak. Drie seuns gebore in drie jare. Dankie tog hulle is almal weg en veilig.

'n Klein stukkie van Uluru, Klein-Bart, sy vrou en baba, nou in Australië. Klein-Bart het geskryf die area voel soos 'n ander planeet, of eerder soos 'n stukkie hemel. “G'n wonder die mense praat van die dreamtime nie, Ma. Ek's seker Uluru is 'n droommeteoriet.” Katrien verbeel haar sy ruik haar kleinkind se babageur in die klippie rooibruin. Dan pak sy Wilhelm se sementklip met die spatsel groen verf wat uit Londen kom, in. Hy het dit êrens opgetel langs die Teems, die aand toe hy sy boyfriend ontmoet het. Die boyfriend is 'n kok in Jamie Oliver se restaurant. “Ek eet soos 'n koning, Ma”. Sy kyk oor haar skouer as sy haar jongste kind, Janus, se gesteelde klip uit 'n galery in New York, optel. Janus wat nooit die reëls kan volg nie. Dis 'n gepoleerde steen. Dit lyk vir haar amper soos 'n maansteen. Janus het geskryf dit was sy eerste aand in die stad.

“Hier lê nie klippe rond nie, Ma. Dis nie die plaas nie. Maar ek was by 'n kunsuitstalling en hierdie outjie was deel van 'n installation. Ek moes dit net vir Ma gaps.”

Die kinders se wortels is reeds verplant. Hulle lewe nou in ander tydsones. Hulle klink soos karakters op TV. Nie na die drie ontdekkers wat as

tjokkertjies die plaas verken het nie. Hoeveel rugsakkies het sy nie al met piekniekkos gepak nie? Nou verken hulle 'n wêreld wat sy nie ken nie.

“Come visit, Ma.”

“Let Pa boer on his own.”

“Ek stuur vir Ma 'n vliegtuigkaartjie, Ma.”

“Kom tel Ma se eie klippe op. Die possery is so 'n schlepp.”

Hulle weet natuurlik, maar nie bewustelik nie. Die ongelukke het nooit voor die kinders gebeur nie. “Mamma het haar kop oopgeval op die stoep. Die hond het voor haar ingehardloop.” In die begin het sy hulle sommer self vertel. “Ek het gestaan en droom, het nie gekyk nie. Het nie gehoor toe Pappa sê, hou styf vas, die plank gaan opwip as hy dit vastimmer nie.” As hulle draad gespan het, was dit altyd háár hand wat in die slag gebly het. As sy moet help skape aanjaag, het sy altyd in 'n kloof afgeval, 'n arm of rib gebreek. Later het sy nie meer verduidelik nie. Stilgebly oor wonde.

Die seuns het kleintyd van haar as ou Eina-ma begin praat. “Mamma is lomp. Mamma loop in alles vas. Mamma brand maklik.” Die juffrouens moes iets agtergekom het. Niemand het ooit iets laat blyk nie. Sy kon die ongeluksvoël wees, solank die seuns nie seerkry nie.

Sy sal al die klippe moet saamvat. Sy kan nie 'n enkele een op hierdie stuk grond los nie.

Die gladde, grou rivierklip. Sy en Jaco, haar sleep op universiteit, swem in die Mooirivier op Potchefstroom. Dis Jool, dis donker, die maan gly rond in die water. Hulle probeer om die maan te laat stilstaan. Dan duik hy af en kom glimmend glad teen haar lyf op. Vryf oral oor haar lyf met die gladde klip in sy hand.

Katrien tel die bruin en wit spikkelklip van haar geesgenoot, Johan, se Suid-Amerikaanse toer half huiwerig op. Sy rol dit oor haar oogholtes. Onthou net vir 'n oomblik hoe toegeslaan haar oë was toe sy die pakkie oopgemaak het. Dis seker al 'n goeie vyftien jaar terug. Hoe sy gesukkel het om sy woorde te lees.

Johan het met 'n bus gery wat by elke halte stop. Dit was bloedig warm. Hy was doodmoeg. Hy besluit toe om 'n taxi te neem met die terugtog vanaf Salta deur die vallei wat bekend staan as Duiwelskeel. So kon hy ten minste vir die taxibestuurder vra om te stop wanneer iets hom interesseer. Sy

oë was al sleg, vanuit die bus kon hy nie veel sien nie. Terwyl hulle deur 'n reuse, droë kloof met modderwande so hoog soos 'n berg ry, het die taxibestuurder in Spaans begin babbel. Daar was net 'n enkele boom in die kloof. En die boom het beweeg, al was dit 'n windstil dag. Hulle het stilgehou en stadig nader gestap. Twee jakkalsies het al om die boom gehardloop, in die lug op gespring, getjank, geblaf; duidelik baie opgewonde. Die boom se takke het geswaai. Toe buk die taxibestuurder en tel 'n klip op. Hy slinger dit na die boom. Duisende papegaaie vlieg uit die takke op. Spatsels rooi en groen teen die blou-blou lug. Die papegaaie gaan sit in hulle nessies in die modderwande van die kloof. Johan stap nader en sien dis 'n wildepruimboom, vol vrugte. Die jakkalse hardloop weg. Johan buk en tel vir haar 'n klip op. Pos dit uit Suid-Amerika.

Katrien het gedroom oor 'n modderhuisie in 'n bergwand. Dit sou soos neutmuskaat met 'n tikkie kaneel ruik. Dit sou koel wees, weggesteek en stil.

Partykeer kan sy werklik nie onderskei tussen haar eie en haar klippe se herinneringe nie.

Haar vriende het soms op die plaas kom kuier. Maar die kuiers was ongemaklik. Stug. "Julle het boekegoed om oor te praat." Na die kuiers was die slaneryvallerystampery altyd erger. En die aanmerkings oor haar kastige geleerdheid. Toe't sy opgehou uitnooi. Wal gegooi as hulle sommer hulself uitnooi. Dis planttyd-oestyd-diptyd-skou-kerkbasaar-die-kinders-skryf-eksamen. Kom eerder volgende maand.

Nooit kon sy haar eens voorstel dat sy by hulle gaan kuier nie. Die een keer, toe hulle na Petro se troue toe is in die Strand, was 'n volslae mislukking. Bart dans dalk nie, maar hy drink.

"Dis nie te laat nie, Katrien, los hom net."

Maar sy't Klein-Bart toe verwag en gedink 'n kind sou hom verander.

'n Klip van Fujiyama in Japan, 'n strand in Portugal, 'n rysland in Taiwan, 'n kasteel by Inverness, Seattle se vismark, die Igazu-waterval in Argentinië. Hierdie een van Conques in Frankryk, om die draai van die Rosetta-steen. Koraal uit Thailand, 'n stukkie van die Berg van Vergifnis in Spanje. Katrien pak die wêreld stuk vir stuk in haar rugsak.

Sy glimlag wanneer sy die roomwit Dooiesee-soutklip wat 'n maand gelede hier aangekom het, optel. Haar sus het ook 'n foto saamgestuur van hoe sy op die see dryf. Agterop, 'n paar sinne.

“Dis heerlik om so lig te wees, Katryntjie. Mens kan werklikwaar nie sink nie. Dis die sout, dit maak alles anders. Weet jy Sus, dat slawe gekoop is met hulle gewig in sout? Dat sout en goud eens op 'n tyd ewe veel werd was. Onthou tog dat sout nie laf kan word nie. Wens jy was hier.”

Dalk is Bart reg. Dalk het sy niks op universiteit geleer nie. Hoekom moes sy twee-en-twintig jaar se sakke sout opvreet voor sy uiteindelik besef het dat sy hom nie kan verander nie? Hierdie juk het sy self gekies. Dis in haar hande om dit te verander.

Sy pak die laaste klip in. Haar ou wangklippie. Dan haal sy dit weer uit. Sit dit in haar mond. Sy wil die diere vir oulaas versorg. Dalk moet sy maar by haar plan bly om die kraal oop te los. Almal het 'n wegkomkans nodig.

Net gou seker maak. Rugsak met klippe. Drasak met haar identiteitsdokument, paspoort, beursie, water, neute, papier en pen, sonskerm, hoed, een stel klere, 'n trui. Haar tas met ekstra klere is in die kar, maar dalk los sy dit sommer ook op die lughawe.

Wat het sy op hierdie plaas geleer, wonder sy. A, darem om 'n trekker te bestuur. Sy dink aan die afgelope twee weke. Hoe sy op en af gery het en die lande hektaar vir hektaar omgeploeg het. Sy glimlag. Hy sal dit eers bewonder. Die netjiese lande wat sy so mooi vir hom los. In die skemerige stoor staan rye en rye sakke net-die-beste kunsmis skouer teen skouer, onaangeraak.

Want die wonderlike, los grond is omgedolwe met twee-en-twintig ton sout.

Tambudzai (Swaarkry)

“Ek wil huis toe gaan, Amai.”

“Hekse het nie huise nie.”

“Maar ons het goed gedoen vandag, Amai.”

“Sit, hekel, dat die mense kan sien jy wil werk. Môre is naweek.

Vandag se geld moet drie dae lank hou.”

“Amai ...”

“Hier is ek nie jou ma nie. Tambudzai, wil jy my nog meer laat ly?”

Tambudzai kyk af. Sien haarself soos sy hier sit op die middelmannetjie in Sandton by die robot wat met sonkrag werk. Sien haar vingers wat die hekelpen vasklem. Sien hoe haar verdomde hande aanhou bly beweeg. So asof dit iemand anders se vingers is. Drie langbene, drie kettingsteke, drie kortbene, drie kettingsteke, aan-hou-dend tot die wol koek. Dan breek sy die wol en begin met ’n ander kleur. Eers vanaand op die matras in die hoek van die sjebeen torring sy die koeke los en alles wat sy in die dag gehekel het. Vir die nagmense torring sy uit, vir die dagmense hekel sy vas.

Dis beter om te hekel as om te kyk. Om die oë van mense te vang wat geldnood in alle tale lees, is moeilik. Die ander bedelaars loop tussen die karre rond. Hulle sê, as mens eers oogkontak gemaak het, kry jy altyd iets. Al is dit net twee rand. Hulle soek die mense wat harte het in karre uit. Hulle sê dis gewoonlik dié wat self ook sukkel. Ten minste hoef sy niemand raak te sien nie. Hulle kyk na háár.

Sy kan die kyke voel. Dis soos muskietbyte wat jeuk op ’n plek waar sy nie kan krap nie. Daar’s dit nou weer.

Tambudzai kyk teen haar betewete op. ’n Ou man sit agter in ’n taxi. Hy het ’n oupahoed met ’n tarentaalveer op. Sy oë steek haar, nee, dis erger. Hy pik eerder. As die taxi wegry, draai hy sy kop al starende na haar, begin dan opgewonde praat en beduie.

Sy weet die mense vind dit vreemd dat ’n bedelaar handewerk doen. Dis hoekom hulle haar raaksien. Die jong meisie wat haarself probeer toe-hekel. In die somer en in die winter. Hulle sien hoe vinnig haar hande werk, dis soos spinnekoppe. Sy lag bitter. Nee, spinnekoppe het agt bene, sy is eerder ’n insek. Hulle hou haar dop. Party mense práát selfs met haar. Net totdat hulle

haar vingers raaksien. Dan bly hulle stil. Skrik. Dit klink ook in alle tale dieselfde. 'n Asemteug in. Dan 'n plofferige klank uit. Dis wanneer sy weet dat sy hulle het.

Eers kyk hulle, dan sien hulle, dan skrik hulle en dan gee hulle. Gewoonlik is dit 'n noot. Hulle soek nie kleingeld in die asbakkie nie, nee, dis 'n beweging na 'n handsak of 'n broeksak. "Kyk haar vingers!" en dan gee iemand geld. Die kinders sal soms van binne teen die kar se vensters klop sodat sy moet opkyk. Die bestuurders wil nie haar oë sien nie. Sy weet sy kry meer as die ander bedelaars. Sy kan ook langer op 'n hoek bly.

As Amai nie by is nie, maak sy meer. Die mense wil haar hande sien. Hulle wil mooi kyk na haar vreemde hande. Na die ekstra twee duime wat wag hou oor haar handewerk. Hulle oë flits altyd heen en weer, na die regterhand wat die hekelpen en die geld vashou, palm na bo en dan na die linkerhand wat die kombes gereed hou vir die volgende langbene, kettingsteke, kortbene, kettingsteke. Die kinders kyk altyd na hulle eie hande nadat hulle hare raakgesien het. So asof hulle wil seker maak dat hulle tien vingers nie eintlik twaalf is nie.

Soms laat sy toe dat hulle haar tone sien. Gewoonlik nie. Die skrik is partykeer te veel. En dan ry hulle weg sonder om iets te gee en Amai is kwaad.

By die sjebeen sit sy kaalvoet, veral aan die einde van die maand. Andersins word die skuld nie betaal nie. En dan moet sy dubbel vir haar en Amai se kamer betaal. Eers met die afskrik en dan ook met geld. Muridzi-we-sjebeen is dan nie gelukkig nie, en Amai ook nie. Dan hoor sy weer die hele storie van voor af.

"Jou pa het my gelos toe hy jou sien. Toe ek van die bos af kom, het die kumusha ons weggejaag. Hulle het ons met klippe gegooi. My huis gebrand, al my trougoed, my klere, skoene, kos, alles. O, jy het my laat ly, Tambudzai. Ek kon nie eens water drink nie, moes net weghardloop met jou op my rug. My kale voete die veld in deur aalwyne, katbos, dorings. 'Muroyi! Brand die heks. Verdrink haar!' het hulle geskree. Hulle het ons vervloek tot in ons nageslag. Twee dae lank moes ek loop voor ek water kon kry. Jy het my leeggedrink ..."

Tambudzai kyk weer op. Iets is verkeerd. Daar is nie nou 'n kar naby haar nie, maar dit voel asof iemand na haar kyk. Dit brand soos slangbyt. Sy

sien 'n man uit die rigting van die taxi-rank wat aangestap kom. Hy het 'n hoed op. 'n Netjiese pak klere aan. Hy swaai 'n kierie. Tambudzai hoor 'n harde gefluit.

Sy weet sy moet van die man af wegkom. Tambudzai druk die laaste paar note onder haar voete in haar skoene voordat sy opspring. Dis die beste wegsteekplek aan haar lyf. Selfs die tsotsi's skrik as hulle haar twaalf tone sien. "Muroyi," skree hulle net en los haar.

Muroyi. Heks. Sy ken die woord goed.

Amai kon haar maklik gelos het toe sy 'n baba was. Haar in die rivier laat val het. Hoekom het sy haar grootgemaak, haar leer tel, lees, hekel? Toe sy klein was, het sy gedink Amái is die heks, want sy het altyd presies geweet hoe Tambudzai voel en wat sy dink.

Sy tel die mense wat in die ry by die bushalte staan met die rympe wat Amai haar elke dag as kind laat opsê het.

*Een, een, koes vir die steen;
Twee, twee, dit help nie om te skree;
Drie, drie vingers weet wie is wie;
Vier, vier, bene aan 'n dier;
Vyf, staan styf, jy't 'n slim kop op jou lyf;
Ses is die les, slyp die stainless steel-mes;
Sewe is vir bewe;
Agt praat sagter, jou pa was 'n slagter;
Nege, nege, ons is sleg, ons loop weg;
Tien staan vir sien;
Elf doen iets self;
Twaalf, my twaalf-vinger-kalf, seerplekke soek self.*

Die bus is vol. Amai is reeds in. Vandag is pay-day, die sjebeen sal die heel nag besig wees. Die mense druk haar teen die deur, haar asem wasem op die lang smal venster. Sy sien die man met die hoed. Hy beduie met die kierie. Die bus vertrek.

By Gandhi Square is dit stiller as gewoonlik. Sy koop gou maandkaartjies vir volgende maand. Hulle is vandag vroeër as gewoonlik. Daar is sitplek vir altwee van hulle op die Forest Hill-bus.

By die sjebeen gaan hulle eers na hulle kamer toe. Tambudzai sien hoe Amai die ekstra geld wegsit in 'n blik wat sy in 'n gat in die grond onder die bed bêre. Bo-op die blik sit sy 'n sinkplaat en dan maak sy modder en vul die gat. Sit 'n stuk tapyt en die primusstografie wat hulle vir kook gebruik, daarop. Al brand die shacks af, sal die geld veilig wees. Dis amper tyd om te gaan werk vir Muridzi-we-sjebeen. Sy wens sy kon vanaand vroeg gaan slaap.

Tambudzai trek haar bedelklere uit. Sy draai die rooi sangoma-lappe om haar lyf. Bind die swart en rooi toue met die dieretande om haar enkels. Ystervarkpenne in haar hare, hoendervoete om haar nek. Dan die luiperdvel wat Amai om haar gedraai het toe die kumusha hulle weggejaag het. Dis al wat sy van haar pa het. Die vel van die luiperd wat hy doodgemaak het, die aand voor hy met Amai getroud is.

“Is jy gereed?” vra Amai. Sy kom trek die lappe reg. Dan bring sy die vetblik nader. Dis vreemd, sy doen dit al vir jare nie meer nie. Amai vryf haar hande en voete met vet in. Sy vat aan die ekstra duime en tone. Amai prewel die optelrympie. Dan sit sy haar tien vingers op die twaalf vingers. “Jy’s gereed, my kind.”

Muroyi is gereed.

Muridzi-we-sjebeen wag al vir haar.

“Manheru,” sê sy en gaan sit op haar knieë voor hom, klap haar hande saam.

“Ek is hier om die werk te doen wat u wil hê.”

Sy sien hy kyk na haar. Wag. Maak soos altyd seker dat almal in die sjebeen stilbly. Hulle moet sien dat sy, die heks, hom dien. Dat sy vir hom werk. Dat hy die baas is. Toe sy baie klein was het Amai haar geleer wanneer en hoe om met respek te praat. Vroue sit, mans staan. Muridzi-we-sjebeen het vir hulle kos en blyplek gegee toe al die ander hulle met klippe gegooi het. Hy was toe nie so belangrik of so ryk soos nou nie. Sy sjebeen was net 'n Pick n Pay-trollie met bier. Nou het hy hierdie groot sjebeen, met 'n straat vol shacks. En almal luister vir hom en kom vra hom raad.

“Dis wat ek wil hoor,” sê Muridzi-we-sjebeen.

As hy wegkyk, kan sy opstaan. Sy gaan sit in die hoek op die matras. Vat die kombes en die wol en begin om die hekelwerk van die dag los te torring. Wol is duur.

Die sjebeen word vol. Amai help om die geld vir die kamers in te vorder en bier te verkoop. Die meeste mense soek twee bottels Zamalek en 'n krat. Hulle gaan lank kuier. Die musiek is hard. Amai roep haar as daar probleme is. Sy hoef net op te staan en nader te stap met haar hande voor haar uitgestrek. Soms 'n paar roggelgeluide te maak. Dan hoor sy die klank van skrik: 'n asemteug in, 'n plofferige klank uit. En vinniger as wat 'n bierprop pop, betaal hulle die geld wat hulle vir Muridzi-we-sjebeen skuld.

Vandat sy kan onthou, vorder sy so geld in, elke laaste week van die maand. Sy wens sy kan uitgaan, stap tot waar sy nie meer drank kan ruik nie, mense hoef te sien nie. Stap tot waar daar sterre en plekke is wat haar nie sal raaksien nie. As daar ooit so 'n plek is, dink Tambudzai.

Amai bring vir haar kos. Sy draai haar rug as sy eet. Vanaand is sy nie lus vir almal wat na haar staar nie.

“Sawubona, Ntombazane.”

Dis nie 'n dronk stem nie. Sy kyk om. Dis die man met die hoed en die kerie. Eers wil sy nie antwoord nie. Hy lyk na 'n belangrike man, hy lyk nie of hy van die stad is nie.

“Goeienaand, Meneer.”

“Uyaphila na?”

“Dit gaan goed, dankie, en met u?”

“Ekhaya kukuphi?”

“Ek's van hier; Amai kom van Rusape.”

“So, jy praat nie Zoeloe nie.”

“Nee. Shona, Engels, Afrikaans, bietjie Sotho.”

“Is jy bereid om Zoeloe te leer?”

“Dit hang af; sou ek dit nodig hê? En wie sou dit vir my leer?”

“My vrou.”

“Hoekom sou sy dit vir my wil leer?”

“Waar is jou ma, ek wil graag saam met haar praat?”

“Ek bly hier saam met Amai.”

Amai sien dat die man met haar praat. Sy kom nader. Daar is geld in haar oë. Die man groet Amai, wys na Tambudzai. Tambudzai kyk weg. Nie nog dít ook vandag nie. Sy kan nie vandag aan 'n man se pap vingertjie raak nie. Die man verduidelik met sy hande van 'n ver plek. Dis waar die Zoeloes bly. Oor die groot berge naby die water wat hardloop. Waar suikerriet soos gras groei en mango's en piesangs nie gekoop hoef te word nie.

Tambudzai verstaan nie alles wat hy sê nie. Gaan hierdie man Amai van haar wegvat en haar hier los? Gaan Amai haar wegstuur met die vreemdeling?

Amai vat haar hande en trek haar op.

Die man praat stadig.

“As die lewe swaar is vir die mense, gaan dit sleg. Dit reën nie, die diere word siek, die mense is honger, die graan groei nie. Die ou mense het vir ons vertel hoekom dit gebeur. Mense abazwani en dinge azihambikahle. Daar is nie balans nie.”

“Dié dinge ken ons goed.” Amai antwoord hom in Zoeloe.

“Dis nou al twaalf seisoene dat ek na 'n uitverkorene soek. Na een wat die goeie goed kan meer maak. En nou het ek jou gekry.”

Die man kyk vir haar. Maar dis nie meer muskietbyte nie, ook nie slangpik nie. Dis wol wat streef.

“Kyk, alles waaraan jy raak word meer. Kyk na die kombes wat jy maak. Die kleure is soos die hele aarde. Kyk na die sjebeen wat baie geld maak. By my plek is daar plante, water, kinders, beeste, huise. Kom saam. Ons sal mooi na julle kyk.”

“Ek gaan nie dat julle haar sny nie. Hierdie enigste kind van my is nie 'n uitverkorene nie,” sê Amai. “Hierdie is Tambudzai. Sy is 'n muroyi, 'n heks. Ons is Shona. My mense wou haar nie hê nie, hulle het ons gejaag. Ons huis verbrand. Ek sien jou plan. Julle wil haar doodmaak.”

Sy kyk hom kwaai aan.

Amai gryp Tambudzai se hande. Hou dit op vir die man. Dan ruk sy die rooi lappe om haar enkels op. Wys vir hom haar voete. Tambudzai wag vir die skrik. Die asemteug en die plofferige klank. Sy hoor niks. Dan kyk sy op.

Eers lyk dit of die man gaan omdraai. Dan kyk hy af, sy bene buig, sy hande klap teen mekaar. Almal in die sjebeen kyk vir hom. Die man wat

Zoeloe praat en van ver af kom, die man wat ouer is as almal daar, die man met die hoed en kiere kniel voor Tambudzai. Hy kyk op na haar.

“Jou twaalf vingers en twaalf tone is net joune. Jy is nie Tambudzai of ’n muroyi nie. Jou naam is uKhethiwe, die uitverkorene.”

Die man kyk af. Wag vir haar om te praat.

Dis asof die sterre na haar luister as sy vir haar ma kyk.

“Ek wil huis toe gaan, Amai.”

“Kom ons gaan, uKhethiwe.”

Sakrament

Daar is niks gebruikliks aan hierdie Paasvrydag nie, dink Driekie, toe sy die krane van die bad oopdraai. Dit reën; dis koud en dit voel asof sy in 'n ander land is. Maar hulle is in Johannesburg, nie êrens in die Kaap met vakansie of by haar skoonouers op die Weskus nie. Die kinders is besig met hulle eie amper-grootmenslewens. Niks hoef weggesteek te word nie. Paashase en blink eiers en 'n groot ontbyt is onnodig. Sy kan rustig regmaak en vroeg kerk toe gaan.

Sy stamp die koffie in die bad om. Klim in elk geval in. Sy kan tog nie soveel water mors nie. Sou haar vel vandag na koffie ruik? Kan sy haarself vandag ooit silwerskoon was? Sy smeer vanielje-gegeurde room aan haar lyf. Vanielje-koffie. Vir 'n oomblik wonder sy of sy nie die kerk moet los en in die warmte van haar man se lyf moet klouter nie. As dit 'n gewone Sondag was, sou die gedagte sterk genoeg gewees het om haar van kerk te laat vergeet. Sy bloos na binne en dink: daar's altyd weer tyd vir liefde maak. Later – dis 'n langnaweek. Vandag is nagmaal.

Haar man maak sy oë oop. Sy sien hy sien wat sy dink, sy sien hy wonder of sy nie net dié een keer haar naaswit nagmaalklere wat sy die vorige aand al gestryk en sorgvuldig in die spaarkamer reggesit het, sal laat lê nie. Die sykouse, die vollengte onderrok, hoëhakskoene wat na al die jare se nagmale nog ongedra lyk, die pêrelhalssnoer en oorkrabbertjies wat sy met haar eerste bonus vir haarself gekoop het, selfs die onderklere wat sy net elke vier maande aantrek.

Sy sien haar man se plooië, sy gelate omdraai. Is dít wat sy aan hom doen met hierdie hardkoppige sakrament, wonder sy. Toe hulle nog jonk-getroud was, het hy haar eenkeer daaroor gespot. Sy onthou dit was toe sy besig was om die wit damas-somersjassie se patroon uit te lê op die eetkamertafel.

“Dis nie asof jy Jesus in lewende lywe gaan ontmoet nie, Skattebol, hoekom smuk jy jouself so op – mens sou sweer jy trou met hom? Jy's mos nie 'n ou non nie, jy's my engelboud.”

Sy het nie verduidelik nie. Hoe kon sy? Die belofte wat sy as sewentienjarige gemaak het, het dit verbied. Dit was sterker as kerklike tug of haar man se misnoeë.

Sy wou alles vertel van haar ouma se maroen rok, van haar aanneming en voorstelling en haar ma en pa wat wel nog lewe. Erken dat sy nie werklik wees is nie. Bieg oor die kelkies. Maar sy't net die patroon in die damas toegerol, dit in die naaldwerkkas weggepak. Die volgende dag ongebleikte linne gaan koop.

Die witter as wit, half-uitgesnyde, ongestikte bondeltjie damas lê steeds bo-op haar groen blik met die kelkies in. Sy vryf elke vier maande daaroor as sy die blik oopmaak, die kelkies tel en een byvoeg. Die witter-as-wit lap is 'n berisping, 'n teken van hoe amper sy haar belofte verbreek het. Haar nagmaalklere is nie meer wit nie. Dis ivoor, beige, room – die nuutste uitrusting is naaswit met karamelkleurige omboorsel. Haar man het nog nooit weer iets oor haar nagmaalklere gesê, of haar sy engelboud genoem nie.

Vandag is werklik anders. Sy jaag nie kerk toe nie. Daar's tyd. Die mans wat by die robot sit en wag dat iemand hulle oplaai om in tuine te werk, vra nie vir geld, piece-jobs of brood nie. Sy maak nie die venster toe nie, al reën dit. Sy sluit nie die deur nie, al is sy alleen. Sy stop wel by die robot. Niemand verkwansel asbliksakke, hangers, die Groot Vyf op spieëls, of dagga aan haar nie. Sy sien hoe die oranje lig rooi word. Daar's geen karre nie. Nogtans wag sy. Dit word groen. Sy ry.

By die kerk sien sy net die dominee se kar. Is sy so vroeg? Dalk is die nagmaal by 'n ander kerk. Sy stap in om hom te vra. Daar's sewe rooi kerse in 'n kandelaar in die voorportaal. Die wind waai die was sodat dit op die kanttafeldoek drup. Sy dink aan York Munster waar sy sewe jaar terug sewe gebedskersies gekoop en opgesteek het.

Dankie vir my man, God, my seun, God, my twee dogters, God. Dankie dat u my gehelp het om weg te kom. Dankie dat u my help om my mond te sluit. Vergewe my ma en my pa. Help my om my lieg end-uit te hou. Beskerm my kinders en man van my valsheid.

York se besoek was net na haar ma se dood. Net nadat haar pa haar vir die eerste keer gekontak het sedert sy weggeloop het. *Hallo Pop, slegte nuus*. Na vyf-en-dertig jaar? *Hallo Pop?* Asof niks gebeur het nie – asof sy net

in haar kamer besig was om haar kas reg te pak. Wat moes sy doen? Wat kon sy doen? Haar lewe weggooi en begrafnis toe gaan? Haar belofte aan God verbreek? Sy moes landuit, ver weg. 'n Geldige verskoning aanmekaar weef vir haarself, haar man, haar kinders. Mense vergeef jou baie dinge as hulle dink jy is 'n weeskind. Aan haar man en kinders het sy vertel dat aunty Nan, haar kinderhuistannie, in Engeland dood is en dat sy haar in York moet gaan groet. Natuurlik het hulle haar geglo. Dit is tog danksy die Engelse tannie se opoffering en moeite dat Driekie bo haar agtergrond van armoede en weeshuismaniere kon uitstyg.

Vir haarself moes Driekie 'n manier vind om die begrafnis, die familie, haar pa se verdriet, haar neefs en niggies se jammerte, die vermakerige huldeblyke van haar ma se string vriendinne, sommer die hele spul te vermy. Sy moes weer wegloop – verder weg, van die vasteland af.

Op die dag van haar ma se begrafnis het sy ure lank na die roosvenster in York gekyk totdat die werklikheid van haar ma finaal verdwyn het. Die brosjure het vertel dat die venster voor die oorlog uitmekaar gehaal en in 'n kelder weggesteek is. Dit is die enigste brandglasroosvenster in Europa wat uit die oorspronklike glas bestaan. Al die ander is blykbaar deur bomme getref. Sy sou die prentjie uitmekaar skiet in haar kop: die helder groen stukke het soos die vals gras om 'n graf geskyn, die rooi en pienk en oranje was roosblare wat snikkend op 'n donker kis val. Sy't geweet dat die blomme op die kis nie wit sou wees nie – haar ma het varkore en St. Josephs gehaat. Dit sou 'n bont spul wees. Angeliere, rose, tierlelies, affodille, delfiniums, renonkels, selfs 'n rooi ridderspoor of ses. Haar nek het in 'n spasma gegaan, maar sy het bly kyk tot die laaste klank van die begrafnis, die laaste hoenderboudjie en frikkadelletjie wat die susters gemaak het, die oker van die whisky, die rookwalms, die gefuif en gesnik vir ewig uit die venster verdwyn. En toe het sy kersies gekoop en gebid dat haar lieg hare sou bly en nie aan haar man en kinders sou afsmeer nie.

Dit was die enigste keer in vyf-en-dertig jaar dat sy nagmaal gemis het. Selfs na die geboorte van hulle kinders het sy nog met haar gesmokte, ivoorkleurige kaasdoekrok in die moederskamer onder die oë van al die nuuskierige ma's en oumas dit reggekry om die heilige sakrament reg te vier.

Vandag is die honderd-vyf-en-sestigste herdenking van haar besluit, haar voorstelling by die kerk. Sy onthou die gebeure soos 'n insettel op 'n televisieprogram.

Toneel een

'n Ligblou Toyota-bakkie ry agteruit uit die inrit van 'n armoedige spoorweghuis. Langs die inrit is daar 'n bedding geel, pienk, rooi, oranje en bruin dahlias in vol blom. 'n Huilende meisie in 'n ou-tannie-maroenkleurige fluweelrok en swart skoolskoene, hardloop agter die kar aan. Sy dra 'n Bybel en 'n wit handsak. Die bakkie stop. 'n Jong man in 'n grysblou pak klim uit. Maak die passasiersdeur oop.

Toneel twee

In 'n kerk. Kamerahoek van die kansel af. Behalwe vir die voorste twee rye naaste aan die preekstoel, is die kerk stampvol. Vrouens met hoede, mans met dasse. Swaar orrelmusiek. Twee rye jongmense kom aangestap in die twee gangetjies. Die gemeente se koppe draai na hulle. Die meisies links, die seuns regs.

Die meisies dra almal wit klere. Hulle word gevolg deur 'n tannie in 'n maroen rok. Nee, dis nog 'n meisie, dis die meisie uit toneel een. Hulle gaan sit. Dogters in die voorste ry, seuns net agter hulle.

Die dominee praat. Die diakens staan op. Die dominee bid.

Hy gee twee silwer borde met blokkies brood vir twee diakens aan. Hulle hou dit vir die jong mense. Twee skinkbordjies met kelkies aan twee diakens. Elke jongmens vat een kelkie. Die meisie in die maroen rok ontvang haar brood en kelkie wyn laaste.

Almal bid, eet, drink, bid.

Die meisie sit die kelkie in haar handsak.

Toneel drie

Maroenkleurige kollektesakke word van persoon na persoon aangegee. Elke gemeentelid plaas 'n noot of 'n muntstuk in die sakkie. Almal laat sak hulle koppe. Die meisie in die voorste ry ontvang die kollektesakke op haar skoot.

Die dominee begin bid. Die diaken wat langs die meisie staan, maak sy oë toe. Die meisie haal al die note uit en druk dit in haar handsak.

Toneel vier

'n Bus vertrek. Op die wit bordjie voor in die bus staan "Johannesburg". In die venster van die voorste sitplek sit die meisie in die maroen rok. Nabyskoot van haar geklemde hande oor die volgepropte wit handsak. In haar hand het sy 'n leë kelkie.

Driekie skrik en kyk rond. Sy het heeltemaal weggeraak in haar verlede hier by die rooi kerse. Sy wonder waar die gemeente is. Die kerk is altyd vol met nagmaal. Kan mense nagmaal kanselleer, wonder sy. Dis tog ingestel deur God, 'n geestelike gemeenskaps- en verbondsmaal. Miskien is sy vroeg. Dan sien sy die blaadjies netjies op mekaar gestapel.

Natuurlik, dis Stiltengnagmaal – sy't vergeet. Dominee het afgekondig dat vandag anders sal wees; dat hy die prosedure van die dag op die afkondigingsblaadjies sal druk; dat almal verantwoordelik is vir hulle eie bediening; dat die gemeente tussen agt en twaalf op 'n tyd wat hulle pas kerk toe kan kom en die nagmaal nuttig soos hulle wil. Nagmaal vier mens nie net op een manier nie, het hy gesê. Sy tel 'n blaadjie op, stap vorentoe. Sien die gedekte tafel voor in die kerk. Kelkies op kelkies wyn in silwer gaatjie-skinkborde. Blokkies witbrood, presies gesny. Sy gaan sit op haar gewone plek in die kerk, al is daar geen ander mense nie.

Alles is anders. Dis nie orrelmusiek nie, dis die Weense seunskoor. Sy maak haar oë toe.

Toneel vyf

"Middag Oom. Waar's Hendrieka, Oom?"

"Ons het haar vir 'n donkie verruil en toe die donkie doodgeskiet."

Haar ma lag onophoudelik. Vat 'n sluk brandewyn. Stik. Snork. Alles wat haar pa sê is mos altyd skreeusnaaks.

"Ek het gedink ek kan haar kom oplaai vir kerk vandag. Ons word aangeneem en voorgestel."

“God is goed dat hy ons uiteindelik van haar verlos. Wie wil haar aanneem? Aan wat wil julle die kind voorstel? Sy dink reeds sy’s beter as ons. Is daar ’n celebrity vandag in die kerk?” Haar ma knyp-knyp met haar bene van die lag. Haar pa skree binnetoe na haar kamer. “Hendrieka, klink my jou nuwe broer het jou kom haal. Moet hom net nie bykom nie hoor, dis bloedskande!”

’n Paar mense kom sit agter haar. Niemand praat nie. Groet nie. Dit voel soos ’n vreemde land waar almal toeriste is. Die locals is weg.

Die tafel is net vir haar gedek. Daar is torings wynkelkies en flikkerende skynsels. Sy kyk boontoe, sien die kandelare met kerse. Hierdie borde en brode is altyd gereed. Dis God se troon. Dis orals wees op dieselfde tyd. Hyperlink time. Skype. Die omgekeerde van repos ailleurs.

Sy skrik, die dominee is skielik daar. Hy staan op die verhoog, sy onder by die trap. Is dit nie hoe dit in Rooms-Katolieke kerke is nie? Moet sy haar tong uitsteek, wonder sy. Hy wys na die trappe. Een, twee, drie. Sy staan langs die tafel. Die dominee vat haar hand. Haar maag draai, sy kan nie vir sy oë kyk nie. Sy regterhand se duimnael is ’n swart halfmaan. Kort naels. Vierkantige vingerpunte.

“Jy weet van hierdie brood as sy liggaam en hierdie wyn as sy bloed.” Hy sit drie blokkies brood in haar regterhand. Vou dit toe. Iemand snak na asem. Dis sy. Een kelkie wyn in haar linkerhand. Sy’t ’n handjievul Christus, ’n slukkie bloed. Sy asem in, drie trappies, soek die bank met haar Bybel, sit. Asem uit. Haar hart bons, haar hele lyf bewe. *God. Is dit hoe dit is om by U te wees?*

Soek ’n sneesdoekie in haar handsak. Kan sy wegkruip tussen hierdie houtbanke? Sy wil bid, maar daar is nie woorde wat werk vir hierdie ruimte in haar kop, haar lyf, haar hele selwers nie.

Sy lees weer die teksvers op die blaadjie. Eet die broodjies, drink die wyn. Sy rol die woorde in haar mond, dan sluk sy dit. *Vergewe my, God, vergewe my.* Lank sit sy tjoepstil. Sy kyk na die kelkie, dan na haar handsak. Sy pas die kelkie sorgvuldig in die gaatjie van die rakkie in die houtbank voor haar.

Laat dit staan.

Dan neem sy haar Bybel, haar handsak, staan op en stap uit.

Alles is anders en alles is dieselfde. Die klein detail van God se vergifnis is orals. Anderdag is dit dalk die stad met die hoogste misdaadsyfer. Nie vandag nie. Vandag is sy ook vergewe. Sy asem die fees van een perfekte dag in deur haar koffie-en-vanielje vel.

Driekie ry huis toe. Dit reën steeds. Die dag is vol towerdinge. Druppels water. Sirkelplakkers op haar kar se voorruit. Robotte wat skyn soos die roosvenster in York Munster. 'n Geelhoutboom wat nuwe groen takkies uitstoot. Een perfekte aarbei in haar tuin. Rooi Chinese lanternblomme, ronde rooi peppadews aan die bos. Gemmerplantblom se geur is soet. Selfs die bossies en wilde gras is mooi vandag. Driekie weet wat sy moet doen.

Toneel ses

Honderd-vier-en-sestig glaskelkies staan op 'n modderige sypaadjie in die reën. 'n Nege-en-vyftigjarige vrou, kaalvoet en papnat in 'n naaswit rok met karamelkleurige omboorsel, sit op haar hurke en kyk hoe die water in die glasies plons en dan oorloop. Sy staan op, vee haar modderige hande gemaklik aan haar klere af. Sy loop deur die hek, maak dit toe, glimlag in die rigting van die kelkies. Dan draai sy om en stap by haar huis in.

Vakansietog

Hier sit ek weer, dié keer plat op die grond.

Met ons wittebrood is ons die eerste keer hier verby. Theo moes aftrek en kywie hou. Ek was skaam om voor hom te piepie. Hy moes sy rug draai, vingers in sy ore druk en hardop “As ek moeg word vir die lewe in die stad” sing. Al die versies.

Vir die afgelope drie-en-dertig jaar onthou ek, elke keer as ons hier verby ry kus toe, die warm stroompie wat in hurkende haastigheid oor my voet loop en die donker grond om die pers veldblommetjies. Ek onthou my warm wange. Dan bloos ek weer en onthou hoe ek gesukkel het om die *step-in* oor my broekie op te trek. Ek was so haastig om van die donker kol weg te kom dat ek vergeet het om seker te maak die *suspenders* is vas aan my sykouse. Eers in die motor toe ek my bene ewe netjies kruis, sien ek die gras en stokkies wat aan die sykous vasklou en die sykous wat om my enkel en hoëhak- *going-away* regterskoen lê. Dan bloos ek sommer weer. Die kous was ook effens nat.

“Trek die goed uit en ry kaalpoot,” het Theo aangeraai.

Ons ry altyd hier verby na ons vakansiehuisie by die see. Die eerste paar jaar het ons in ’n gastehuis gebly. Theo het besluit die vakansiehuis kan eendag ons aftreeblyplek word. Elke Desember het ons aan die huisie gewerk. Elektrisiteit ingesit, kamers aangebou, verlede jaar ’n groentetuin aangelê sodat ons aftrede hierdie jaar makliker sal wees.

Ons het deur die jare gesien hoe die stuk veld verander. Op ’n tyd was dit ’n mielieland, soms het sonneblomme oopgesig vir ons gelag, later hawer, vir ’n jaar of twee was dit selfs ’n aartappelland. Uiteindelik weer veld met ’n paar beeste. Deesdae is dit ’n plakkerskamp. Mense slaap waar ek gepiepie het.

Die grondpad het teerpad geword, later ’n dubbele deurpad, nou is dit ’n tolpad. Belaglik dat die busse onregmatig op die middelmannetjie tussen die besige paaie stop. Hoeveel keer het Theo nie voorspel dat hier nog ’n groot ongeluk gaan plaasvind nie. Kon die regering nie maar ’n brug vir die duisende mense wat hier woon bou nie? O ja, hierdie mense is plakkers, nie mense nie. Daar word net voor stemtyd aandag aan hulle gegee. Maar dis

darem die hoofroete tussen KwaZulu-Natal en Gauteng. Wat van 'n ordentlike stilhouplek, 'n motorhawe waar mense petrol kan ingooi, neuse poeier, 'n koffietjie drink.

Theo is vort met die bakkie om te gaan hulp soek.

Ek sit hier, plat op die grond; 'n vrou se kop op my skoot. Net nou-nou nog het sy beweeg. Sy het dinge gedink, planne gemaak, was êrens heen op pad.

Ek sien haar weer: 'n vrou met 'n swaar sak meel op haar kop. 'n handdoek rooi om haar lyf gevou. Ek het gewonder of sy een van die vrouens is wat pap en vleis op die strate verkoop, of sy vir haar kinders kom kuier het. Sy kom seker die feestyd saam met familie vier.

Bo-op ons stasiewa is ons dubbelbedmatras vasgebind. Ons tree uiteindelik af en moet darem sag slaap op ons oudag.

Sy moes ons gesien en gehoor het: wit kar, wit matras, wit mense, wit seil wat flap in die wind.

Sy stap voor ons in. Grasieus. 'n "Mama" met 'n sak meel. Ons swaai links; sy ook. Dan swaai altwee partye na regs. Dis 'n dans. Draai ons en swaai ons tot ... die sak gly te stadig deur die lug. Doodsdans.

Nou sit ek hier plat op die grond; 'n vrou se kop op my skoot. Die matras lê eenkant. Alles om ons is gestuif met meel.

Wit, die wêreld is wit.

Vrylopers

Voor julle ingestap het, was daar net 'n paar kliënte wat eintlik amper niks spandeer het nie. Soos gewoonlik op 'n Donderdagmiddag, veral in die winter en in die middel van die maand.

'n Seuntjie wat vislyn soek. Sy pa kom kuier die naweek – hy werk in Richardsbaai – en laas het hy gesê as hy weer kom kuier, sal hy sy seun leer visvang met net vislyn, 'n hoek en bietjie ou pap. Ek onthou vir 'n oomblik die laaste keer toe ek visgevang het. In die einste Westdene Dam, 'n stuk of twintig-dertig jaar terug. Dis tyd om weer so iets te doen. Dalk 'n verrassingspieknik vir my vrou. Ag, ons hoef nie eers lyn saam te vat nie.

Net volgende week Donderdag gaan ek na middagete die winkel toemaak, haar oplaai en mooitjies reguit dam toe ry. Met 'n paar ou brode ja, dan voer ons die eende en klim dalk op die rondomtalie vir 'n paar stadige draaie as daar nie kinders is nie. Ek sal haar vra om daai blommerok aan te trek – dan waai dit bietjie in die wind. Ietsie helders en sag en halflaf so op ons oudag.

Die seun het te min geld gehad. Ag wat, vyf rand die kant toe of daai kant toe maak nie meer 'n gat in 'n windmeul nie. Dis in elk geval tyd om hierdie winkel toe te maak, af te tree, nader aan die kinders en kleinkinders te trek. Dit hou my net besig – niemand van die nageslag sal dit tog wil behou nie. Ek maak al jare lank nie meer 'n wins nie. Koop nie meer nuwe voorraad aan nie. Verkwansel maar wat ek het. So stof ek die gedagtes af, terwyl ek die visvangrak reg rangskik. Kinders ... moet mos aan als vat. Sal later worrie oor die winkel.

En toe daai snaakse ou wat nooit kry wat hy soek nie – al dreutelende in elke gangetjie. Hy't nou wragtag die hele boks koperspykers gekoop. Nege-en-veertig rand vyftig. Hulle maak al jare lank nie meer daai platkop-halfduimspykers nie. Seker omdat geysers deesdae van vlekvrue staal gemaak word. Vreemd dat ek juis gister afgekom het op die boksie in die stoor. Lê seker al tien jaar daar onder die rol tou. Vandag kon die snaakse ou uiteindelik kry wat hy soek. Vyfhonderd persent wins in tien jaar se tyd op een boksie spykers! My pa sou trots gewees het. Dis hoeka tyd dat ek by my pa en ma se graf gaan bossies uittrek. Raad vra oor die winkel wat nog steeds

my pa se naam dra. HP-hardeware. Ek dink nie daar leef nog iemand wat die oorspronklike eienaar geken het nie. Ek onthou hoe ek as kind gespeel het dat die winkel 'n tydmasjien is, dat ek enige tyd in enige wêreld kan verskyn en verdwyn. Terwyl ek so na die rooi en blou tape kyk wat kwansuis die liggies van my hardewarewinkeltydmasjien is, stap die swart vrou met die bakbeenkind in.

“Yes master, please. A glass for the window. They came on Sunday. Three men. Took all our money. They hit me on my back. I say I got Aids. And then ... they asked me if my daughter is a girl. I said he is a boy, see, he always wears pants. So they took our money and cellphones and left. A piece of glass for the broken window. It's cold now in the winter.”

Toe gee ek vir haar die glas vir tien rand en sommer 'n ou slot en ketting vir haar hek. Daai mense kom dalk terug – sodra hulle weer selfone het. Einde van die maand se stories.

En toe stap julle in. Eintlik kon ek sien dat ek julle nie sou kon help nie. Julle hande is nie werkershande nie. Dis 'n snaakse tyd vir drie jong mans om by 'n hardewarewinkel in te stap. Ek dog julle het dalk verdwaal, maar toe sien ek daar staan nie 'n kar voor die winkel nie. Julle het gelyk of julle weet wat julle soek. Eers rondgekyk, die geweer uitgehaal, my beursie met net die honderdrandnoot afgevat en ook die tweehonderdrand float en die vier-en-sestig rand vyftig wat ek vandag gemaak het. En toe ek hier val by die skroefierak, sien ek wragtig nog 'n boksie van daai koperspykers.

Julle het rustig uitgestap, al geselsende. Julle het selfs die volgende kliënte gegroet toe hulle instap. Die man en vrou het oor my lyf gebuk, nie daaraan gedink om my hier bo teen die plafon te groet nie.

Eintlik

Hy huur nog sy wiele. Die wiele wat partykeer 'n berg kan beweeg. Al is die berg opgemaak van papier en plastiek. Maar ná môre se run kry hy sy eie. As hy vroeg genoeg begin. As niemand sy lucky steel nie. As daai antie haar woord hou. As ... tj tj tj. Shit. Hy wil nie nou aan sy ma dink nie.

“As die hemel val, dra ons almal blou kappies, Eintlik. Jy weet, ás is net verbrande hout. Hou op met al jou dagdrome. Dit koop nie brood nie. Krismis kom en dan sit jy nog en planne maak vir Easter. As is net 'n woord, Eintlik. Dis koue vuur. Woorde is niks. Hei, Eintlik ... waar gaan jy? Kom hierso; kom help jouse ma na die toilet toe.”

Hy't net geloop. Gedink dit sal haar stil maak. As hy in Jo'burg is en sy in Heidelberg, sal hy haar mos nie kan hoor nie. Hoe sy kerm as sy oor die klippegrond moet sit-sit toilet toe. Hoe die bure en dié se bure haar moet help om hout te kry, kos te maak, alles. Hy het net weggeloop. Nie gedink dat hy haar selfs tot in Jo'burg sal kan hoor nie. Dis nie sy skuld dat sy so lamlendig is nie, dat ... nee, tj tj tj. Hy't nie nou tyd om hierdie dinge te dink nie. Dinke word in die nag gedink. Nou is dit dag. Hy moet doen. Vandag se findings inruil by Frieda. Daarna die rent vir sy wiele betaal. En dan is dit net een nag se dink en dis môre.

Eintlik stoot-trek die waentjie met die groot sak vol papier en plastiek tot by die skaal. Hy't dit reeds ge-sort. Gelukkig is dit net voor lunchtime. Daar is nie 'n lang ry nie. Die ander ouens wag altyd tot na lunchtime sodat hulle nog hier en daar ietsie kan optel. En dan kom hulle in groepe. Maar hy wat Eintlik is, werk op sy eie.

Hy kry sy strokie by Frieda.

“Nog 'n goeie dag, Eintlik. Tell us your secret, Sweetie. How do you do it? Ses-en-vyftig kilogram karton, elf kilogram plastiek. En op 'n Maandag?”

“Dis einde van die maand, Frieda.”

“O, ek sien. Die mense trek en spend, trek en spend en Eintlik is op die job. Jy gaan op in die business, Eintlik. Een van die dae kom werk ek vir jou.”

“Dis reg so. Dankie, Frieda.”

Sy knik vir hom met haar stukkende gesig. Hy knik maar terug. Smile, sê niks. Shame. Dis nie 'n lewe om die baas se vat-en-sit te wees nie. Die

mense sê sy het matriek. *“Matriek is nie ’n matras nie, Eintlik. Jy moet leer,”* praat sy ma in sy kop. Dis nou te laat vir hom. En wat help dit Frieda in elk geval? Sy’s elke einde van die maand te lelik geslaan om ’n ander job te loop soek. Nou bly sy maar die baas se houvrou. Die baas se *vat-en-moer*. G’n se gesittery vir Frieda nie. Dis hoe sy haar bed in ’n Hillbrow-flat verdien. Maar sy het running water en ’n toilet. Tj tj. Elke ding het sy prys. Hy’t al geleer as jy iets wen, dan verloor jy êrens anders. Frieda het dit nie te sleg nie. Dis beter as die gat waar hy bly. Dis hoe die lewe werk.

Matriek is eintlik ’n matras, Ma.

Hy vat sy strokie na die cashier toe. Elf rand vir die plastiek plus vyftig sent ’n kilo vir die karton. Dit gee hom nege-en-dertig rand. Plus die twintig rand van die antie. Not too bad.

Nou na Sizwe toe. Vir die eerste keer die dag smile hy wanneer hy die tien rand vir die rent van die trollie betaal. Môme is dit syne, as Sizwe net nie die prys opskuif nie. *“To rent a tiger, to buy it’s a klipa.”* Tien maal tien. Dis ’n plaas se geld, sou sy ma gesê het. Hy knyp maar die half tigers af soos hy kan. Wanneer laas het hy vleis geëet? Sy maag draai. Kerriebredie met pap. Hy sluk soos hy die geur onthou. Sous met vet wat blink. Beentjievleis, murg.

Dit was by Portia se aftertears party. Pap en sous, koolslaai, beetslaai en *John Sixteen* wat die bure gebring het. Shit. Arme Portia. Tj ... tj. As sy net vir hom geluister het. Weggebly het van die gomgatte. Tik. Opgetik. Eintlik is dit ’n blessing dat sy vroeg gegaan het. Tik los jou nie. Maar nou is sy ou lady ook sonder ’n dogter. Sonder haar voete en sonder hande wat vir haar kan werk.

As hy môme net ... tj ... tj ... wat is dit met hom vandag? As elke as maar ’n flippen coin was, was hy Sol blerrie Kerzner.

Hy sal moet roer. Sizwe wag vir niemand nie. Vandag betaal hy vyf-en-twintig. Veertien rand oor, ’n boyz vir die gat en ’n boyz vir die guard. Dis nie sleg nie. As die guard hulle net nie split nie. En dis Dinsdag. Sopkombuis. Hy moet net seep kry en by die Total die asblikreuk afwas. Hy’s ge-sort vir vanaand. En môme is hy legally ge-wheel. As hy net voor voëltjiespoep in Westdene is met ’n nuwe storie in sy mond.

“Molo, Bhuti.”

Sizwe vra nie vrae nie. Trek net sy oë plat en blaas sigaretrook uit. Kyk die geld stadig deur. Kyk weg, steek die geld in sy broeksak. Dis 'n nuwe broek. Een met sakke wat hulle kindtyd gedink het net die terries dra.

“Yizo-Yizo Sizwe. Thanks, man. I'll bring the last money. Word, Sizwe.”
Sizwe antwoord nie. “... for the trolley, Bhuda.”

Die tien rand wat in sy skoen lê, brand. Sal hy dit solank óók gee? Maak of dit 'n pasella is? Hy wil dit hou vir die upgrade. As hy net eers die wheels het, gaan daar ekstras wees. Hierdie tien rand is sy in-case, sy insurance. Hy kan nie sien wat Sizwe dink nie. Dis die probleem met die municipalities. Hulle is full-blood locals. Hulle sit en wag vir hulle pensioen. Hulle soek side-tjieng. Eintlik is mense soos hy net kleingeld vir Sizwe.

Eintlik wou hy al vir die antie van Sizwe vertel het. Dit sal maklik twintig twintigrand-praatjies wees. Maar die wiel draai. Netnou hoor Sizwe, of hy sign vir die baas. En dan is hy wat Eintlik is, self as. Eerder sommer 'n storie uitdink. Die antie sal nie die verskil weet nie. Sy's clueless.

Soos daai eerste dag wat hy haar gesien het. Hy was besig om deur haar asblik te gaan. Hy onthou hy't 'n paar papiere onder pap-aanbrandsel sien lê. Die pap in sy mond gedruk en al kouend die papiere in sy waentjie laat val.

“Wat soek jy, Meneer?”

Hy't sy taal skoon weggeskrik. Sy was skielik sy juffrou in graad een. Die een wat geweet het as hy wat Eintlik is, nie luister nie. Ook as hy iemand se kos gesteel het, of sy boek verloor het. Dis asof haar oë orals was.

“Niks nie, 'skuus Mevrou, ek wou nog vra maar die ...”

“Ek is nie besig om te raas nie. As ek weet waarna jy soek, kan ek dit vir jou eenkant hou?”

“Plastiek en karton, Mevrou. Vir die recycling plant.”

“Ek sal onthou, ek sal dit in sakke bo in die blik sit. Of is dit beter as dit buite is?”

“Either way, Mevrou. Dankie, Mevrou.”

Toe het hy aangeloo. Sy't stil op die sypaadjie gestaan. Hom stip aangekyk. Haar keel skoongemaak.

“Ekskuus om jou te pla, Meneer. Mag ek jou maar 'n paar vrae vra? Hoeveel kry jy daarvoor?”

Hy het gaan staan. Waarvan praat die vrou?

“En waarheen vat jy dit? En is dit ’n Pick n Pay-trollie daai?”

O, sy bedoel die plastiek. Hy was terug in die hoof se kantoor met die polisie en sy ma toe hulle hom uit die skool gegooi het. Daar was nêrens plek om weg te kyk of weg te kruip nie.

“Skuus, Antie.”

Sy’t gelag. Nader getree, haar hand uitgesteek om hom te groet.

“Ekskuus, Meneer, jy dink seker ek is gek. Ek’s maar nuuskierig. Soek altyd praatjies. Ek skryf stories maar my stories is bietjie op. So enigiets wat anders is as my eie lewe, inspireer my. As jy my van jou doen en late en ander se doen en late vertel, kan ek jou betaal. Nie baie nie,” het sy vinnig gesê, “maar wel iets. Sou jy belang stel?”

Hy’t geknik.

Goed, hier’s twintig rand ... vir vandag se praat. As jy elke Dinsdag ’n draai kom maak met ’n staaltjie, sal ek ook karton vir jou eenkant hou ... en ek het ’n vriendin in Parkhurst wat ’n online-boekwinkel het. Sy moet seker baie bokse kry. Ek sal by haar hoor en jou volgende keer sê. Is dit reg so?”

In sy hand vier blink munte. Vier silwer sirkels. En toe sien hy dis wheels. Die wheels wat die wêreld kan omdraai. Nie wheels op die Pick n Pay-trollie wat amper niks kan vat nie. Dis net ’n Uno. Die wheels van ’n real *Vurra*. ’n V6. As hy een van daai plat trollies kan kry, kan hy dit upgrade. Die mense sal sien hy kan ’n *Lord of the Rings* uit so ’n baby haal. As hy net ’n paar goeie runs het. Tj tj. Hierdie antie het ’n ding begin.

Hy’t eers later self sy plan regtig verstaan. Die plan het so in sy bene kom sit toe hy met die gehuurde trollie begin gly het. Toe hy die eerste keer die pad vat na sy lucky. One time, het hy gedink. Eintlik is jy blerrie lucky, Eintlik! ’n Boekwinkel se bokse, dink net wat jy kan doen met al die geld wat jy so verdien. Ma se kind. Tj tj. Dis nie sommer net ’n tissue-boks nie. Dis ’n boekwinkel se bokse.

Eintlik het die trollie opgesleep met die bult tot bo in Melville.

Opgeklim, die silwer handles styf vasgehou. Homself ge-push-start met sy bene. Die son het net-net begin dink aan wakker word. Die stad het voor hom gelê. Toe weet hy. Free wheelie. Oop voor. Hierdie kan nog die ware wiele word. Hy het die pad gegryp by die toring-B&B verby, geswaai by die

CSIR. Sy timing was spot-on om die robot groen te kry. Toe is die pad oop. Dis syne en hy kon speed opbou in Greenside. Hy was los voor. Op 'n G-string. Oor die brug, links by die golfbane. En dit was plain sailing tot by die huis in Parkhurst met die rooi deur.

“Is reg, Mevrou. Dankie, Mevrou. Nee ek sal vir Antie sê. No problem. Plastiek kry ek by haar, die karton by Mevrou, dis reg, ek kan elke dag kom.”

Dis nog net vanaand. Dan kan hy weer sy kop optel. Nou Total toe. Sop by die kerk. Probeer slaap in die gat. Die betonpype keer net die reën, dit doen niks aan die trek van die wind en die tsotsi's en rotte en die gewoer in sy kop nie. Dit suck. Die plek is vir die lowest van die lowest. Dis die laaste keer dat hy hier slaap op hierdie bubblewrap-matras. As Sizwe hom net nie double-cross nie. As die antie, as die stories, as die lucky ... tj tj. Hy rol homself in die pyp in. Maak seker die checkers-sakke om sy voete is styf vas. Rotte en die tsotsi's ruik mos geld in die skoene. Vanaand sal hy moet ligslaap. Net gou 'n oulaas-storie regkry vir die antie.

Hy het haar al vertel van die sangoma-girl met die twaalf vingers en tone wat by die sjebeen gesit het. Hy wil haar nie vertel van die diewe wat die stert van 'n leeu by die hekke in die suburbs swaai nie. Die mense van die huis en hulle honde raak vas aan die slaap. Hulle weet nie hoe die diewe inkom en uitsoek wat hulle vat en wie hulle rape en hoe hulle lekker in die kombuis sit en kos uit die yskas eet nie. Hulle besef nie hoe maklik dit is om die alarm systems te sidestep as jy 'n leeu se stert het nie. Hy kan nie dit vir die antie vertel nie. Dié storie sal haar heeltemal uit-freak.

Miskien kan hy haar van die mooi girl by die sjebeen vertel. Die mooi girl met die lang hare en die hoë boots en die slits in haar pers rok. Die girl wat eers verskyn as die clients goed gedrink het. Dan kies sy net ene en gaan sit by hom. En sy chat net met hom en luister as hy vertel van sy lewe. En later dan soen sy hom en sê hy kan maar na haar plek toe kom. En dan stap hulle weg van die lawaai van die sjebeen af. Op met die straat en af met 'n ander. En as die dude sê hy is moeg, dan sê sy dis nog net 'n entjie. En dan stap hulle weer. En hulle stap en stap. En dan later kan die dude nie meer nie. Dan val hy. En dis op 'n pers bed en daar's nie mure om die bed nie net lang bome. En sy soen hom en dit word die beste nag van sy lewe. Hulle ry

tot dit lig word. Dan slaap hulle. En as hy wakker word, dan is 'n week weg, en die vrou en die bed is ook weg. En hy lê op 'n graf.

Nee, die antie sal dink hy bedoel dinge.

Hy dink hy sal haar hierdie laaste keer vertel van sy old lady. Van hoe sy môre-aand sal skree-lag as hy met sy last number daar inwheel. Sy eie wheels. Sy sal huil. Haar hande in die lug opgooi. Sy sal die bure roep om te kom kyk. *He is alive! Praise God. My seun is terug. Eintlik is hier!*

Hy sal haar oplaai in style en sê: “Hier’s jou voete, Ma. Kom ek vat jou toilet toe.”

Verklarende woorde

vat en sit: houvrou

tiger: tien rand

klipa: honderd rand

half tiger: vyf rand

boyz: twee rand

John Sixteen: mengelslaai

G-string: BMW-sportmotor

Vurra: twee-liter Golf

V6: ses-silinder-voertuig

Lord of the Rings: Audi

Take-away

Roshni kyk in haar truspieëltjie hoe die garagedeur, terwyl dit afrol, die sonsopkoms verdonker. Dis asof sy na 'n stil film kyk waarin die een toneel uitgegee word deur 'n ander. Buitewêreld van verkeer, ver paaie en haar ouers wat uiteindelik hulle verhouding seën, na 'n binnewêreld van haar en Avi se deeltitelwoonstel. Sy hou van die woord. Dit pas by hulle: dieselfde gevoel oor al die belangrike dinge, maar nogtans gesplits. Die boonste oop vertrek, hulle slaaphoek, is vol lappe, matte en soeweniers van hulle reise. Dis hulle droomruimte. Die onderste vertrek is die praktiese ruimte: oopplan-kombuis en leefvertrek, formele sitkamer en ... wat sit sy nog so en ginnegaap, raas sy met haarself. Sy't juis 'n dag vroeër teruggekom om hom te verras.

Net vinnig bietjie grimering aanwend. Sy skakel die karliggie aan om beter te kan sien. Omlyn haar oë met kohl. Goue oogskaduwee, pruim lipstiffie. Avi hou daarvan dat sy haar Indiese voorkoms beklemtoon. As hulle getroud is, sal sy permanent 'n *bindi* dra. Sy sit 'n titseltjie Neroli-olie aan haar polse – kyk vir oulaas in die spieël.

“Dis alles *dharma*, Roshni,” fluister sy vir haarself.

“Die regte ding op die regte tyd om die regte rede. Jou offer was toe nie verniet nie.”

Sy klim uit, balanseer die houers *Diwali*-kos wat haar ma gestuur het op haar linkerarm en druk dit bo vas met haar ken. Die voordeursleutel is gereed in haar regterhand. Sy stap versigtig deur hulle klein deeltuintjie, ruik die geur van jasmyn en verbleikblom gemeng met *danya*, mint en kerrieblaar. Avi plant die blommegoed, sy die kruie en groente. Sy sluit die deur oop en stoot dit saggies vorentoe. Sy sal die lekkernye eers wegpak voordat sy hom gaan wakker maak met die goeie nuus.

Sy onthou hoe sy die kombuis vir hom gekosjer het. Die yskas en die oond gefnuik vir Sabbat deur stukkies maskeerband te plak op die knoppies wat die oond outomaties laat afgaan en die yskasliggie laat aangaan. Dis tog moontlik om sonder die yskasliggie klaar te kom. En as die oond aanbly van Vrydag-sononder tot Saterdag-sononder kon sy haar eie disse ook warm hou.

Hy moes 'n paar keer die *gramma*-sabbatswet aan haar verduidelik voor sy dit goed verstaan het.

“Jode mag nie gedurende Sabbat aksies uitvoer wat 'n direkte reaksie het nie – werk word belet, dis totaal verbode.”

“Werk is tog so 'n relatiewe begrip, Avi. Hoe definieer ...”

“Ek's nog besig om te verduidelik ... wag eers met jou vrae.”

Hy het die skerp klank in sy stem versag deur met sy mond te glimlag. Net vinnig. En sy het gedink: hy is anders vandat hulle terug is in Suid-Afrika.

“Die geheim is om indirekte reaksies gedurende Sabbat te veroorsaak. Dit is kosjer. So as jy 'n lig aanskakel, maar die lig kom nie onmiddellik aan nie, want daar is 'n vertraging in tyd, is dit 'n tyds-*gramma*. Dis kosjer. Die ander manier is 'n *gramma* wat meganies onregstreeks is. Soos 'n toestel waar 'n muis in 'n wiel hardloop, die wiel laat 'n hamer swaai wat veroorsaak dat 'n sleutel draai en die sleutel laat 'n vuurpyl lanseer. Dis ook kosjer.”

Dis slinks, Avi. Dis nie kosjer nie, het sy gedink.

“Ek sien,” het sy gesê.

Sy het toe, net vir 'n oomblik, gewonder of hulle verhouding ooit sal kan werk. *Gramma* rym nie onderliggend met *dharma* nie. *Gramma* is sekuur en onbuigbaar. *Dharma* is die waarheid van die heelal. En waarheid deur menslike oë is wispelturig. Dit het Shambo haar geleer.

Die *milchik* het sy van die *fleishik* geskei. Avi se belofte het dit maklik gemaak. “Kom ons gaan terug na ons land. Ek wil jou ook in Suid-Afrika liefhê. Ek belowe om geen vleis in die huis in te bring of gaar te maak nie.” Maar hy kon natuurlik nie verantwoordelikheid neem vir sy ma en pa nie. Is dit ook *gramma*, het sy gewonder? Avi se ouers sou soms by hom kom kuier en spesiale disse bring. Jode, soos Hindoes, wys liefde deur kos. So die *fleishik*-rak was in beginsel slegs vir skyn. 'n Leë rak uitgesonder vir sy ouers. Haar en Avi se kos was altyd *pareve* of *milchik*, op die tweede of derde rak.

Haar ou kombuisgoed het sy vir haar boetie gegee. Hy was in die wolke.

“En om te dink ek was eers oortuig die ou gaan jou seermaak, Sus. Nou koop hy alles nuut vir jou kombuis. En ek score big time. Wanneer trou julle? Dalk kry ek dan jou dubbelbed en sitkamerstel.”

“Opportunis!” het sy hom geskel.

Sy het drie stelle potte, panne, messegoed en breekgoed uitgesoek. Gelukkig is feitlik enige kombuisware in enige kleurskakering bekombaar. Wit of deurskynende glasware en plastiek vir *milchik*. Groen en hout vir *pareve*. Swart vir *fleishik*.

Sy het plek gemaak vir *fleishik* omdat Avi verstaan het van Shambo. Sy het swart gekies omdat Shambo se vel so blinkswart was, sysag. Sy oë diep poele van wysheid. Dit was haar offer. Om die moontlikheid van *fleishik* vir Avi oop te los. Sodat hy elke dag kon kies, soos hulle mekaar se liefde kon kies bo die wette van die wêreld.

Sy wonder hoe haar lewe sou wees as Shami Shri Suryandandaji nie drie jaar gelede vir haar die taak gegee het om die joernalis deur die Skanda Vale tempel in Wallis te begelei nie. Sy moes die joernalis inlig oor die heiligheid van lewe en hoekom hulle nie kan toelaat dat die regering Shambo doodmaak nie. Die joernalis met die lang hare en die verweerde denim was anders as die regeringsamptenare. Haar vriendin het nog gefluister dat hy soos ’n hedendaagse Jesus lyk. Hy was die enigste een van die media wat regtig wou weet hoekom hulle die bul, wat positief vir TB getoets het, nie wil laat doodmaak nie.

“Om ’n heilige bul van die tempel te slag, is onmoontlik vir Hindoes. Deur Shambo dood te maak, word die kern van ons geloof aangeval.”

“Maar Shambo is ’n bul, ek dog dis net koeie wat heilig is ...”

“’n Koeie simboliseer moederskap en ’n bul verteenwoordig die vader wat die grond bewerk en graan verskaf. Koeie en bulle verteenwoordig saam alle lewe, selfs alle inkarnasies van God.”

Hy het ’n blommestring om Shambo se nek gehang, sy kop gestreel terwyl hy diep in Shambo se oë kyk. Hy het gefluister: “Dis mos *dharma*, Shambo. Ons moet die regte ding op die regte tyd, om die regte rede doen.”

Sy was verdwaas. Dat iemand van ’n ander geloof dit kon verstaan. Dat hy weet wat *dharma* werklik is. Dit was ’n teken, het sy gedink. Sy artikel het opslae veroorsaak: “Dharma be damned, says the government.” Geld en briewe van ondersteuning het ingestroom. Die feit dat dit juis ’n Joodse joernalis is wat probeer om ’n heilige bul vir ’n Hindoe-gemeenskap te red, het mense aangegryp.

Hy kon Shambo nie red nie. Landswette is sterker as hartswette, sterker as die regte ding op die regte tyd vir die regte rede. Shambo het slegs drie dae langer geleef as gevolg van Avi se artikel.

Sy onthou elke oomblik van Shambo se laaste dag. Die dreunsang voor sy tempel, die rooi en oranje lappe, die olie, gebede. Sy het self die borrie in 'n sirkel om Shambo gestrooi, sy kop vasgehou terwyl Shami Shri Suryandandaji die lepelsvol Ganges-water vir hom voer. Hulle het deur die nag vir Shambo gebid. Avi was die heelyd naby haar. Selfs toe die regering se mense met hulle blou veiligheidsuniforms die hek oopbreek, die gelowiges wegstuur en Shambo na die trok toe lei, het Avi by haar gestaan. Hy het nie die mantras geken nie, maar sy het gehoor hoe hy saam neurie.

Dis asof God dit bestem het dat hulle dáár sou ontmoet. Dat hy haar sou troos. By Skanda Vale, die plek van die “Gemeenskap van die baie name van God”. En sy naam is Avi, 'n verkorting van Avatar, al stry hy daaroor. En al noem Avi God anders as sy, is God van baie name seer sekerlik groter as enige naam. In Skanda Vale kon sy nie bly na Shambo se dood nie. Sy moes uit Wallis uit.

Daarom kon sy haar kombuis vir hom kosjer. Enigiets *fleishik* sou bo-op die klein rakkie kom. Dahl, bone, groente is *pareve* en dit kom in die middel van die yskas. Dis die neutrale gebied. Heel onder, op die grootste rak, *milchik*. Kase, joghurt, melk, botter.

Sy het die wasbak geskrop nadat hulle vir 'n naweek weg was na sy ouers toe. Dit met kookwater volgens *kashrut* gereinig. Groot groen, wit en swart skottels gekoop om die skottelgoed in te was. Die nuwe skottelgoedwasser is net vir *milchick* en *pareve* gebruik. Gelukkig het haar kombuis drie kaste met twee laaie elk. Sy het selfs afdroogdoeke en sponsies in drie kleure aangeskaf. Eers later het Avi se ma verduidelik dat dit onnodig is. Vadoeke word gekosjer deur dit gewoonweg in 'n wasmasjien te was. Dis net gedurende Pasga wat niks in kontak met rysmiddels moet kom nie.

Die gedagte dat dit wat jy eet, 'n impak op jou siel het, was nie vir haar vreemd nie. Dis hoe sy ook grootgemaak is. Wat ook al in jou gees gebeur, manifesteer in jou lyf. Jou innerlike word gevoed deur jou fisieke. As jy die

energie wat kos verskaf, aanwend om die wêreld te verbeter, word kos self geestelik.

Roshni stap deur die TV-kamer na die kombuis met haar arms vol lekkernye. Sy kan nie nou haar kop draai om mooi te kyk nie, maar dit lyk of daar dekens en kussings op die vloer lê. Daar is ook 'n leë bottel wyn en twee glase op die vloer. Avi het seker vriende oorgehad vir Sabbat. Sy moet gou maak – hy gaan enige oomblik wakker word. Sy kyk op na hulle slaapruiimte aan die bopunt van die trap. In die halfdonker sien sy sy slapende rug.

Sy sit die houers op die kombuistafel. Hou die een met sy gunsteling sweetmeat, chanamajadsh, eenkant. Haar mond water self: gekaramelliseerde *ghi* en suiker, keuker-ertjiemeel, kardemom. Liefdemaakkos. Sy moet net gou die res bêre voordat sy hom gaan wakker maak.

'n Foto van haar en Shambo wat Avi geneem het, is op die yskasdeur geplak. Soos altyd raak sy daaraan en fluister 'n mantra. Sy wonder of hulle terug Skanda Vale toe behoort te gaan vir hulle wittebrood.

Sy maak die deur oop. Dis donker in die yskas want dis nog vroeg – natúúrliek, dink sy: dis die oggend na Sabbat.

Op die boonste *fleishik*-rak is twee wegneemkoshouers. Sy's skoon verdwaas. Het sy ouers kom kuier? Die houers is van "Just Samoosas". Daar is 'n etiket op: "Beef".

Sy sien die blinkswart vel van Shambo. Sy oë wat *Dharma* verstaan, nie *Gramma* nie.

Sy hoor Avi se gaap. Daai lang uitgerekte gaap wat hy altyd in die middel verander sodat dit kamstig na Tarzan se roep klink.

"Me Tarzan, you Jane." Sy't seker die yskas te hard oopgemaak – hy weet sy's terug.

Sy weet wat sy nou gaan hoor. Sy voel hoe haar hele lyf verhelder. Glimlag boontoe. Maak haar mond oop om haar Jane-kreet terug te giggel.

'n Skel vrouelag laat haar vries.

Sy kyk op, bed toe. Sy sien: Tarzan pen vir Jane vas. Dis heeltemal onwerklik, dis onmoontlik: hier staan sy dan, hier onder.

Sy kyk terug na die yskas. Sien haar hand wat die yskasdeur vashou. Die hennapatrone wat haar ma op haar vel geteken het in voorbereiding op die bruilof.

Sy wens skielik dat sy haarself kan wegpak, sommer net hier in die yskas. Waar sal sy pas, *milchik*, *pareve*, of op die vleisrak?

Dalk moet sy met die trap opstorm, mes in die hand, sy penis afsny. Soos 'n Joodse skuldoffer sy bloed uitlaat.

Roshni haal die "Just Samoosas" uit die *fleishik* rak uit, sit dit doelgerig op die onderste rak. *Milchik*. Neem die melk en sit dit op die boonste rak. Met haar naels krap sy die maskeerband af van die knoppie in die deur van die yskas wat die liggie laat aangaan.

Die beesvleis in die yskas is nou helder verlig.

Shambo (2001-26 Julie 2007) was 'n heilige bul van die Hindoe Skanda Vale Tempel naby Llanpumsaint in Wallis. 'n Roetine-veltoets het aangedui dat Shambo in kontak met die Mycobacterium bovis-virus was. Die Departement van Omgewingsake, Voedsel en Landelike Sake het bepaal dat hy van kant gemaak moes word. Die besluit is teëgestaan deur die Hindoe-gemeenskap en in 'n hofgeding is bevind dat die regering nie Artikel 9 van die Europese Konvensie vir die Beskerming van Menseregte en Fundamentele Vryheid (vryheid van geloof) onderhou het nie. Die Walliese regering het egter appèl aangeteken, en die Appèlhof het die teregstelling van Shambo op 23 Julie 2007 toegestaan.

**DIE VERGESTALTING VAN SKULD EN VERGIFNIS IN 30
NAGTE IN AMSTERDAM (ETIENNE VAN HEERDEN)**

Mini-verhandeling

deur

Roela Hattingh

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

September 2013

Samevatting

Skuld en vergifnis is komplekse konstrunkte wat deur die eeue in verskillende religieuse, sosiologiese, psigologiese, wetlike en private sfere ontwikkel het en steeds ontwikkel. Hierdie konstrunkte word gesien as deel van die menslike kondisie.

Hierdie mini-verhandeling lewer 'n ondersoekende literêre oorsig na die ontwikkeling van die konstrunkte skuld en vergifnis, met spesifieke verwysing na:

- bestaande perspektiewe en post-strukturele teorieë aangaande skuld en vergifnis;
- aspekte van skuld en vergifnis wat neerslag vind in die politieke, sielkundige, sosiale, filosofiese en religieuse domeine;
- die metodiek en ritueel rondom die gee en ontvang van vergifnis.

Die navorsing stel voor dat skuld en vergifnis as ideologiese raamwerke kan dien om die wêreld, samelewing en letterkunde te analiseer.

In die ontleding van die roman *30 nagte in Amsterdam*, deur Etienne van Heerden (2008), word aangetoon hoe aspekte van skuld en vergifnis verbeeld word deur die gebruik van die volgende narratiewe strukturelemente: karakters en karakterisering, plot of intrige, verteller en perspektief, tyd en ruimte.

Sleutelterme

Skuld, vergifnis, onvergeefbare skuld, onvoorwaardelike vergifnis, voorwaardelike vergifnis, restoratiewe geregtigheid, reparasie, politieke vergifnis, amnestie, derdeparty-vergifnis, selfvergifnis, vergifnisrituele, ubuntu, Etienne van Heerden, *30 nagte in Amsterdam*.

Abstract

Guilt and forgiveness are complex constructs that have developed through the ages and in different religious, sociological, psychological, legal and private spheres. These constructs are considered part of the human condition.

This mini-thesis offers an exploratory literary outline on the development of the constructs guilt and forgiveness with specific reference to:

- current perspectives on and post-structural theories of guilt and forgiveness;
- aspects of guilt and forgiveness that manifest in political, psychological, sociological and religious domains;
- the methodology and rituals that are concerned with the acts of giving and receiving forgiveness.

The research proposes that guilt and forgiveness can serve as ideological approaches when exploring the world, society and literature.

In the analysis of the novel *30 nagte in Amsterdam*, by Etienne van Heerden (2008), the manifestation of guilt and forgiveness are analysed by means of the following narrative structural elements: characters and characterisation, plot, narration and perspective, time and setting.

Key words

Guilt, forgiveness, the unforgivable, unconditional forgiveness, conditional forgiveness, restorative justice, reparation, political forgiveness, amnesty, third-party forgiveness, self forgiveness, forgiveness rituals, ubuntu, Etienne van Heerden, *30 nagte in Amsterdam*.

INHOUDSOPGAWE

SAMEVATTING	2
SLEUTELTERME	2
ABSTRACT	3
KEY WORDS	3
HOOFSTUK 1	6
PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING VIR EN ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE	6
1.1 INLEIDING EN KONTEKSTUALISERING	6
1.2 PROBLEEMSTELLING	9
1.3 MOTIVERING VIR DIE STUDIE	9
1.4 DIE RESEPSIE VAN <i>30 NAGTE IN AMSTERDAM</i>	11
1.5 ONTPLOOIING VAN STUDIE	13
1.6 METODOLOGIE	14
1.7 SAMEVATTING	15
HOOFSTUK 2	16
TEORETIESE AGTERGROND	16
2.1 INLEIDING	16
2.2 <u>SKULD</u>	16
2.2.1 ONVERGEEFBARE SKULD	20
2.2.2 DIE TERM <u>SKULD</u>	21
2.2.3 ERVARING VAN SKULD	23
2.3 <u>VERGIFNIS</u>	26
2.3.1 UITGANGSPUNT	27
2.3.2 DEFINISIE VAN <u>VERGIFNIS</u>	30
2.3.3 NIE-VERGIFNIS	33
2.3.4 VERSKILLENDE RAAMWERKE	35
2.3.4.1 VERGIFNIS IN GODSDIENSTIGE KONTEKS	35
2.3.4.2 VERGIFNIS IN POLITIEKE KONTEKS	40
2.3.4.3 VERGIFNIS BINNE SIELKUNDIGE KONTEKS	42
2.3.4.4 VERGIFNIS BINNE DIE RAAMWERKE VAN FILOSOFIE, SOSIOLOGIE EN NARRATOLOGIE	44
2.3.5 VERWANTE BEGRIPPE	53
2.3.6 Tipes VERGIFNISSE	60
2.3.6.1 METAFISIесе VERGIFNIS	61
2.3.6.2 ONVOORWAARDELIKE VERGIFNIS	62
2.3.6.3 VOORWAARDELIKE VERGIFNIS	64
2.3.6.4 RESTORATIEWE GERECHTIGHEID EN VERGIFNIS	64
2.3.6.5 REPARASIE	65

2.3.6.6	POLITIEKE VERGIFNIS / OORGANGSJUSTISIE	67
2.3.6.7	DERDEPARTY-VERGIFNIS	67
2.3.6.8	GROEPSVERGIFNIS	68
2.3.6.9	SELFVERGIFNIS	69
2.3.6.10	VOLWASSE EN ONVOLWASSE VERGIFNIS	71
2.3.7	VERGIFNISRITUELE	71
2.4	SLOT	76

HOOFSTUK 3 **79**

DIE VERGESTALTING VAN DIE TEMA SKULD EN VERGIFNIS IN 30 NAGTE IN

AMSTERDAM **79**

3.1	INLEIDING	79
3.2	OPSOMMING VAN DIE TEKS	81
3.3	KARAKTERISERING	85
3.3.1	HENK DE MELKER	86
3.3.2	ZAN DE MELKER	103
3.3.3	MAOLIVIER DIE AANSIENLIKHEID EN KYTIE	119
3.3.4	DOMINEE, DOKTER, ONDERWYSER, KLABOET, VEILIGHEIDSPOLISIE-AMPTENARE	120
3.3.5	SOBUKWE-SEL: CECIL DIMAGGIO, BRA ZOLANI, HAMERKOP GALATA	120
3.3.6	DIE DRIE-KOPPIGE KUNSTENAAR: BUSKER, DIE BEDELAAR EN DIE SAKKEROLLER	121
3.3.7	GROTIUS	121
3.4	PLOT OF INTRIGE	122
3.5	VERTELLER EN PERSPEKTIEF	124
3.6	TYD EN RUIMTE	126
3.7	GEVOLGTREKKING	127

HOOFSTUK 4 **130**

GEVOLGTREKKING **130**

4.1	INLEIDING	130
4.2	SKULD EN VERGIFNIS IS KOMPLEKSE KONSTRUKTE	130
4.3	SKULD EN VERGIFNIS IN 30 NAGTE IN AMSTERDAM	132
4.4	VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING	137
4.5	SLOT	137

BIBLIOGRAFIE **138**

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING VIR EN ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding en kontekstualisering

Waarheidskommissies, internasionale kriminele tribunale, reparasies, openbare apologie en ander aspekte van oorgangsjustisie blyk die nuwe mantras ná die era van die koue oorlog te wees (Hazan, 2006: 19). Daar is daaglik in die media en op sosiale platforms soos Twitter en Facebook beskuldigings en verskonings deur bekendes, hetsy sportlui, film- of teaterpersoonlikhede, koninklikes of wêreldleiers. Navorsing oor skuld en vergifnis in uiteenlopende studieverdele, die vestiging van institute vir vergifnis dwarsoor die wêreld, asook films en dokumentêre voorstellings oor vergifnis is aan die orde van die dag (Institute for Forgiveness & Reconciliation at Chestnut Hill College, 2010; Fetzer Institute, 2012; Hinson, 2009; International Forgiveness Institute, 2012; Luskin, 2006). Vergifnisterapie is integraal deel van kankerbehandeling in Amerika (Barry, 2010) en Vigsbehandeling in Suid-Afrika (Van der Walt, 2003).

Bostaande dui daarop dat skuld en vergifnis nie net aspekte van die religieuse, wetlike en private sfere is nie, maar soos Hannah Arendt (1958) dit stel, deel is van die menslike kondisie. Die menslike kondisie word onder andere bepaal deur menslike verhoudings. Avishai Margalit (in Meyer, 2008) gebruik die terme “dik” en “dun” verhoudings om die aspek te belig. “Dik” verhoudings word gekenmerk deur ’n nabye hoedanigheid soos ouer, vriend, ’n geliefde of familielid, terwyl “dun” verhoudings gerugsteun word deur die hoedanigheid van mede-menslikheids-verhoudings in die gemeenskap (Meyer, 2008: 77). Skuld en vergifnis is bepalende konstrunkte wat ’n inwerking het op “dik” en “dun” verhoudings hetsy tussen groepe en individue of gerig op die self.

Skuld is die verpligting van 'n persoon wat 'n morele standaard verbreek het om die strafbepalings van die standaard te dra (www.thefreedictionary.com) - 'n standaard wat onderhewig is aan kulturele, kontekstuele en sosiale bakens. Dit blyk dat daar ooreenstemming bestaan oor wat skuld is.

Vergifnis is moeiliker om te definieer. “Vergifnis skenk; nie toereken nie; oor die hoof sien; uitwis” is die verklaring in die HAT en dit dui op die uitvee van die skuld (Odendal et al., 1983). Van Vuuren (2011) sien vergifnis as 'n magtige respons op skuld en slagofferskap; dit het die potensiaal om beide die skuldige en die slagoffer te bevry van die wurggreep van die verlede. Alhoewel daar baie opinies oor die aard van vergifnis is en vele geleerdes, politici en skrywers aspekte van vergifnis (versoening, apologie, kondonering, restitusie) verwar, stem hulle wel saam dat vergifnis die laat gaan van wraak en wrevel is (Enright et al., 2006; Gartner, 1988; Griswold, 2007; Holloway, 2002; Winfrey, 2012; Zaibert, 2009).

“Forgiveness is an intriguing candidate for curing the ‘spirit of revenge’, because it allows for a certain willing of the past through re-interpretation and re-framing” (Griswold, 2007: XX).

Holloway (2002: 172) beklemtoon dat die komplekse, laag-op-laag-proses van vergifnis in werklikheid heterogene fenomene is wat in verskillende mates in verskillende kontekste toegepas kan word. Selfs binne 'n spesifieke denksisteem is vergifnis kompleks. Bash (2007: 172) beaam Holloway se mening en noem dat ons nie vergifnis in 'n gietvorm kan forseer nie. Vergifnis is 'n familie van ryk, komplekse en veelsoortige fenomene. 'n Naïewe en simplistiese benadering tot vergifnis ontnem die begrip vergifnis van die morele rykdom en transformasie wat dit tot gevolg kan hê (Bash, 2007: 186).

Alhoewel daar nie noodwendig ooreenstemming is oor die verwoording of definiëring van vergifnis nie, is daar ooreenstemming dat vergifnis wel herken word wanneer dit plaasvind (Bash, 2007: 172).

Vergifnis bied 'n versoenende herinneringsperspektief wat werk soos wanneer mens na gebeure in die verlede kyk sonder woede of vooroordeel (Ricoeur & Antohi, 2005 :11). Ricoeur dui aan dat 'n mens sin maak van jou eie en ander se lewens, op dieselfde manier as wat mens stories verstaan; dat traumas sigbaar en lesenswaardig gemaak word deur mimesis (Ricoeur & Antohi, 2005 :16). Die komplekse verhouding tussen die skrywer, verteller en karakter as agent in 'n narratief (of in 'n mens se lewe) en die vele transformasies wat dit bevat as gevolg van die verloop van tyd, kan meer verstaanbaar word as dit gelees word soos 'n intrige (Herman et al, 2005: 233).

Die mimetiese (nabootsende) eienskap en ander aspekte van narratiewe (soos beklemtoon in die vorige paragraaf) bied 'n konteks vir die analise van skuld en vergifnis. Skuld en vergifnis hoef dus nie net uitgesê te word (soos die gebruik in waarheidskommissies, internasionale kriminele tribunale, reparasies en openbare apologie) nie – maar kan ook gewys word.

In hierdie studie is die fokus op die vergestaltung van skuld en vergifnis in 'n letterkundige werk. Volgens Van Coller (2005) beskik letterkunde oor die mag om deur middel van vertelling alternatiewe wêrelde te skep waarin die kompleksiteit in verhoudings anders uitgebeeld kan word as in die werklikheid.

“Dit lyk my ... belangrik dat die skrywer in sy rol as historikus trag om die geykte geskiedenis anders weer te gee, te dekonstrueer, te ondergrawe en 'n alternatiewe geskiedskrywing daar te stel. Sodoende word 'historiese feite' ter diskussie gestel en die oplossing van persoonlike traumas ook vergemaklik” (Van Coller, 2005: 132).

Etienne van Heerden noem in 'n onderhoud met Alfred Schaffer dat die Afrikaanse roman interessante veld verken en “'n soort seismograaf van tyd en omgewing” is; dat die “luukse om net bloot storie te maak, [nie] bestaan nie. Dit is Afrika; die land bly ontsettend uitputtend” (Schaffer, 2007).

Letterkundige narratiewe speel 'n belangrike rol in die diskoers oor die trauma van die verlede. Chris van der Merwe dui aan hoe Afrikaanse skrywers met die verlede worstel deur die skryf en vertel van “counter-narratives”, stories wat hulle verset teen die “lies and half-truths in the official narratives of those in power” (Gobodo-Madikizela & Van der Merwe, 2009: xiv).

“... Afrikaans writers have been intensely involved in the search for truth and reconciliation. They have critically examined the myths of the past and present, revealing uncomfortable truths ignored by the master narratives, and imagining and creating new narratives to live by in a changed place and time. Their works reflect and confirm the deeply human search for wholeness, on an individual and collective level, in a (still) fragmented society” (Van der Merwe, 2009: 299-300).

30 nagte in Amsterdam, deur Etienne van Heerden (2008), is 'n narratief wat by uitstek verset teen die meesternarratief en 'n soeke na versoening uitbeeld.

1.2 Probleemstelling

Hierdie mini-verhandeling stel dit dat die kompleksiteit van 'n uitsonderlike roman soos *30 nagte in Amsterdam*, 'n metode is om die vele strominge van skuld en vergifnis lyf te gee. Die navorsingsvraag is dus: Hoe word die verwikkelde konstrakte skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* (2008) vergestalt?

1.3 Motivering vir die studie

Hoekom skuld en vergifnis?

Letterkunde en akademiese literatuur verskaf 'n magdom invalshoeke oor die konstrakte skuld en vergifnis en bied interpretasiemoontlikhede wat nie deur menslike verhoudings of tyd gebind word nie: “... works of fiction emerge as imaginative spaces that introduce irony and ambivalence as much as

judgement and catharsis; artistic works convey the limits of expression but also open up unrealised possibilities” (Minow, 2009: xvi).

Die motivering vir hierdie studie is om insig te probeer verkry in die proses en perspektief van vergifnis as teëvoeter vir die raam van skuld, soos vergestalt in *30 nagte in Amsterdam*.

Hoekom Etienne van Heerden?

“As one cannot talk about Israel without having read Amos Oz, or India without Salman Rushdie, or South America without Marquez or Llosa, so you will have to read Van Heerden if you want to know anything about South Africa. It is fiction at its best” (De Coninck, 2010).

Hierdie aanhaling dui aan hoe ikonies Etienne van Heerden as skrywer gesien word binne die Suid-Afrikaanse letterkunde. Skuld en vergifnis is temas wat deurgaans in Etienne van Heerden se oeuvre voorkom. Dit sou interessant wees om die verwickeldheid van die temas in al Van Heerden se romans en kortverhale na te speur. Aangesien hierdie ’n studie van beperkte omvang is, verwys die navorser net kortliks na ’n paar romans.

In Van Heerden se debuutroman *Matoli* (1978) besef Kobus, die wit seun, dat hy die tragedie van Matoli se dood kon verhoed het; dat daar dubbele standaarde vir wit en swart is; dat hy moreel skuldig is, al het sy pa die sneller getrek.

In *Toorberg* (1986) moet die magistraat tussen “waarheid en verdigsel, geskiedenis en toekoms, lewe en dood” getuienis aanhoor sodat hy aanspreeklikheid ten opsigte van die tragiese dood van Noag Druppeltjie du Pisanie kan ondersoek. Die verhaal verbeeld en dramatiseer komplekse morele-, sosiale-, kollektiewe- en familieskuld, veral in die verhoudings van die Moolmans met hulle verstote en Skaamfamilie. Suid-Afrika word voorgestel as ’n milieu wat skuld veroorsaak, soos aangedui in die volgende aanhaling.

“Dis ’n land, het die magistraat in sy jare op die bank geleer, wat mense laat skuldig voel. ’n Land wat jou laat voel daar moet ’n rede wees waarom die genadige reën net so dan en wan oor jou trek” (Van Heerden, 1986: 56).

Die landskap, klippe, goud en engele dien as getuies in *Die Swye van Mario Salviati* (2000) en verberg die gierigheid en skuld van mense.

In *Asbesmiddag* (2007) word “skryf ’n soort misdaad” (263) wat ook gesag het om te vergewe. Dit “[d]eel straf en seëning uit” (23).

Volgens Van der Merwe (2009: 292) verbeeld *In stede van die liefde* (2005) “internally wounded characters in a fractured South African society” en ondersoek die roman die moontlikhede van genesing; die noodsaaklikheid om die verlede in die gesig te staar; ’n soeke na die waarheid, al blyk dit onmoontlik om dit te vind. Dit is ’n verhaal wat gelyktydig die soeke na versoening op ’n persoonlike en gemeenskaplike vlak asook die erkenning dat so ’n soeke eindeloos is, simboliseer (Van der Merwe, 2009: 292).

Van der Merwe is van mening dat Etienne van Heerden die Afrikaanse skrywer is wat die mees deurlopend met die konsepte van waarheid en versoening gemoeid is (2009: 292).

1.4 Die resepsie van *30 nagte in Amsterdam*

Van Heerden se *30 nagte in Amsterdam*, uitgegee deur Tafelberg in 2008, ontvang ’n rits pryse: in 2009 die Universiteit van Johannesburg-prys vir beste skeppende skryfwerk in Afrikaans, die WA Hofmeyer-prys en die M-Net-prys vir beste oorspronklike roman in Afrikaans asook die Hertzogprys in 2010. Die roman is vertaal: in Engels deur Michiel Heyns en uitgegee as *30 Nights in Amsterdam* deur Penguin in 2011, in Nederlands as *30 Nachten in Amsterdam* deur Uitgeverij Podium in 2011 en in Letties as *30 naktis Amsterdamā* deur Jumava in 2012.

Die roman is deur van Suid-Afrika se voorste skrywers en akademië gesenseer. Thys Human (2008) dui aan dat daar in die roman “onder meer besin word oor kunstenaarskap, die rol van die verbeelding, die proses van herinnering, die vloeibaarheid van identiteit en die ingewikkelde meganika van bestaan en behoort.” Hy verwys na die hoofkarakter, Henk de Melker, se geografiese reis en noem dat dit parallel aan ’n psigologiese of innerlike reis van selfontdekking, selfopenbaring en konfrontasie is. Hierdie konfrontasie is spesifiek met Henk se kinderverlede, sy Tante Zan asook “sy (idiosinkratiese) familiegeskiedenis, wat onlosmaaklik verknoop is met die geskiedenis van die wit Afrikaner in Suid-Afrika en Afrika”.

Henk se begeerte om homself skoon te was “van wie hy is en al die verskrikkinge wat hy beërwe het” (Van Heerden, 2008: 283) dui daarop dat skuld, veral koloniale en erfskuld, sentraal in die roman staan. Human spreek sy dankbaarheid uit dat die roman nooit in “eensydige Afropessimisme óf voorspelbare politieke korrektheid” verval nie. Dit is volgens hom ’n roman wat enersyds ideologiese verzet teen die “stipsiende Afrikanernasionalisme en versmorende Calvinisme” verbeeld en andersyds, deur middel van ’n parodie op verzet, “’n satiriese blik op die verzetstryd tydens die apartheidsera” werp.

Volgens Willie Burger (2008) manifesteer verzet op verskeie maniere in die taal van *30 nagte in Amsterdam*. Zan/Xan se “private taal wat deur geykte uitdrukkings breek”, stel haar in staat om haar rug te keer op “die cliché, die stereotipe, teen die kleinburgerlike beskouings met hulle ingeburgerde onreg”. Van Henk word “’n [a]nder, verbeeldingryke taalgebruik” geverg sodat hy uit die stereotipiese taal van sy monografieë kan “losbreek en insig in sy eie verlede verwerf”. Burger dui aan hoe die “welsprekendheid” van die taal in die roman “rebellieer teen die alledaagse taalgebruik. Dit is verzet teen die taal van die markplein, van die politiek, van die burokrasie ... [en] ontsnapping uit die retoriek van ’n tydperk ... ’n revolusionêre daad ... Uiteindelik is dit ook die verzet van die roman” (Burger, 2008).

Volgens Johan Anker (2009: 243) is die roman “’n uitbeelding van die ondermyning van sekerhede oor die Afrikaner se historiese werklikheid en vaste identiteit, die twyfel oor rolle wat mense speel, die relativering van die erns van die anti-apartheidsbeweging, die onsekerheid oor die vastigheid van ’n vaderland en ’n tuiste hier op aarde.” Hy noem dat die onvermydelike sekerheid in *Toorberg* oor familie- en grondverbintenis bevestig word in *30 nagte in Amsterdam*. “Ooreenkomste en bloedverwantskap is daar wel, maar idiome is net halwe waarhede, bloed is net sóms dikker as water, liefde én verraad én onsekerheid het onherroeplik deel geword van die menslike kondisie” (Anker, 2009: 243).

Muller (2011) sluit aan by hierdie aspek van die roman en noem in haar welgetitelde resensie, “*Weaving magic is his way with words*”, dat Susan/Zan de Melker deel word van die Suid-Afrikaanse leksikon van fabelagtige gebrekkige karakters wat onuitwisbaar is: die karakters wat ons help onthou hoe moeilik dit is om menslik te wees.

Die navorser ondersoek die manifestering van twee aspekte van die menslike kondisie naamlik skuld en vergifnis in hierdie veelbekroonde, briljante roman. Dit is ’n roman oor “die brose grens tussen liefde en wreedheid, tussen die salwende en die weersinswekkende” (Human, 2008), ’n roman wat ons help om wonde oop te krap, om malse en gelukkige herinneringe te herinterpreteer, soos Margaret von Klemperer (2011) dit stel.

1.5 Ontplooiing van studie

Die studie sal soos volg ontplooi word:

In hoofstuk 2 word ’n ondersoekende literêre oorsig oor die ontwikkeling van die konstrakte skuld en vergifnis gegee, met spesifieke verwysing na:

- bestaande perspektiewe en post-strukturele teorieë aangaande skuld en vergifnis;

- aspekte van skuld en vergifnis wat neerslag vind in die politieke, sielkundige, sosiale, filosofiese en religieuse domeine;
- die metodiek en ritueel rondom die gee en ontvang van vergifnis.

In hoofstuk 3 word *30 nagte in Amsterdam* ontleed deur aan te toon hoe aspekte van skuld en vergifnis verbeeld word deur die gebruik van die volgende strukturelemente: karakters en karakterisering, plot of intrige, verteller en perspektief, tyd en ruimte.

In hoofstuk 4 word die volgende navorsingsvraag, na aanleiding van die voorafgaande besprekings en ontleding, beantwoord: Hoe word skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* (Van Heerden, 2008) vergestalt?

1.6 Metodologie

Die navorsing geskied vanuit 'n konstruktivistiese paradigma. Ontologies onderskryf die navorser die siening dat die realiteit opgebou en geïnterpreteer word deur menslike interaksie, dat dit sosiaal gekonstrueer is en beïnvloed word deur die diskoers van mag. Die metodologiese modelle waarvan gebruik gemaak word, is hoofsaaklik post-struktureel van aard. Elemente van dekonstruksie, tekstuele analise en diskoers-analise wat van toepassing is op die studie, word gebruik.

Die navorsing is kwalitatief, induktief en inter-dissiplinêr van aard. Relevante literatuur, akademiese artikels, media-resensies en internet-artikels word bestudeer en ontleed.

'n Diepte-analise oor die vergestaltung van die konstruerte skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* word ook onderneem.

1.7 Samevatting

Die vele aspekte van skuld en vergifnis word ondersoek ten einde klaarheid te kry oor die betekenis van die konstrukte. Die gebruik van struktuurelemente om die verwikkelde konstrukte skuld en vergifnis te vergestalt, word in hierdie mini-verhandeling, soos dit neerslag vind in die roman *30 nagte in Amsterdam*, ondersoek.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE AGTERGROND

“One cannot forgive too much. The weak can never forgive. Forgiveness is the attribute of the strong” – Mahatma Gandhi (Green, 1996).

2.1 Inleiding

Skuld en vergifnis is oeroue, universele begrippe in talle kulture, godsdiens, regeringstelsels, studieverde, wêreldliteratuur, joernalistieke en selfs verstrooiingslektuur. Alle mense is op een of ander wyse skuldig aan iets en het nodig om foute van ander en hulleself soms te vergewe. Met ander woorde, skuld en vergifnis is deel van die ingesteldheid van die menslike bestaan (Arendt, 1958: 237). Aan die een kant is skuld en vergifnis gewigtige konstrukte wat deur geleerdes, regters en ghoeroes bedink, beredeneer en bestudeer word, en aan die ander kant is dit alledaagse terme waarmee die versoek om vergifnis kort op die hakke van die blootlegging van ’n fout en die gepaardgaande skulderkenning en verskoning volg.

Hierdie hoofstuk is gemoeid met die heersende teorieë en die diskoers oor skuld en vergifnis ten einde hierdie begrippe as ’n ideologiese raamwerk voor te stel wat sal dien om *30 nagte in Amsterdam* te ontleed (hoofstuk 3). Aangesien skuld en vergifnis konsepte is wat op alle vlakke van bestaan voorkom, word insigte, verbande en navorsing uit verskillende dissiplines en eras betrek.

2.2 Skuld

Skuld as ’n meta-narratiewe erfenis blyk die almagtige en alomteenwoordige steen des aanstoots te wees van die mens se gewronge lewenspad (Hooti & Habibi, 2011) en kan, net soos die Erinië Orestes vervolg, die mens se hede deur terugflitse van onherroeplike en betreurenswaardige optrede in die verlede vernietig.

“This is the cause of the greatest pain our humanity carries, the fact and remembrance of our own failures, those acts that can never be undone or reversed, which now turn the past into a great weight of regret that we bear everywhere with us and cannot lay down”
(Holloway, 2002: 32).

Skuld is die verpligting van 'n persoon wat 'n morele standaard verbreek het om die strafbepalings van die standaard te dra (www.thefreedictionary.com), 'n standaard wat onderhewig is aan kulturele, kontekstuele en sosiale bakens.

Daar kan tussen objektiewe of wetlike skuld onderskei word – wanneer 'n gemeenskap se wette verbreek word, sosiale skuld – wanneer 'n ongeskrewe wet of sosiale verwagting verbreek word, persoonlike skuld – wanneer mens só optree om standarde wat vir die self gestel is, te skend (Parrott, 2003: 87), en kollektiewe skuld – die onaangename en meestal emosionele reaksie wat deur 'n groep individue gedra word, wanneer dit ervaar word dat ongeoorloofde leed aan individue in 'n ander groep aangedoen is (Branscombe & Doosje, 2004). Die oorsake vir kollektiewe skuld is: opvallende groep-identiteit, kollektiewe verantwoordelikheid en 'n gewaarwording van die onregverdigde optrede van die in-groep. Slegs wanneer 'n individu identifiseer met die in-groep en die perseptuele “ek” verplaas word deur “ons”, aanvaar die individu verantwoordelikheid vir die teenswoordige en geskiedkundige skade wat aan die uit-groep berokken is (Branscombe & Doosje, 2004).

Die meeste navorsers wat oor skuld en vergifnis skryf, gebruik die matriks van kollektiewe skuld en daarmee gepaardgaande verantwoordelikhede, soos omskryf deur Karl Jaspers, 'n Duitse filosoof, in sy lesings gedurende 1945, kort na die val van die Nazi-regering (Meiring, 1999; Van Vuuren, 2011; Ricoeur, 2004). In die lesing getiteld “Wie is skuldig?” onderskei hy vier kategorieë van skuld in die Duitse konteks (Jaspers, 2001). Volgens Piet Meiring het dié kategorieë die individue wat op die Waarheids- en

Versoeningskommissie gedien het en ook die mense van Suid-Afrika, gehelp om hul eie situasie te verstaan:

- Kriminele skuld behoort aan die groep mense en politici wat direk by growwe menseregteskendings betrokke was.
- Politieke skuld word gedra deur mense wat vir die betrokke party gestem het en toegelaat het dat die beleid wat menseregteskendings veroorsaak het, aanvaar en geïmplementeer is.
- Morele skuld is die keersy van politieke skuld. Mense wat die voordeel van die onbillike sisteem gesmaak het en nie daarteen beswaar gemaak het nie, is hieraan skuldig. Dit sluit dus mense in wat “anderpad gekyk het” en nie betrokke wou raak nie.
- Metafisiese skuld is gemeenskaplike skuld, “skuld voor God” en alle mense dra dié las, nie net ’n paar, of baie of selfs die meerderheid nie, maar almal (Meiring, 1999: 63).

Piet Meiring omskryf sy insig aangaande Jaspers se kategorieë as volg:

“Kollektief dra ons die skuld van die mensdom op ons skouers. As ’n mens dit weet, maak dit jou nederig, minder veroordelend teenoor ander. Want wie van ons kan waarborg dat ons, as ons in dieselfde omstandighede verkeer het en aan dieselfde invloede onderwerp was, anders as byvoorbeeld van die SS-soldate sou opgetree het? Van die jong Duitsers wat hulle aan growwe oortredings skuldig gemaak het, het uit die beter huise in die land gekom, het Jaspers gesê. Die wete dat ons almal skuldig staan, maak dit moontlik dat ons mekaar kan vergewe” (Meiring, 1999: 63).

Een van die jong Duitsers na wie hier verwys word, is Karl, wat tydens die oorlog, op sy sterfbed in ’n hospitaal vir Duitse soldate, sy skuld aan Simon Wiesenthal bely het en van hom, omdat hy ’n Jood is, vergifnis gevra het vir sy aandeel in die massamoord op die Jode. Wiesenthal het net opgestaan en uit die kamer gestap. Na die oorlog, het hy Karl se moeder besoek en gevind dat Stuttgart, waar sy gewoon het, asook haar straat en huis in puin was. Al wat nog heel was in haar lewe, was die positiewe herinneringe aan haar man

en seun. Wiesenthal het verkies om nie die storie van Karl se sterfbedbelydenis aan haar te vertel nie. Vyf en twintig jaar na die massamoord op die Jode skryf Wiesenthal *The Sunflower* (1998), en vertel hierdie verhaal asook die sielestryd wat hy beleef het deur sy nie-vergifnis. Hy vra aan vooraanstaande denkers wat hulle in sy plek sou gedoen het.

“Yet ought I to have forgiven him?... Was my silence at the bedside of the dying Nazi right or wrong? This is a profound moral question that challenges the conscience of the reader of this episode, just as much as it once challenged my heart and my mind ... The crux of the matter is, of course, the question of forgiveness ... Forgetting is something that time alone takes care of, but forgiveness is an act of volition, and only the sufferer is qualified to make the decision” (Wiesenthal, 1998: 97-98).

Die reaksies van politici, geestelike leiers en filosowe verteenwoordig polariteit ten opsigte van die volgende sleutelvrae: Kan mens ’n berouvolle krimineel wat ’n afskuwelike daad gepleeg het, vergewe? Kan mens misdade wat teenoor ander mense gepleeg is, vergewe? Wat is ons verantwoordelikheid teenoor slagoffers? Bestaan vergifnis werklik?

Die antwoorde is uiteenlopend. Christene is oor die algemeen van mening dat Wiesenthal vergifnis moes toestaan omdat Karl berou getoon het en verwys deurgaans na die sleutelbeginsel van Christenskap: mense moet mekaar vergewe omdat God mense vergewe. Die Joodse reaksies ondersteun Wiesenthal se optrede omdat hulle van mening is dat dit net die slagoffers sêlf is wat vergifnis kan toestaan. Helize van Vuuren lewer kommentaar op die reaksie van Hubert G. Locke wat homself uitspreek oor veral Wiesenthal se dubbele swye. Sy swye op Karl se vergifnispleidooi bekragtig die waarheid van Karl se woorde en selfkennis; sy reaksie op Karl se ma se verheerliking van haar seun betoon respek vir haar waarheid deur haar seun se belydenis van haar te weerhou (Van Vuuren, 2011: 22).

Van der Heyden (2005) redeneer dat Wiesenthal se persoonlike psigologiese proses bewys toon van verskeie elemente van die proses van vergifnis en dat sy keuse om Karl se ma van die skuldbelydenis te beskerm, die siklus van pyn beëindig.

2.2.1 Onvergeefbare skuld

Die diskoers rondom *The Sunflower* bevat vrae ten opsigte van kriminele skuld met spesifieke verwysing na menseslagting “genocide”. Dié term is deur die Verenigde Nasies in 1948 gedefinieer as “the denial of the rights of existence of entire human groups” (Shelton, 2005: 525).

Menseregteskending, “crimes against humanity”, word omskryf as die sistematiese aanval op enige burgerbevolking met voorkennis van die aanval (International Criminal Court, 2012). Histories het Abraham Lincoln dié term gebruik in sy klag teen slawehandel. George Washington Williams het koning Leopold II se optrede teenoor Afrikane veroordeel as menseregteskending. Duitsland, Joego-Slawië, Rwanda, Uganda, Chili, Soedan en Suid-Afrika is ’n paar voorbeelde van lande waar menseregteskending al plaasgevind het en in sommige gevalle steeds plaasvind.

Daar is diegene wat redeneer dat hierdie soort skuld onvergeefbaar is as gevolg van die aard van die misdade self (Arendt, 1958; Wiesenthal, 1998). Die fokus in sulke gevalle is op die skuld en glad nie op die kwaaddoener nie; op die dade wat vergewe moet word, nie die mense wat vergewe word of selfs diegene wat moet vergewe nie. Onvergeefbare dade word gesien as laakbaar, totaal onversoenbaar en onherstelbaar, onmenslik en kan ook op gevalle dui waar mens nie weet wie om te blameer of te verskoon nie. Die verpligte response op hierdie handeling is om juis nié te vergewe nie, sê Jankélévitch: sulke dade kan nie gestraf word met ’n straf proporsioneel tot die dade nie en kan daarom ook nie vergewe word nie. Sy bekende hiperbool ten opsigte van die Joodse massamoord lui onheilspellend: “Forgiveness died in the deathcamps” (in Bash, 2007: 11; Derrida, 2007: 37).

Derrida (2007) verklaar weer dat dit juis net onvergeefbare skuld is wat vergewe sou kon word: as vergifnis net aan die vergeefbare toegestaan kan word, sou die konsep vergifnis verdwyn. Dit is juis dit wat onverstaanbaar is, wat vergewe moet word. Die logiese struktuur wat die konsep vergifnis onderlê, is die onderhandeling tussen die onvoorwaardelike en die voorwaardelike, die absolute en die relatiewe, die universele en die besondere. Hy waarsku teen die gebruik van vergifnis as 'n wetlike en politieke instelling en beweer dat vergifnis slegs onvoorwaardelik en apart van soewereiniteit kan bestaan: “[F]orgiveness forgives only the unforgivable. One cannot, or should not, forgive; there is only forgiveness, if there is any, where there is the unforgivable” (Derrida, 2007: 33). Volgens Derrida mag howe of openbare instellings nie vergifnis toestaan nie, want dit sou die instelling van reg en geregtigheid vernietig: “One could never, in the ordinary sense of the words, found a politics on law and forgiveness” (Derrida, 2007: 39).

2.2.2 Die term skuld

Paul Ricoeur gebruik die term fout, “fault”, in plaas van skuld, in die epiloog tot *Memory, history, forgetting* (2004) getitel “Difficult Forgiveness”. 'n Fout ontstaan uit die verbreking van 'n reël, of die versuiming van 'n plig wat, fundamenteel gesproke, skade berokken aan ander. 'n Fout is net so beperkend soos die reël wat dit oorskry, al is die nasleep en reperkussies daarvan oneindig in terme van die lyding wat dit veroorsaak. Fout word gewoonlik as 'n versagtende woord vir skuld gebruik, wat gedefinieer word as 'n “oortreding, tekortkoming, sonde, verkeerde daad” (Odendal et al., 1983).

Ricoeur noem dat menslike aksie vir altyd onderwerp is aan die ervaring van fout. Al is fout nie oorspronklik nie, is dit vir ewig, dit is radikaal. Ricoeur stel dit duidelik dat foute 'n eksistensiële veronderstelling van vergifnis is: dit is deel van die historiese voorwaarde van bestaan omdat elke mens 'n persoonlike en kollektiewe ervaring het wat beïnvloed is deur historiese ideologie (Ricoeur, 2004).

Ricoeur sien fout en vergifnis as 'n dubbele raaisel. Die eerste been van die raaisel is dat fout 'n bevoegde mens se vermoë om te handel, kan verlam. Die tweede been is dat dit juis vergifnis is wat die onvermoë om op te tree, kan uitskakel. Hy verbeeld die afstand tussen fout en vergifnis as volg: die diepte van fout teenoor die hoogte van vergifnis; die belydenis van fout teenoor die loflied van vergifnis (2004: 457). Ricoeur bespreek vergifnis slegs ten opsigte van situasies waar iemand aangekla word en waar die aangeklaagde skuld erken.

Toerekenbaarheid is, volgens Ricoeur (2004), die integrale dimensie van die handelingsbevoegde wese. Bekentenis oorbrug die afgrond tussen onskuld en skuld en is ook die skakel tussen die agent en die handeling. Vergifnis sou dus net toegestaan kan word aan iemand wat self sy of haar fout erken, en insig aangaande sy of haar vergrype toon. Net persone wat aanspreeklik gehou kan word vir hulle dade, kan skuldig bevind word.

Oortreding, “wrongdoing”, is die term wat Bash verkies. Hy definieer dit as “'n morele wandaad of versuim” en noem dat sulke dade strek vanaf die relatief onbeduidende en alledaagse soos om te jok of 'n belofte te verbreek, tot die bose, “afskuwelike gruwel, wreedheid en ontaarding” wat ook deur sommige “onmenslike boosheid” genoem word (Bash, 2007: 4). Hy maak dit duidelik dat slegs morele oortredings vergeefbaar is. Indien dade nie in die vergeefbaarheidskategorie van om-vergewe-te-kan-word val nie, is vergifnis nie die geskikte respons nie. Volgens Bash is daar drie tipe scenario's in dié kategorie:

- handeling wat nie die goedkeuring van party mense wegdra nie, is nie morele oortredings nie; dit wys eerder op sosiale onverdraagsaamheid;
- moreel onskuldige, nie-opsetlike handeling wat onbedoelde maar tog nadelige gevolge inhou, soos 'n motorongeluk;
- gevalle waar die slagoffer onbewus is van die handeling.

Die laasgenoemde geval is betwisbaar, alhoewel Bash dit kwalifiseer in 'n voetnoot. Indien 'n slagoffer nie skade ly as gevolg van 'n handeling wat

bedoel is om skade te berokken nie, sou mens kon argumenteer dat die kwaaddoener se intensie – nie die daad op sigself nie – wel vergewe sou kon word (Bash, 2007: 5).

In hierdie studie verkies die navorser om die meer gewigtige term skuld te gebruik, aangesien die konstruk vergifnis daaraan gekoppel is. Foute word eerder verskoon as vergewe en alhoewel verskoning vra en aanvaar gewoonlik deel uitmaak van die vergifnisproses, is die fokus van hierdie studie op vergifnis. In die studie word alle dade wat morele kodes verbreek en selfs gevalle waar skuld nie bewys hoef te word nie, byvoorbeeld 'n skuldgevoel, as skuld gesien.

2.2.3 Ervaring van skuld

In die Sielkunde word skuld gedefinieer as die pynlike gevoel as gevolg van oordeel van die self as sleg (Wenar, 2000). Skuld is “die gevoel van verlaagde selfrespek (wat gepaard gaan met 'n behoefte om bestraf te word) wat 'n persoon ervaar as gevolg van die besef of oortuiging dat hy 'n morele, etiese of sosiale norm oortree het” (Gouws, 1979). 'n Mens kan skuldig voel oor iets al is jy nie op politieke, sosiale, kriminele of selfs metafisiese vlak werklik skuldig nie. Die effek van so 'n skuldgevoel en die internalisering daarvan kan net so bindend wees as skuld wat bewys is. In 2010 byvoorbeeld het Ruan Romero, die sewentienjarige seun wat op 5 Junie 1968 Robert F. Kennedy se hand geskud het toe Kennedy geskiet is, by Kennedy se graf om vergifnis gevra (Chan, 2010). Vir 45 jaar lank leef Romero met die skuld dat hy, deur met Kennedy te praat, die geleentheid vir die moordenaar geskep het om toe te slaan.

Aan die ander kant is daar persone wat gehard, naïef, selfmisleidend, beginselloos en moreel onbevoeg is. Diesulkes is aanspreeklik vir hulle misdade ten spyte van hul gebrek aan skuldgevoel. Bash verwys na Eichmann, een van die argitekte van Hitler se sogenaamde Finale Oplossing. Sy verweer het glo gelui dat hy as soldaat hom aan die outoriteit in die sisteem moes onderwerp en dat hy bloot opdragte gehoorsaam het. Die VN

het bevind dat die verweer nie as 'n verskoning vir “crimes against humanity” aanvaarbaar is nie (Bash, 2007: 9). Ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis getuig van soortgelyke wandade en verskonings. Dit sou egter simplisties wees om almal wat deel was van die apartheidsregime skuldig te bevind aan menseregteskending. Bash verduidelik die mag van ideologie as volg:

“It is easy to underestimate the power of a received ideology, and it takes a brave and intellectually unusual person to be critical and independent of the prevailing ideology. Those who collude remain morally culpable (Bash, 2007: 10).

Die mate waartoe 'n mens geneig is om skuldig te voel, word gekoppel aan die ontwikkeling van die gewete. Gewete, die insig aangaande wat moreel reg of verkeerd is en die gepaardgaande gevoel van toepaslike tevredenheid of skuld, ontwikkel hoofsaaklik as gevolg van ouerlike uitings soos “good boy”- of “bad girl”-evaluerings. Namate kinders ontwikkel, vind internalisering van die ouerlike evaluerings plaas: die negatiewe affek rakende oortredings word omgeskakel in skuldgevoel en die positiewe affek wat gepaard gaan met gehoorsaamheid, lei tot selftevredenheid (Wenar, 2000: 37). Die gewete kan natuurlik te sterk of te swak wees.

“Conscience, like self-control, can be either too strong or too weak. Excessive guilt has been implicated particularly in the obsessive-compulsive disorder and in depression, while antisocial children with acting-out behaviour may have an externally oriented conscience concerned only with the fear of getting caught and being punished” (Wenar, 2000: 38).

Vryheid en toerekenbaarheid is onlosmaaklik verbind, soos regte en verantwoordelikheid, handeling en skuld.

Ekstreme selfbeheersing, die gehoorsaamheid aan die gewete en die pynlike navolging van reëls en wette veroorsaak egter nie 'n lewe sonder skuld nie – die paradoks is dat dit juis ook skuld veroorsaak. Heidegger se ontologiese

teorie skakel nou hiermee saam: al wat mense kan doen om hulle skuld te verminder, is om met waagmoed 'n "outentieke" of opregte lewe te lei. So 'n lewe word eerstens gekenmerk deur die bewustheid van 'n mens se vermoë en tweedens deur optrede wat ooreenstem met die betrokke vermoë (Hergenhahn, 2001: 509). 'n Noodsaaklike vereiste om 'n opregte lewe te lei, is die bewusheid van sterflikheid. Konstante persoonlike groei, 'n gevoel van opwinding en selfs dringendheid is die gevolg van 'n egte "authentic" lewe. 'n Onegte lewe daarteenoor word gekenmerk deur skynvertoon, deur 'n tradisionele, konvensionele lewe in ooreenstemming met die voorskrifte van die gemeenskap. Só 'n persoon, wat die vryheid van keuse laat vaar en toelaat dat ander besluite in sy/haar lewe neem, sal skuld ervaar.

Volgens die objek-relasie-teorie is die self se hantering van die wêreld deur middel van die prosesse van projeksie en introjeksie die manier om 'n gunstige selfbeeld te skep en gevoelens van skuld te verdryf. Projeksie is die proses waar onaanvaarbare eienskappe van die self aan ander toegeskryf word en introjeksie is die proses om aangename elemente in die buitewêreld met die self te verbind (Plug et al, 1986).

Martin Buber bespreek die verskil tussen die Freudiaanse begrip van skuld (die gevolg van interne konflikte) en eksistensiële skuld (die skade wat aan ander gedoen word) (Buber, 1957). Daar blyk 'n spektrum van skuld te wees: aan die een uiterste, onvergeefbare dade en vergrype waarvoor daar geen verskoning of rede is nie en aan die ander uiterste van die spektrum, skuldgevoelens. Tussen hierdie twee pole val kollektiewe, kriminele, wetlike, sosiale, familie- en persoonlike skuld. Metafisiese skuld pas doodgewoon nie op die skaal nie.

Hierdie studie se doelstelling is om die vergestaltung van skuld in enige vorm te ondersoek met betrekking tot *30 nagte in Amsterdam*. Die roman is 'n fiktiewe teks wat geplaas is in die konteks van Suid-Afrika gedurende en na Apartheid. Dit vervat die verhaal van twee komplekse karakters en hulle gemoeidheid met die persoonlike, sosiale en selfs juridiese aspekte van bestaan. Hulle ervarings en besinnings, as tante en neef, van die skuld wat

hulle self, hulle familie, voorgeslagte en gemeenskap dra, word versterk deur die ideologie wat hulle navolg en verwerp.

2.3 Vergifnis

Praise

*Praise be to God, who pities wankers
and has mercy on miserable bastards.
Praise be to God, who pours his blessing
on reactionary warheads and racists.*

*For he knows what he is doing; the healthy
have no need of a doctor, the sinless
have no need of forgiveness. But, you say,
They do not deserve it. That is the point;*

*that is the point. When you try to wade
across the estuary at low tide, but misjudge
the distance, the currents, the soft ground
and are caught by the flood in deep schtuck,*

*then perhaps you will realize that God
is to be praised for delivering dickheads
from troubles they have made for themselves.
Praise be to God, who forgives sinners.*

*Let him who is without sin throw the first
headline. Let him who is without sin
build the gallows, prepare the noose,
say farewell to the convict with a kiss.*

Harry Smart (Holloway, 2002: 84)

2.3.1 Uitgangspunt

Op soek na klaarheid oor hierdie “moeilike” konstruk, soos Ricoeur dit stel, bevind die navorser haarself binne ’n magdom van kennis, insig en geskrifte. As inleiding, net die hooftrekke:

- Een van Confucius se leerstellings is: om veronreg te word is niks nie, tensy jy kies om dit te onthou (Steenkamp, 2004: 321).
- Nietzsche sê dat vergifnis ’n saak vir swakkeling is en dat dit slegs ’n deug is, deur nood gedrewe. Dit is besoedel deur die ekonomie van wrewel. Swakkeling kan hulleself nie verdedig en ook nie wraak neem nie, daarom noem hulle hulle onvermoë “vergifnis”. Sterkes het nie nodig om te vergewe nie, vergifnis is – as gevolg van die verbintenis met wrewel – ’n gif wat so gou moontlik gesuiwer moet word. In plaas daarvan om te vergewe, moet mens eerder vergeet (in Digeser, 1998: 705).
- Hannah Arendt meen in *The Human Condition* dat vergifnis ’n bron van kreatiewe vernuwing is wat ons toelaat om aan die herhalende kringloop van wrewel en wraak te ontsnap (Arendt, 1958). Vergifnis is een moontlike reaksie op kwaad wat aan iemand gedoen is. Deur afstand te doen van griewe en bitterheid skep dié wat vergewe vir hulleself sowel as vir ander ’n grondslag vir ’n nuwe begin (Govier, 2002: 42).
- Oudpresident Nelson Mandela het gesê, om nie te vergewe nie, is soos om gif te drink en te wag vir jou teenstander om dood te gaan (Gous, A. 2012).
- Desmond Tutu verklaar dat daar geen toekoms is sonder vergifnis nie (Tutu, 1999).

- Derrida is van mening dat mens net die onvergeefbare kan vergewe, dat vergifnis nooit normaal, normatief of normaliserend mag word nie. Dit moet altyd besonders en buitengewoon wees, die toets van die onmoontlike deurstaan (Derrida, 2007).
- Oprah Winfrey definieer vergifnis as die laat gaan van die hoop dat die verlede anders sou kon wees (Winfrey, 2012).
- Ricoeur beweer om skuld weg te neem uit ons bestaan, ons bestaan in wese sou vernietig. (Ricoeur, 2004: 457).
- Julia Kristeva glo dat vergifnis beperk moet word tot die private sfeer van die menslike bestaan. Sy glo dat misdadigers wel vergewe kan word, maar slegs indien hulle reparasies gemaak het, berou het en 'n begeerte toon om hulleself te transformeer, asook 'n behoefte uiter om nuut te begin (Kristeva & Rice, 2002).
- Louise Hay verkondig dat vergifnis eintlik niks met kwaaddoeners te doen het nie. Dit is 'n daad wat in die persoon wat vergewe se kop plaasvind, en wat hom/haar vrymaak van die negatiewe energie (Hay, 1987: 14).
- Dr Ansie Gous noem dat, alhoewel dit heeltemal verstaanbaar en korrek sou wees om regstappe te doen teen iemand wat jou skade aangedoen het, byvoorbeeld as iemand jou 'n groot bedrag geld skuld, dit jou keuse is om selfs dít te vergewe. Vergifnis is dus, soos empatie met die misdadiger, 'n keuse (Gous, 2013).
- *Rapport* berig dat, wanneer 'n handelsmerk, "brand", foute maak en dit erken, lojaliteit teenoor die handelsmerk bevorder word. Die meer menslike eienskap maak die handelsmerk "wonderlik-al-besit-dit-foute", "flawesome". Hierdie eienskap word veroorsaak deur die beeld dat die handelsmerk fouteer het en dan vergewe kan word. Die opskrif lui:

“Flawsome: brands that are still brilliant despite having flaws; even being flawed (and being open about it) can be awesome” (Lewis-Balden, 2012: 16).

Die definisie van vergifnis – die onderwerp van die studie – die navorser se gunstige of ongunstige ingesteldheid ten opsigte van vergifnis en die tipe skuld wat vergifnis moontlik ontlok, is bepalend vir die metode van studie. Dit blyk dat vergifnis soveel reaksies ontlok omdat mense verskillende betekenis aan die woord heg. Vergifnis kan selfs as verwysingsraamwerk vir studies dien.

Daar is verskeie metodes om te werk te gaan om die diskoers en teorie oor vergifnis te bespreek. Eerstens deur na die definisies van vergifnis in verskillende studievervelde te kyk. Tweedens deur na te vors wat vergifnis nie is nie. Derdens deur die religieuse en historiese ontwikkeling van die konstruk te karteer. Vierdens deur die kwantitatiewe navorsing wat veral in Sielkunde plaasgevind het, op te som. Vyfdens deur gevallestudies ten opsigte van politieke, juridiese, sosiologiese, sielkundige, gemeenskaps-, familie- en persoonlike vergifnis onder die loep te neem. Sisdens deur die analise van vergifnis as tema in narratiewe – hetsy literêr of biografies – te bestudeer. Hierbenewens na vergifnis te kyk ten opsigte van handelsmerke en soortgelyke terreine soos sport en die sakewêreld. Boonop kan die rolle wat vergifnispraktyke, Waarheids- en Versoeningskommissies, vergifnisinstellings - byvoorbeeld die Internasionale Vergifnisinstituut by die Universiteit van Wisconsin - of die legio webblaaie en Twitter-uitlatings wat in die lug en media rondfladder, beskryf word. Dit sou interessant wees om navorsing te doen oor die verband tussen openbare apologie en vergifnis.

Aangesien die fokus van hierdie studie skuld en vergifnis soos vergestalt in die roman *30 nagte in Amsterdam* is, gaan die teorie as volg benader word: eerstens deur die definiëring en beskrywing van die konstruk in verskillende dissiplines en volgens Arendt (1958), Ricoeur (2004), Derrida (2007), Kristeva (2002) en Tutu(1999); tweedens deur die uitpak van kategorieë en komponente van vergifnis; in die derde plek deur die prosesse wat vergifnis

veronderstel en uitwys, byvoorbeeld persoonlike en groepsrituele, te ondersoek.

2.3.2 Definisie van vergifnis

Dit is moeilik om vergifnis enkelvoudig te definieer, omdat dit meerduidig en dubbelsinnig is. Die konstruk word in verskillende kontekste en dissiplines verskillend gebruik en verwante begrippe beïnvloed die betekenis en toepassing daarvan. Bash stel hierdie veelvuldigheid as volg:

“We cannot force forgiveness into a mould. It is a family of rich, complex and multiform phenomena. Usually forgiveness coexists with what debases and compromises it. Nevertheless, forgiveness, in its Derridean ‘pure’ form, *can* be glimpsed at and, perhaps more often than we think, even almost attained” (Bash, 2007: 172).

Die belangrikheid van vergifnis is in die verlede onderskat omdat dit normaalweg gesien is as 'n teologiese kwessie, wat ook 'n verduideliking bied vir die relatiewe stilswye oor die tema in nie-religieuse geskryfte 'n dekade of vyf gelede. Die afgelope dertig jaar is gekenmerk deur gevalle waar moondhede en nasies skuld erken en vergifnis gevra het vir menseregteskendings. Talle vergifnis- en versoeningsprosesse het op internasionale en nasionale vlak plaasgevind. Filosofe, politici, psigoloë, sosioloë en narratoloë het die diskoers rondom skuld en vergifnis betree. Leiers van volke en bekende sterre saai hulle skulderkennings en verskonings uit in die media en op gesprekforums soos Oprah Winfrey en in sosiale netwerke soos Twitter. Handelsmerke, “brands”, vra al hoe meer verskoning, of om vergifnis, vir hulle tekortkominge. Apple se besturende direkteur, Tim Cook, het onder andere verskoning gevra oor die feit dat Apple Maps nie doeltreffend werk nie, en aanbeveel dat eienaars van iPhones liever Google Maps of Nokia gebruik (Cook, 2012).

Daar is dus verskillende raamwerke met betrekking tot vergifnis wat duidelik oorvleuel en verskil. Vir die doeleindes van hierdie studie waar die

vergestalting van vergifnis in 'n narratiewe teks geanaliseer word, sal die aspekte, raamwerke en sieninge van navorsers afsonderlik bespreek word.

Vergifnis, genade en dankbaarheid is pogings om wanbalanse reg te stel. Die proses vind tussen groepe, binne groepe, tussen individue en ook binne 'n individu self, plaas. Vergifnis kan ook op meer as een van hierdie vlakke plaasvind.

Vergifnis is anders as kondonering of kwytskelding, waar die daad nie as verkeerd gesien word nie. Dit is anders as 'n verskoning, 'n regverdiging of verontskuldiging, waar die agente nie verantwoordelik vir die dade gehou word nie. Dit is nie begenadiging of 'n pardon, wat gewoonlik deur 'n regter toegestaan word, nie. Dit is nie vergeet nie – die wegneem van die misdaad uit die bewussyn van die slagoffer nie. Vergifnis is meer as die nie-onthou van die daad (Philpot & Hornsey, 2006).

“Vergifnis moet 'n mens wel help om die ervaring anders te onthou. Dit moet jou losmaak van jou slagoffer-rol sodat jy jouself as oorwinnaar van die pyn en die seerkry kan sien” (Gous, A. 2012).

Vergifnis veronderstel medelye en empatie met skuldenaars en is 'n poging om die gif uit te trek sodat 'n toekoms belewe kan word. Desmond Tutu, wat as die aartsbiskop van versoening en vergifnis in Suid-Afrika gesien kan word vir sy rol in die Waarheids-en Versoeningskommissie (vervolgens WVK), definieer die begrip as volg:

“In forgiving, people are not being asked to forget. On the contrary, it is *important* to remember, so that we should not let such atrocities happen again. Forgiveness does not mean condoning what has been done. It means taking what has happened seriously and not minimizing it; drawing out the sting in the memory that threatens to poison our entire existence. It involves trying to understand the perpetrators and so have empathy, to try to stand in their shoes, and to appreciate the sort of pressures and influences that might have brought them to do what they did ... Forgiveness means abandoning your right to pay back

the perpetrator in his own coin, but it is a loss which liberates the victim” (Tutu, 1999: 219).

Die WVK se geskiedenis is kortliks as volg. Mnr Dullah Omar, die Minister van Justisie in die eerste demokratiese regering van ’n post-apartheid Suid-Afrika, het in Julie 1995 die *Wet op Nasionale Eenheid en Versoening* voor die parlement gelê. Dit het gelei tot die instelling van die WVK wat bestaan het uit drie komitees: ’n Menseregteskendingskomitee, ’n Amnestiekomitee en ’n Reparasië- en Rehabilitasie-komitee. Die doel van die WVK was om ’n brug tussen die verlede en die toekoms te bou. Die hoofaspekte van hierdie opdrag het die volgende behels: om verslag te lewer oor alles in die toe resente verlede van Suid-Afrika; om aan slagoffers, oortreders en die hele bevolking van die land die geleentheid te gee om hulle stories te vertel, inligting openbaar te maak, onreg te erken, moontlik amnestie te ontvang en vorentoe te beweeg; om voorstelle ten opsigte van reparasie te maak. Die WVK en die onderskeie komitees het in Januarie 1996 met die proses begin. Tydens 140 verhore is daar na die getuïenis van 21 400 slagoffers geluister; 27 000 name van slagoffers is geregistreer; 7124 amnestie-aansoeke is ontvang en verhoor; die behoeftes, omstandighede en probleme van die duisende slagoffers is nagegaan en voorstelle oor hoe die regering hierdie behoeftes kon hanteer, is gemaak. Die finale verslag is op 29 Oktober 1998 aan Nelson Mandela oorhandig (Meiring, 2000).

Die Bostonse Teologiese instituut som die verskillende invalshoeke ten opsigte van vergifnis soos volg op. Vergifnis kan gesien word as ’n verbintenis tot ’n leefwyse; ’n verbintenis tot die wil; dit behels bevryding van die verlede; dit kan toegepas word op die sekulêre en openbare beleid; dit is die proses om tot ander insigte te kom, die suksesvolle uitvloeisel van die aktiewe poging om slegte gedagtes met goeies te vervang, bitterheid en woede met meegevoel en toegeneentheid te vervang; dit behels drie stadiums op die pad na genesing, naamlik verwydering, beperking en volledigheid (The Boston Theological Institute, 2012).

'n Moontlike werksdefinisie vir die doel van hierdie studie is dus:

Vergifnis is die proses wat die persoon wat te na gekom is, in staat stel om negatiewe emosies, wrewel en wraakgedagtes te laat gaan.

2.3.3 Nie-vergifnis

Daar is verskeie geleerdes wat van mening is dat mens nie boosheid en misdade mag vergewe nie, dat wrewel geregverdig is (Wiesenthal, 1998; Levi, 1989; Améry, 1998; Brudolm, 2008). Brudolm (2008) noem drie faktore wat na afloop van die gruweldade wrewel kan veroorsaak. Hy ontleed die wrewel wat Jean Améry, 'n oorlewende van die massamoord op die Jode, voel, soos uitgedruk in sy opstel '*Resentments*'. Hy vergelyk dit met soortgelyke reaksies in Suid-Afrika op die prosesse van die WVK. Die eerste faktor is die gruweldaad op sigself. Die tweede is die toestaan van amnestie wat slagoffers die reg ontnem om die misdadigers in kriminele of siviele howe aan te kla. Die derde faktor wat wrewel kan vergroot, is die druk op die slagoffers om te vergewe. Hulle onvergewensgesindheid word voorts as morele minderwaardigheid of psigologiese nadeel gediagnoseer en dit kan veroorsaak dat die onreg vererger word en dat hul lyding as onbeduidend afgemaak word (in Van Vuuren, 2011: 23; Brudolm, 2008: 74).

Vergifnis is nie altyd goed nie – dis 'n ondeug, skryf John Kekes (2009), en wys dan hoe die standaardstandpunt ten gunste van vergifnis, ernstig gebrekkig is. Hy redeneer dat redelike blaam die juiste morele reaksie op misdade is en onverenigbaar is met vergifnis. Redelike blaam hou die misdaad regtens teen die misdadiger, terwyl vergifnis verhoed dat die misdaad teen die misdadigers gehou word.

Kekes skryf verder dat, indien ons sou dink dat vergifnis goed is omdat ons Jesus se leerstelling in Matteus 6:14 volg: "As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie" (in *Die Bybel*, 1983: 11), dan is dit bruikbaar as "a kind of cosmic tit-for-tat strategy" (Kekes, 2009: 488). As ons vergewe sodat ons self van

destruktiwe en negatiewe emosies verlos kan word, is vergifnis die psigologiese ekwivalent van kasterolie. Bose aksies vervat die ergste tipe immoraliteit en verdien nie vergifnis nie. Om onskuldige mense 'n marteldood te laat sterf, is boos; om te steel, is verkeerd. Beide dade verdien blaam. Hy redeneer ook dat die Augustiaanse ingesteldheid van “haat die misdaad en nie die misdadiger nie”, verkeerd is, omdat die misdraad gepleeg word deur misdadigers. Ons ingesteldheid teenoor die misdadigers kan natuurlik beïnvloed word deur hul berou, die straf wat aan hulle gegee word en hulle lyding – maar dit veronderstel nie vergifnis nie, dit beteken juis dat ons hulle vir misdade blameer. Die morele kodes van ons wêreld is ingestel sodat goed en kwaad, juis versterk of verswak moet word; sodat verdienste beloon word en slegte dade afgekeur word (Kekes, 2009: 505).

Primo Levi stel die argument as volg:

“I do not know, and it does not much interest me to know, whether in my depths there lurks a murderer, but I do know that ... I was not a murderer. I know that murderers existed ... and still exist ... and to confuse them with their victims is a moral disease or an aesthetic affectation or a sinister sign of complicity; above all it is a precious service rendered (intentionally or not) to the negators of truth” (Levi, 1989: 48-49).

Die oproep vir nie-vergifnis is gesetel in die konsep van reg en geregtigheid. Vergifnis mag net geskied, indien dit kan, nadat reg en geregtigheid geskied het. Anders is vergifnis die toelaat of eerder goedpraat van misdade. Hoe anders versoen mens vergifnis met geregtigheid? Meiring se ondervinding gedurende die verhore van die WVK beaam hierdie standpunt:

“Was die slagoffers en hulle gesinne bereid om die oortreders, die ontvoerders en folteraars, te vergewe? Was versoening regtig moontlik? Daarvoor was die getuies nie eenstemmig nie. Sommige het 'n byna ongelooflike grootmoedigheid geopenbaar – mense soos Beth Savage – om diegene wat hulle wreedaardig behandel het, onvoorwaardelik te vergewe. Ander – soos Karl Weber en mev. Kondile – het die vraag aan die orde gestel: Moet reg en geregtigheid

nie éérs geskied, moet die skuldiges nie eers aan die man gebring word voordat vergifnis en versoening werklikheid kan word nie?” (Meiring, 1999: 26).

Dit blyk dat daar nie eenstemmigheid is oor die vraag of vergifnis wenslik is nie. Vergifnisondersteuners is dit eens dat vergifnis nie die vervanging van reg en geregtigheid is nie. Aangesien vergifnis beïnvloed word deur die raamwerk waarbinne dit gedefinieer word, is dit nodig om na verskeie dissiplines en raamwerke te kyk waarbinne vergifnis behandel kan word.

2.3.4 Verskillende raamwerke

2.3.4.1 Vergifnis in godsdienstige konteks

In verskillende gelowe word vergifnis meestal in twee verhoudings gesien: vergifnis tussen God en die mens; vergifnis tussen mense.

A. Bybelse vergifnis

Die konsep vergifnis in die Ou Testament word volgens *The New Bible Dictionary* (Douglas, 1962) deur drie woorde verteenwoordig wat onderskeidelik “boetedoening”, “die oplig en wegdra van sonde”, en laastens “vergifnis” beteken. In die Ou Testament word reg en geregtigheid gesien as ’n onmiskenbare waarheid, nie vergifnis nie. Sonde verdien straf. Die kwytskelding van sonde is ’n verstommende genade. Offerandes as boetedoening is deur God ingestel sodat iemand of iets “met bloed” moes betaal. Opregte berou is ’n noodsaaklike vereiste vir vergifnis (Douglas, 1962: 435). Vergelyk byvoorbeeld die teks in Eksodus 34:6-7:

“Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: ‘Ek die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe tot in die derde en vierde geslag” (*Die Bybel*, 1983: 105).

Die vergifnismetafore en vergelykings wat gebruik word in die Ou Testament dui op die verwydering van sonde; vergifnis word omskryf as:

- die afstand tussen die ooste en weste, wat natuurlik oneindig is;
- die skoonwas van skuld;
- God wat die sonde nie onthou nie – dis waarskynlik die rede vir die algemene gesegde “vergewe en vergeet”;
- die weggooi van sonde in die diepte van die see.

Die Griekse woorde wat gebruik word vir vergifnis in die Nuwe Testament is:

- *charizomai*: “om goedgunstiglik daarmee te handel”;
- *aphiemi*: “om weg te stuur”;
- *aphesis*: “kwytskelding”;
- *apolyo*: “om los te laat” (Douglas, 1962: 435).

Die Christelike perspektief word onomwonde deur Piet Meiring gestel: dit is moontlik om te vergewe omdat God almal, ook skuldenaars, vergewe. Ons kan nie net vergewe nie, ons *moet* vergewe omdat Jesus ons in Matt. 6:12 so leer bid het: “Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree” (*Die Bybel*, 1983: 11), en omdat dit ons plig is aangesien ons vergifnis ontvang het. Ons moet vergewe omdat vergifnis die slagoffers vrymaak. Hy beklemtoon dat die uitdrukking “vergewe en vergeet” onjuis is, omdat vergifnis en versoening nie op amnesie gebou is nie maar op die waarheid. Meiring (in Burger et al, 2009: 162) stel dit duidelik dat die vermoë om te vergewe asook die metode, Godgegewe is en verwys na Stefanus, die eerste Christen-martelaar, se woorde in Handeling 7:60 terwyl hy gestenig is: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!” (*Die Bybel*, 1983: 167). Die metafoor verwys na kwytskelding, die afskryf van finansiële verpligtinge.

Daar is ’n verband tussen berou, belydenis en vergifnis, maar anders as in die algemene opvatting oor vergifnis, is berou en belydenis nie stappe wat vergifnis veroorsaak nie. Geloof en berou word nie gesien as optredes waarmee ons vergifnis kan verdien nie. Dit is eerder die middel waarmee God

se genade aan ons beskikbaar gestel word (Douglas, 1962). Ons sondes is reeds deur God vergewe. Ons boetedoening en pogings daarna om ons lewens en ingesteldheid te verander en te rig op die goeie, bewys ons dankbaarheid aan God vir die kwytskelding van ons sondes. Kritiek op hierdie Christelike ingesteldheid is die gedagte dat mens na hartelus kan oortree, want die sondes is reeds vergewe. Die klemverskuiwing vanaf verdienste na genade kan veroorsaak dat die ontvang en gee van vergifnis so misbruik word. Dit word egter eksplisiet in Rom.6:15 beredeneer: “Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade? Beslis nie” (*Die Bybel*, 1983: 204) Hierdie kritiek of misbruik, is in stryd met die Bybel.

B. Islam

Die Islamitiese siening van vergifnis, wat deur Arendt, Ricoeur en Kristeva ingesluit is by hulle bespreking oor die Abrahamitiese tradisie en vergifnis, manifesteer eerstens in die verhouding tussen Allah en gelowiges en tweedens tussen mense. Gelowiges moet mekaar en selfs hulle vyande vergewe. Dr. Muzzamil Siddiqi bespreek die benaminge van Allah en noem dat dit sy karaktertrekke wat ook vergifnis insluit, vervat (Siddiqi, 2004).

- *Al-Ghafoor*: “die mees vergewensgesinde”. Dit word meer as sewentig maal in die Koran gebruik. Die woord *ghafar* beteken “om te bedek” en vandaar die betekenis “om te verskoon”. Allah vergewe egter nie *shirk* (die verering van enige iemand anders behalwe God) “sonder berou en belydenis” nie.
- *Al-Afuw*: “die een wat loslaat en herstel”. Allah maak die las van sonde los en herstel die eer wat mens verloor deur sonde te doen en foute te maak.
- *Al-Tawwab*: “die aannemer van berou en belydenis”. Die naam vervat ook die betekenis van “herhaaldelike vergifnis”. Daar word van mense verwag om vinnig van sondes af te sien en dit te bely.
- *Al-Halleem*: “die genadige”. Dit beteken dat Allah nie vinnig oordeel nie. Hy gee aan mense tyd en wag geduldig.
- *Al-Rahman* en *al-Rahim*: “die mees barmhartige en medelydende”.

Hierdie name getuig daarvan dat Allah se genade oorvloedig is.

Siddiqi beklemtoon dat die Koran dit stel dat Allah die regter is maar dat hy kan kies om nie te straf nie. Hy wil nie die goedheid in mense ignoreer nie; hy wil juis sondaars vergewe. Allah se genade is onbeperk en oneindig.

Vergifnis van Allah is 'n drie-stap-proses:

1. Besef die oortreding en bely dit voor Allah.
2. Verbind jousef om nie die oortreding te herhaal nie.
3. Vra vergifnis van Allah.

Die proses om vergifnis van mense of die gemeenskap te vra, is 'n vier-stap-proses.

1. Besef die oortreding en bely dit teenoor diegene aan wie jy skade berokken het en teenoor Allah.
2. Verbind jousef om nie die oortreding te herhaal nie.
3. Doen wat jy redelikerwys kan om die fout reg te stel en vra verskoning vir die party aan wie jy skade berokken het.
4. Vra vergifnis van Allah.

Die profeet Mohammed word ook beskryf as iemand wat self sy vyande (die mense in Ta'if wat hom mishandel en met klippe gegooi het) vergewe. Hy het tot Allah gebid en gevra dat Hy hulle sal red omdat hulle uit onkunde opgetree het.

Daar word van reisigers wat vir die Hajj na Mekka gaan, verwag om voor hulle vertrek alle uitstaande rekeninge te vereffen en geskille uit die weg te ruim.

Daarom is die gebruik dat reisigers vir familie, vriende en kennisse om vergifnis vra sodat hulle met 'n skoon gewete die reistog kan onderneem. Hajj is een van die vernaamste vereistes in die proses van Islamitiese heiligmaking.

C. Judaïsme

As 'n Joodse persoon, nadat hy iemand kwaad aangedoen het, opreg om verskoning vra en die misdaad regstel, is die slagoffer volgens die Joodse geloof verplig om vergifnis toe te staan. Die verskoning moet egter tot die persoon aan wie skade gedoen is, self gerig word. As die oortreder drie keer om verskoning gevra het en die vergifnis word steeds nie toegestaan nie, het die oortreder sy/haar verpligting nagekom. God kan nie mense vergewe vir skade aan ander mense nie. God kan slegs sonde vergewe wat teen Hom gedoen is. Derdeparty-vergifnis bestaan nie in die Joodse geloof nie. Dit verklaar waarom Wiesenthal nie vergifnis kon uitspreek teenoor Karl nie. Slegs die individue wat Karl skade aangedoen het, kon hom vergewe en hulle was reeds dood.

Dit is dus die gebruik om voor Yom Kippur, die Groot Versoeningsdag, te vas, jouself te reinig en van mense aan wie jy wetend of onwetend skade gedoen het, vergifnis te vra. Die Jode glo dat Yom Kippur die dag is waarop God besluit wat in die volgende jaar sal gebeur. Deel van die Tefila Zaka-meditasie is ook dat die Jood self alle misdade aan hom of haar vergewe – behalwe in die geval van wetlike sake-ooreenkomste wat nie nagekom is nie, of mense wat met opset skade aan die Jood gedoen het met die gedagte dat hy/sy hulle moet vergewe (Blank, 2010).

D. Hindoeïsme

Vergifnis en barmhartigheid is aan die een kant 'n weg na die oneindige en aan die ander kant bepaal dit ook die vloei van ons insig oor die oneindige in ons lewe, volgens Anantanand Rambachan (Fetzer Institute, 2012). Dit is deel van die radikale transformasie wat deur die radikale proses van verligting “enlightenment” veronderstel word (Tolle, 2005: 13).

E. Boeddhisme

In Boeddhisme is vergifnis die praktyk om skadelike gedagtes af te weer omdat dit verwoesting aan geestelike gesondheid saai. Haat en euwel skep 'n blywende effek op karma. Deur die wet van *karma* (die som van 'n persoon se daede is bepalend vir daaropvolgende state van bestaan) deurentyd te

bepeins, besef mens dat die belangrike sake nie weerwraak en wrewel is nie, maar *mettā* (goedertierenheid of te wel “loving-kindness”) en vergifnis – aangesien die oortreder die ongelukkigste van almal is (Abbhayagiri Buddhist Monastery, 2006). Boeddhisme bevraagteken die realiteit van passies wat vergifnis nodig maak, asook die realiteit van die objekte van die passies. Indien mens nie vergewe nie, skep jy ’n identiteit vir die pyn wat dan hergebore sal word:

“If we haven’t forgiven, we keep creating an identity around our pain, and that is what is reborn. That is what suffers” (Abbhayagiri Buddhist Monastery, 2006).

2.3.4.2 Vergifnis in politieke konteks

“Citizens should petition, appeal, lobby, protest, engage in civil disobedience, and – when things are bad enough – rebel against governments that do wrong, but never forgive them. Justice, not forgiveness, is needed when one has been unjustly treated, and what justice demands is some mixture of punishment (or institutional reform or transformation) and compensation” (Digeser, 1998: 700).

Hierdie aanhaling dui aan hoe belangrik dit is dat ’n bespreking van vergifnis en politiek gesien moet word in ’n konteks wat verwagtings en opvattings oor geregtigheid akkommodeer. Ons leef in ’n wêreld wat swaar dra aan oorloë, menseslagting, onderdrukking en onregmatige optredes van regerings. Green (2009: 74) stel dat daar geen leë lande is waarheen groepe kan verhuis nadat hulle mense in hulle gemeenskappe vermoor het of waarheen gemeenskappe kan trek wat menseregteskending beleef het nie. Aangesien voormalige vyande genoop is om dieselfde land en hulpbronne te deel, is dit noodsaaklik dat gebroke gemeenskapsverhoudings herbou word sodat mense naas mekaar kan bestaan, saamwerk en oplaas herenig.

Politieke vergifnis, oftewel oorgangsjustisie, speel ’n rol in hierdie herbouingsproses en dien as “the will of a society to extricate itself from the tragedy of history, to thwart the fatality of a world” (Hazan: 2006, 4).

Die meganiek van oorgangsjustisie is: geregtelike instellings soos internasionale tribunale, waarheid en versoeningskommissies, publieke verskonings, reparasie en die ontwikkeling van 'n gedeelde geskiedenis deur onder andere beskikbaarstelling van argiewe, herskryf van geskiedenisboeke, oprigting van gedenktekens en museums en instelling van herdenkingsdae.

Hazan noem dat oorgangsjustisie en beleide ten opsigte van vergifnis en/of straf - hetsy simbolies of krimineel - verskeie funksies dien:

- Dit word middele om die menswaardigheid van slagoffers te herstel;
- Deur die soeke na waarheid en geregtigheid werk dit mee om nasionale rekonsiliasie te bewerkstellig;
- Dit voorkom nuwe misdade;
- Dit speel 'n rol in die herstel en instandhouding van vrede;
- Dit versterk die oppergesag van die reg deur institusionele en politiese hervorming (Hazan: 2006, 23).

Politieke vergifnis is dus slegs deel van die proses van oorgangsjustisie – dit verwys na die ingesteldheid van slagoffergroepe teenoor die verdrukkers en hulle aksies wanneer oorgangsjustisie plaasvind.

Volgens Digeser durf politiese vergifnis nie plaasvind tensy die regering 'n erkenning van verskuldigheid openbaar maak nie. Voorts moet die regering as kwaaddoener en die slagoffers saamstem oor die geskiedenis van die geskiedkundige gebeure. Green identifiseer juis erkenning as die deurslaggewende grondbeginsel wat sosiale genesing en rekonsiliasie mag voortbring in gemeenskappe waar menseregteskending plaasgevind het. Dit is wel waar dat regerings, weermagte en selfs gemeenskappe menigmaal aandadigheid ontken vir gruweldade wat deur hulle verrig is. Nogtans is dit nodig dat menslike gemeenskappe nasionaal en globaal deurentyd bedag moet wees om onregverdighede en menseregteskending te bekamp, sanksies uit te oefen, en kompensasie aan te bied sodat geregtigheid kan geskied (Green, 2009: 96-97).

Digester sluit sy bespreking oor vergifnis in 'n politieke sfeer af met die volgende uitlating: "Inserting forgiveness into a politics poses its own dangers and possibilities. But when it is appropriate and successful, it may reestablish a just and equitable relationship between injured citizens and their government" (Digester, 1998: 718).

2.3.4.3 Vergifnis binne sielkundige konteks

Alhoewel die diskoers om vergifnis tans ietwat van 'n renaissance belewe (Philpot & Hornsey, 2006; Scobie & Scobie, 2002; Frise & Mcminn, 2010), is daar 'n leemte ten opsigte van empiriese navorsing daaroor (Scobie & Scobie, 2002; Gorsuch & Hao, 1993). Een so 'n empiriese studie is die analise van die komponente van vergifnis. Scobie en Scobie (2002) het gevind dat deelnemers, ongeag gender, geloofsoortuiging of modus (die toestaan van vergifnis of begeerte na vergifnis), kognitief saamstem oor die komponente van vergifnis, maar dat die interpretasie en toepassing van die komponente verskil afhangend van die modus van slagoffer of kwaaddoener.

Die Amerikaanse Psigologiese Assosiasie het in 2006 'n konferensie gehou met die titel: "Forgiveness: Partnering with the Enemy" (American Psychological Association, 2006). Met hierdie konferensie was die doel om die betekenis, prosesse en gevolg van vergifnis op die voorgrond te plaas deur gedragswetenskaplike navorsing. Die navorsers het gekyk na interpersoonlike, intra-persoonlike en groepsprosesse wat tot vergifnis lei en het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Vergifnis is die proses of die resultaat van 'n proses wat dui op 'n verandering in emosie en gesindheid teenoor 'n oortreder;
- Die meeste geleerdes is dit eens dat vergifnis 'n vrywillige proses is wat 'n doelbewuste besluit om te vergewe, inhoud;
- Die resultaat van vergifnis is 'n verminderde motivering om wraak te neem of om vervreemd te wees van die oortreder(s), ten spyte van hulle handeling (Philpot, 2006);

- Vergifnis is 'n paradoks – dit is teenstrydig met selfbelang om gewillig afstand te doen van onreg wat teen jou gepleeg is;
- Vergifnis is 'n herfrasering van 'n mens se siening van die wêreld: 'n sprong tot 'n ander logika (Hope, 1987).

Die sogenaamde vier-fase-model om vergifnis te kweek is by die Universiteit van Wisconsin-Madison ontwikkel. Hierdie model is toegepas op bejaardes; studente wat psigologiese pyn ervaar het as gevolg van emosioneel afsydige ouers; oorlewendes van bloedskande; mans wat emosioneel skade gely het as gevolg van hulle maat se besluit om 'n aborsie te kry; volwassenes in residensiële dwelmrehabilitasie en emosioneel-mishandelde vroue. Die model is ook aangepas in 'n skoolkurrikulum en kinders in Noord-Ierland en die Verenigde State van Amerika het aan die prosesse deelgeneem. Die model bestaan uit die volgende aspekte:

- Blootlegging: die identifisering van psigologiese besering en daaropvolgende reaksies, hetsy woede, skaamte of verwronge gedagtes.
- Besluitneming: verkryging van insig aangaande die wese van vergifnis en 'n bewuste verbintenis om die oortreder te vergewe.
- Werk: die persoon poog om die oortreder se perspektief te verstaan en om deernis en empatie teenoor die oortreder te ontwikkel. Woede as psigologiese verdedigingsmeganisme word vrygelaat sodat die slagoffer die pyn ten volle kan ervaar.
- Verdieping: die persoon wat vergewe, erken menslike kwesbaarheid deur na te dink oor eie oortredings. Die moontlik positiewe betekenis in gebeure wat voorheen meestal as negatief ervaar is, word ondersoek. Die “vergewer” poog om sodoende wrewel te laat vaar en 'n nuwe lewensdoel te vind. Hierdie fase stel deelnemers in staat om gesonde emosionele regulering toe te pas deur die herondersoek van die self as meer as net 'n slagoffer (Enright et al., 2006).

Die vergifnisnavorsing wat by die konferensie gelewer is, sluit onder meer in: 'n bespreking van die bekende Stanfordse vergifnisprojekte en die nege stappe tot vergifnis (Luskin, 2006); vergifnis ten opsigte van die daders van die 11 September-aanvalle van 2001 (McIntosh et al., 2006) en intergroepvergifnis in Noord-Ierland (Cairns, Hewstone & Tam, 2006). Cairns, Hewstone en Tam het deur middel van hulle navorsing onder andere bevind dat mense wat ambivalent teenoor vergifnis is, meer psigologiese angs ervaar as mense wat vergewe of as mense wat gekant is teen vergifnis.

Dit is merkwaardig dat wat een mens as opregte berou en 'n verskoning beskou, vir 'n ander nie noodwendig geld nie. Chapman en Thomas het 'n vergifnismetodologie ontwikkel, "vyf tale van apologie", wat poog om hierdie gaping te vul. Hulle postuleer dat genesing in verhoudings verhoog word indien huweliksmaats leer om mekaar se primêre "taal van apologie" te gebruik. Hulle beskryf dit soos volg:

- Om spyt uit te spreek – "Ek is jammer."
 - Om verantwoordelikheid te aanvaar – "Ek was verkeerd."
 - Om te vergoed vir foute – "Wat kan ek doen om dit reg te stel?"
 - Om opregte berou te toon – "Ek sal probeer om dit nooit/nie weer te doen nie."
 - Om vergifnis te vra – "Sal jy my asseblief vergewe?"
- (Chapman & Thomas, 2008: 16).

Die terapeutiese vergifnisproses in gesinne is baie dieselfde as groepsvergifnis en bestaan uit vier stasies: insig, verstandhouding/ooreenkoms, die geleentheid om te vergoed/kompenseer, en openlike vergifnis (Hargrave, 1994).

2.3.4.4 Vergifnis binne die raamwerke van Filosofie, Sosiologie en Narratologie

Arendt (1958), Ricoeur (2004), Derrida (2007) en Kristeva (2002) se aanknopingspunt met vergifnis het ontstaan in verskillende dissiplines en wel as 'n diskoers in reaksie op lyding in die wêreld. Hulle filosofiese teorieë het,

behalwe in akademiese kringe, ook 'n impak gehad op onder meer self-help-boeke en televisieprogramme. 'n Populêre vergifniskultuur, wat op sy beurt weer reaksie by die filosowe ontlok het, is dus geskep.

Vergifnis is 'n swerftog

Soos reeds genoem, vergelyk Ricoeur vergifnis met 'n dubbele raaisel. Skuld verhoed mens om op te tree, en vergifnis hef dié onvermoë op. Dit is moeilik om die konstruk vergifnis vas te pen, dit is soos die horison:

“Forgiveness – if it has a sense, and if it exists – constitutes the horizon common to memory, history, and forgetting. Always in retreat, this horizon slips away from any grasp” (Ricoeur, 2004: 457).

Hierdie baan van vergifnis is die nadraai van die verwydering tussen die pole van fout en vergifnis. Ricoeur toon aan dat daar 'n ongelyksoortige verband bestaan tussen die diepte van fout/skuld (en die belydenis daarvan) en die hoogte van vergifnis (of eerder die “loflied tot vergifnis” soos hy dit noem). Hy beklemtoon dat beide belydenis en loflied vorme van taalhandelinge is wat verband hou met die refleksiewe denke wat 'n mens beleef gedurende periodes van eensaamheid, mislukking en worsteling.

Ricoeur noem sy bespreking rondom vergifnis 'n “swerftog” wat bestaan uit twee skofte. Die roete begin by die areas waar vergifnis die verste van die self is, naamlik die juridiese, politieke en sosiale; en eindig by toerekenbaarheid, die plek waarsonder vergifnis vermoedelik onmoontlik is. Sonder toerekenbaarheid kan daar nie skuld wees nie en dus nie 'n noodsaak vir vergifnis nie. Die swerftog neem mens deur 'n groep instellings wat geskep is om openbare aanklag moontlik te maak. Indien dit waar is dat reg moet geskied sodat die bedreiging van straffeloosheid nie versterk word nie, kan vergifnis net plaasvind in gebare/handelinge wat nie na instellings oorgeplaas kan word nie (Ricoeur, 2004: 458).

Die tweede been van die swerftog is in die merkwaardige verhouding waar die versoek om vergifnis en die skenk van vergifnis vir 'n tydperk op 'n vlak van gelykheid en wederkerigheid bestaan. Daar is ooreenstemming in talle tale

tussen “om te vergeef” en “om te gee”, asook tussen “vergifnis” en “geskenk”. Vergelyk byvoorbeeld die verband tussen die volgende woorde in Afrikaans: “vergifnis”, “toegif”, “toegewend”. Dit versterk die hipotese dat die versoek om vergifnis en die gee daarvan mekaar vergoed.

Vergifnis en die skep van ’n narratief

Julia Kristeva noem dat die proses vergifnis, die skep van ’n narratief insluit deurdat die trauma in woorde verhaal word (Kristeva & Rice, 2002). Dit herinner aan die woorde van Antjie Krog oor Desmond Tutu, wat nie net die WVK saamgebind het as gevolg van sy posisie en gesag nie, maar ook as gevolg van die taal wat hy gebruik het:

“Whatever role others might play, it is Tutu who is the compass. He guides us in several ways, the most important of which is language. It is he who finds language for what is happening. And it is not the language of statements, news reports and submissions. It is the language that shoots up like fire – wrought from a vision of where we must go and from a grip on where we are now. It is this language that drags people along in the process” (Krog, 1998: 152).

Ricoeur se skuldbelydenis en vergifnisloflied dui aan dat die narratiewe in verskillende taalformate kan bestaan. In die terapeutiese proses is een van die belangrikste aspekte van vergifnis juis die stap waar die onuitspreekbare verwoord word (Cook, 2003).

Vergifnis en Belofte

Govier (2002) beweer dat, omdat die onreg wat ons aan mekaar doen menslik is, ons genoep is om gevoelens, houdings en handeling in reaksie op onreg uit te werk. Oortreders moet steeds lewe ná hulle oortreding en tot aanvaarding en berusting kom – so ook slagoffers.

Om te vergewe is nie ’n performatiewe daad soos om te belowe is nie. Met belofte is die woorde van die belofte self die belofte. Vergifnis is slegs woorde of ’n handeling wat ’n geïnternaliseerde proses verteenwoordig. Mense kan dus sê hulle vergewe en nie werklik vergewe nie.

Vergifnis is nie 'n uitspraak of 'n verskoning nie, dit is 'n proses. Dit is die uitwerk, wysiging en bemeestering van gesindhede en houdings; dit is nie 'n enkele gebeurtenis of taalhandeling nie.

Ricoeur se tesis is dat daar 'n noemenswaardige asimmetrie bestaan tussen die “in staat wees om te vergewe” en die “in staat wees om te belowe”. Dit is dus in die mag van vergifnis om die agent van sy handeling los te maak. Net soos die subjek gebind word aan 'n handeling deur die maak van 'n belofte, word die subjek bevry van die aksie deur vergifnis (Ricoeur, 2004: 459).

Vergifnis en Tyd

Vergifnis is ahistories volgens Julia Kristeva. Sy beweer nadruklik dat die atemporaliteit van vergifnis die rede is dat vergifnis nie inskryfbaar is op die sosiale arena nie (Kristeva & Rice, 2002: 285). In die sosiale sfeer van bestaan is daar 'n verlede, 'n hede en 'n toekoms; dienooreenkomstig moet vergifnis die stappe van regspraak en veroordeling opvolg. Vergifnis kan nie gedissosieer word van die historiese tydperk nie. Tyd verskaf aan die mens 'n veroudering of rypwording van die trauma; dit is nie moontlik vir vergifnis om plaas te vind sonder 'n sekere tydperk van lyding en verdonkering ná die “moment of impregnation with the trauma and the time of the other” nie (Kristeva & Rice, 2002: 285).

Kristeva beweer dat die Judeo-Christendom aan die wêreld die konsep van historiese tyd of lineariteit gegee het waaraan ons vergifnis en belofte bind. Daar is 'n besondere dialektiek wat uitgespeel word tussen lineêre tyd aan die een kant en belofte en vergifnis aan die ander kant (Kristeva & Rice, 2002: 286). Vergifnis is 'n proses wat vergelyk kan word met die aard van die mens. In die volgende aanhaling verduidelik Kristeva die onvoltooidheid van vergifnis. Sy gebruik, net soos Ricoeur, die horison as 'n vergelyking om die onbereikbaarheid van die ideaal uit te beeld.

“My conception of forgiveness entails understanding the human being as a subjectivity in permanent creation; we are never finished. Even if

you obtain a doctorate or win a Nobel Prize, you should not stop there. Whatever the positive meaning that has been given you or that you have produced for yourself, it should not be definitive, but rather an opening. It should be a milestone in a continual rebirth. This is a wish, a goal. Nobody gets there; we can't make it there. But it's good to have this as a horizon" (Kristeva & Rice, 2002: 284).

Ricoeur se opinie oor tyd en vergifnis word aangepas by verskillende tipes skuld op die volgende wyses. Wetlike skuld kan verjaar. Die reg of eerder die verpligting om kriminele stappe te doen na die kriminele daad, is gebonde aan tyd. Skuld word nie uitgevee soos met amnestie nie; die skuld word beëindig. In sulke gevalle beskerm die wet mens teen "indefinite indebtedness", die onbepaalde verpligting van die skuld:

"The traces are not erased: it is the path back to them that is forbidden, and this is the meaning of the word 'cessation' applied to the debts and to the rights of criminal prosecution" (Ricoeur, 2004: 472).

Vergifnis en die onvergeefbare (en die aard van die oortreding)

Ricoeur se filosofie oor die tipe misdade waar daar onregverdigbare en matelose onderdrukking van mense is, menseregteskending of "crimes against humanity", is dat dit onvergeefbaar is (2004: 472-473). Die bewerkers van hierdie gruweldade asook die band tussen die daad en die daders is beide onvergeefbaar. Menseregteskending kan nie verjaar, of uitgevee word nie. Die skuld kan nie sonder meer gedelg word nie. Ricoeur noem dat, indien vergifnis moontlik sou wees vir sulke daad, vergifnis op sigself 'n morele euwel sou wees. Die skuldigwees wat geassosieer word met gruweldade, kan nie onderdruk word nie omdat dit onverwyderbaar is van die skuldige party. Die byt van skuld kan wel verlig word deur die verhouding tussen gemeenskappe, maar die skuld kan nie vergewe word nie. Dit is moontlik om oorwinning oor boosheid te kry op die morele vlak, maar nie kwytskelding ten opsigte van skuld nie (Ricoeur, 2004: 466). Ons kan die krimineel verstaan, maar hom nie vryspreek nie.

Daar is wel vergifnis, maar dis soos 'n stem van Bo, net soos die erkenning van fout uit die dieptes van die self kom. Dit is 'n stil stem; maar is nie sonder spraak nie. Die diskoers wat daaraan gekoppel word, is dié van 'n gesang, van lof en herdenking. Die loflied het nie nodig om uit te spel wie vergewe en wie vergewe word nie. Daar is vergifnis net soos daar geluk, wysheid, oordad en liefde is. Vergifnis en liefde behoort aan dieselfde familie (Ricoeur, 2004: 466).

Ricoeur sien vergifnis dus in die lig van die “beste genadegawe” soos in 1 Kor 13:5-7 – “Die liefde ... handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles” (*Die Bybel*, 1983: 228). As liefde alles verskoon, sluit dit tog onvergeefbare dade in. Ricoeur stem hier saam met Derrida, dat vergifnis die onvergeefbare moet kan vergewe, om self te kan bestaan (Ricoeur, 2004: 467). Weliswaar lyk dit asof hy homself weerspreek.

Die navorser se slotsom oor hierdie paradoks is dat onvergeefbare dade nie sonder meer vergewe kan word nie en veral nie deur howe of politieke partye nie, maar dat individue deur die genade van God dit wel kan regkry om die onvergeefbare te vergewe.

Vergifnis en die oortreder

“The refusal to punish switches our attention from the actions themselves onto the agents who committed them, including the factors that influenced their conduct and which we should take account of when planning our response” (Holloway, 2002: 74).

Die nie- Straf van misdade veroorsaak dat die méns en nie die mísdad nie vooropgestel word nie. Hannah Arendt wys daarop dat vergifnis juis nodig is vir “those everyday breaks in the harmony of life or tears in the web of human relationships” eerder as vir monsteragtige dade. Ons moet leer om mekaar te vergewe sodat die lewe kan voortgaan. Die manier om dit te doen is om nie op die daad te fokus nie, maar op die persoon wat die daad gepleeg het.

Mens vergewe mense, nie dade nie. Ons kan nie 'n moord of 'n diefstal vergewe nie, maar wel 'n moordenaar of 'n dief:

“By being aimed at *someone* and not *something*, forgiveness becomes an act of love” (Holloway, 2002: 36; Arendt, 1958: 232).

Die fundamentele insig is dat mens die afkeur teenoor die daad moet behou indien 'n mens die wetlike aanspraak op menslike reg wil behou. So nie kan die onomkeerbare vergrype mens toesluit in die verlede.

“There is a tragic fact here that needs to be faced. The reason we want to be able to forgive individuals, while retaining the important ability to judge their actions, is that we know that personal action is the fruit of character and that character is largely predetermined by factors that are not in our control” (Holloway, 2002: 44).

Hierdie mensgesentreerde denke stel mense en gemeenskappe in staat om, ten spyte van onvergeefbare dade, 'n toekoms te beding(k) deur die proses van vergifnis:

“True forgiveness deals with the past, all of the past, to make the future possible. We cannot go on nursing grudges even vicariously for those who cannot speak for themselves any longer. We have to accept that what we do we do for generations past, present, and yet to come. That is what makes a community a community or a people a people – for better or for worse” (Tutu, 1999: 227).

Vergifnis as geskenk

Vergifnis is fundamenteel 'n interpersoonlike proses wat betrokkenheid verwag van albei partye – dit is juis nie 'n geskenk nie (Griswold, 2007: 212). As mens egter die redenasie van Marcel Mauss ten opsigte van “geskenk” hiermee koppel, naamlik dat daar nie iets soos 'n gratis geskenk bestaan nie omdat die gee van 'n geskenk juis wederkerigheid instel (Mauss, 1990), dan is vergifnis 'n geskenk, omdat 'n geskenk juis 'n band skep tussen gewer en ontvanger. Die gewer is onlosmaaklik verbind aan die geskenk.

Daar is slegs 'n paar gevalle waar geskenke werklik verniet of gratis is, byvoorbeeld in gevalle waar aalmoese of donasies aan 'n bedelaar gegee word en waar die bedelaar en donateur mekaar nie ken nie en mekaar heel moontlik nooit weer sal sien nie. Daar is geen band in die genoemde sosiale konteks wat, as gevolg van die reputasie van die ontvanger, 'n verpligting skep om iets terug te gee nie (Gregory, 1982: 32). Dit is ook die geval in die kultuur van die Noord-Amerikaanse Indiane waar skenkings eerder gevind as gegee word sodat die magsposisie van die gewer uitgeskakel word en ten opsigte van Jainistiese askete wat slegs aarselend en apologeties kos van families in die gemeenskap aanvaar. Deel van die askete se lewenstyl is dat hulle moet voorgee dat hulle geen nood of behoefte het nie (Laidlaw, 2000).

Geskenke word ook gegee om berou aan te toon, soos in die geval waar 'n man vir sy vrou blomme gee omdat hy byvoorbeeld hulle troudatum vergeet het. Die gebruik is seker gegrond op die konsep van offerande of selfs aflaatgeld "indulgences" wat gebruiklik was in die Rooms-Katolieke kerk. Die sakrament van boetedoening verwag juis dae van beide die sondaar en die priester: die sondaar moet sy optrede en ingesteldheid ondersoek, 'n plan maak om nie weer so op te tree nie, sy sonde aan 'n priester bely en 'n handeling uitvoer wat as skadevergoeding dien; die priester bepaal wat die handeling is wat as skadevergoeding moet dien en onthef die sondaar van sy skuld deur vryspraak of absolusie.

Daar is natuurlik baie vreemde gevalle wat dien as vergifnisgeskenke. Daar is die voorbeeld van Anri Suzuki, 'n 24-jarige dokter in Sino-Japannese geskiedenis en ook 'n Japannese pornografie-ster, wat aangebied het om as verskoning vir haar land se inval in China (die besetting en massamoord van Nanking in 1937), seks met Chinese studente te hê.

"I want to cure the wounds of China with my body, and I offer to do this by having sex with Chinese students in Japan" (*Sunday Times*, 2010).

Vergifnis in Afrika

Ubuntu verwys na "umuntu ngumuntu ngabantu", die Afrika-kuns om 'n ware mens te wees deur ander mense (Broodryk, 2002: 11). Gobodo-Madikizela

beskou ubuntu nie net as 'n Afrika-konsep nie, maar eerder as 'n menslike konsep:

“The notion of *ubuntu* invites fellow human beings to truly listen to one another in our social and political engagement, so that during moments of witness about the pasts and our different roles in it we can hear and connect with one another at critical points when our humanness shines through. This, I think is the essence of a justice based on the quest for human dignity and the restoration of a moral order in societies previously characterised by violence and hatred” (Gobodo-Madikizela, 2009: 165).

Ubuntu bestaan uit vyf kernwaardes: menslikheid, sorgsaamheid, mededeelsaamheid, respek en medelye. Liefde, samehorigheid, informaliteit, vergifnis en spontaneïteit is verwant aan barmhartigheid (Broodryk, 2002: 32).

“If you have two cows, and the milk of the first cow is enough for your own consumption, Ubuntu expects you to donate the milk of the second cow to your underprivileged brother and sister,” het Walter Sisulu gesê (in Broodryk, 2002: 13).

Steve Biko het die Westerse waardes en tradisies wat teen dié Afrika-konsep naamlik, dat die mens die hoeksteen van die gemeenskap is, verwerp:

“We reject the power-based society of the Westerner that seems to be ever concerned with perfecting their technological know-how while losing out on their spiritual dimension. We believe that in the long run the special contribution to the world by Africa will be in this field of human relationship. The great powers of the world may have done wonders giving the world an industrial and military look, but the great still has to come from Africa – giving the world a more human face” (in Broodryk, 2002: 19).

Die woorde van Steve Biko klink profeties as mens kyk na die versoeningsrol wat Nelson Mandela as ikoon van vergifnis in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld gespeel het en in 'n mate nog speel.

Broodryk wys daarop dat foute in die Afrika-konteks gesien word as lewenslesse eerder as skuld. Wanneer mense foute maak, moet hulle vergewe word. Die metode om dit te doen is deur die kwaaddoeners se optrede empaties te sien; deur jouself in die persoon se skoene te plaas en 'n rede vir die kwaaddoeners se optrede te vind (Broodryk, 2002: 36).

Direk ná die apartheidsera het ubuntu nie net 'n politieke sleutelwoord en 'n sogenaamde gonswoord vir die deelnemende demokratiese sakebestuur geword nie, maar ook, onder die leierskap van aartsbiskop Desmond Tutu, 'n unieke, etiese grondslag vir die Waarheids- en Versoeningskommissie (Sanders, 2007: 25).

Die raamwerk waardeur Desmond Tutu na die wêreld en die samelewing kyk, is 'n raamwerk van ubuntu en vergifnis.

2.3.5 Verwante begrippe

2.3.5.1 Vergifnis is nie dieselfde as versoening nie

Sommige navorsers is van mening dat versoening, die herstel van die verhouding, 'n integrale deel van die vergewingsproses is, terwyl ander versoening en vergifnis as onafhanklike prosesse sien. Vergifnis kan binne die slagoffer se gemoed plaasvind sonder dat die oortreder verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar of berou toon, terwyl versoening altyd 'n gesamentlike proses veronderstel waar die verhouding herstel sou kan word en vertroue van nuuts af opgebou moet word (Philpot, 2006; Gous, A. 2012).

Die Boston Teologiese Instituut verklaar dat versoening die ontknoping van geweld is en dat dit plaasvind wanneer mense betrokke raak in 'n positiewe verhouding met die oortreders. Die term volgens die apostel Paulus is *kattallagé* in 2 Korintiërs 5:16-21 en Efesiërs 2:11-22 en word met betrekking tot gelduitruiling in die Hellenistiese wêreld gebruik. Dit verwys na die proses om 'n nuwe persoon te word deur plekke te ruil met 'n ander persoon. In die

Ou- en Nuwe Testament verwys vergifnis na die skep van 'n nuwe verbintenis wat op 'n periode van vervreemding volg. Voorbeelde hiervan is tussen God en Israel, die versoening tussen Josef en sy broers, Esau en Jakob en Jesus se dood aan die kruis in die plek van die mensdom. Die grondterm *concordium* – die doelbewuste proses waar partye wat in tweestryd is met mekaar, “in rade” ontmoet om hulle verskille uit te werk – wys na nie-Bybelse versoening. In sulke gevalle kan die term “goedkoop genade” (“cheap grace”) gebruik word wanneer daar versoening sonder geregtigheid geskied. “Nasionale versoening” verwys na 'n poging tot kollektiewe genesing waar die waarhede van die slagoffer en die pleger uitgeruil word (The Boston Theological Institute, 2012).

Frise en McMinn (2010) het deur middel van empiriese, positivistiese, kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing vasgestel dat daar 'n beduidende verskil tussen die perspektiewe van psigoloë en teoloë ten opsigte van vergifnis en versoening is. Hulle het bevind dat psigoloë meer geneig is om vergifnis en versoening as twee aparte konstruksies te beskou. Teoloë, daarteenoor, is van mening dat versoening die uitvloeisel van vergifnis is, alhoewel hulle dit eens is dat versoening nie noodwendig “in hierdie lewe” kan plaasvind nie.

Biskop Desmond Tutu (1999) se gedagtes oor die WVK en die rol van versoening en vergifnis ondersteun Frise en McMinn se navorsing. Tutu gebruik die twee terme deurentyd saam. Hy stel dit boonop duidelik dat hy as kerklike leier gekies is om as die voorsitter van die WVK te dien en dat sy teologiese en kerklike lewens- en wêreldbeskouing noodgedwonge die lede van die WVK se insigte en aksies sou beïnvloed. Hy noem dat teologie die kommissie gehelp het om te beseef dat die dade van die skuldiges – al was dit monsteragtige dade – nie van die skuldiges monsters gemaak het nie.

“Theology reminded me that however diabolical the act, it did not turn the perpetrator into a demon” (Tutu, 1999: 73).

Hy sê vervolgens dat hulle moes onderskei tussen die daad en die skuldige, tussen die sondige en die sonde: hulle moes die daad haat, maar gevul wees met medelye vir die misdadiger. Indien die skuldiges tot monsters en duiwels verklaar sou word, sou toerekenbaarheid vir die daad nie gevra kon word nie, omdat hulle dan nie as morele agente beskou sou kon word nie:

“Theology says they still, despite the awfulness of their deeds, remain children of God with the capacity to repent, to be able to change. If that were not true, we should, as a Commission, have had to shut up shop, since we were operating on the premise that people could change, could recognize and acknowledge the error of their ways and so experience contrition, or at the very least remorse, and would at some point be constrained to confess their dreadful conduct and ask for forgiveness. If, however, they were dismissed as being monsters then they could not by definition engage in a process that was so deeply personal as that of forgiveness and reconciliation (Tutu, 1999: 74).

Volgens Tutu het teologie die kommissie gehelp om te verstaan dat ons in 'n morele wêreld bly, dat goed en sleg werklik is en dat dit saak maak:

“They are not just things of indifference. This is a moral universe, which means that, despite all the evidence that seems to be to the contrary, there is no way that evil and injustice and oppression and lies can have the last word” (Tutu, 1999: 76).

Om te vergewe en om versoen te raak verg eerlikheid, wat by tye die slagoffers weer kan wond. Dit is juis hierdie aspek, dat die slagoffers vir 'n tweede keer geviktimizeer kan word, wat veroorsaak dat mense vergifnis as reaksie op skuld teenstaan:

“Forgiving and being reconciled are not about pretending that things are other than they are. It is not patting one another on the back and turning a blind eye to the wrong. True reconciliation exposes the awfulness, the abuse, the pain, the degradation, the truth. It could even sometimes make things worse. It is a risky undertaking, but in the end it is worthwhile, because in the end there will be real healing from

having dealt with the real situation. Spurious reconciliation can bring only spurious healing” (Tutu, 1999: 218).

Tutu het die slagoffers wat getuig het, beskryf as merkwaardige, buitengewone en spesiale mense. Hy benadruk dit egter dat hulle in ’n sekere sin net gewone mense is, dat die vermoë om te vergewe of om te versoen nie net aan ’n spesiale klas of tipe persoon behoort nie:

“Wonderfully, forgiveness and reconciliation are possible anywhere and everywhere and have indeed been taking place often, unremarked and unsung” (Tutu, 1999: 121).

Ricoeur se narratiewe teorie van pordon en herinnering eggo die doelwit van die WVK. Mimetisme stel ’n weg uit die finaliteit van die verlede voor, uit die skynbare onomkeerbaarheid van gebeure deur sulke gebeure te her-konfigureer in die lig van die hede (Duffy, 2009: 120):

“Reconciliation in a mimetic paradigm, is not just about the political accommodation of various interests and aspirations in a mutually acceptable way. Rather it is concerned with the social re-construction of a society and by implication is connected with re-building the ‘moral order’. Its goal must be the transformation of relationships with all that implies – spiritually, socially, economically and politically” (Duffy, 2009: 121).

Die diskoers oor vergifnis-versoening kan soos volg opgesom word: vergifnis gebeur binne-in ’n individu; versoening gebeur binne ’n verhouding. Vergifnis kan plaasvind sonder dat die ander party daarvan weet, sonder dat dit uitgedruk word in woorde. Die proses van versoening vereis dat beide partye ’n narratief skep en die woorde “ek vergewe jou” word gewoonlik, maar nie noodwendig nie, uitgespreek.

2.3.5.2 Vergifnis is nie dieselfde as amnestie nie

Amnestie verwys na die algemene kwytskelding van straf of vervolging deur 'n regering. In Suid-Afrika se WVK-geval was daar geen algemene amnestie (soos toegestaan deur generaal Pinochet in Chili in 1973) nie, slegs individuele amnestie. Elke persoon wat betrokke was by 'n politieke misdryf, kon 'n individuele aansoek om amnestie indien en dan voor 'n onafhanklike paneel verskyn, wat sou besluit of die aansoeker aan die voorwaardes voldoen om amnestie te verkry:

“... it was felt very strongly that general amnesty was really amnesia. It was pointed out that we, none of us, have the power to say, ‘Let bygones be bygones’ and, hey, presto, they then become bygones. Our common experience in fact is the opposite – that the past, far from disappearing or lying down and being quiet, is embarrassingly persistent, and will return and haunt us unless it has been dealt with adequately. Unless we look the beast in the eye we will find that it returns to hold us hostage” (Tutu, 1999: 31).

Tutu verwys hier na die Anglo-Boereoorlog en hoe daar ten spyte van die feit dat 134 000 mense dood is, nooit oor die konsentrasiekampe in gesprek getree is nie. Daarom was daar nooit vergifnis nie – alhoewel dit vir jare op die oppervlak so gelyk het. George Santayana se woorde: “Those who cannot remember the past are condemned to repeat it”, wat by die ingang van die museum in Dachau naby Nuremberg aangebring is, was bepalend vir Tutu en die WVK se perspektief ten opsigte van versoening:

“Those who were negotiating our future in South Africa were aware that unless our past was acknowledged and dealt with adequately, it could blight our future” (Tutu, 1999: 32).

Nog 'n rede waarom die gedagte van nasionale amnestie verwerp is, is dat dit die slagoffers van apartheid 'n tweede keer sou viktimiseer, deur hulle ondervinding te veralgemeen of te ontken. Die ondervinding is 'n belangrike deel van hulle identiteit.

Tutu verwys na die toneelstuk *Death and the Maiden*, geskryf deur Ariel Dorfman, die Chileense dramaturg, om sy punt te staaf:

“The maiden’s husband has just been appointed to this country’s Truth Commission. While she is busy in the kitchen, someone whose car has broken down enters the house to ask for help. The woman does not see him but hears him speak and she recognises his voice as that of the man who had tortured and raped her when she was in detention several years before. The scene then changes to show the man completely at her mercy, tied up and helpless. She holds a gun to him and is ready to kill him because he denies strenuously that he could have done this and tries to produce an elaborate alibi. Much later he eventually admits that he was the perpetrator and, very strangely, she lets him go. His denial hit at the core of her being, at her integrity, at her identity and these were all tied up intimately with her experiences, with her memory. Denial subverted her personhood. She was, in a real sense, her memory” (Tutu, 1999: 32).

Volgens Tutu het die prosesse van die WVK die rehabilitasie en bevestiging van waardigheid en medemenslikheid van mense, wat vir jare wreedaardig stilgemaak is totdat hulle anonieme, gemarginaliseerde slagoffers geword het, bevestig. Diesulkes kon bemagtig word deur hulle stories te vertel en deur die openbare narratief is hulle individualiteit en menslikheid erken (Tutu, 1999: 33). Die “waarheid” van hulle stories is natuurlik bevestig.

Albie Sachs het uitgewys dat daar verskillende ordes van die waarheid bestaan wat mekaar nie noodwendig uitsluit nie:

- **Forensiese, feitelike waarheid**, wat bevestigbaar is en gedokumenteer kan word;
- **Sosiale waarheid**, die waarheid van ervaring en ondervinding wat deur middel van interaksie, bespreking en debatsvoering vasgestel kan word;
- **Persoonlike waarheid** “truth of wounded memories” – ’n helende waarheid (in Tutu, 1999: 33).

Amnestie-aansoekers moes demonstreer dat hulle 'n volle openbaarmaking van die relevante feite gelewer het. Die daad waarvoor amnestie gevra word, moes plaasgevind het tussen 1960 (die Sharpeville-bloedbad) en 1994 (Madiba se inhuldiging). Amnestie in Suid-Afrika was 'n middel tot die ideaal waarna die WVK gestrewe het: nasionale eenheid en versoening, 'n historiese brug tussen die verlede en 'n toekoms, gegrond op die erkenning van menseregte, demokrasie en vreedsame naasbestaan. Die konstitusie van die WVK het beoog om 'n grondslag vir Suid-Afrikanners te skep wat die verdeeldhede van die verlede en die skending van menseregte kon oorkom. Die gees waarin amnestie gedurende die WVK se prosesse plaasgevind het, het volgens die konstitusie die volgende veronderstel:

“[A] need for understanding but not for vengeance, a need for reparation but not for retaliation, a need for ubuntu but not for victimization” (Tutu, 1999: 46).

Alhoewel die konstitusie van die WVK dit ten doel gehad het om verhoudings te transformeer sodat die gemeenskap vir die toekoms herbou kon word, is daar verskeie kritici wat meen dat dit juis die teenoorgestelde veroorsaak het – veral as gevolg van die verwarring tussen die konsepte amnestie, vergifnis en versoening (Derrida, 2007; Ricoeur & Antohi, 2005). Ricoeur noem dit die vertroebeling van die “openbare wêreld van die reg” met die “private wêreld van versoening” (Ricoeur & Antohi, 2005). Sy kritiek: “Amnesty prevents both forgiveness and justice ... amnesty is organized forgetting ...” (Ricoeur & Antohi, 2005: 10).

2.3.5.3 Vergifnis is meer as verskoning

“Forgiving is not excusing” – die oortreding moet genoem word en die onregmatigheid daarvan moet deur die oortreder erken word as deel van die proses van vergifnis. Dit word sodoende 'n daad van belydenis en in 'n mate die sekulêre teëvoeter van die sakrament van die kerk (Van Vuuren, 2011: 38): “The words are what the victim wants to hear, to touch ... *The words*

themselves” (Gobodo-Madikizela, 2003: 131). ’n Boetvaardige verskoning kan wel empatie en vergifnis tot gevolg hê, maar die gewig wat die verskoning dra, kan nie die gewig van die misdaad vergoed nie (Gobodo-Madikizela, 2003: 99).

Dit blyk dat, aangesien ’n verskoning die gedagte van verweer/verdediging of regverdiging insluit, dit gewoonlik gelees word as ’n ontduiking van straf eerder as ’n erkenning van skuld, met gepaardgaande bereidheid om die straf van die skuld te dra. Elie Wiesel sê: “If the Greeks invented tragedy, the Romans the epistle, and the Renaissance the sonnet, our generation invented a new literature, that of testimony” (in Libin, 2003: 119).

Die daad om verskoning te vra, veronderstel nie noodwendig boetedoening nie. ’n Japannese spreekwoord stel dit soos volg: “Forgiving the unrepentant is like drawing pictures in water” (thinkexist.com, 1999). Verskoning vra is dus nie dieselfde as om ’n getuienis van jou daad en skuld te lewer nie. Dit blyk kenmerkend van ons hedendaagse gemeenskap te wees om openbare verskonings aan te bied, hetsy op sosiale media, soos Twitter of Facebook, of in ’n gesprek met Oprah Winfrey, of op meer formele forums soos mediakonferensies.

Emerick (2011) lewer ’n omvattende argument ten opsigte van verskoning vra as ’n onontbeerlike praktyk ten opsigte van morele herstel. Hy bespreek byvoorbeeld die vrae: wie mag verskoning vra? en wie mag die verskoning aanvaar? Hy vergelyk die verband tussen verskoning en vergifnis met teenoorstaande boekstutte. Die proses van vergifnis begin gewoonlik by ’n verskoning en eindig by die gee van vergifnis (Emerick, 2011: 139).

2.3.6 Tipes vergifnisse

Volgens Sanders (2007: 112) word vergifnis “complicated, not annulled, by the mediation of religion, law and psychoanalysis”. Sanders se mening is dat, alhoewel vergifnis in wese ’n geskenk is wat net moontlik is in ’n aangesig-tot-aangesig-verhouding, die WVK met sy kwasi-juridiese prosedure wel

veroorzaak het dat vergifnis, of iets soortgelyk aan vergifnis, plaasvind tussen die verontregtes en die kwaaddoeners, direk na post-apartheid-Suid-Afrika (Sanders, 2007: 112).

2.3.6.1 Metafisiese vergifnis

“Net God kwalifiseer om die eerste klip te gooi, maar Hy doen dit nie,” sê ’n Xhosa-lekeprediker (Steenkamp, 2004: 323). Vergifnis is ’n Goddelike bevoegdheid, gesien in die lig van die bespreking in paragraaf 2.3.4.1, waar veral die Abrahamitiese God se verhouding met die mens gegrond is in vergifnis. God verwag liefde, verdraagsaamheid en onderdanigheid. Die mens kan nie aan die verwagting voldoen nie en is daarom in skuld gedompel. Die mens se interpretasie van God se vergifnis, natuurlik gekleur deur geloofsoortuiging, stel hom in staat om uit die verknorsing van skuld te kom deur foute van die self en van ander te laat vaar. Anton van Niekerk stel dit as volg:

“As God ons vergewe, sê Hy daarmee: Jy is meer as die sotlikheid en dwaasheid van wat jy gedoen het. Ek heg soveel waarde aan jou dat ek bereid is om jou verlede te vergeef en Ek skep vir jou ’n ruimte om weer te begin. Jy is meer werd as die kortsigtigheid van jou dade” (Steenkamp, 2004: 323).

Metafisiese vergifnis is volgens Kierkegaard die enigste ware vergifnis, die vergifnis wat aangebied word nog voordat die oortreder om vergifnis vra; soos die vader van die verlore seun gedoen het, en soos God in Jesus Christus doen (Steenkamp, 2004: 321). Griswold sien metafisiese vergifnis as die mens se vermoë om die wêreld en die gebrokenheid van bestaan te vergewe:

“[T]he effort to give up *resentment* caused by the manifold imperfections of the world. It comes to forgiving the world for being the sort of place that brings with it a spectrum of natural and moral evils, from death, illness, physical decay, and the unstoppable flow of the future into the past, to our limited control over fortune, to the brute fact of the all too familiar range of wrongs people do to each other and to themselves” (Griswold, 2007: xix).

Holloway verbind die “goedhartige onverskilligheid van die heelal,” soos vervat in die meditasie van Camus se veroordeelde Meursault terwyl hy in die tronk is, met Nietzsche se *amor fati*, “to say yes to the unavoidable necessity of things” (Holloway, 2002: 42-43).

“I must have had a longish sleep, for, when I woke, the stars were shining down on my face. Sounds of the countryside came faintly in, and the cool night air, veined with smells of earth and salt, fanned my cheeks. The marvellous peace of the sleepbound summer night flooded through me like a tide ... gazing up at the dark sky spangled with its signs and stars, for the first time, the first, I laid my heart open to the benign indifference of the universe” (Camus, 1981: 119-120).

2.3.6.2 Onvoorwaardelike vergifnis

Griswold redeneer dat daar geen rede is dat vergifnis tussen mense ’n religieuse raamwerk benodig nie, alhoewel die konsep veral in Westerse, Judaïese en Christelike denke gewortel is (Griswold, 2007: xv). Die naaste wat mense egter aan Goddelike vergifnis of metafisiese vergifnis kan kom, is deur onvoorwaardelike of nie-diskriminerende vergifnis. Dit is ’n daad van die verontregte wat geen voorwaarde – nie ’n erkenning, belydenis, verskoning, boetedoening of enige vorm van reparasie – stel nie. Bash wys daarop dat so ’n daad van liefde en genade ’n stimulus vir die oortreder kan wees om die oortreding te bely en gevolglik heling en restorasie na te streef – om selfs daarna die self te vergewe (Bash, 2007: 67). Jean Valjean se vergifnis van Javert in *Les Misérables* dien as letterkundige voorbeeld hiervan. So dien Mandela ook as voorbeeld van onvoorwaardelike vergifnis in die openbare sfeer: na 27 jaar se gevangenskap en as leier van die ANC het hy nie ’n verskoning of selfs ’n uitdrukking van berou ontvang voor of na sy vrylating nie; nogtans leef Mandela ’n gesindheid van vergifnis en versoening (Bash, 2007: 67). Onvoorwaardelike vergifnis word gebaseer op die beginsel dat alle mense, hoe laakbaar hulle dade ook al, steeds mense is – dat mens

weliswaar jou vyand kan liefhê en vergewe, omdat die vyand 'n medemens is en nie 'n monster nie (Griswold, 2007: 72).

Gobodo-Madikizela (2009: 156) wys daarop dat onvoorwaardelike vergifnis, of “nie-diskriminerende” vergifnis, oneties en gevaarlik is. Sy bespreek Roth se etiek van vergifnis as een van die strominge in die vergifnisdiskoers:

- Mense maak mekaar seer; daarom is vergifnis nodig. Sonder vergifnis sal te veel wonde onnodig sweer.
- Vergifnis is gevaarlik omdat dit verantwoordbaarheid moontlik kan verminder, onregverdigheid goedkeur en lyding trivialiseer.
- Basiese voorwaardes moet vervul word voordat vergifnis kan plaasvind (tydige berou en ingesteldheid om reg te maak wat verbrou is).
- Vergifnis verteenwoordig 'n verhouding tussen lewende persone – die dooies kan nie vergifnis toestaan nie.
- Daar is dade en gebeure wat onvergeefbaar is omdat die slagoffers dood is.
- Vergifnis is 'n geskenk en kan nie afgedwing of opgeëis word nie.

Mark Sanders redeneer dat selfs die onvoorwaardelike vergifnis wat Jankélévitch en Derrida voorstel, eintlik voorwaardelik is. Jankélévitch noem dat vergifnis eers gevra moet word en Derrida verduidelik dat daar 'n impetus bestaan wat verwag dat vergifnis gegee kan word, selfs aan die wat dit nie vra of mag verwag nie (Derrida, 2007: 91). Selfs vergifnis wat dus onvoorwaardelik blyk te wees, behou in 'n mate 'n voorwaarde, al is dit net die voorwaarde dat die persoon wat die misdaad gepleeg het, bewus word van die feit dat dit 'n misdaad is.

Holmgreen is van mening dat onvoorwaardelike vergifnis welwillendheid teenoor alle mense toon. Dit is, gesien vanuit 'n morele oogpunt, die toepaslike reaksie, ongeag of die oortreder sy misdaad/wandaad erken of beken – dit is 'n daad van selfrespek vir die slagoffer (in Bash, 2007: 68).

2.3.6.3 Voorwaardelike vergifnis

Voorwaardelike vergifnis kan slegs gegee word as sekere voorwaardes vervul is. Bash noem dat dit die teenpool van onvoorwaardelike vergifnis is, juis omdat laasgenoemde vergifnis deur denkers gesien word as 'n uitdrukking van magteloosheid; 'n vonnis wat misdaad bekragtig en nie afkeur nie; 'n uitkoms vir oortreders wat nie aanspreeklikheid en die toerekenbare straf vir hulle dade wil aanvaar nie (Bash, 2007: 72). Onvoorwaardelike vergifnis kondoneer die misdaad, volgens Bash. Voorwaardelike vergifnis bevat, volgens Swinburne, vier elemente van boetedoening:

- Inkeer en berou;
- Verskoning;
- Reparasië – restitusie of kompensasië vir die skade wat aangedoen is;
- Boetedoening – soos die aanbod van 'n duursame geskenk (in Bash, 2007: 74).

2.3.6.4 Restoratiewe geregtigheid en vergifnis

Die meeste moderne regstelsels fokus op die misdaad, die verbreker van die wet en straf. Die konsep van restoratiewe geregtigheid neem die skade en misdaad wel in ag, maar strewen na ooreenstemming ten opsigte van die straf en reparasië tussen al die betrokkenes – die slagoffer/s, misdadiger/s en die gemeenskap (Pfuger, 2013). Dit laat toe dat die slagoffers, wat gewoonlik uitgesluit voel in die vervolgingsproses, gehoor word en kan deelneem. In die proses van restoratiewe geregtigheid is vergifnis nie 'n verwagting of 'n doelwit nie: vergifnis mag dalk 'n neweproduk wees, maar die idee dat die slagoffer van 'n misdaad die misdadiger behoort te vergewe, lê onrealistiese en potensieel skadelike vereistes op die slagoffer (Wachtel, 2013). Wat tipies in so proses gebeur, is die volgende:

- 'n Fasiliteerder ontmoet die aangeklaagde en die slagoffer afsonderlik.
- Indien albei partye van aangesig tot aangesig wil ontmoet sonder vyandskap en die misdadiger blyk gewillig en in staat te wees om restitusie te voltooi, kan die saak uit die regstelsel uitbeweeg en voltooi word in 'n parallelle restoratiewe regsproses.

- Al die partye – die misdadiger, slagoffer, fasiliteerder en wetstoepassingagente – ontmoet in ’n restoratiewe konferensie.
- Elke persoon kry ’n geleentheid om te praat oor die misdaad en die gevolge van die misdaad, een op ’n slag en sonder om onderbreek te word.
- Die deelnemers bereik konsensus oor hoe die skade in ’n mate herstel kan word (Pfuger, 2013).

Ted Wachtel, die president van die International Institute for Restorative Practices Graduate School, noem dat die mikpunt van restoratiewe justisie juis nie die kondonering van misdaad of die ontduiking van ons verantwoordelikheid om die kwesbares in die gemeenskap te beskerm, is nie. Dit is eerder “acknowledging our shared humanity and responding in a way that reflects it” (Wachtel, 2013).

Die Restorative Justice Centre (RJC) in Pretoria is in 1998 gestig met die doel om ’n alternatief tot die kriminele regstelsel te bied deur middel van slagoffer-misdadiger-konferensies, en om bekwaamheid binne Suid-Afrika te ontwikkel sodat restoratiewe geregtighedsprogramme toegepas kan word (Restorative Justice Centre, 2013; Skelton, 2002: 45).

2.3.6.5 Reparasie

Die term reparasie omskryf twee prosesse: herstel en goedmaak, soos bespreek deur Melanie Klein in terme van “Wiederherstellung” en “Wiedergutmachung” (in Sanders, 2007: 130). Dit is vermetel om te veronderstel dat mens erge verlies of skade wat deur wandade of selfs misdaad veroorsaak is, kan “herstel”. Sanders bespreek in fyn besonderhede die wisselvalligheid wat in hierdie diskoers bestaan: alhoewel reparasies nooit in staat sal wees of genoegsaam is om die lyding wat veroorsaak word deur misdaad te verlig of te verander nie, stel dit mens nie vry van die verpligting om wel te probeer om reparasies te maak nie (Sanders, 2007: 146).

Op 21 Maart 2003 het aartsbiskop Desmond Tutu die werk van die WVK voltooi deur die laaste twee van die sewe volumes wat die WVK-verslag beslaan, aan president Thabo Mbeki te oorhandig. Die verslag het onder andere reparasie-aanbevelings bevat wat die volgende behoeftes beskryf het:

- **dringendste behoeftes** – byvoorbeeld blyplek, versorging van siekes;
- **finansiële behoeftes** – ’n bedrag geld as tasbare erkenning vir die pyn en lyding van baie jare en om mense finansiëel te help, veral gesien in die lig dat slagoffers as gevolg van die amnestie aan kwaaddoeners nie siviele eise sou kon indien nie;
- **verbetering van gemeenskapsdienste** – die bou van hospitale, klinieke en skole, die versnelling van behuisingsprojekte;
- **simboliese reparasie** soos om die oorskot van slagoffers te herbegrawe, die skoonvee van polisierekords en die oprigting van monumente;
- **institusionele reparasie** – prosesse wat in plek gestel moet word om die vergrype van die verlede in die toekoms te voorkom (Meiring, 1999).

President Mbeki het drie weke later voor die parlement verklaar dat reparasie soos volg sal plaasvind: sekere gemeenskappe sal gerehabiliteer word, opvoedkundige, mediese en verblyfprogramme wat reeds in werking gestel is, sal voortgaan en ’n eenmalige bedrag van R30 000 sal aan elke oorlewende slagoffer of agterblywende familie betaal word.

Kritici en die regering is dit eens: reparasie kan nie werklik plaasvind nie; dit is eintlik net ’n simboliese gebaar, ’n poging om “goed te maak” wat gebreek is (Sanders, 2007: 161).

2.3.6.6 Politieke vergifnis / Oorgangsjustisie

Die terme politieke vergifnis en oorgangsjustisie sluit politieke verskoning in en verteenwoordig die vergifnisprosesse tussen nasies, lande, groepe en instansies waar die staat skuld dra teenoor individue of groepe. Geweld vind nooit in 'n vakuum plaas nie; dit hou verband met die politieke en sosiale konteks en het dus gewoonlik 'n oorsprong, 'n rede, 'n verskoning. Nogtans kan vergifnis van politieke en kriminele skuld nie sonder meer plaasvind nie. Griswold noem drie aspekte wat hierdie tipe vergifnis kompliseer:

- die kompleksiteit van die openbare sfeer met die noodgedwonge onafwendbare konflik, menigvuldigheid van perspektiewe en die veelvuldige munisipale en regeringsliggame en organisasies;
- die historiese narratief van 'n gemeenskap wat gekarakteriseer word deur twispunte en polemieke rondom die vrae: 'wie se storie is dit?', 'wie beheer die storie?';
- mag, geld en aanspreeklikheid aangesien politieke outoriteit nie geskei kan word van verteenwoordiging nie (Griswold, 2007: 135).

2.3.6.7 Derdeparty-vergifnis

Daar is volgens Derrida nie vergifnis as 'n derde party betrokke is nie. Dan is daar eerder sprake van amnestie, versoening, reparasie, maar nie vergifnis nie. Vergifnis kan slegs tussen die slagoffer en die kwaaddoener plaasvind (Derrida, 2007: 42). Griswold verskil van Derrida se stelling. Hy redeneer dat derdeparty-vergifnis wel kan plaasvind (of nie plaasvind nie, indien iemand vergifnis sou weerhou), selfs in gevalle waar die slagoffer nie meer in staat is om te vergewe nie, byvoorbeeld as die slagoffer dood is. Só 'n vergifnis kan egter volgens hom net plaasvind indien die derde party in 'n geskikte posisie of verhouding tot die slagoffer staan om namens hom of haar vergifnis te gee of te weerhou. Die geskikte posisie veronderstel identifisering met die slagoffer (Griswold, 2007: 119). In gevalle waar die oortreder ook dood is, sou 'n derde party 'n simulacrum (nabootsing) van vergifnis kon skep deur byvoorbeeld data te versamel wat sou bewys waarom die oortreder opgetree het soos hy/sy het en deur na te dink oor die mens agter die daad en die

medemenslikheid raak te sien. Hy noem egter dat derdeparty-vergifnis, selfs in gevalle waar dit plaasvind, nie perfek is nie (Griswold, 2007: 119).

2.3.6.8 Groepsvergifnis

Bash se uitspraak oor groepvergifnis is duidelik: groepe kan nie vergewe of vergeef word nie; individue kan nie groepe vergewe nie omdat sulke prosesse nie 'n mens-tot-mens-ervaring verteenwoordig nie; individue binne 'n groep kan wel vergewe word (Bash, 2007: 179). Daar is egter diegene wat glo dat vergifnis tussen groepe wel moontlik is – en wat soms die “wonderwerk” van Suid-Afrika se oorgang van 'n apartheidsregering tot 'n demokrasie asook Tutu se uitsprake oor ubuntu en medemenslikheid as stawende argument gebruik.

Sommige navorsers voel dat die naaste vorme van vergifnis wat deur groepe ervaar of gegee kan word, die maak van 'n verskoning, 'n pordon en versoening is (soos wanneer groepe verskille uitwerk) (Bash, 2007: 179). Ander glo dat vergifnis tussen groepe die siklus van geweld kan verbreek en vriendskapsverhoudings tussen groepe wat histories vyande was, kan bevorder (Cairns, Hewstone & Tam, 2006: 20). Steeds is dit die individue binne die groepe wat die versoening moet aanvaar. Dit is moontlik 'n verklaring waarom talle Suid-Afrikanners (nie diegene wat in die WVK-prosesse betrokke was nie, maar eerder die algemene publiek) in 1994 met die aanvang van demokrasie gehoop het dat vergifnis tussen die verskillende “etniese” groepe in Suid-Afrika outomaties sal plaasvind.

Indien groepsvergifnis moontlik sou wees, sou dit weer eens net 'n heersende ideologie van 'n groep wees. Die onreg en skuld van die verlede sou bloot geïgnoreer word totdat groepsamnesie intree. Dit is dus moontlik om kollektief skuld te dra maar nie om kollektief vergewe te word nie.

2.3.6.9 Selfvergifnis

Selfvergifnis is nodig wanneer skuld, selfhaat en skaamte hoë vlakke bereik. Die versuim om die self te vergewe kan nadelig wees ten opsigte van mens se morele en psigologiese gesondheid. 'n Derde party se versekering dat die misdaad vergeefbaar is, mag die proses van selfvergifnis aansienlik aanhelp (Szablowinski, 2012).

Hierdie vorm van vergifnis word egter mateloos misbruik. Die spektakel van predikers wat op heterdaad betrap word tydens 'n oortreding en hulleself onmiddellik vergewe, kan slegs bejeën word met sinisme (Griswold, 2007: 122). Nogtans kan 'n versuim om jouself te vergewe tot die vernietiging van jou kapasiteit van agentskap lei: dit kan jou psigologies verlam.

Selfvergifnis kan plaasvind ten opsigte van letsels en wonde aan ander en ook aan die self. Griswold skryf dat die hantering van selfvergifnis ten opsigte van skade aan ander op dieselfde beginsels as derdeparty-vergifnis werk. In gevalle waar die slagoffer byvoorbeeld nie die oortreder kan of wil vergewe nie (die nodige voorwaardes is nog nie bereik nie; die slagoffer wil nie wrewel teenoor die oortreder laat gaan nie; of die slagoffer is dood), sou selfondersoek, die ooreenkomstige identifisering met die slagoffer se pyn en lyding, en 'n geloofwaardige narratief namens die slagoffer, die oortreder in staat stel om die self te vergewe (Griswold, 2007: 123).

In Griswold se bespreking van die aspek van selfvergifnis ten opsigte van skade aan die self, noem hy dat selfhaat soms so erg kan raak dat dit as selfvermonstering kan vergestalt. Dit dra dieselfde implikasies as wanneer mens oortreders as monsters en nie as mense sien nie (Griswold, 2007: 126). Sy proses vir selfvergifnis is soos volg:

“One must reframe ones’s view of oneself and see oneself in a new light; make a commitment to change one’s ways; confront honestly and fully the injury one has done to oneself; have compassion for oneself, and refrain from objectifying oneself as though one were a ‘moral

monster’; develop a narrative that explains how one came to do wrong and what emendatory steps one will take” (Griswold, 2007: 127).

By Carleton Universiteit het navorsing met studente wat in hulle studies sloer en projekte en huiswerk uitstel, die volgende aangetoon: die studente wat hulleself vergewe het vir hulle aanvanklike “luiheid”, kon die werk voltooi. Diegene wat nie tot selfvergifnis kon kom nie, het nie die studies voltooi nie (Dachis, 2012).

Antjie Krog vertel die verhaal van Venter, een van die Vlakplaas-Vyf-oortreders wat, nadat hy tot ander insigte gekom het, homself kon vergewe.

“Venter says this about his actions: ‘Then I was not sorry because I thought it was right. Now I know that it was wrong and I regret my deeds.’ This sounds very ordinary, but according to psychiatrists Venter has made a very difficult and crucial leap with this statement – allowing for a space where change is possible: then it was right, now it is wrong. What makes this a psychological breakthrough is that it is almost impossible to acknowledge that the central truth around which your life has been built is a lie. At the risk of the disintegration of your self-image, you would rather keep on denying a wrongdoing” (Krog, 1998: 95).

Holloway vergelyk selfvergifnis met die beeld van die opdam van ’n rivier waarvan die vloei van die water belemmer is. Die losmaak en hervorming van ’n karakter wat vasgevang is in bepaalde destruktiewe patrone moet plaasvind, sodat die ‘rivier’ weer kan vloei (Holloway, 2002: 48). Hy beskryf die proses soos volg:

- Die terapeut bied aan die pasiënt empatie en onvoorwaardelike, positiewe agting.
- Dit skep ’n veiligheidsruimte waar die kliënt, belaaie met skuld en selfhaat, hom- of haarself kan sien as ’n wese vasgevang in ’n web van bestaan en wat opgetree het, hoe verkeerd ook al, vanuit ’n bepaalde

geskiedenis, wat weer voortspruit uit 'n groter geskiedenis wat deel vorm van die totale geskiedenis van die wêreld.

- Selfaanvaarding lei tot selfvergifnis en dit kan dan uitvloei in persoonlike verandering.

2.3.6.10 Volwasse en onvolwasse vergifnis

Volwasse vergifnis is 'n geïntegreerde, realistiese beskouing wat beide goeie en slegte eienskappe van die self en ander bevat; dit is nie sonder meer 'n vervanging van negatiewe, haatdraende emosies met positiewe, liefdevolle emosies nie. Die stereotipering van vergifnis dui onvolwasse vergifnis aan (Gartner, 1988: 315) en vind gewoonlik plaas as 'n slagoffer direk ná 'n misdaad verkondig dat hy/sy die misdadiger vergewe het.

2.3.7 Vergifnisrituele

Die volgende verhaal soos beskryf deur Jones (2008) in *Uganda watch*:

In Gulu, Uganda, staan 'n soldaat van die Lord's Resistance Army (LRA) teenoor een van die slagoffers wat hy verkrag en vermink het gedurende die bloedige oorlog waarin twee miljoen mense ontwortel en ontheem en duisende vermoor is. Die soldaat het reeds geregtelike amnestie ontvang vir sy misdade en hoop om weer aanvaar te word in die Acholi-gemeenskap waarvan hy deel was voordat hy as kind gedwing is om by die LRA aan te sluit – dieselfde gemeenskap wat hy en sy trawante afgemaai het.

Die soldaat en sy slagoffer gaan nou aan die "Mato Opo"-vergifnisseremonie deelneem. Die twee mense staan teenoor mekaar en hou 'n stok aan weerskante vas. Acholi-oudstes beveel hulle om nooit weer te baklei nie. Die twee mense trap elk op 'n eier, 'n handeling wat onskuld simboliseer. Daarna gooi 'n Acholi-oudste jenuwer in 'n kalbas wat onder die stok op die grond staan. Die oortreder en slagoffer moet gelyktydig uit die kalbas drink. Kompensasie waaroor reeds met die slagoffer se familie ooreengekom is, word nou deur die oortreder voorgelê.

“Mato Opo” beteken “om saam te eet”. Die hoogtepunt van die seremonie is wanneer twee lammers langs mekaar, maar in teenoorgestelde rigtings, voor die slagoffer en oortreder geplaas word. Die lammers word geslag en opgesny in dele. Die koppe en agterkwarte van die lammers word omgeruil. Later die aand word die lammers gekook en wanneer beide partye uit dieselfde bord eet, is die finale deel van vergifnis en versoening voltooi. Die vergifnisritueel word ondersteun deur die gemeenskap.

“Dood vir dood help nie, so ons vergewe eerder” en “Acholi’s is voëls van anderste vere wat nie in wraak glo nie,” is van die uitsprake wat gehoor word ter verdediging van Mato Opo. Nogtans is dié tradisionele, tribunale gebruik onder die spervuur omdat dit nie as ’n swaar genoeg straf vir baie van die soldate wat onvergeefbare dade gepleeg het, gesien word nie. Die Minister van Binnelandse Sake, Ruhakan Rugunda, voer aan dat die regering ondersoek instel oor hoe om ’n tribunaal te implementeer, maar voeg by dat dit aan standarde gestel deur die ICC (International Criminal Court) in Den Haag sal moet voldoen (AFP, 2008).

Die vraag ontstaan of die onvergeefbare hier vergewe word; of hierdie toneel die enigmatiese opheffing van die eksistensiële onbevoegdheid wat deur skuld veroorsaak word, veronderstel (Ricoeur, 2004: 457); of is dit eerder ’n voorbeeld van wat Derrida “voorwaardelike vergifnis” sou noem: vergifnis wat deur semantiese loutering en struikelblokke beur om die fout, berou oor die dade asook die misdadiger self te transformeer. Die soldaat moes voor ’n ander hof sy skuld erken; vergeldende beregting is nie toegepas nie; amnestie is aan hom toegestaan; onderhandelinge het plaasgevind om te bepaal wat die reparasie sou wees – die tasbare erkenning van die pyn en lyding wat die familie en die gemeenskap ervaar het.

Volgens Derrida is dit nie onvoorwaardelike, genadige, oneindige, nie-ekonomiese vergifnis wat aan die skuldige as skuldige toegestaan word nie, maar word as ’n namaaksel, ’n outomatiese ritueel, huigelary, na-apery waar parasiete bystaan by ’n seremonie van toerekenbaarheid/skuld gesien (2007).

Dit sou kon dien as die institutionalisering van vergifnis, iets waarteen Ricoeur waarsku. Tog dra die vergifnis wat hier uitgespeel word, elemente van 'n oplossing, naamlik om berou, versoening – moontlik dalk redding vir 'n gemeenskap – te bewerkstellig en so 'n sosiale, nasionale, politieke, selfs sielkundige normaliteit te hervestig. Hierdie vergifnisritueel is volgens Derridaanse terme, onsuiver. Dit is nie raar of buitengewoon nie.

Die ritueel bevat elemente van versoening eerder as elemente van vergifnis. Die fokus is dat die verhouding tussen die soldaat en die gemeenskap hervestig moet word, sodat hulle nie vasgevang word in wraak en in die verlede nie, maar eerder 'n toekoms saam tegemoet kan gaan.

Dit veronderstel veel meer as 'n herraming van die verlede. Die toneel dui egter aan dat die persoon wat skuldig is aan die misdade, menslik is en nie 'n monster of 'n duiwel nie; dat die skuldige toerekenbaar is; dat hy 'n morele agent is en op gelyke vlak as mens voor die slagoffer staan; dat sy skuld net soos vergifnis dus deel van die menslike kondisie is.

Die toneel is 'n voorbeeld van ubuntu. Die soldate van die LRA is tog ook slagoffers van hulle eie sisteem, net soos Desmond Tutu die ondersteuners van apartheid slagoffers van die boosaardige sisteem wat deur hulle geïmplementeer is, noem (Tutu, 1999: 35). Menslikheid is vervlegd, ten spyte van die groteske kwaad wat bewerk word. Dit is nie 'n voorbeeld van 'n kits-vergifnis of meined, 'n daaglikse *tweet* wat 'n sentimentele, holruggeryde erkenning vervat, 'n *mulligan* of bloot 'n kwytskelding nie. Indien die toneel só gedekonstrueer word, sal dit 'n voorbeeld wees van die konstruk vergifnis wat sigself as konsep uitwis:

“In all the scenes of repentance, confession, forgiveness, or apology which have multiplied on the geopolitical scene since the last war, and in an accelerated fashion in the past few years, one sees not only individuals, but also entire communities, professional corporations, the representatives of ecclesiastical hierarchies, sovereigns, and heads of state ask for ‘forgiveness’ (Derrida, 2007: 28).

Die essensie van vergifnis en die probleme daarom word deur hierdie toneel vasgevang. Vergifnis is nie dieselfde as versoening nie. Daar is nie noodwendig eenstemmigheid oor die onderwerp nie. Vergifnis is nie 'n vervanging van reg en geregtigheid nie (Meiring, 1999: 26).

Die klassieke tipologie vir ritueel behels volgens Post, dié vier basiese repertoires naamlik: jaarlikse rituele, oorgangsrituele, krisisrituele en alledaagse rituele (in Wepener, 2004). Benewens hierdie basiese indeling bestaan daar nog heelwat ander indelings:

- Protesrituele – optogte; geskifte soos verklarings; handeling van onthouding soos vas, handelsboikotte of sanksies;
- Belydenisrituele – verbale skuldbelydenisse; dokumente soos skulderkennings en -verklarings; tyd vir stilte;
- Helings- of terapeutiese of reinigingsrituele – uitpraat; vertel van stories; die maak van kunswerke (klei; papier; woordkuns); plak van papiertjies teen die kruis en verbranding daarvan; eksorsismes soos byeenkomste op plekke waar ongeregtheid plaasgevind het;
- Aanvaardings- of vergifnisrituele – omhelsings; handeskud; gebede; rook; seën; handewas; gebruik van kristalle;
- Herintegrerende of saambindende rituele – saam eet en drink; verklarings; 'n register van versoening; simboliese begrafnis; besprinkeling (met byvoorbeeld bloed); dans;
- Reparasierituele – simboliese gradeplegtighede; teruggee van eiendom (Wepener, 2004).

Rituele van vergifnis of versoening bevat soms ook aspekte van skuld of boetedoening soos die skep van 'n sondebok, 'n gebruik in die Ou Testament waar die kollektiewe skuld of sonde van die bewoners van 'n stad simbolies op 'n bok oorgedra is. Die sondebok is dan óf in die wildernis uitgestuur, óf geoffer. Sodoende is die gemeenskap gesuiwer van hulle sondes.

Rituele soos voetewas, vas of onthouding, selfs gebed of meditasie, kan ook vergifnis en versoening aandui.

In die Japannese *Yakuza*-tradisie word ongehoorsaamheid binne die bende gestraf deur *yubitsume*, die afkap van die laaste lit van die pinkie. Om vingers af te sny is tradisioneel 'n manier om skuld te erken en verskoning te vra vir bendeleiers. Dit word gesien as 'n getuienis van lojaliteit en verbondenheid tot die bende (Hays, 2009).

Tradisionele Afrika-kulture bevat ook ander rituele van versoening wat nie enige godsdienstige konnotasie het nie, soos Hlengiwe Mkize die WVK-paneel herinner het:

“Another candidate talks *about* the ‘*ilala*’ – a grassblade milled for palm wine. When two people have had a fight, they sit opposite each other milling this blade while they confess. ‘The emptier the blade becomes, the emptier the heart of anger.’ He also mentions ‘*obobeyse*’, a ritual performed by the family on the hospital bed where a loved one has died” (Krog, 1998: 17).

Ukugezisana “om mekaar te was” is 'n ritueel waar die kwaaddoener 'n bemiddelaar versoek om in sy plek vergifnis te vra van die slagoffer. Indien slagoffer vergifnis toestaan, sny die bemiddelaar 'n hen se kop af terwyl die slagoffer en kwaaddoener die hen vashou. Hulle word beide met die bloed besprinkel. Nadat hulle hulle hande in bloedwater gewas het, skud hulle hande en begin met mekaar praat. Die bemiddelaar kry die hoender as betaling en die slagoffer mag vra vir reparasie van die kwaaddoener (Wepener, 2004: 11).

Daar is natuurlik 'n magdom optredes wat onder vergifnis- en versoeningsrituele bespreek kan word as alledaagse metodes om versoening te bewerkstellig – die skenk van blomme, juweliersware of sjokolade word in party verhoudings as 'n skulderkenning of poging tot herstel van die verhouding gesien.

2.4 Slot

Uit hierdie oorsig oor die teoretiese invalshoeke blyk dit dat skuld en vergifnis uiters komplekse begrippe is. Skuld en vergifnis raak alle aspekte van die mens se bestaan.

Alhoewel daar ooreenstemming tussen teoretici is oor wat skuld behels, is daar 'n magdom verskille en geskille oor vergifnis omdat mense uiteenlopende betekenis daaraan heg. Vir diegene wat dit as kondonering, verskoning of 'n maklike uitweg sien, is vergifnis onaanvaarbaar. Ander wat vergifnis as 'n keuse, 'n geskenk of 'n reaksie op 'n misdadig sien wat eerder die houding van die slagoffer as die wetlike reaksie op die daad omskryf, ervaar vergifnis as 'n noodsaaklike aspek van bestaan.

Vergifnis is 'n ontwykende, moeilik omskryfbare, mimetiese begrip. Dit is 'n komplekse proses wat eerder gewys as vertel kan word; eerder in daad as in woorde manifesteer. Vergifnis lê in wese nie in woorde nie, maar eerder in interne handeling, in die houding tot situasies, mense en die self, in die spasie tussen en agter die woorde.

In wese sukkel mense om vergifnis te bewys.

Vergifnisrituele is uiterlike handeling waaraan mense kan deelneem om simboliese betekenis aan 'n innerlike ingesteldheid te gee.

Filosofies gesproke is die voordeel van vergifnis om kennis van die kondisie van menswees en self te dra, of, soos Ricoeur dit stel, om die volgende tipe mens te wees: 'n mens wat in staat is om te praat, op te tree, 'n narratief van die self te skep, verantwoordelikheid te aanvaar vir eie daad; 'n mens wat in staat is om te onthou en ook te vergeet, om geskiedenis te skep en neer te skryf, wat kan beoordeel en beoordeel word, wat die eie menslike kondisie kan verstaan deur die noukeurige prosesse van interpretasie en vertaling; wat aan die einde van 'n lewensreis besef – as gevolg van die moeilike ervaring van vergifnis – dat mense meer werd is as hulle optredes en hulle foute; 'n mens wat verstaan dat die klimaks van wysheid die vermoë is om verwonderd te staan oor die eenvoudige feit dat om te lewe as mens glansend is,

glansend soos die lelies van die veld en die voëls van die lug (Ricoeur, 2004: 505-506).

Psigologies gesproke bevry vergifnis die slagoffer asook die kwaaddoener van 'n hede toegesluit deur wrevel, wraak en selfhaat, wat veroorsaak is deur die misdaad en lyding van die verlede. Vergifnis maak 'n toekoms moontlik.

Vergifnis verbeter fisieke en geestelike gesondheid.

Vergifnis herstel slagoffers en oortreders se sin vir persoonlike mag en vermoë.

“Forgiveness cannot be justified from the past. It has to emerge from a (often shared) vision of the future, one in which one realizes that freedom from the conditions of the past may emerge out of a process of forgiveness. As such, it presupposes a shared world. How to develop this situation is the task for justice, for reconciliation, and sometimes, possibly then, also forgiveness” (Henriksen, 2008: 87).

Vergifnis skep ruimte:

“Encountering ‘the other’ through public testimony about the past and *hearing* the depth of the other person’s story creates a space for moments of transcendence” (Gobodo-Madikizela, 2009: 160).

Vergifnis transformeer onreg tot die ervaring dat ons onbepaalde, onvolmaakte lewe wel sinvol kan wees.

Vergifnis is 'n geskenk aan die oortreder en aan die self.

Skuld en vergifnis kan dien as raamwerke, ideologieë as 't ware, om die komplekse lewe en aspekte daarvan soos politiek, kultuur, religie en letterkunde te bestudeer.

In hoofstuk 3 gaan die roman *30 nagte in Amsterdam* deur die raamwerk van skuld en vergifnis beskou word, deur aan te toon hoe die konseptuele aspekte

van skuld en vergifnis deur middel van strukturele en narratiewe elemente vergestalt word.

Die volgende gedig van Antjie Krog (1998: 279) verwoord die transformasie wat die erkenning van skuld en die geskenk van vergifnis soms veroorsaak:

*because of you
this country no longer lies
between us but within
it breathes becalmed
after being wounded
in its wondrous throat*

*in the cradle of my skull
it sings, it ignites
my tongue, my inner ear, the cavity of heart
shudders towards the outline
new in soft intimate clicks and gutturals*

*of my soul the retina learns to expand
daily because by a thousand stories
I was scorched*

a new skin

*I am changed for ever. I want to say:
forgive me
forgive me
forgive me*

*You whom I have wronged, please
take me*

with you.

Hoofstuk 3

Die vergestaltung van die tema skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam*

“If literature matters today, it is chiefly because it seems to many conventional critics one of the few remaining places where, in a divided, fragmented world, a sense of universal value may still be incarnate; and where, in a sordidly material world, a rare glimpse of transcendence can still be attained”
(Eagleton, 2008: 208).

3.1 Inleiding

Uit die teoretiese bespreking in hoofstuk 2 is dit duidelik dat skuld en vergifnis verwikkelde en meervoudige konsepte is wat die ingesteldheid van die menslike bestaan beïnvloed. Dit is moontlik om die gefragmenteerde wêreld onder andere deur die bril van óf skuld óf vergifnis te beskou.

Soos reeds bespreek, is skuld die verpligting van ’n persoon wat ’n reël, norm, wet, kortom ’n standaard, verbreek het om die strafbepalings van daardie standaard te dra. Standaarde is onderhewig aan ideologiese, kulturele en sosiale bakens. Sulke bakens is egter nie altyd reg nie. Reg is wyer as wetsgehoorsaamheid. As die wet byvoorbeeld vereis dat die minimum loon R69.00 per dag vir plaaswerkers is, beteken dit nie dat dit reg of regverdig is om soveel, of eerder so min, te betaal nie. Reg beteken dus om soms meer te doen as wat standarde vereis. In gevalle waar standarde moreel verkeerd is, byvoorbeeld die apartheidswette in Suid-Afrika, sou teenkanting en verzet, eerder as wetsgehoorsaamheid, gesien kon word as reg. Bash waarsku dat die mag van ’n geldende ideologie egter nie onderskat moet word nie; dat selfstandige en kritiese denke teen ’n heersende ideologie ’n besonders intellektuele persoon veronderstel. Nogtans is diegene wat heul met die ideologie, moreel skuldig (Bash, 2007: 10).

Verset teen 'n onregmatige stelsel sou mens dus skuldig maak ten opsigte van die stelsel, alhoewel mens in werklikheid moreel nie skuldig is nie. Die navolging en ondersteuning van dieselfde onregmatige stelsel, om mens nie daarteen te verset nie, sou morele skuld veronderstel al is mens onskuldig in die oë van die gereg.

Vergifnis is nie 'n vervanging van straf of kondonering van verkeerde dade nie. Dit is eerder die laat gaan van wraak en wrewel, ook teen jouself. Vergifnis stel mens in staat om pyn te transformeer tot iets anders. Vergifnis is nodig sodat die verlede of negatiewe gebeure heraan, herinterpreteer of anders onthou kan word; dit bevry mense uit die slagofferrol, en maak 'n toekoms moontlik. Vergifnisrituele onderskraag versoening.

Hierdie mini-verhandeling stel hom ten doel om die vergestaltung van die temas skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* na te vors. Voortaan verwys syfers tussen hakies by aanhalings uit *30 nagte in Amsterdam* na bladsynommers in die roman.

Die werk is 'n komplekse narratief en een van die hedendaagse letterkundige tekste wat "a rare glimpse of transcendence" verbeeld deur te besin oor "die brose grens tussen liefde en wreedheid, tussen die salwende en die weersinswekkende" (Human, 2008: 6).

Daar is natuurlik verskeie invalshoeke wat gebruik kan word om 'n bespreking van die temas skuld en vergifnis te struktureer. Die mees voor die hand liggende metode is dalk om die verskillende konseptuele elemente wat in hoofstuk 2 bespreek is, as merkers vir interpretasie in die roman te gebruik. Daarvolgens sou aspekte van skuld en vergifnis gekarteer word deur al die instansies van byvoorbeeld persoonlike, politieke of morele skuld te merk. Dit is die navorser se oortuiging dat só 'n kliniese struktuur teen die gees van die roman sou veg. 'n Volgende metode is om die tematiek aan die hand van spesifieke insidente te struktureer, dalk selfs volgens die chronologie of hoe die verhaal aangebied word. 'n Derde metode sou wees om die narratiewe elemente, naamlik karakters en karakterisering, intrige of plot, verteller en

perspektief, tyd en ruimte of milieu, as merkers vir analise te gebruik en aan te toon hoe die konseptuele aspekte van skuld en vergifnis onder die betrokke temas manifesteer met behulp van stilistiese en talige elemente. Aangesien hierdie mini-verhandeling se fokus die manifestering van skuld en vergifnis in 'n narratiewe teks is en dit juis narratiewe elemente is wat 'n roman onderskei van 'n vakwetenskaplike geskrif, word die laasgenoemde struktuur aangewend.

30 nagte in Amsterdam is 'n verhaal wat vernet teen (asook onderwerping aan) politieke, sosiale, kulturele en familie-onderdrukking meesterlik verbeeld. Die roman beliggaam 'n soeke na die vryheid van vergifnis. Dit is 'n narratief wat uitwys hoe skuld en vergifnis die groot en klein geskiedenis van Susan en Henk de Melker se lewens deurweef.

Die verhaal strek losweg oor die laaste drie dekades van die twintigste eeu in Suid-Afrika – vanaf die tydperk waar 'n nasionalistiese apartheidsideologie hoogty gevier het en die anti-apartheidsbeweging grootliks ondergronds plaasgevind het, tot 'n post-apartheid, demokratiese land sewentien jaar ná die vrylating van Nelson Mandela. Die verhaal speel gedeeltelik af in Amsterdam, waar die mite van rasse-meerderwaardigheid gedurende dieselfde tydperk skynbaar reeds verwerp is.

3.2 Opsomming van die teks

Henk de Melker, 'n 47-jarige museumkundige van Somerset-Oos, ontvang op 'n onopvallende dag in sy oënskynlik gereguleerde, onmerkwaardige bestaan, 'n brief van advokaat Grotius uit Amsterdam wat hom meedeel dat hy die erfgenaam van sy “vergete” tante Susan (Zan/Xan) Sophia de Melker is en dat hy haar woning in Amsterdam erf. Voorwaardes gekoppel aan die erfporisie is dat hy eers dertig nagte in Amsterdam moet deurbring ten einde te besluit of hy die erfporisie wil ontvang en dat hy daarna permanent na Amsterdam moet verhuis. Dit blyk dat Henk die herinneringe aan sy tante gedeeltelik vergeet of eerder verdring het. Henk het as laerskoolkind saam

met sy eksentrieke, ontoerekeningsvatbare tante by sy ouma Olivier in Somersetstraat, Graaff-Reinet gewoon, terwyl sy ouers op 'n plaas buite Graaff-Reinet geboer het.

Zan/Xan, 'n grand-mal-, epilepsieyler, was in die sestigerjare 'n lid van die anti-apartheidsbeweging en deel van die Sobukwe-sel. Sy het in 1969, direk na die dood van haar broer (Henk se pa), haar land en familie in die geheim verlaat en na Amsterdam verhuis. Ondertussen is Henk se ouma en ma oorlede, die plaas asook die Somersetstraathuis is verkoop en Henk het ná sy honneurs in Geskiedenis die museumpos in Somerset-Oos gevul.

Die nougesette Henk, skrywer van dertien dun monografieë oor die lewens van “onmerkwaardige mense” (13) is besig met navorsing vir sy veertiende monografie. Dit handel oor Cornelius van Gogh, lokomotiefbouer en soldaat, die onbekende broer van Vincent van Gogh wat tydens die 19de-eeuse goudstormloop na Suid-Afrika gekom het. Henk se reis na Amsterdam, sy eerste oorsese reis, stel hom dus ook in staat om verdere navorsing vir sy monografie te doen.

Die geografiese reis na Amsterdam, waar Henk gekonfronteer word met die liberale en bevryde wêreld van die Nederlandse samelewing en die uitsonderlike lewensgeskiedenis van sy omstrede tante as suksesvolle aktrise en haar uiteenlopende vriendekring van advokate, sakkerollers, straatmusikante, diamanthandelaars, sakemanne, akteurs, skilders, “loop parallel aan 'n psigologiese of innerlike reis van selfontdekking en selfopenbaring” (Human, 2008). Sy besoek aan die martelmuseum wek byvoorbeeld die verdronge herinnering van sy eie skuld op: hy het sy tante Zan/Xan probeer vermoor deur 'n knopiespinnekop in een van haar vase te plaas; hy het van die Sobukwe-sel se ontmoetings afgeluister en die informasie met sy pa en die polisie gedeel. Hy was indirek die oorsaak vir sy tante se verbanning en sy pa se dood.

Henk maak kennis met 'n driemanskap, 'n straatkunstenaar (sy tante se laaste geliefde en die erfgenaam van tweede-instansie) en twee sakkerollers. Die lewenswyse en persoonlikhede van die kleurvolle driemanskap stel hom

in staat om sy onderdrukte avontuurlustige en kreatiewe geaardheid te onthou.

Zan/Xan se verhaal, haar (en Henk se) geheime en verlede, word in eerstepersoonsvertelling deur Zan/Xan aangebied in afwisselende hoofstukke. Die eerste herinnering is haar ervaring van die grusame verbranding van Carl Wehmeyer (haar geliefde) se lyk deur Xolani en Cecil, die ander lede in die Sobukwe-sel. As jong meisie in Graaff-Reinet het Zan/Xan haar dramaties verset teen die kodes van die gemeenskap en die wette van die land. Sy het byvoorbeeld seks gehad met bandiete in die begraafplaas, vermom as 'n man deelgeneem aan die opblaas van kragpale, kaal in die nag gedans in haar broer se helderverligte plaashuis en daarna in die einste huis met die trekkerdrywer seks gehad. Sy het van die Napoleonborde (haar skoonsus se erfporisie) gesteel en opdrag gegee dat haar broer vermoor moes word. Haar uitsonderlik idiomatiese taalgebruik is 'n verrassend skrande analise van die skynheilige rassisme en chauvinisme eie aan die wit, Christelik-Afrikaanse gemeenskap van die sestigerjare. Sy beskryf haar grand-mal- epilepsie-aanvalle en vertel byvoorbeeld van gebeure waar sy na haar lieftingsniefie “gehap” en hom verskrik het.

Daar is heelparty gebeure wat in die trant van belydenis vertel word. Sodoende word die ervarings bekentnisse. Voorbeelde hiervan is: Zan/Xan se lewe as uitgewekene in Amsterdam; die episode waar kolonel Siegfried Killian haar probeer omkoop om 'n spioen vir die Nasionale Party te word; haar besoeke aan Suid-Afrika – weliswaar vermom as die heer Zondernaam Zuiderzinnen; die episode waar sy op die paradegrond van Voortrekkerhoogte ten aanskoue van honderde soldate urineer; en haar inhegtenisname en marteling deur die Veiligheidspolisie.

Grotius, die advokaat en eksekuteur van Zan/Xan se “boedel”, is die tussenganger tussen Henk en sy “afgestorwe” tante. In werklikheid leef sy nog, alhoewel sy fisies afgetakel is deur kanker. Zan/Xan, wat haar lewe lank skuldig voel omdat sy ingestem het dat die Sobukwe-sel Henk se pa vermoor, skep vir Henk die geleentheid deur die voorwaarde van haar testament (30

nagte in Amsterdam) om die waarheid van hulle verwronge verlede te herleef. Die spilpunt van die roman is die oomblik wanneer Zan/Xan haar skuld aan Henk ten aanskoue van Grotius beken en wanneer Henk sy eie skuld aan homself erken.

Deur Henk se besoek aan Amsterdam word “’n hele nuwe verlede” (434) op hom geplant, een waaraan hy nie kan ontsnap nie. Hy wys sy erfenis van die hand en kies om terug te gaan na Suid-Afrika, vergesel van Zan/Xan – steeds in haar vermomming as die heer Zondernaam Zuiderzinnen.

Terug in Suid-Afrika rieldans hulle op die askol in Galgenbosch waar San, sonder haar vermomming en sonder enige klere en Henk albei finaal selfvergifnis, versoening en vrede vind.

Kollektief en afsonderlik is die regeringsamptenare, die individue in die gemeenskappe van die onderdrukker en selfs die onderdrukte, die anti-apartheidsaktiviste en Nederlandse bevrydes, asook die individue in die familie De Melker, almal skuldig aan die verbreking van wette en kodes. Die oortredings kan verbind word met die verbreking van etiese ideale van waarheid (dit wat algemeen aanvaar word as juis en waar), goedheid (om ander te behandel soos wat jyself behandel wil word en nie jouself, jou volk, jou kultuur en jou geloofsoortuiging ten koste van ander te bevoordeel nie) en geregtigheid (die hoedanigheid wat die mens in staat stel om reg aan ’n ander te laat geskied) (Odendal et al., 1983).

Die konteks waarin die wette oortree is, die toerekeningsvatbaarheid van die karakters en hul motivering vir die verbreking van wette en kodes, sal vervolgens bespreek word. Alhoewel die toepassing en gebruik van die narratiewe elemente afsonderlik ontleed word, is dié skeiding egter kunsmatig. Dit is juis die kundige ineengeweeftheid en interafhanklikheid van karakters en karakterisering, intrige of plot, verteller en perspektief, tyd en ruimte of milieu, wat van die narratief ’n besonderse roman maak.

3.3 Karakterisering

“Karakterisering’ is die proses waardeur ‘karakter’ tot stand gebring word deur die wisselspel tussen enersyds die storie, verteltekste en vertelprosesse en andersyds literêre konvensies, taal- en leesprosesse” (Johl, 1992: 199).

James Phelan sit drie komponente in sy model uiteen: die mimetiese (karakter as ’n persoon), die tematiese (karakter as ’n idee) en die sintetiese (karakter as ’n kunsmatige konstruk). Die verhouding tussen hierdie komponente, met ander woorde dit wat op die voorgrond geplaas word en dit wat onderbeklemtoon word, veroorsaak dat narratiewe van mekaar verskil (Herman et al, 2005: 57).

Die vergestaltung van skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* vind veral plaas deur middel van karakterisering. Die klem val dus in hierdie studie op die karakterisering van die twee hoofkarakters, Henk en Zan/Xan de Melker, wat ook beide as fokaliseerders gebruik word. Daar sal eerstens aangetoon word hoe Henk de Melker, wat oënskynlik nie skuld dra nie, tematies die beliggaming van skuld is. Die raamwerk waardeur hy na die wêreld, sy lewe en homself kyk, is skuld. Dit is juis nie-erset en navolging van die politieke, kultuurgebonde en familie-ideologie wat sy skuld konstrueer.

In die tweede plek vergestalt Zan/Xan de Melker, wat paradoksaal alle kodes en standaarde verbreek, erset wat lei tot vergifnis. Die resensente van die roman is dit eens dat Zan/Xan haar lyf en taal as mondstuk van erset gebruik en dat sy in haar verskillende gedaantes - ekstrovert, aktrise, smokkelaar, nimfomaan, kittelaarkoningin, swartskape en idioomjuffrou - die kollig steel (Anker, 2009; Burger, 2008; Human, 2008).

Resensies oor die Engelse vertaling van die roman beklemtoon ook hierdie mening. Diane de Beer noem in haar resensie met die gepaste titel “Zan-speak finds its tongue” dat die verhaal handel oor ’n Afrikaanse vrou wat haar liggaam gebruik as wapen en as slagveld (De Beer, 2011). Vergelyk byvoorbeeld ook Muller se woorde in hierdie verband: “The multifaceted character of Susan/Zan/Xan, who defies all social and political norms, is that of a troubled but determined free spirit. She is a kind of shaman, and also the

‘scapegoat’ for the sins of her community” (Muller, 2011). Sy noem ook dat Zan/Xan de Melker deel is van die Suid-Afrikaanse leksikon van “fabled, flawed characters who are indelible. They remind us how difficult it is to be human” (Muller, 2011).

Zan/Xan is meer as net ’n swartskaap of ’n eksentrieke karakter wat verset verteenwoordig. Sy het “die bandiet gesien en nooit die misdaad nie” (405); sy is iemand wat dus deur vergifnisoë kyk en die oortreder in plaas van die daad raaksien – vergelyk “Vergifnis en die oortreder” in hoofstuk 2, punt 2.3.4.4. Volgens Phelan se tematiese indeling, vergestalt Zan/Xan vergifnis. Sy kan die “kleur” onderskei, ’n kleur wat buite die wette van fisika en die samelewing val. Dit is die kleur van vergifnis: “[d]it verkleur elke ding, elke mens, selfs elke geluid en aanraking, ook jou inasem en jou herinnering” (270).

Wanneer ’n roman gelees word, is daar drie belangrike bronne van informasie wat as merkers in die teks gebruik word om karakters te skep (Herman, 2005: 56):

- Dinamiese elemente: die inhoud, gewoontes en konteks van ’n karakter se fisiese en verbale handeling en optrede.
- Statiese elemente: die karakter se voorkoms, die natuurlike en mensgemaakte milieu van die karakter (indien aanvaar word dat daar ’n samehang tussen die fisiese teken en die mentale betekenis is).
- Die formele komposisionele patrone wat karakters groepeer deur middel van ooreenkoms en kontras. Dit veronderstel ’n aanvaarding van die gedagte dat vorme van organisasie weliswaar vorme van inhoud verteenwoordig.

3.3.1 Henk de Melker

Eerste Museumassistent, Voetjie-vir-voetjie-loper, Harmansdrup

Die milieu waarin Henk aan ons voorgestel word in hoofstuk 1, is ’n museum wat eers ’n pastorie was. Hy verteenwoordig ’n posisie van iemand wat hom “besighou met wetenskaplike navorsing, o.a. deur togte om feite in te samel”

asook iemand wat 'n bedienaar van die Bybel is. Sy eerste handeling, om 'n glas water vir die posman te gee, dui daarop dat hy omgee vir sy medemens. Hy is eensaam en verveeld in die milieu, maar voer die nodige aksies noukeurig en versigtig uit. Hy stel selfs die oopmaak van die posstuk wat van “besondere betekenis” (10) is uit, deur netelige takies te voltooi. Hy is 'n stigtelike en selfbeheerste middeljarige man wat nie op loop gaan met dinge nie, wat slegs een keer seksueel met 'n vrou verkeer het – en hy sien dit as 'n vergryp. Henk skryf versigtige studies, monografieë van onmerkwaardige mense uit klein gemeenskappe, hy span geduldig “n hangbrug” tussen die geboorte- en sterfdatum van die onopvallende mense (al noem hy hulle slagoffers), “sodat die leser op die dwarsbalkies van vaste feite kan oorloop na die ander kant, terugkyk oor 'n lewe en veilig voel” (13). Hy hou nie van toeval nie, al weet hy as historikus dat dit een van die groot beweegredes van die geskiedenis is. “Dinge moet rustig geskied, beheers” (sic) (14). Henk het die gedagtes en herinneringe oor sy “Tante Zan van die toevale” en die jare van sy jeug bewustelik verdring na die vergetelheid. “Dis verby, vir altyd. Hy het dit van hom afgeskud” (12).

Met die intrapslag in Henk se versigtige museumwêreld, besef die leser dat dit nodig is vir Henk om informasie en feite noukeurig as gedokumenteerde getuie te gebruik. Hy sien dit as 'n metode om mense veilig te laat voel; hy besef dat die verkeerde gebruik van informasie mense ideologies kan beheer. Die woord ‘slagoffer’ word gebruik vir die onderwerp van sy volgende studie. Henk se monografieë is moontlik rituele om 'n onbeheerste, onveilige wêreld af te weer. 'n Slagoffer is 'n “offerdier wat ter ere van 'n godheid op 'n altaar geslag word ... 'n Persoon wat as gevolg van 'n ander se belange, hartstogte, ens. moet ly ... wat deur iets getref word” (Odendal et al, 1983). Henk trek ook die verband dat sy volgende “slagoffer”, Cornelius van Gogh, juis indirek (of moontlik toevallig?) spruit uit die versoeningsgeskenk van tante Zan/Xan. Tante Zan het skuld gehad aan skade wat hom aangerig is – daarom die versoeningsgeskenk. Hy glo sy is dood.

Hierdie verwysings suggereer dat hy nodig het om so versigtig te lewe en te skryf sodat hy oor sy eie lewe kan terugkyk en veilig voel. Sy reaksie oor

gedagtes van sy “wegloper, droster uit die Karoo”-tante Zan – die drink van ’n slaappil sodat hy die herinneringe van hom kan afskud – skep die idee dat hy ’n vorige, ontstellende lewe probeer vergeet.

Sy spesiale portfolio in die museum is die Slagtersnek-uitstalling. Die Slagtersnek-rebellie was ’n kortstondige opstand in 1815-16 op die oostelike grense van die Kaapse kolonie teen die Britse bewind. Die geskiedenis van die rebellie is kortliks die volgende: Frederik Bezuidenhout het Booï, ’n Khoi-khoi-werker op sy plaas, verdink van diefstal en sy loon teruggehou. Booï het Frederik van aanranding by Graaff-Reinet se hof aangekla. Frederik word gedagvaar maar weier twee keer om voor die hof te verskyn en word in absentia tot een maand gevangenisstraf gevonnissen. ’n Paar Britse soldate en twaalf Pandoere (Khoi-khoi-soldate) gaan na sy plaas om hom in hegtenis te neem. Hy verset hom, kruip weg, skiet op die soldate en word deur ’n Pandoer doodgeskiet. Op sy begrafnis sweer sy broer, Johannes, wraak teen die Engelse. Hy organiseer ’n rebellie. ’n Mag van 70 Britse soldate word ontplooi om die sewe leiers van die rebellie in hegtenis te neem. Johannes verset hom en word nes sy broer doodgeskiet. Van die orige ses wat in hegtenis geneem word, word een se skuld kwytgeskeld. Die ander vyf word gehang. Tydens die teregstelling breek vier van die vyf toue. Alhoewel die veroordeeldes en hulle families smeek om vergifnis omdat die gebreke toue simbolies aandui dat God hulle vergewe het, ignoreer die Britse bevelvoerder die versoeke en word die rebellie-leiers een na die ander gehang met die galgtou wat nie gebreek het nie. Die dramatiese gebeure versoorsoek dat die rebellie-leiers as helde gesien word. Slagtersnek word genoem as een van die beweegredes van die “Emigrasie” of “Groot Trek”, soos dit bekend staan.

Slagtersnek se geskiedkundige gebeure is van belang vir hierdie studie omdat dit die temas van verset, skuld, reg, straf, wraak of argumentsonthalwe “nie-vergifnis” verbeeld. Dit verbind Henk met die Groot Trek, en in ’n mate met Afrikanernasionalisme. Dit is weliswaar die keersy van sy eie beheerste lewe.

Henk beseft dat vrees en rebellie tot vernietiging lei, dat toeval, en ook epileptiese toevale, die veiligheid van 'n beheerste lewe vernietig. Hy het sy tante en haar aanvalle gevrees; kortom, hy het haar as seuntjie “meesterlik” vermy en “haar later skaamteloos ontken en byna vergeet” (20). Op die oog af is die middeljarige Henk dus 'n morele karakter wat nie wette en reëls verbreek nie. Dit is te betwyfel of hy getrou is aan die betekenis van sy naam: die “heerser van die tuiste” of 'n “brawe Henk”, soos die idiomatiese uitdrukking in Nederlands suggereer.

Namate die verhaal verder ontvou, word Henk se verlede ingekleur deur San/Xan se eerstepersoonsvertelling, in meestal alternatiewe hoofstukke en die derdepersoonsnarratief van Henk se reis na en in Amsterdam. Dit is duidelik dat Henk 'n totale persoonlikheidswisseling ondergaan het in sy jeug – nie net 'n geval van vermomming nie, maar 'n radikale, innerlike herprogrammering en dat daar nog 'n herprogrammering na 'n toekomstige Henk op hom wag. Henk is op 'n manier 'n karakter met drie sye: 'n avontuurlustige kind; 'n noukeurige museumassistent; 'n skrywer.

As kind was Henk, of eerder Henkie, 'n skaam, kunssinnige, leergierige kind wat ensiklopedieë se korrektheid geanaliseer en getoets het met behulp van eksperimente en noukeurige navorsing tydens sy ontdekkingstogte. Hy het, soos verbeeldingryke en skrande kinders maar doen as hulle meestal tussen grootmense grootword en as daar moeilikhede in die familie is (soos sy pa se depressie, sy tante se aanvalle), alternatiewe wêreldes vir homself geskep waar Napoleon en Livingstone sy denkbeeldige vriende was. In 'n dagdroom verbeel hy hom dat hy, sy ma en 'n geïdealiseerde Cecil Dimaggio-karakter in die stad in 'n dubbelverdiepinghuis met 'n balkon en 'n blou swembad woon. Selfs as kind ervaar hy egter skuld oor hierdie verbeeldingstogte.

Hy het tot sesjarige ouderdom by sy pa en ma op die plaas gebly. Toe hy skool toe gaan, het hy na sy ouma Olivier se woning in Somersetstraat, te Graaff-Reinet getrek en 'n huis met haar, sy tante Zan/Xan en selfs met Kytie (in die bediendekamer) gedeel. Alhoewel daar baie drama in sy familie was, het Henkie hom nie veel daarvoor bekommer nie. Hy het ontsnap in sy

projekte: die studie van insekte, voëls, handskrifte en selfs van sy vreemde tante Zan/Xan. As kind was hy “los van geskiedenis en enige ander simpel eis. Hy [was] burger alleen van sy gemoed. Sy patriotisme [was] dié van die individuele gees” (216). Dit het hom vreugde besorg.

Henk sluit groot gedeeltes van sy verlede weg en verdring sy eie skuld. In Amsterdam word hy genoodsaak om herinneringe op te roep van die traumatiese gebeure gedurende sy laerskooldae voordat sy tante Zan/Xan die land verlaat het. Die herinneringe word geproduseer in Amsterdam omdat dit noodsaaklik vir Henk is om homself te konfronteer. Die herinneringe is die herontdek van insidente en motiverings en die detail van sy skuld las sodat hy in staat gestel word om die verlede te konstrueer. Vergeet is 'n vorm van verdringing. Herinnering word weer geproduseer as daar in die hede 'n noodsaak daartoe bestaan (Van Coller, 2005: 125-126).

I. Henk de Melker se skuld las

Henk se skuld is drieërlei van aard en veroorsaak dat hy totaal verander. Die knopiespinnekop-insident, sy bokskietery en sy kinderlike poging om sy verweer teen sy skuld te verbaliseer, bevestig hierdie stelling. Bogenoemde optredes veroorsaak nie net die verlies van vryheid en onskuld nie, maar dit word ook die motivering om sy skuld en verlede in so 'n mate te internaliseer dat hy die Henk word “wat nooit die lewe wou hap nie. Wat in die appelboord loop en nooit 'n appel pluk nie” (66).

Die aanloop tot die knopiespinnekop-insident is dat Henk Zan/Xan se weeklikse opdragte, die “ondermynende dokumente” uit die glasvaas in haar glaskamer, haar heiligdom, gaps en vir sy ouma wys. Later vang hy 'n knopiespinnekop en versteek dit in een van die einste vase in Zan/Xan se glaskamer, wetende dat net sy haar vase afstof. Hy agtervolg Zan/Xan na een van die Sobukwe-sel se vergaderings, sien hoe sy haarsel op pad soontoe vir die bandiete in die tronk ontbloot, luister die sel se planne af en deel die detail met sy pa en Suikerbossie, die polisieersant.

Die gevolg van hierdie optrede is dat Henk opsluit 'n bok moet gaan skiet – 'n vreemde manier om hom te beloon omdat hy sy tante verraai het en seker ook 'n stereotipiese ritueel wat sy mannemoed moet bewys. Henk, sy pa en Piet Pyp, trekkerbestuurder en die enigste “bruinman wat skaamteloos verklaar: “My voormense was Boesmans en Kaapse Hotnots” (236), asook sy verbeeldingsvriend Napoleon Boneparte gaan op die jagtog. Piet Pyp sny die spoor na 'n pragtige koedoebul; Henk huiwer om “die mooi koning van die veld” (237) te skiet, aangesien Napoleon die daad afkeur; Piet Pyp gryp die geweer by Henk en skiet die bul (al mag werkers nie gewere hanteer nie). Hulle jok oor die bok, maak of Henk en nie Piet Pyp nie, die kolskoot gevuur het. Die insident is traumaties vir Henk: dit simboliseer die verlies van sy onskuld – sy verbeeldingsvriend Napoleon neem die wyk – en is ook 'n inwyding tot metafisiese, morele en persoonlike skuld. Henk word sodoende deel van “die manne”: 'n gejaag en 'n gejok.

Terug by die huis in Somersetstraat is Henk kennelik ontsteld en laat hy toe dat Zan/Xan hom vertroos. Wanneer sy na haar glaskamer gaan, word sy deur die knopiespinnekop gebyt en na die hospitaal gejaag:

“Nooit weer sê ek iets nie, het hy gedink. Nooit weer doen ek iets nie” (251).

Henk besef terdeë dat dit sy skuld is en dat Zan/Xan heel moontlik kan sterf. Nogtans skep hy 'n verweer. Hy skend een van die bladsye in die versoeningsboek wat sy tante vir hom gegee het en skryf daarop Cecil Dimaggio se naam asook “*Sy's 'n dief. Sy steel my ma se borde. Sy's mal. Sy laat my pa huil*” (252). Dan pos hy die bladsy met die redes vir sy optrede na sy ouma.

Henk ervaar ná hierdie insidente 'n begeerte om sy skuld te bely, om die gebeure met iemand te bespreek sodat hy dit kan kontekstualiseer. Hy dink later dat hy gestraf word vir sy sondes, dat Vogeltje, die mak kanarie, moet sneuwel om hom “te waarsku dat verkeerde dinge aan die kom is” (282).

“Ouma,’ het hy gesê, ‘ek het ’n bekentenis om te maak.’

‘Jy hoef niks teenoor my te beken nie, Henkie. Trek jou skouers terug en weet dat ons almal in die lewe foute maak. Die geheim is om die krag te kry om uit jou foute te leer en vorentoe te gaan. En dit kon die De Melkers – en moet ek ook sê, die Oliviers – nog altyd regkry.’

‘Maar Ouma...’

‘Hou met jou Skepper reg. En met jouself. Aan albei kan jy belowe jy begin van voor af. Die lei is skoon, want jy glo dat Here Jesus jou sondes van jou afwas. Trek nou terug jou skouers en gaan kyk of Johannes die groentetuin klaar geskoffel het. Ek wonder hoeveel boontjieplante is vandag weer vir onkruid uitgespit.’

Henkie het reggemaak, en homself belowe dat hy nooit weer ’n voet verkeerd sal sit nie. Hy sal die lewe slyt soos die orde wat sy ouma beskik het daar by haar Aansienlikheidslessenaar. Elke ding op sy plek, elke los stukkie geliasseer, elke nonsenspraat verban.

Nougeset lewe, dis Henk de Melker, van toe af tot nou” (284).

Direk na hierdie besluit daag die dokter, dominee en sy ouma op met die nuus van die “verkeerde dinge”. Henk se pa is dood. Net daarna verdwyn sy tante. OumaOlivier kondoneer in ’n mate sy dade deur hom van die kans om ’n narratief van die gebeure te skep, te ontnem. Henk erken dus nooit sy kriminele en morele skuld nie; daar is geen regspraak of straf nie. Die metafisiese vergifnis wat hy van “sy Skepper” ontvang is nie genoeg om sy skuld op te hef nie. Alhoewel OumaOlivier se interpretasie van die Goddelike vergifnis ooreenstemmend met die Bybel is, veroorsaak dit juis nie vergifnis by Henk nie; dit stel hom nie vry nie – dit vergroot eerder sy skuld. Daar word gesuggereer dat selfs Henk se pa se dood en sy tante se verdwyning deur hom ervaar word as sý skuld.

Henk se internalisering van skuld en die traumatiese gebeure ná sy pogings om reg te laat geskied, om in verset te gaan teen Zan/Xan, is motivering vir sy karakter se versigtigheid. Soos bespreek in hoofstuk 2 onder punt 2.2.3 paragraaf drie, kan ekstreme selfbeheersing, die gehoorsaamheid aan en die

pynlike navolging van reëls en wette, juis nie 'n lewe sonder skuld tot gevolg hê nie, maar paradoksaal mens se skuld las net verder verhoog.

II. Henk se reis na selfontdekking

In Amsterdam ervaar Henk direk na sy aankoms weer 'n vryheid wat hy tevore as klein seuntjie voor sy persoonlikheidswisseling beleef het. Hy besluit om homself te wees. “Hier sal ek ek wees, dink Henk” (67). Waar Henk in Suid-Afrika nooit goed kon slaap nie, kry hy dit byvoorbeeld reg om sonder skuldgevoel nagte deur te slaap. Hy beseft dat hy in Suid-Afrika altyd op sy hoede moet wees en dit blyk ook dat die skryf van sy monografieë sy aandag aflei van die verlede se skuld las.

“Hy't snags skuldig gevoel wannêre hy insluimer, en douvoordag was hy weer wakker en op sy hoede. Met die gevoel dat iets iewers verkeerd gegaan het terwyl hy onbewus was. Die woord 'ekskuus' het dan baie by hom opgekom. Soggens het hy altyd gevoel hy't 'n fout begaan deur af te skakel. Deur oor te gee aan die slaap. Dit was asof hy daarmee dinge die geleentheid gegee het om te gebeur, dinge waarvoor hy geen beheer had nie. Manelmeneertjie tot byna in die gang, girls-girls oor die linoleum. Tante Zan wat opbou tot die Skuimbol. Sy pa wat in sy eie bergveld gaan verdwaal, verdwaas. Dinamietkerse wat rook en dan ontplof. Al wat hom dan vertroos het, was om hom te verdiep in die een of ander monografie, om nougeset om te gaan met die handeling van 'n onbekende mens. Want hy is oortuig daarvan dat terwyl ons hier in die hede lewe, die verlede steeds sy gang gaan. Asof dit nooit afgehandel word nie” (299).

Aanvanklik verwelkom Henk die bevryding van Amsterdam. “Ek is nou hier waar alles moontlik is. Ek kan my lyf verwen deur in te gaan by enige van hierdie vroue ... Is seks hier soos eet? Koopseks soos uiteet?” (94). Mettertyd raak hy egter bewus daarvan dat seksuele vryheid nie noodwendig geestelike en politieke vryheid verteenwoordig nie. Henk dink ook dat 'n besoek aan die Walle, sy tweede seksuele ervaring, soos sy eerste seksuele ervaring in Port

Elizabeth met die Chinese meisie sal wees – dié gebeurtenis het vir hom verligting gebring, dit het hom vreesloos gemaak. Die vrou besteel hom egter van al sy geld en bestraf hom met haar “woedende, driftige bewegings” (97).

Hy besoek die Walle nog ’n keer en wil aan die prostituut sê om troostend met hom seks te hê “sodat hy diep in haar ontslae kan raak van die dinge wat hy nie kan uitsê nie, want hy het nie die woordeskat vir dit in sy gemoed nie” (245). Hierdie ervaring vul hom, soos die vorige keer na sy besoek aan die Chinese prostituut, met “verdwasing en skaamte” en dit laat hom besluit om ’n afspraak met Grotius te maak. In hulle gesprek verwoord Henk vir die eerste keer dat dit vir hom voordelig sou wees om in Amsterdam te bly, maar dat sy terugkeer na die Karoo ’n groot hunkering in hom sou versadig. Grotius wys uit dat hy dan weer sou terughunker na Amsterdam.

“U bedoel my gemoed gaan nêrens meer tuis wees nie?’...

‘Inderdaad, u het u onskuld nou verloor. Maak eers seker dat u weet waarna u teruggaan in Suid-Afrika” (246).

Die onskuld waarna Grotius verwys, is nie Henk se seksuele onskuld nie; dis ’n verwysing na Henk se kennis van sy land en sy eie politieke en morele skuld. Henk wil terug na bedektheid, na verswyging, na Suid-Afrika waar die waarheid nie uitgesê word nie.

“So wil ek nie wees nie, dink hy. Ek, skuimbolafstammeling. My mense se geskiedenis van toevalle, van klappertand. My ganske geskiedenis van oorloë. Van onderdrukking en uitbarsting” (249).

Wanneer Grotius aandui dat Henk hom vir ’n oomblik aan Zan/Xan laat dink, is Henk se verweer ’n verskoning, ’n rede hoekom hy so optree:

“Ek is jammer. Ek dink ek drink te veel terwyl ek hier is en ...” (249).

Grotius dui egter aan dat alkohol nie ’n verskoning is nie, of eerder dat daar niks met die gebruik van alkohol verkeerd is nie, waarop Henk dan begin bely dat hy ’n Chinese salon besoek het by die Walle. Weereens dui Grotius deur sy antwoord aan dat daar niks verkeerd is met die besoek aan ’n prostituut

nie. Op die oppervlak is die dinge waaroor Henk skuldig voel, nie werklik skuld nie, veral nie in 'n land soos Nederland waar die gemeenskapskodes baie liberaal is nie. Dis 'n vry land waar uiteenlopende optredes aanvaarbaar is. Wat nie verskoonbaar is vir Grotius (en dus dalk ook nie vir Zan/Xan nie, aangesien Grotius haar verteenwoordig), is Henk se onkunde, sy eie oëverblindery, vir die kollektiewe en historiese skuld van sy land, vir Zan/Xan se rol as aktivis, vir sy eie optrede waar nie-betrokkenheid 'n verskoning begin word het, vir sy skynbare onvermoë om sy eie skuld te konfronteer. Dit is duidelik dat Henk, bewustelik of nie, meer as die las van sy eie persoonlike skuld dra. Hy is ook kollektief en sosiaal skuldig. Vergelyk die bespreking van skuld in hoofstuk 2 onder punt 2.2.

Henk het as “Henk Ekskuus” op skool bekend gestaan omdat hy in die Laer Volksskool te veel “ekskuus” gesê het “wanneer hy nie kon hoor nie, wanneer dinge te vinnig gegaan het, wanneer hy iets laat val het” (117). Selfs as grootmens het hy voortdurend die begeerte om apologie aan te teken. Sy eerste instink wanneer hy Grotius ontmoet, is om verskoning te vra “omdat hy glo dat hy dit [die huis in Amstelstraat] nie verdien nie” (117). Net nadat hy die brief ontvang het, word sy skuld oor die ervaring dat hy dit nie verdien nie, soos volg geformuleer: “Hy, die erfgenaam – en hy erken dit met verleentheid – moet nou neem wat sy aan hom nagelaat het. Hy, die ene wat haar die meeste vermy het, wat haar ontwyk het, wat haar later skaamteloos ontken en byna vergeet het. Wat haar van agter die tuinmuur, van agter gordyne, van agter bome beloer het en wanneer sy nadergestap het, weggehol het. Opeens eis sy nou sy betrokkenheid op” (26).

“[H]y wil ekskuus sê, hy wil om verskoning vra dat hy indring in die Eerste Viool se leefwêreld” (343).

Verskoning vra is 'n erkenning van skuld, dit gee gewoonlik 'n rede hoekom mens op 'n sekere manier opgetree of nie opgetree het nie.

Wanneer Grotius Henk met Zan/Xan se kennis oor Henk se aandeel in die knopiespinnekop-insident konfronteer, dui dit aanvanklik daarop dat derdeparty-vergifnis (vergelyk punt 2.3.6.7 in hoofstuk 2) moontlik sou wees.

“Sy het geweet dat haar Henkie so bang vir haar was dat hy haar met ’n knopiespinnekop probeer vermoor het. Die klein wetenskaplike, die slim seuntjie het presies geweet wat hy doen.’ ...

Henk onthou nie. Hy onthou ...

Dan is my drome waar, dink Henk. Ek dag dis net drome en vrese. Dan onthou ek reg: ek hét, dit wás ek ...

’n Oorweldigende behoefte om om verskoning te vra kom by Henk op ... ‘Ek sou wou sê ekskuus.’ Henk kyk af. Sy geklemde hande om die reling is wit. ‘Dis nooit te laat om spyt te voel nie’” (267-268).

Hierdie insident word onder karakterisering, nie intrige nie, bespreek omdat dit aantoon hoe die verinnerliking van die skuldlas Henk se karakter vorm. Henk se verskonende mannerismes en sy gretigheid om apologie aan te teken, het sover in sy bestaan geensins sy skuldgevoel verlig nie. Met ander woorde, verskoning vra op sigself is nie genoeg om ’n skuldgevoel te verminder nie; dit is ook nie dieselfde as die vraag na vergifnis nie – soos bespreek in hoofstuk 2 onder punt 2.3.5.3. Henk se skuldlas het sy vermoë om as ’n bekwame mens op te tree, opgehef. Deur deurentyd “ekskuus” te sê blyk dit dat hy nie noodwendig verskoning vra vir spesifieke optrede nie, maar eerder vir wie en wat hy is.

Henk word daarvan bewus dat hy nie ’n toekoms het nie, tensy hy die verlede heraan.

“Wat het ek nodig om te weet? Wil Henk iemand vra. Hoeveel van die verlede moet jy in pag hê sodat jy vorentoe kan gaan? En wat maak jy met die dinge wat in jou is, maar waarvoor jy nie die moed het nie?” (244).

III. Henk en vergifnis

Die moontlikheid van vergifnis, van kwytskelding en amnestie, verskyn eers aan Henk in 'n visioen waar Zan/Xan deur middel van haar Agste Kleur die voortou neem met die bevrydingstog. Die verwerkliking van die visioen kan eers plaasvind as hy ophou om sy skuld te projekteer of homself te veronskuldig.

“Henk kry 'n visie van 'n vrye wêreld. Al die kanaries word uit hul koutjies vrygelaat. Hulle fladder en dans op onbekende winde. Verwende, welgevoede kanaries wat hul resitasies ken, wat deur die hoepeltjie kan hop en die huisgroet kan herhaal. Wat als oor jare instemmend gadedeslaan het met hul bevoorregte uitsig oor die kombuis van die burgerlike tuiste. Patriotiese inwoners van die middelklaswoning. Die ruggraat van die republiek. Maar nou meld vryheid aan. Niemand ken die naam nie. *Vryheid* is geen bekende begrip nie; dis 'n dier buite die vertroude biosfeer van ons ekologie. 'n Amnestie.

Tante Zan stap na buite, sy loop op water. Tante Zan is die voorhoede van 'n nuwe kleur, die Agste Kleur van die reënboog” (217).

Alhoewel Henk bewus is van “sy mense” se kollektiewe skuld, staan hy taamlik apaties of amper filosofies daaroor. Dit is asof hy nooit werklik betrokke was by óf die vorige Christelik-Nasionale stelsel óf die huidige politieke stelsel nie. Sy aktiewe politieke deelname is beperk tot sy “klaskaptein”-optrede in sy jeug – toe hy informasie oor sy tante en die Sobukwe-sel waarin sy betrokke was, aan die polisie deurgegee het. In Somerset-Oos is sy onuitgesproke kritiek oor Suid-Afrika die volgende: “Dis 'n land van konkel, van messe, van bloed. Apartheid en onderdrukking het gewyk; 'n nuwe soort diktatuur het gedaag. Die diktatuur van misdaad” (64).

In Amsterdam stel sy fisiese afstand van Suid-Afrika hom in staat om oor die geskiedkundige asook teenswoordige Suid-Afrikaanse en selfs Nederlandse ideologieë te oordeel.

“Grand mal, die stuiptrekkings van mense wat verdwaal het uit hulle herkoms, swart en wit, almal saamgespoel in die suide, in hierdie uitstulplings van ’n kontinent tussen twee oseane. Hier waar jy nie verder kan nie, hier, opgedam, sit ons, en ons het ’n vlag oor ons twee seë wat ons na die suide, die weste en die ooste omring. ’n Grens na die noorde, ’n kaartmannetjie van ’n president, ’n verdwaalde filosoof wat oor ons wet en orde moet verklaar. Weens ’n vloek, nee, met vele vloeke van die geskiedenis het ons hier beland ... Nou sit ons hier en eis met sentimenteel-patriotiese frases lojaliteit van mekaar. Ons is soos mense saamgegooi in ’n *Big brother*-huis, teen wil en dank, come hell or high water. Ons móét regkom. En bo-oor ons samesyn word die moraliteite van *Simunye We Are One* uitgegooi, met God se seën boonop afgepleit met *Nkosi Sikelel’ iAfrika*. Watter goedkoop sentiment, dink Henk, watter verpakte opportuniste-as-beheer. Hier in Amsterdam besef ek ek is keelvol vir begrippe soos burgerskap en patriotisme ...” (215).

Henk het ’n sterk besef van wat nodig is om Suid-Afrika te puur, maar nie die wil, of betrokkenheid, om sy oortuiging waar te maak vir ander nie.

“’n Nuwe vryheidsmanifes is nodig, dink hy dikwels daar by sy lessenaar in die museum. Een wat die manifes wat op Kliptown gebore is, sal eggo, en dit verder sal neem, die nuwe eeu van misdadigheid in. Iets om aan vas te hou. Maar hy is te stil, te skaam om so iets van stapel te stuur. En te wit, natuurlik. As jy jou mond oopmaak teen misdaad, word jy as rassis gemerk” (65).

Eers wanneer hy homself begin identifiseer met Suid-Afrika se verlede, kan Henk se selfvergifnis begin:

“Vryheid van stemreg mag ons hê, maar ons liggame het hul vryheid verloor. Om uit te gaan, is om uit die loopgraaf van jou woning te klim en uit te stap die linies in. ’n Soort burgeroorlog” (307).

Die ideologie van die huidige bestel wat weliswaar histories gefundeer is, is net ’n ander manier om individue te beheer. Henk se “keelvolheid” met Suid-Afrika se situasie staan parallel met die ongeduldigheid wat Grotius teenoor

Henk se aanvanklike kortsigtigheid voel. Henk projekteer sy eie skuld op Grotius en Zan/Xan omdat hulle hom geflous het met die brief wat hom in kennis gestel het van sy tante se dood. “En ek moet al die pad uit Suid-Afrika kom om hierdie wandelende lyk te konfronteer?’ ... ‘Nee, meneer De Melker. Om uself te konfronteer” (309).

Die amper-bevryde Henk weet nog nie wat vergifnis is, of hoe die Agste Kleur lyk nie.

“Hy is nie bereid om die opoffering te maak en die Skuimbol te deurstaan om te sien hoe lyk die Kleur Agt, die kleur buite die moontlikhede van die fisika, nie. Maar hy weet dit bestaan. Dis daar. Dit wag om ontdek te word” (217).

Hierdie Agste Kleur is ’n vergestaltung van vergifnis. Soos Ricoeur dit stel is dit ’n horison wat gedeel word met herinnering, geskiedenis en vergeet, ’n horison wat skynbaar altyd net buite bereik bly (Ricoeur, 2004: 457). Henk se verblyf en die gebeure in Amsterdam forseer hom uiteindelik om ’n narratief vir die “nuwe verlede” (434) wat op hom geplant is te vind, om die gapings in te vul, sy kinderself te vergewe. “*Jy moet teer wees met die seuntjie wat jy eens was.*” (122). Hierdie skep van ’n narratief word deel van sy vergifnisproses. Dié verband is tevore bespreek in hoofstuk 2 onder punt 2.3.4.4.

Briewe is bewysstukke en dien as motoriese momente in Henk se verhaal. Die brief uit Amsterdam stel hom in staat om na die verlede terug te reis. Die verbanningsbrief van sy pa aan Zan/Xan forseer hom om sy interpretasie van sy tante, die etiket wat hy jare om haar nek gehang het, te verander, en sit die proses aan die gang waar hy sy eie skuld erken. Deel van die skuld is die brief wat hy as kind ná die knopiespinnepkop-insident vir sy ouma geskryf en gepos het om die redes vir sy optrede uiteen te sit. In Amsterdam, ná die lees van sy pa se brief, besef Henk dat hy geen verweer teen sy eie- en familieskuld het nie. Hy wil sy klere uittrek en in ’n grag inspring, “hy wil hom skoonwas van wie hy is en al die verskrikkinge wat hy beërwe het” (283).

Thys Human noem in sy resensie dat hierdie aanhaling aandui dat “die gedagtes rondom skuld en veral koloniale en erfskuld in die roman sentraal staan (kyk byvoorbeeld hoeveel bekentenisse daar in die roman gemaak word)” (Human, 2008: 6).

Wanneer Henk uiteindelik die heer Zondernaam ontmoet en Zan/Xan uit haar vermomming te voorskyn kom, is sy onmiddellike reaksie in lyn met sy persoonlikheid van ontkenning, projeksie en verdringing. “Hy’t gevlug. Wat anders kon hy doen? Die verskrikkinge van wat gebeur het, die energie van die onderdrukte dinge, dit was te sterk in sy bors. Hy kon nie daar bly sit oorkant haar nie” (313).

Tydens die klimaks van die roman waar Zan/Xan haar skuld voor Grotius aan hom bely, en ook daarop aandring dat haar belydenis opgeneem word, kan Henk dit nie regkry om sy eie skuld uit te spreek nie. Sy belydenis is net ’n gedagtestroom:

“Ek het ook ’n bekentenis, dink hy” (314).

“Ek het alles uitgeblaker, Tante Zan. Ek is jammer, ek was ’n tipiese klaskapteintjie. Dis weens my dat jy op die vlug moes slaan en hier, in hierdie stad, beland het. Sien my spyt, weet dat dit my ry” (315).

“Ek, dink Henk. Ek” (317).

Henk se skuld las weeg swaar op hom. “Is ek nog Henk de Melker? wonder hy. Hoe kan ek nog hy wees? Met al die nuwe dinge wat bygekom het en wat om my verlede saamklos soos skulpe om ’n skip se anker?” (339). Hy besluit om na Suid-Afrika terug te keer, om weer homself te word, om die versoeningsgeskenk, die huis in Amstelstraat, van die hand te wys. Dit kom die driemanskap en Grotius toe.

Maar om tot by vergifnis te kom, moet hy ook die moontlikheid van ’n nuwe toekoms, waar hy weer die sprong na die verbeelding kan maak, aanvaar. Sy ontmoeting en gesprekke met die driemanskap, wat oënskynlik die reëls breek maar tog ’n morele verbintenis met mekaar en met Zan/Xan het, wat so

vry is om selfs 'n nuwe toekoms vir Afrika te verbeel, stel hom in staat om dieselfde argetipes in homself te herken.

“Ek kan busker, sakkeroller én bedelaar wees. Ek, Henk de Melker, drie-in-een” (348).

Alhoewel hy sedert sy aankoms in Amsterdam, besef het dat hy nodig het om Cornelius van Gogh in te neem om sy eie demone mak te maak (122), is dit sy drie-in-een-skap wat hom toelaat om weer die sprong na die verbeelding te maak en ook 'n nuwe verlede vir Cor van Gogh te skryf. Hy voltooi die proses van selfvergifnis deurdat hy homself bevoeg verklaar om die verbeeldingswêreld van die onmoontlike moontlik te maak deur 'n alternatiewe fiktiewe lewe en dood vir Cor van Gogh te skryf.

“Noudat alles op losse voet is en niks meer seker is nie, nou sal ek die sprong na verbeelding kan maak” (348).

Burger sluit hierby aan deur die siening dat Henk 'n ander woordeskat moet aanleer sodat hy van sy skuld las bevry kan word:

“'n Ander, verbeeldingryke taalgebruik word ook van Henk geverg om die veiligheid van sy museum en sy vaste beskouings van die verlede te verlaat ten einde nuwe insigte te kan verwerf in die geskiedenis van die onbekende Van Gogh-broer wat in Suid-Afrika begrawe is. Slegs deur taal anders aan te wend as op die stereotiepe manier vir sy monografieë kan hy losbreek en insig in sy eie verlede verwerf” (Burger, 2008).

Nadat Zan/Xan in die hospitaal opgeneem word en Henk vir haar 'n koninginsprotea koop, organiseer hy die informasie en dokumente wat hy tydens sy 30 nagte in Amsterdam vergaar het. Hy sien in sy geestesoog die verloop van die dag toe Zan/Xan saam met die ander anti-apartheidstryders die biblioteek bestorm het om die Afrikaanse boeke te vernietig. Een van die boeke het gehandel oor 'n reis deur die Koudeveldsberge. Henk besef “[d]ie boek is iets van haar. Die boek is haar landskap ... Tante Zan het 'n toeval gekry en iemand het die teenwoordigheid van gees gehad om 'n boek tussen haar kake te druk” (414). Hierdie toeval is die enigste een wat sy skynbaar in

Amsterdam gekry het. Henk kry dit reg om in hierdie verbeeldingstog sy tante se waarde te besef, haar sondebokskap en verlosserskap.

“Alles puur haar lyf nou; als wat opgegaan was, skuim na buite – die verskriklike geskiedenis, die aard van dinge, die verdriet van wie ’n mens is” (414).

Wanneer hy haar besoek, is hy nie meer die Henkie wat die askiesblomme gedurende die knopiespinnekop-episode skaam vashou nie.

“Hy sit by haar en woede en toegeneentheid stoei in hom. Hoe blameer jy so iemand? Hoe voel jy liefde vir haar, die enigste oorlewende van Somersetstraat se dae?” (415).

Hulle gesprek is die begin van versoening. ’n Keerpunt is die insig wat sy tante toon dat hy as eerste museumassistent die produk was van OumaOlivier, dokter Hensop en die Dominee; dat hy in sy askies-dat-ek-lewe-ingesteldheid die rol van ’n slagoffer ingeneem het. Sy erken aan hom dat dit haar skuld was. “Ek weet,” fluister sy. “En ek dink dis hierdie ou agtertang se skuld. Ek was die heks in jou agtertuin, of hoe, Henkie?” (418). Henk kies egter om nie die rol van ’n slagoffer te bly speel nie. Sy optrede was nie sy tante se skuld nie.

Vergifnis vir sy tante en homself verwoord hy nie deur ’n stereotipiese verskoning nie, hy verwys na ’n gesegde waarvan sy tante hom jare gelede vertel het, ’n gesegde wat vryheid vergestalt:

“Onthou Tante die springbokke, hoe hulle die wind drink?”(419).

Zan/Xan versoek Henk om haar terug te neem na die vryheid van hierdie vlakte sodat sy haar eie reis kan voltooi.

Die tog terug na Suid-Afrika, die afstroop van albei hulle vermommings, die ritualistiese vergifnis en versoeningsdans aan die einde van die roman, stel Henk in staat om “skiet te gee”, om met uitgestrekte arms as ’n bevryde die

vredesboodskap te vergestalt. Die seëngroet word in die meeste Christelike kerke gebruik aan die einde van die erediens en verteenwoordig metafisiese vergifnis:

“Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees”
(2 Kor. 13:13 – *Die Bybel: Nuwe vertaling*, 1983).

Henk se finale selfvergifnis val dus saam met die versoeningsritueel tussen hom en sy tante Zan/Xan.

3.3.2 Zan de Melker

“...onvoorspelbare, wilde dogter. Die ene met die skurwe hakskene soos ’n volstruiskuiken die eendag-boyfriends met bakkies die stroompie het lankal opgedroog. Oujongnooi, te kêns vir die plaaskombuis te louter vir die kerk te bontstaan vir die konsert te betjoints vir die skoolbasaar of Vrouelandbou. Zan die kafferboetie, wat met al die meide en al wat tuinjong is op straat geselsies maak en nooit vir die witmense wil vertel waarom hulle gesels nie. Sy so begaan oor die mense met stoflap of graaf in die hand, sy maak volgens gerugte ook ogies vir die posbode. Zan die ondiskrete ou juffer die old maid die sourpuss. Zan, die humeur. Zan die vensterooplater die luie die kaalgatholler. Zan die nukkerige julle-bliksems-roepende flouvaller en skandemaker die swartskaaap” (62).

Die vooropgestelde aspekte wat met Zan/Xan geassosieer word wanneer die leser haar in hoofstuk 2 van die roman ontmoet, is die kriminele skuld van bruin en swart bandiete, politieke skuld verteenwoordig deur arm mense in die lokasie en persoonlike, kriminele en morele skuld deurdat sy deelneem aan die verbranding van Wehmeyer se lyk. Sy skaar haar by die armes, verstotenes en skuldiges. Zan/Xan verbreek al die wette, norme, kodes en standaarde van die gemeenskap: sy rook skelm, loop weg op ’n Sondagmiddag en verontagsaam haar ma se opdrag om vir Henkie op te pas. Haar roete neem haar verby die bandiete wat vir haar waai – wat haar verwag. Sy vermom haarself en word “The Bad News Boy”. Sy neem deel

aan die vernietiging van kriminele getuienis wanneer sy, “bra Zolani” en Cecil Dimaggio (nie-wit, nie-Afrikaans en nie-Nasionaliste) haar geliefde se lyk verbrand. Zan/Xan verteenwoordig verset teen die “geslote konserwatiewe maatskappy van daardie tyd en haar uiterste rebellie in die vorm van politieke deelname aan die anti-apartheidsbeweging van die sestigerjare” (Anker, 2009: 242). In hierdie toneel is dit egter duidelik dat Zan/Xan haarself teen haar eie smart verset “for the greater good”, die skynbare groter voordeel van die versetbeweging.

As gevolg van die eerstepersoonsvertelling word die leser onmiddellik ingetrek in die innerlike asook uiterlike lyding van Zan/Xan. Sy moet haar eie pyn tersyde stel sodat sy deur middel van die rituele inisiasie ’n volwaardige deel van die Sobukwe-sel kan word. Zan/Xan se gebed is roerend en eerlik. “Ek moet my vashou. Here oubasie bowe help my ingord, plaas ’n wag voor my tong u is my inhou en niks sal uitgaan nie. God, ek moet inklou en binnesluk en ek sit met my arms gevou. Vandag moet ek wys ek skeur nie my klere nie ek strooi nie as oor my hoof nie. Ek laat Godswater oor Godsakker loop, ek is my sout werd ek moet hulle wys. Waar. Dawid. Die. Wortels. Gegrawe. Het” (20).

Die verbranding van die lyk en Zan/Xan se gedagtestroom daarvoor is grusaam. Dit is die tweede mees ontstellende aspek naas die knopiespinnekop-insident van hierdie roman en verteenwoordig onvergeefbare skuld. Zan/Xan, met haar impulsiewe, vrydenke persoonlikheid, moet haar eie pyn opoffer as ’n toets sodat sy deel kan word van die ondergrondse anti-apartheidsversetbeweging. Dit sal kwansuis wys dat sy ’n verskil kan maak. Hierdie nuttelose, onmenslike proses wys op ironiese wyse hoe ’n ideologie ’n mens kan beheer. Afrikaanse lesers wat polities skuldig is omdat hulle die voordeel van die apartheidsideologie ervaar het en wie se betrokkenheid met die anti-apartheidstryd heel moontlik akademies eerder as fisies was, ervaar hierdie toneel met afgryse omdat dit nuttelose skending van menseregte veronderstel. Die toneel is ook die eerste wat in ’n mate die sinneloosheid van sulke gebeure, as ’n parodie op die

historiese versetstryd uitbeeld (Anker, 2009; Human, 2008), asook politieke, wetlike, kollektiewe en persoonlike skuld manifesteer.

Zan/Xan se karakter is werklik kompleks: haar taalgebruik, die handeling en motivering vir haar karakter, selfs die skuld wat sy dra, word op sigself 'n verset teen stereotipiese inkleding van karakterisering. Haar karakter verbeeld skuld en vergifnis veral ten opsigte van haar epileptiese aanvalle, “bandietkoors”, die vermommings wat sy dra en haar verhouding met haar nefie.

Zan/Xan kry 'n epileptiese aanval sodra sy ná die verbranding van die lyk by haar tuiste in Somersetstraat aankom. Die informasie wat die eksterne verteller deur middel van Henk as fokaliseerder in hoofstuk 1 aan ons deurgegee het, word dus aanvanklik bevestig. Tante Zan/Xan van die toevallige, die droster, die een wat vir Henk 'n versoeningsgeskenk gegee het, die binêre teenoorgestelde van Henk, is weliswaar die een wat die skuld dra. Haar van is De Melker, 'n uitsonderlike van en een wat Suid-Afrikaanse lesers met Daisy de Melker in verband sal bring. Daisy de Melker was 'n opgeleide verpleegster wat haar twee mans asook haar enigste seun met strignien vergiftig het sodat sy hulle versekeringspolis kon erf. Sy was die tweede vrou wat ooit in Suid-Afrika gehang is. Alhoewel sy van al drie moorde aangekla is, is sy slegs aan die een (die moord op haar seun) skuldig bevind.

Dit blyk dat Zan/Xan, anders as Daisy de Melker, letterlik wegkom met moord asook die verbreking van ander standaarde en kodes, omdat sy 'n epilepsie-lyer is. Haar ma, die gemeenskap, die ander Sobukwe-sellede, selfs die leiers van die struggle in Suid-Afrika en Henk (in 'n mate), dink dat sy nie toerekeningsvatbaar is nie, dat sy 'n gevangene van haar kwaal is, dat sy nie verantwoordelikheid vir haar dade kan aanvaar nie. MaOlivier wil nie glo dat Zan/Xan regtig “lokasie toe hol” as 'n toeval op pad is nie. Sy wil glo “Zan gaan lang ente stap as daar 'n bestiering in aantog is. Sy stap en gesels met die Here” (197).

Haar broer, skoonsuster, Suikerbossie, Siegfried Killian en natuurlik syself, hou haar aanspreeklik vir haar dade. Hulle stem egter nie saam oor watter dade die morele verbreking van standarde is nie. Haar broer glo dat sy 'n Kommunis is en haar familie, land en God verraai. Haar skoonsus glo (geregtelik) dat Zan/Xan haar Napoleonborde gesteel het. Henkie glo as kind dat sy haar siel verkoop het aan die Duiwel, aan internasionale Kommunisme, en aan “die bollemakiesie van andersdink” (144). Sersant Suikerbossie en Siegfried Killian is altwee oortuig van haar “politieke skuld” en hoop dat sy vir hulle informasie kan gee oor die rol wat Cecil Dimaggio, Zolani en Hamerkop gespeel het tydens hulle terreurdade.

Zan/Xan voel self dat sy skuldig is aan: die verbranding van Wehmeyer se lyk, die dood van haar broer en die smart wat sy daardeur haar ma en Henk aangedoen het. Sy voel ook dat dit totaal en al haar skuld is dat Henk deur 'n persoonlikheidswisseling as kind gegaan het en sy ware self gevolglik verdring het.

Die feit dat die fases van die aanvalle en die simboliese betekenis daarvan deur Henk as fokaliseerder en die eksterne verteller deur middel van 'n terugflits met ons in hoofstuk 3 van die roman gedeel word, versterk die geloofwaardigheid van Zan/Xan se ervaring en haar eerstepersoonsvertelling.

I. Drieledige vervoerings: Zan/Xan as slagoffer en middelaar

Die epileptiese aanvalle wat Zan/Xan telkens kry, word “vervoerings” genoem. Daar word slegs van “insidente” gepraat “wanneer iets van glas of porselein, soms wel iets van hout of potyster, en ook by geleentheid 'n hart, gebreek het” (25). Die toevalle is sentraal tot Zan/Xan se karakter. Met die uitsondering van die een keer wat sy 'n aanval in Amsterdam tydens die anti-apartheidsbeweging se biblioteekstormloop-protes beleef, vind die vervoerings waarvan in die roman vertel word, in Suid-Afrika plaas en gewoonlik tydens of na 'n episode waar sy haar vereenselwig met die

onderdrukte gedurende die apartheidjare van die sestigs. Dit op sigself versterk die idee dat haar aanvalle simboliese versoeningsrituele is.

Die aanvalle word in drie fases verdeel:

Die eerste fase word die "Kleur" (27) of die "Agstekleurgekekel" (23) genoem, "n Nuwe kleur" (27). "[D]is die kleur wat alle dinge was voordat Eva die appel by Adam geneem het" (27). Dit is die kleur van onskuld, van voor die sondeval, voor die mens skuldig was. Die fase word gesien as die aanloop tot 'n vervoering.

"...Tante Zan het verduidelik dat die Kleur oor als kom, soos sepia oor 'n foto kom sit. Dit verkleur elke ding, elke mens, selfs elke geluid en aanraking, ook jou inasem en jou herinnering. Dis 'n kleur wat niemand nog ooit gesien het nie, dit val buite die bekende kleure-spektrum" (27).

As kind was Henk vas oortuig dat so 'n kleur wel bestaan; hy het vir die skoolkinders daarvan vertel, waarna die onderwyser hom verneder het voor die res van die klas, terwyl hy aan Henk verduidelik het dat die agste kleur nie bestaan nie. Die onderwyser het gesê "dat die heelal deur strenge wette aanmekaargehou word, en dat wilde bewerings soos syne almal in die klas én hul gesinne én die skool én die volk in dieselfde bootjie gaan plaas as die swart stamme in die noorde, of landgenote wat glo in toernary en op die sypaadjie spuug" (28). Die onderwyser se uitspraak beteken dus dat 'n geloof dat die kleur bestaan, dat Zan/Xan reg is, sou veronderstel dat alle mense eenders is, en dit is volgens hom, vir seker nie die geval nie. Dit rym met die Afrikaner-Nasionalistiese ideologie wat geglo het dat die Afrikaners anders as swart mense is. Swart mense moet onderdruk word omdat hulle onbeskaafd, onderontwikkeld, onbeheers en ongelowig is.

"Want in die aanloop tot haar vervoering het Zan dikwels na die swart buurt van die dorp gedwaal, na wat in daardie jare 'die lokasie' genoem is, na plekke waar 'n wit mens sy voet nie sit nie. Daar het sy haar lyf, soos Henk se ouma altyd gesê het, 'gaan meid hou'. Sy het ook, het hy eenkeer gehoor, voor die tronk van haar klere ontslae geraak, sodat die bandiete hul hande

deur die tralies na buite gestee en hul arms soos 'n woud wilde takke op en af beweeg het" (25).

Dit blyk dus dat die eerste fase waarin Zan/Xan die "Kleur" gesien het, haar in staat gestel het om mense, nie die kleur van hulle velle nie, raak te sien. Deur die fase só te beskryf, word die kollektiewe skuld wat die mensdom dra deur die feit dat vooroordeel oor mense van "minderbevoorregte" afkoms steeds bestaan, gemanifesteer. Die moontlikheid van ubuntu (vergelyk bespreking onder punt 2.3.4.4 in hoofstuk 2), om die medemenslikheid van alle mense te respekteer, om weer in 'n staat van voor die konsep van sonde verskyn het, te bestaan, word deur die Kleur moontlik gemaak. So 'n staat word egter vervloek as 'n vallende siekte.

Die tweede fase word "die Skuimbol" (23), "die duiwel se invaart" (29), genoem. Dit het gewoonlik 'n kwartier geduur en Zan/Xan moes plat lê sodat sy haarself nie beseer met die geruk nie. 'n Stang is tussen haar kake ingedruk om te keer dat sy nie "haar tong insluk" en versmoor nie. Oor hierdie fase sê Zan/Xan self:

"... en ek moet die Stang byt, ek moet soos al die vroue van die Karoo die stang byt en my rug trek krom en my mamma, my mamma bid tot daardie Man-Here van haar die Oubaas. Groot is sy Naam, Heilig sy Aangesig. My manman. Oupagod. Slaan jou oë op. Maak geen beeltenis nie. Nader my God by U" (35).

Die tweede fase verteenwoordig dus onderwerping en gehoorsaamheid aan manlike oorheersing en straf. Die konsep van God wat onderdanigheid verwag en die sondige mens straf, word gelykgestel aan seksistiese oorheersing deur mans. Henk, by monde van die derdepersoonsverteller, sien die fase as die uur waarin sy familie van hulle "demone ontslae geraak het" (23). "Boete is nou kennelik gedoen. Bloed is gelaat. Tante Zan is weer eens gekruisig vir die kollektiewe sondes" (24-25).

Zan/Xan is die medium waardeur familieskuld opgelos is. "Dit was hul manier om ontslae te raak van hul opgedamde angste, hul benoudhede en skulde.

Ja, van al hierdie dinge was daar baie in sy familie – daardie deurmekaargeklitste, ondertrouerige, weerbarstige spul mense in Afrika wat Henk se mense was” (23-24). Van der Merwe en Viljoen (1998: 178) bespreek die rol van die sondebok as volg: “Die mens probeer uit die eindelose siklus van stryd en geweld kom deur ’n sondebok te vind op wie die skuld geplaas kan word en wat vernietig moet word. So word al die geweld van die samelewing dan gekanaliseer na die sondebok, wat deur sy/haar dood verlossing moet bring – maar deur hierdie vernietigingsproses word die siklus van geweld bevestig en die moontlikheid tot bevryding uit geweld ondermyn.”

Zan/Xan is dus sondebok, sondeoffer en ook ’n Jesus-figuur wat versoening tussen God en die mens bewerkstellig.

Die derde fase, die afloop van die aanval, was ’n tydperk van rus. “Sy het net ’n vredige gevoel gehad, ’n berusting wat – só het OumaOlivier eendag aan hom verduidelik – alle verstand te bowe gaan” (26). OumaOlivier stel hierdie fase dus gelyk aan die vrede waarvoor Paulus skryf aan die Filippense: “En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus” (Fil. 4:7 – *Die Bybel: Nuwe vertaling*, 1983: 260).

Vrede, shalom, verwys in die Bybel na die resultaat van verhoudings wat in orde is: eerstens ’n vertikale vrede tussen God en die mens en tweedens, horisontale of bilaterale vrede tussen mense soos bespreek in een van die preke van dr. Henk Gous (2012). Hierdie vers verwys spesifiek na die vrede wat tussen mense bestaan as verhoudings tussen mense in orde is. Tydens die derde fase van Zan/Xan se epileptiese aanval word die vrede tussen die familieledede herstel. Zan/Xan beskryf hierdie fase soos volg: “Die tyd toe tyd nie tyd was nie. Ek kan dit net so neersit, ek kan sien, dis als een tyd” (36). Haar woorde herinner aan Genesis 1- die tyd voor God die aarde geskape het.

Henk, Zan/Xan-self en MaOlivier gee betekenis aan Zan/Xan se epileptiese aanvalle deur dit as 'n versoeningsritueel te beskou. In Amsterdam interpreteer Henk die toevalle as sinestesiese ervarings wat dit maklik gemaak het om “die grense van eienaarskap te ontken, want alles kon tegelykertyd in haar gemoed bestaan. Een sintuig is immers in terme van 'n ander ervaar. Só vertaal die waarheid na fiksie en proe storie nes feit. Of die Napoleonborde joune of myne is, is irrelevant, en wanneer hulle breek, is die klank tog buitendien skelrooi” (139). Henk verkry insig oor die rol wat sy tante in hulle familie gespeel het:

“Sy was die De Melkers se private verlosser, dink Henk nou, hul Huisheiland en sondebok. Sy is in die geheim gekruisig, en haar kerk was klein: die gesin” (29).

II. **Bandietkoors: 'n vergifnisritueel**

Zan/Xan se geliefde lekkergoed as jong meisie was drop. “Ag, Zan, jou mond is al weer pikswart van die hondebloed. Asof jy 'n swarte gesoen het” (30), sê MaOlivier per geleentheid. In die sestigerjare, as gevolg van die Ontugwet, was romantiese verhoudings en seksuele kontak tussen “blankes” en “nie-blankes” verbied. “Nie-blankes” in Suid-Afrika het nie basiese menseregte besit nie, en mag nie sosiaal met “blankes” gemeng het nie. Die aanvaarde verhouding tussen “blankes” en “nie-blankes” was dat die “nie-blankes” vir die “blankes” gewerk het. Party “nie-blankes” is byvoorbeeld tronk toe, nie omdat hulle wandade gepleeg het nie, maar as gevolg van nietige sake soos: hulle het byvoorbeeld nie hulle pasboeke by hulle gehad het nie. In hoofstuk 10 van die roman wat handel oor die woede van “Kytie-ek-is-nie-jou-kombuismytie” (73) en weens dertien bruin families wat onder die Groepsgebiedewet na die lokasie toe uitgeskuif is, word aangetoon hoe MaOlivier se “liefde” ideologies beheer word deur Verwoerd se beleid. Kytie “huil, want sy't geleer die liefde ken geen perke nie” (81). “Nie-blankes” is in 'n mate as werkers en misdadigers beskou, nié as vry mense nie.

Zan/Xan eet nie net drop nie, sy gebruik haar liggaam as 'n seksuele wapen in verset teen die samelewing. Sy vereenselwig haar met die onderdrukte en die werkersklas in haar houding en optrede: “Ek staan daar in die ondergaande son met my houding. 'n Aktrise staan só. Graaf oor die skouer teen die rooi, sakkende son. Werker van gods aarde. Dogter van die grond. Werkers van die wêreld, verenig! Ek gop so 'n blink boog, oor die draad” (52). Sy noem haar mede- Sobukwe-sellid “Bra Zolani ... my Xhosakwaad my baardman my grootomhels” (48).

Sy ontbloot haar vir die mense in die tronk, sy het hulle lief ten spyte van hulle misdade, groot of klein: “die hande van die oortreders, die misdoeners, die verkragters en molesteerders, my boeties en my geesgenote. Ek het julle lief julle reeksmisdadigers julle fokkers en oortreders van als wat heilig is” (48). Gedurende “Die Episode” soos haar ma dit noem, het Zan/Xan seks met die bandiete in die begraafplaas. Na die episode noem die bandiete haar blykbaar Saint Susan “want ek verstaan die opgesluite manne ek verstaan hulle en daar onder die begrafnisbome hou ons kotiljons op die grafte. Ek wys wat ek kan wys en help uit, hande-viervoet, bo-op die *Nader aan u my God* en *Ons wag die Opstanding reikhalsend af*, bo-op koue marmerblaaie, ja-nee my tsotsie my moordverdage, kom my handgemene minnaar my onbetroubare my gryper van juwele en my skaapvangertjie, kom na my toe, ek Zan ek is julle openbaring julle openlike” (83).

Sy hardloop weg vir die konstabel op sy fiets maar word gevang, “gearresteer” deur haar broer, haar ma, die dominee en die dokter. Hulle bind haar agter op die bakkie vas en bedek haar kaal lyf met 'n seiltjie – wat gewoonlik oor die gehuurde stoetramme gegooi word. Zan/Xan ervaar hulle optrede as skuld omdat hulle haar verneder en haar vryheid inperk. Sy identifiseer met die wilde jagluiperd wat gevang is en noem hom “die geel vlam woedende lewe, so aangespyker, die woedende Jesus van die berg die duiwels lyfding” (84-85).

“Ja, julle bliksems, julle wil my tem, julle wil Zan de Melker in boeie gooi, julle wil haar mak maak tot 'n hallelujajuffrou en preutstannie vir Henkie ...” (85).

Hulle voer haar daggatee, neem haar huis toe en hou haar onder verdowing vir drie weke. 'n Fees word gevier as sy nie verwagtend is met een van die bandiete se kinders nie. Dit sou gebruiklik of eerder heel aanvaarbaar vir Zan/Xan wees om haarself te verweer deur te sê dat die bandiete haar verkrag het. Sy skuif egter nie die blaam op hulle nie. Sy ervaar nie skuld oor haar optrede nie; tewens, sy beskou haar familie en die familie se ondersteuningsgroep as skuldig. Zan/Xan is vir seker skuldig aan die verbreking van sosiale kodes en die Ontugwet, maar anders as die kerkgangers en wetmakers, sien sy die bandiete se menslikheid raak: mens sou haar seksuele omgang met die bandiete kon interpreteer as 'n vergifnisritueel, veral gesien in die lig dat vergifnis jou die mens agter die misdaad laat raaksien.

In die verdere loop van die verhaal word episodes vertel waarin sy met Piet Pyp seks het, waar sy die mynwerkers se lywe streef wanneer sy, Henk en Oom Lodewyk 'n myn besoek en waar sy en Bra Zolani op 'n bed in die veilige huis “dit uitspook”. Sy is dan ook verwagtend, gee geboorte aan haar seun ('n gebeurtenis wat nie in die teks beskryf word nie). Haar kind word 'n boodskapdraer vir die anti-apartheidsbeweging en 'n sakkeroller. Haar kleinseun is Alphonso, die sakkeroller in die driemanskap wat beursies “op” Henk in Amsterdam “plant”.

III. Vermommings: Zan/Xan, Zondernaam Zuiderzinnen

In 'n koerant oor Zan/Xan as aktrise in Nederland word die volgende berig: *“n Teaterfenomeen...Ongekende energie. 'n Boerin uit Afrika, wat die mees gesofistikeerde rolle speel en karakters skep op die rand van die afgrond. Met 'n sonderlinge dimensie vir woede, vir skuld, en vir angste”* (289).

Zan/Xan gebruik haar toneelspeeltalent onder andere om op die verhoog haar skuld en verzet uit te beeld, byvoorbeeld deur die rolle te speel van Lady Macbeth en Lady Godiva (onderskeidelik 'n moordenaar en 'n dame wat kaal op 'n perd ry om haar verzet te toon teen die belasting wat die werkersklas

moet betaal). Tydens haar besoek aan Suid-Afrika om die hofgeding teen Cecil Dimaggio, Bra Zolani en Hamerkop Galata by te woon, besef sy dat die verhoog haar uitgilplek geword het, “die toneel van bewerasie en wroeging, waar jy kon ontslae raak van jou gevoelens oor die Karoomoorde waaraan jy aandadig was, maar geen ‘out, damn spot’, beheers uitgebibber op ’n Hollandse verhoog, gaan jou suiwer nie” (361).

As deel van haar politieke verset neem sy die rol aan van die “Bad News Boy”, ’n homoseksuele Afrikaanse boer; dit is ook dié vermomming wat haar in staat stel om Suid-Afrika te verlaat en na Amsterdam te gaan.

’n Week voordat Zan/Xan deur die knopiespinnekop, wat Henk vir haar in een van haar glasvase geplant het, gebyt word, is daar ’n boksegeveg wat oor die radio uitgesaai word tussen die Afrikaanse Steyn en ’n Engelse bokser. Die Engelsman wen vir Steyn. Kennelik is Zan/Xan, soos die mense in die lokasie, aan die kant van die Engelse bokser. Wanneer hy wen, is daar ’n gedawer en OumaOlivier sê: “Hoor hoe juig die swartgoed, ...[a]ltyd so bly as die Afrikaner die onderspit delf” (231). MaOlivier, met haar “blinde Afrikaanse Nasionalisme” (229), besef duidelik nie die ironie in haar stelling nie. Die mense wat in daardie tyd letterlik en figuurlik “die onderspit gedelf” het, was die einste “swartgoed” waarna sy so neerhalend verwys. Hierdie episode veroorsaak dat Zan/Xan haar finaal van haar Afrikanerskap distansieer. Sy verander haar naam en skryf ’n brief:

“Familie De Melkers

Formeel wil ek aankondig dat ek van vandag af nie meer heet Zan de Melker nie, maar Xan de Melker, op Xhosa uitgespreek.

As julle sukkel met die X uitspreek, vra die kombuismeide. Of die Romeinse priester, die Vader. Hy praat Kaffertaal. Dis ’n klapklank.

Suig die tong teen die verhemelte vas en los hom.

Here seën.

Julle suster, Xan de Melker” (23).

Hierdie naamsverandering sinspeel op die feit dat, waar Zan in ’n mate nog polities skuldig gevoel het omdat sy voordeel uit haar wit Afrikanerskap kon

wen, haar Xan-self nie daaraan skuldig is nie. Die naamsverandering is omgekeerd eweredig aan die proses waar Henkie Henk word. Zan/Xan verwerp haar Afrikaanse wortels maar Henk versterk syne deur die oorgang vanaf onskuldige ontdekkingsreisiger na skuldige navolger van reëls en wette.

Sy sien haar belangrikste rol as die een van “Zondernaam Zuiderzinnen”. Daar kan gespekuleer word dat die vertaling van die naam onder andere verwys na ’n “sin na die suide”, suidelik, verwysend na Suid-Afrika, dus “nie veel sin in die land met sy stelsel van rassediskriminasie en onderdrukking nie”, of dalk júis verlange na die Suidelike land. Die naam kan ook sinspeel op die fisiologiese suide, met ander woorde, Zan/Xan se seksuele sinne.

Sy gaan via Graaff-Reinet na die Paleis van Justisie in Pretoria om die verhoor van Cecil Dimaggio, Bra Zolani en Hamerkop Galata by te woon. Xan is onbewus van die feit dat Zondernaam Zuiderzinnen agtervolg word en dat die anti-apartheidsbeweging in Amsterdam haar toelaat om Suid-Afrika te besoek, wetende dat die Veiligheidspolisie haar heel moontlik in hegtenis sal neem. Dit is ironies dat dit júis die anti-apartheidsbeweging is wat haar “uitlewer” – die beweging vir wie sy haar geliefde, haar familie en land “opgeoffer” het vir die grootste gedeelte van haar lewe.

Tydens die besoek los sy haar vermomming twee keer. In die eerste geval “tel” sy ’n polisieman “op” in ’n Vrystaatse dorpie. Dit verteenwoordig aan die een kant die uitspeel van haar nimfomanie en aan die ander kant ’n manier om met vuur te speel. Sy ontbloot haarself vir die gereg, sy wil heel moontlik gevang word omdat sy skuldig voel ten opsigte van Wehmeyer en haar broer se moord. In die tweede geval gaan sy as haarself in die hartjie van Voortrekkerhoogte in, terg die soldate wat die heeldag op die paradegrond marsjeer met haar fisieke wulpsheid en aan die einde van die dag urineer sy op die einste paradegrond. Hierdie handeling kom oor as wraak, die uitspeling van wrewel.

Siegfried Killian, soos Suikerbossie jare terug in die hospitaal, wil hê dat sy teen Cecil Dimaggio, Bra Zolani en Hamerkop Galata moet getuig. Sy word in

hegtenis geneem en vir 'n paar weke lank wreed gemartel. Zan/Xan gee nie oor nie, sy verraai nie haar Sobukwe-sel nie, maar word ook nie aangekla van verraad nie. Haar persoonlikheid en taalgebruik sou haar as nie-toerekeningsvatbaar in 'n hofsaak merk. By haar terugkeer na Amsterdam vertrou die anti-apartheidsaktiviste haar nie meer nie. Hulle glo dat sy 'n spioen was. Grotius stel dit aan Henk dat hierdie besoek die verset in Zan/Xan vernietig het. Haar eie vertelling sinspeel op die feit dat sy haar skuld en verraad aan haarself verwoord het gedurende die besoek aan Suid-Afrika. "Waarom het jy gedoen wat jy gedoen het? Bloed moet vloei in die revolusie, weliswaar, maar die bloed van 'n geliefde? En die bloed van 'n broer? Jou broer is immers jou moeder se seun, en dalk is die grootste verraad die verraad teenoor jou moeder. Jou minnaar, jou geliefde, hy is immers vlees met jou, en daarby kom dus nog verraad: verraad teenoor jouself" (398-399).

Die marteling wat sy ondergaan het, was in 'n mate straf wat sy moes dra vir haar dade. Die ander gedeeltes van haar straf wat sy in werklikheid aan haarself opgelê het, was dat sy nie weer haar ma besoek het nie en dat sy in Amsterdam gebly het, selfs ná die val van die Apartheidsregering.

IV. Zan/Xan se verhouding met Henk

Zan/Xan se persoonlike skuld en vergifnis manifesteer veral in die verhouding wat sy met Henk het. Alhoewel sy skuldig is aan die verbreking van baie kodes, wette en standaarde, soos reeds bespreek is, is sy nie skuldig teenoor Henk nie. Zan/Xan se persoonlikheid en toevalle skrik Henk wel af; nogtans reik sy verskeie kere na hom uit. Vergelyk die bespreking oor die ooreenkoms tussen skuld en skuldgevoel in hoofstuk 2 onder punt 2.2.3.

Sy koop vir hom die Van Gogh-versoeningsboek omdat sy na hom gehap het gedurende 'n toeval in die skoolsaal. Nadat Henk, skynbaar, die koedoe geskiet het, vertroos sy hom. Sy herken sy vrees en weersin. Dit is die eerste keer wat hy haar so naby hom toelaat en die leser wil hoop dat hulle verhouding herstel kan word. Dit is ironies dat hierdie roerende toneel die

gebeure voorafgaan waar sy deur die knopiespinnekop gebyt word. Terwyl sy in die hospitaal is, skeep Henk sy verweer. Hy is nie bewus daarvan dat Cecil Dimaggio reeds aan Zan/Xan vertel het dat hy gesien het hoe Henk 'n knopiespinnekop vang nie.

Wanneer Zan/Xan beseft dat Henk die knopiespinnekop met opset in haar glasvaas geplaas het, is haar aanvanklike reaksie om Henk as skuldige uit te lewer. Cecil doen egter voorspraak vir Henk:

“Moenie dat die gif jou gemoed betrek nie. Xan, moenie jou penkoppie verkeerd verstaan nie. Xan, jy weet tog wat ons almal dryf: die winde van verandering, die dinge van die lyf, die verbeeldings van 'n kind ... Xan: die seuntjie is te snotkop te penkop te klein vir assassinasieknoeierye” (253).

MaOlivier en Henk kom besoek haar en bring vir haar “askiesblomme”.

“Henkie maak parade en oorhandig, stokstyf die arms en die bene en die spierwitbleek gesig. Henkie, my sluipmoordenaar, Daisy de Melker” (255).

Zan/Xan is verontwaardig teenoor Henk. “En Henkie, agter die skans van kennis, loer na my. Verwytygies. Ek, wat 'n vingerlit loop staan en verloor het. Dis nou kwansuis my skuld; ek moet nou ekskuus sê vir hóm” (256).

Die naaste wat Henk kom aan verskoning vra, is: “Vogeltje mis jou, Susan.”

Dertig jaar later wanneer Zan/Xan haar handskoen uittrek, vermom as Zondernaam Zuiderzinnen en haar ware vere vir Henk wys, is dit met 'n verwysing na Vogeltje wat weer eens dien as 'n gespreksmiddelaar:

“Henkie my snotjie onthou jy vir onse ou Vogeltje wat-is-'n-voël-sonder-sy-vere?” (307).

Die afgesnyde vingerlit is 'n letsel wat sy opdoen; dit merk haar egter ook as skuldige. Vergelyk byvoorbeeld die “yubitsume”-tradisie in Japan waar die skuldige gemerk word deur die afkap van 'n vingerlit, soos bespreek onder punt 2.3.7 in hoofstuk 2.

Wanneer Suikerbossie van die Veiligheidspolisie haar besoek om 'n erkenning of informasie van haar te ontvang, transformeer haar wrewel na vergifnis. Sy, al ylende, vergiftig deur “knopiegif en doktersgif en nou

Veiligheidspolisiegif” (258), dink nie eers daaraan om haarself te verweer nie, sy transformeer haar wrewel na ’n pleidooi vir Henkie se onthalwe:

“Kwytskelding. Kêrel, maar dis nou ’n moeilike begrip vir jou. Die Broederbond kan daarvoor oneindig vergader, Dominee, luister, luister jou ou draadtrekker: skeld Henkie kwyt ... [l]aat Henkie vry ... [m]oenie vir Henkmannetjie opsluit nie” (259).

Zan/Xan se ontsnapping is deur die familie as ’n onvergeeflike daad beskou, deels omdat sy noodgedwonge handelingsbevoeg moes wees om so iets van stapel te stuur en deels omdat dit, gesien uit hulle Christelik-Nasionale perspektief, ’n daad van politieke verraad en skande was. Niemand het dus ooit vermoed dat haar broer haar letterlik uit die land verban het nie. Swaer Lodewyk se brief aan haar oor die tyding van haar ma se dood in 1980, spel haar skuld uit:

“Susan, sy het baie oor jou gepraat in haar laaste dae en dit was vir haar ’n bron van smart. Ek kan nie anders as om jou kwalik te neem dat jy jou rug op ons almal gedraai het nie ... ek weet ook nie of jy nog belangstel in die wel en wee van die lede van jou ou volkie hier aan die suidpunt van Afrika nie” (290).

Zan/Xan se suksesvolle loopbaan in Amsterdam ten spyt, verlang sy na die Karoo, haar familie, Suid-Afrika. Haar verlange na ’n Suid-Afrika wat steeds mense onderdruk, en die feit dat sy ’n wit Afrikaner is, merk haar as ’n dubbele skuldige. “En daar sit ek, witmiesies, onderdaan stinkbloed skaamfamilie. Bleek soos ’n leghorn,” (336). ’n Blonde vrou beskuldig haar soos volg:

“Hoe julle wittes daarmee kan saamlewe, weet ek nie. En dan verlang jy nog daarna? Hoe-is-dit-menslik-moontlik-mevrou? Op dees aarde móóntlik om terug te verlang na sulke mense?”

Ten spyte van haar verset word sy getrakteer op haar blanke baadjie. Hierdie toneel verbeeld die ineengevlegdheid van morele, politieke, kollektiewe en persoonlike skuld, die verhouding tussen slagoffer en kwaaddoener, asook

die komplekse prosesse wat skuld en vergifnis omvat. Deur middel van Grotius as middelaar en die driemanskap as 'n voorbeeld van mense wat in 'n staat van selfkennis en selfvergifnis leef, beplan sy haar finale versoeningsgeskenk en poging om vir beide haar en Henk wederkerige en selfvergifnis te bewerkstellig. Die brief uit Amsterdam en die voorwaardes om die huis in Amstelstraat te erf, Henk se 30 nagte in Amsterdam, is die finale toegif van tante Zan/Xan. In wese is dit 'n geleentheid vir Henk om homself, sy verlede, sy skuld en ook haar skuld te konfronteer.

Die roerende toneel tussen haar en Henk - met Grotius as middelaar en ondersteuning - waar sy haar skuld aan Henk bely, is nie 'n reaksie op die vraag van vergifnis of 'n verskoning nie. Dit is 'n geskenk aan Henk en aan haarself. Dit is 'n gesprek wat aantoon dat vergifnis werklikwaar soos Julia Kristeva (2002: 282) en Arendt (1958: 51, 71) dit stel, net in die private sfeer kan plaasvind.

Hoofstuk 51 is 'n brief wat haar verweer, haar belydenis en vraag om metafisiese vergifnis vervat.

“Ek is maar jou tante Xan. Jou liefhebbende tante, jou hoeder en jou spook, die moordenaar van jou vader en die suikermiertjie in niemand se lewe nie (ek het die ware liefde die skoonskip die opraap nooit geken nie). Mag God my vergewe en mag die armes uiteindelik kry wat hulle toekom: brood. Dis my wens vir die Groot-Karoo. Nederig en teen die wind in, ek weet.

Jou tante, Xusan de Melker, persoonsnommer verlore. Suid-Afrika se eie Lady Godiva, kaalgat en omtrent op haar perdjie” (408).

Haar selfvergifnis kan eers manifesteer wanneer Henk weer losgekome het, homself is. Die finale toneel in die roman is 'n woordelose vergifnisgesang, 'n dans wat herinner aan Ricoeur se insig aangaande die skep van 'n “happy memory”. Henk se uitgestrekte hande simboliseer die groet van vrede; die verhouding tussen God en mens en tussen mens en mens is in orde. Zan/Xan se finale selfversoeningsoffer is 'n ritueel, 'n roudans en 'n paringsdans by die

“altaar” met die witgebleikte werwelbeen van haar Wehmeyer, wanneer sy alle vermommings, rolle, voorbehoude en selfverweer van haar lyf afstroop en vry, selfs vry van verset, haar vergifnis kan juigsprong.

3.3.3 MaOlivier die Aansienlikheid en Kytie

MaOlivier, “die matriarg, die kern en spilpunt van die familie” (Anker, 2009) en Kytie, haar regterhand, is die deugsame vroue in hierdie roman. Hulle sloof hulle af vir volk, vaderland en die familie De Melker en poog om deur ’n nougesette lewe orde te skep en vooruit te boer.

Die “Aansienlikheidslessenaar”, die tuin, die huis, selfs die barmhartigheid wat hulle aan armes en oues van dae uitdeel, word in stand gehou deur navolging van Christelike norme soos geïnterpreteer deur die Christelik-Nasionalistiese ideologie.

Beide die vroue word “gevonnis” deur hulle verbandskap aan die De Melkers. MaOlivier, al behou sy haar nooiensvan as naam, word beheer deur haar man vanuit die graf. Indien sy met iemand trou, verloor sy die sekerheid van haar inkomste. As gevolg van MaOlivier se aansien in die gemeenskap word Kytie “goed” behandel en put sy ook in ’n mate voordeel uit die apartheidsideologie.

“Volkome in vertroue,’ seg MaOlivier. ‘Kytie is ’n De Melker.’
’n Vonnis, as jy my vra,” (74), sê San.

Die twee vrouens skep die vrede van Somersetstraat en deur hulle gemeenskaplike liefde sonder perke vir hulle familie De Melker word “die basiese beginsels van welwillende diktatorskap baie goed” (80) uitgespeel. Dit is ’n veilige vonnis en hulle verkies om skynbaar sonder insig die beste van elke slegte saak te maak. Veral MaOlivier se skuld en dalk ook haar straf, word vervat in die skuld wat Henk internaliseer en die verset wat deur haar jongste dogter uitgeleef word. Henk besef dat sy OumaOlivier ook ’n gevangene van Zan/Xan was terwyl Zan/Xan in Somersetstraat gebly het. Dit is ironies dat sy aan ’n toeval sterf.

3.3.4 Dominee, dokter, onderwyser, Klaboet, veiligheidspolisie-amptenare

Die Christelik-Nasionale ideologie, die interpretasie en uitvoering van die apartheidswette en konserwatiewe gemeenskapstandaarde wat onreg en onderdrukking tot gevolg het, word veral in hierdie roman deur manlike gesagsfigure beheer.

3.3.5 Sobukwe-sel: Cecil Dimaggio, Bra Zolani, Hamerkop Galata

Die Sobukwe-sel bestaan veral uit manlike karakters en verteenwoordig in 'n mate die stereotipe van die binnelandse anti-apartheidsbeweging. Cecil Dimaggio is 'n ryk, liberale Jood wat voorgee dat hy 'n rolprentmaker is, Zolani is 'n man wat uit die omgewing van Graaff-Reinet afkomstig is, die meer aggressiewe Hamerkop Galata was deel van die Pondoland-rebellie en Wehmeyer (voor hy doodgemaak is deur die ander lede) was 'n jong Afrikaanse student wat teen die nasionalistiese apartheidsideologie gerebelleer het. Hulle is wetlik skuldig omdat hulle terreuraanvalle loods en moord pleeg. Alhoewel die sel die naam van die groot vryheidsvegter Robert Sobukwe dra, is die sel eintlik 'n parodie op verzet. Human beskryf dit as “'n satiriese blik op die verzetstryd tydens die apartheidsera” (Human, 2008). Hierdie siening word gestaaf deur die tipe (amper sinlose) opdragte wat Zan/Xan van Cecil Dimaggio kry en deur die manier hoe die lede hanteer word deur die verzetbeweging in die veilige huis.

3.3.6 Die drie-koppige kunstenaar: busker, die bedelaar en die sakkeroller

Die eerste kontak wat Henk met die drie-koppige kunstenaar maak, is die beursies wat die sakkeroller “op hom plant”. Dit sou hom as dief kon impliseer, maar in werklikheid stel dit hom in staat om die vryheid van ander identiteite te verbeel. Die busker, die eerste viool, verteenwoordig die argetipe van die reisiger. Die bedelaar is die verpersoonliking van afhanklikheid. Die driemanskap verbreek ook kodes en wette, maar ervaar ’n vryheid deurdat hulle nie skuldig voel oor die verbreking van kodes nie. Wanneer Henk die drie karakters in homself kan verbeel, besef hy dat dit moontlik sou wees om ’n merkwaardige boek oor ’n onmerkwaardige persoon se lewe te skryf. Net na sy aankoms in Amsterdam, beleef hy die (vreesaanjaende) moontlikheid dat hy ’n fiksieskrywer kan word. “Dit moet ’n totale verlies aan beheer wees wat jy ervaar, het hy toe besef, wanneer jy ’n storie begin skrywe en die verbeelding oorneem en karakters hul eie weë inslaan. Dit sal hom gek maak, daardie onvoorspelbaarheid van ’n tweede lewe wat begin uitgroeï naas die lewe waarin jy jou bevind” (121). Die busker, bedelaar en sakkeroller laat hom toe om deur hulle ’n tweede lewe te verbeel.

3.3.7 Grotius

Grotius is die intellektuele dog humanitêre karakter in die roman wat aantoon dat dit tog moontlik is om regverdig te leef. Hy is deel van die anti-apartheidsbeweging in Amsterdam, kundig oor die geskiedenis van Suid-Afrika, ’n beskermheer van Zan/Xan. Hy handhaaf ’n byna filosofiese opinie oor die verhouding tussen sy vader en Zan/Xan, asook die verhouding tussen Zan/Xan en haar geliefde, die busker. Daar is geen wrewel by hom oor die feit dat die Amstelhuis, wat in werklikheid sý erfporse kon wees, aan Henk aangebied word nie. Hy berei Henk voor, sodat hy sy “nuwe verlede” kan ontmoet. Hy is eerlik, soms bitsig en beskuldigend teenoor Henk se onkunde oor sy tante en sy land, maar speel die rol van ’n bemiddelaar tussen Henk en Zan/Xan.

3.4 Plot of intrige

“Die terme *plot*, *intrige* en *spanningslyn* is verwant. *Plot* is die strukturelement wat orden en bind. ’n *Spanningslyn* kom tot stand weens die *plot of intrige*” (Volschenk, 2010, 11). *30 nagte in Amsterdam* word deur Thys Human as ’n intrige-gedrewe roman bestempel wat die volgende temas (wat ook in vorige werke van Etienne van Heerden voorkom) bevat:

- Rassespanning
- Wisselende vertelperspektief
- Deurmekaarloop van gedagte-inhoude wat aan die hand van bewussynstroomtegniek geopenbaar word
- Motief van skuld
- Identiteitsoeke
- ’n Postmodernistiese kunsgreep waardeur daar in die teks metatekstueel besin word oor die skryfproses
- Deurtastende terugblikke
- ’n Skerpinnige en besonder vermaaklike besinning oor die aard en betekenis van die geskiedenis (Human, 2008).

Die plot word so gestruktureer dat gebeure en geheime van die verlede met verloop van die roman met die leser en met die twee hoofkarakters gedeel word. Alternatiewe hoofstukke (in die meeste gevalle) lig die gebeure toe deur die verskillende vertellers – die hoofkarakters – in die roman. Sentraal tot die verhaal is die feit dat beide Henk en Zan/Xan de Melker skuldgevoelens oor gebeure in hulle verlede het. Van die herinneringe is “ontstellende gebeure, selfs verraad en die onderdrukking van geheime begeertes wat as onthullings teenoor mekaar en hulself die gang van die verhaal bepaal” (Anker, 2009: 242).

Dit is eerstens ’n reisverhaal wat Henk se erfenisreis en sy 30 nagte in Amsterdam asook sy terugkeer karteer. Die gebruik van “nagte” eerder as

“dae” is tipies ’n aanduiding van vakansieverblyf. Hy ontmoet mense wat op die rand van die samelewing die reëls van selfs die verligte samelewing in Amsterdam verbreek. Beursies word byvoorbeeld “op hom geplant” wat sy eie oënskynlike saai bestaan deurmekaar skud en hom forseer om anders op te tree, ander identiteite te probeer. Hierdie reis word dus ’n pelgrimstog waarin hy homself stelselmatig vind deur sy eie herinneringe en nuutontdekte informasie oor Zan/Xan.

Gebeure in die hede word merkers vir aspekte in die verlede wat herinneringe oproep. “Wat hy nie vir Grotius vertel het nie, is dat sy gees nog op Somerset-Oos is. Sy lyf is hier in Holland, maar dit vul nou met verwagting, met báng. Hy wag op homself, op die Henk wat in Somerset-Oos is. Daardie Henk is nog in aantog oor Afrika hierheen. Hy kan nou geen groot besluite neem nie. Hy is net een ding, en dis die vrees vir die bliksem wat hom hier gaan tref”(137). Sy besoek aan die martelmuseum herinner hom aan die hand van Zan/Xan en sy eie verdronge, maar ewe koelbloedige, “martelmetodes”. Henk se herinneringe word op hul beurt toegelig met geheime en insigte oor en gebeure ten opsigte van Zan/Xan. Die onthullings forseer hom om die verlede en sy eie aandeel in sy tante se verwerping te trotseer. Dit voel “...vir Henk asof Tante Zan met haar testament haar wreek op die seuntjie wat wye draaie om haar geloop het in daardie groot herehuis van sy ouma in die Karoo, soveel dekades – byna veertig jaar – gelede” (119).

Dis ’n innerlike en uiterlike ontdekkingsreis en waar hy in Somerset-Oos dit reggekry het om herinneringe te verban, kla sy herinneringe en die gebeure in Amsterdam hom aan. Henk se reis is soos die eerste fase van Zan/Xan se toevalle. Hy sien sy lewe omhul deur die Agste Kleur, hy belewe sy eie geskiedenis as “ontdaan van ideologie”(213). Die intrige verdiep egter nog meer met Zan/Xan se vertellings, wat die leser meesleur met ’n skokkende, skerpsinnige perspektief, geheel en al onversigtig en wild. Soos in ’n hofgeding word telkens teenoorgestelde getuïenisse gelewer oor dieselfde gebeure.

3.5 Verteller en perspektief

3.5.1 Derdepersoon- eksterne verteller

Agt-en-twintig van die agt-en-vyftig hoofstukke in die roman word vertel deur 'n eksterne verteller. Die eksterne narratief is vir Henk nodig, omdat hy nog nie vir sy eie skuld-en-vergifnis-narratief woorde het nie; sy skuld is te groot om sy eie storie te vertel. Hy het hulp nodig. Die fokalisering is gesetel in Henk wat veroorsaak dat sy gedagtes, al word dit nooit aan 'n ander karakter vertel nie, wel in camera met die leser gedeel word. In die hoofstuk waar sy tante haar skuld direk aan Henk, voor Grotius, beken en dit opgeneem word deur 'n kassetspeler, is Henk se bekentenis slegs in sy gedagtes. In die laaste twee hoofstukke, nadat Henk “losgekom het”, word sy vergifnis, Zan/Xan se eie bevryding en hulle versoening deur Zan/Xan vertel.

Die eksterne verteller bring mee dat 'n effe moraliserende filosofie oor veral die verbintenis tussen Nederland en Suid-Afrika, die Islamitiese kwessie in Nederland self, asook die “burgeroorlog van geweld” van die afgelope dekade in Suid-Afrika met die leser gedeel word. Hierdie navorser stem wel saam met Thys Human dat *30 nagte in Amsterdam* nooit in “eensydige Afropessimisme óf voorspelbare korrektheid” verval nie (Human, 2008).

3.5.2 Eerstepersoonsvertelling

Ricoeur beperk sy bespreking oor skuld en vergifnis tot skuld of foute wat self erken word, en verduidelik stelselmatig hoe die spraakhandeling aan die een kant herinnering konstrueer en aan die ander kant 'n geskiedenis vertel.

“..the radical nature of the experience of fault requires us to confine ourselves within the limits of the self-ascription of fault, to sketch out at this level the conditions for a common recognition of a fundamental fault. The specific form taken by such attribution of fault to the self is avowal, admission, that speech act by which a subject takes up, assumes the accusation. The act assuredly has something to do with remembering inasmuch as in remembering a power of connection

capable of engendering history is confirmed. But remembering is, in principle, innocent” (Ricoeur, 2004: 461).

Die eerstepersoonsvertelling van Zan/Xan word ’n belydenisverhaal wat die detail van haar verset, die verdriet van haar skuld en ook die bevryding van haar verweer en vergifnis meesterlik manifesteer. “[I]n ’n sekere sin is dit paradoksaal dat die bykans vryblywende taalspel met verset in verband gebring word” (Burger, 2008).

Haar uitsonderlike “kompostaal” (Van Heerden, 2009) is op sigself verset teen die reëls van taal: “Verset teen die cliché, die stereotipe, teen die kleinburgerlike beskouings met die ingeburgerde onreg, is vir tante Zan slegs moontlik in haar private taal wat deur die geykte uitdrukkings breek. Dit is slegs deur die spel met taal en uiteindelik ook deur dans en toneelspel wat sy haar teen die afgryslieke, die traumatiese, kan verweer en verset” (Burger, 2008).

Die tema van toerekeningsvatbaarheid word deur Ricoeur gedefinieer as “I can speak, act, recount, hold myself accountable for my actions – they can be imputed to me” (Ricoeur, 2004: 460). Zan/Xan, as epileptiese lyer en uitsonderlik eksentrieke karakter, se nie-toerekeningsvatbaarheid manifesteer in die roman deurdat verskillende karakters haar verskoon, verniel of haar nie ag nie. Die gebruik van die eerstepersoonsnarratief veroorsaak dat die leser wel deur haar toerekeningsvatbare dog bevryde narratief oortuig word.

Die roman begin met ’n derdepersoons-eksterne-verteller en sluit af met ’n personale eerstepersoonsvertelling. Die swerftog van Ricoeur, soos bespreek in hoofstuk 2 onder punt 2.3.4.4, word dus in ’n mate voltooi. Die vertelling begin by die verste punt van die self (’n derdepersoonsblik op Henk asook deur sy fokalisering op sy tante Zan/Xan) en eindig by die naaste punt aan die self (Zan/Xan se gedagtestroom oor haarself en haar nefie). Dit ondersteun die gedagte dat vergifnis essensieel op die private en persoonlike vlak plaasvind:

"Die stoffies staan. Die vlakke kantel. Skoffelstappie. Juigsprong. Jive. Uithalers! Koedoes van die vlakke! So dans ons, óns, die laaste van die De Melkers van Somersetstraat" (441).

3.6 Tyd en ruimte

Die binêre teenoorgesteldheid van skuld en vergifnis manifesteer in die roman deur die teenoorgesteldheid van die fisiese ruimtes Amsterdam en die Karoo, ruimtes wat teenoorgestelde posisies ten opsigte van onderdrukking weerspieël. Henk besin byvoorbeeld oor Suid-Afrika, "land onder die Suiderkruis wat maar altyd lewe in die eerste fase van die grand mal, lewe in die verwagting, met die reuk van 'n aankomende honger sprinkaanswerm of 'n verlossende bui reën, jy weet net nooit watter een dit sal wees nie" (31). Daarteenoor word gestel die klassieke Europa waar die geskiedenis van onderdrukking skynbaar vervaag het: "in Europa is die oudheid om jou op straat sigbaar – standbeelde en katedrale wat eeue terugreik. In Suid-Afrika is die verlede nie so fisiek so sigbaar nie; maar broei eerder in mense se gemoedere. Dis die gestoei van herinneringe, van emosies, van vrese; 'n hede wat nie gister wil word nie" (39). In Somerset-Oos en Graaff-Reinet is die lig "soms soos 'n vlam wat jou skroei", noem Henk aan Grotius. Waarop hy ironies antwoord:

"Dit brand seker baie sondes weg."

"En die donkertes dan in u tante, en in u?" (265).

Henk besef "sy herkoms is soos 'n geskroeiende brandpad in sy bors. Hy ruik as en verkoolde bome op die wind wanneer hy aan die Karoo en aan Somerset-Oos dink" (266). Die ruimtes naby die Vallei van Verlatenheid, Slagtersnek (of Somerset-Oos) waar teregstellings plaasgevind het en Galgenbosch waar Wehmeyer se lyk verbrand word en Zan/Xan en Henk hulle versoening en bevryding dans, is ruimtes waar die skuld asook die vergifnis wat in die roman toegelig word, plaasvind.

Die waterryke Amsterdam is eerder 'n verbindingsruimte as die plek waar reiniging plaasvind. “Water troos. Water beskerm. Water laat jou dryf. Dit hou jou bo. Water is hierdie land se grootste talent. Dis danksy hul bekendheid met water dat hulle as seevaarders sy voorgeslagte gaan plant het aan die suidpunt van Afrika, om daar in stof te oorleef” (125).

Dit is ironies dat daar plakkate van JR en Marco se *Face 2 Face*-projek - die grootste onwettige uitstalling ooit (JR, 2007) - in Amsterdam pryk. JR is 'n moderne kunstenaar wat hom met die betrokke uitstalling beywer om vrede en vergifnis tussen Jood en Moslem te bewerkstellig. Amsterdam is ook die plek waar die nakomeling van Theo van Gogh wreed vermoor word as gevolg van sy anti-Islamitiese uitsprake. Daar is dus baie verskuilde politieke strominge in Amsterdam, waarvan Henk kennelik bewus is. Die kollektiewe, politieke en sosiale skuld wat die Lae Lande dra ten opsigte van historiese kolonialisasie en die huidige optrede en ingesteldheid teenoor Islamitiese immigrasie, sou in 'n verhandeling van groter omvang bespreek kon word.

Internasionale en nasionale studies oor skuld en vergifnis verwys meestal deur die bank na die rol wat die Waarheids-en Versoeningskommissie in Suid-Afrika gespeel het (Ricoeur, 2004; Sanders, 2007; Derrida, 2007;). Alhoewel *30 nagte in Amsterdam* deurspek is van verwysings na ander historiese gebeure in Suid-Afrika wat skuld en vergifnis veronderstel en die historiese tyd in die roman die tydperk van die WVK-proses insluit, word die WVK-proses glad nie verteenwoordig of na verwys nie. Hierdie gaping lewer op sigself ironiese kommentaar oor die rol wat die WVK gespeel het, maar dui ook op die vryheid wat 'n skrywer van fiksie het om 'n werklikheid saam te stel waarin hy kan kies om sekere herkenbare momente vanuit die historiese werklikheid in te sluit of nie.

3.7 Gevolgtrekking

Die vergestaltung van skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* geskied veral deur middel van die karakterisering van die twee hoofkarakters. Vervolgens word James Phelan se model wat die mimetiese en nie-mimetiese

teorieë ten opsigte van narratiewe tekste inkorporeer, gebruik as strukturelement vir hierdie opsomming (Herman, 2005: 57).

Henk as persoon is 'n karakter wat getipeer word deur versigtige handeling. Hy volg die presiese reëls van die samelewing. Hy probeer om foute en skuld uit sy lewe te sny, in so 'n mate dat hy sy kinderjare verdring, veral die herinneringe wat hy oor sy tante Zan/Xan en die tydperk in die Somersethuis het. Hy vra deurentyd om verskoning. 'n Ander naam vir hom is “Henk Ekskuus”.

Henk as idee verteenwoordig skuld. Dit word vasgevang deur sy onvermoë om op te tree, kreatief met verhale as skrywer om te gaan en oor die algemeen vry te voel om homself te wees.

Henk as 'n kunsmatige konstruk verpersoonlik nie-verset. Die slaafse navolging van reëls, versterking van die stereotipiese konstruk “Afrikaner”, “klaskaptein” en “draadsitter”, word deur middel van sy karakter vergestalt. Henk as kunsmatige konstruk verteenwoordig dan die raamwerk van skuld.

Zan/Xan as persoon beliggaam verset. Sy gebruik haar liggaam en haar taal as verset teen die onregmatige sisteme en die stereotipiese konsepte wat eie aan die tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis tussen 1960 en 2007 is. Zan/Xan is 'n epilepsieër, 'n anti-apartheidsaktivis, 'n persoon wat haar by die buiteperde skaar. Sy rebelleer teen die Christelik-Nasionale patriargale ideologie.

Zan/Xan as idee verteenwoordig vergifnis. Dit word uitgewys deur haar besondere vergewensgesinde verhouding met haar nefie Henk en haar vermoë om met die agtergeblewenes en verstoteling van die samelewing te identifiseer. Soos vergifnis veronderstel dat die fokus op die mens en nie op die daad is nie, is Zan/Xan se verhoudings en ingesteldheid teenoor mense en nie hulle dade nie, besonders.

Zan/Xan as 'n kunsmatige konstruk is 'n vergestaltung van verset wat lei tot vergifnis en versoening. Stereotiepe konstrunkte soos “vrou”, “Afrikaner”, “epilepsiyer”, “anti-apartheidsaktivis” en “tante” verbrokkel as gevolg van haar uitbeelding. Zan as kunsmatige konstruk verteenwoordig dan die raamwerk van vergifnis.

Die self- en interpersoonlike vergifnis van Henk en Zan/Xan stel hulle in staat om met mekaar en hulle eie kante te versoen. Henk se drie kante, sy kreatiewe kinderself, die versigtige museumassistent en die skrywer van fiksie, word met mekaar versoen nadat hy homself en sy tante vergewe het. Zan/Xan vergewe as jong meisie veral diegene met wie sy 'n “dun” verhouding deel: die bandiete en selfs Killian en Suikerbossie. Sy vergewe nie die politieke bestel nie; haar wraak is om op die paradegrond te urnineer, wat op sigself 'n parodie op wraak is, net soos die gebeure in die anti-apartheidstryd as parodie aangebied word. Mettertyd vergewe sy haar familielede, die “dik” verhoudings in haar lewe. Dit word uitgewys deurdat sy na hulle verlang. Sy vergewe nie haarself in die begin van die roman nie. Eers wanneer sy haar skuld aan haar nefie bely het, kan sy haarself vergewe. Haar selfvergifnis stel haar in staat om haar selfkastyding en haar vermommings te staak.

In hoofstuk 4 volg 'n opsomming van hierdie studie.

HOOFSTUK 4

GEVOLGTREKING

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die navorsingsvraag na aanleiding van die voorafgaande literatuuroorsig en ontleding kortliks beantwoord word: Hoe word die verwickelde konstrakte van skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* vergestalt?

4.2 Skuld en vergifnis is komplekse konstrakte

Skuld is die verpligting van 'n persoon wat 'n morele standaard verbreek het om die strafbepalings van die standaard te dra (www.thefreedictionary.com/guilt), 'n standaard wat onderhewig is aan kulturele, kontekstuele en sosiale bakens.

Daar is kategorieë van skuld: persoonlike, familie-, kriminele, politieke, morele, sosiale en metafisiese skuld.

Nie alle skuld is noodwendig as gevolg van 'n oortreding nie. Skuldgevoelens is net so bindend soos skuld wat bewys kan word. Skuld is 'n komplekse, veelvuldige konstrak. Alhoewel 'n belydenis of die erkenning van skuld – net soos die maak van 'n belofte – deur die gebruik van woorde skuld aandui, is skuld nie noodwendig sigbaar nie. Dit is 'n verskuilde aspek en kan tot verdringing of verplasing lei. Dit blyk makliker te wees om skuld te definieer en daar is ook ooreenstemming onder teoretici en filosowe met betrekking tot die oorsprong van skuld.

Skuld kan as 'n verwysingsraamwerk dien en sodoende alle aspekte van 'n mens se bestaan beïnvloed.

Vergifnis is die laat gaan van wrewel en wraakgedagtes. Dit is 'n geskenk wat die misdaad nie toereken nie en die misdadiger as mens met sy/haar potensiaal vir verandering raaksien. Vergifnis is nie altyd die beste reaksie op skuld nie. Regspraak en straf is partykeer beter reaksies omdat die gee van vergifnis in baie gevalle (veral as dit deur groepe aan groepe toegeken word) oortredings en misdade kondoneer.

Vergifnis bestaan uit 'n familie van komplekse, veelsoortige, heterogene fenomene wat in verskillende kontekste toegepas kan word (Holloway, 2002: 172). Dit strek vanaf die onvoorwaardelike tot die voorwaardelike en deel eienskappe met restoratiewe geregtigheid, reparasie, ubuntu en word volgens party kulture of praktyke gelykgestel aan versoening. Vergifnis is nie amnestie of bloot die aanvaarding van 'n apologie nie. Derdeparty-vergifnis word deur sommige gelowe en kulture verwerp. Vergifnis kan slegs deur die persoon aan wie die oortreding gepleeg is, geskenk word.

Selferkenning, inkeer, belydenis, verskoning, boetedoening, verandering in gedragpatrone en versoening kan as stappe van vergifnis vir die oortreder dien. Party filosofe, soos Derrida en Ricoeur, is van mening dat 'n mens slegs die onvergeefbare kan vergewe. Regspraak en straf is die korrekte reaksie op oortredings wat “vergeefbaar” is.

Vergifnis kan nie noodwendig in woorde uitgedruk word nie; dit werk nie soos die taalhandeling “om te belowe” nie. Vergifnis kan verteenwoordig word in rituele. Wanneer vergifnis plaasgevind het, kan die gevolge daarvan waargeneem word. Dit is 'n persoon-tot-persoon-fenomeen en nie 'n groepsproses nie.

Vergifnis kan dien as 'n verwysingsraamwerk. 'n Hedendaagse voorbeeld van iemand wat vergifnis as verwysingsraamwerk gebruik, is Desmond Tutu. So 'n raamwerk behels die volgende:

- 'n verbintenis tot 'n vergewensgesinde leefwyse;

- 'n verbintenis tot die wil om toekomsgerig te wees; dit behels bevryding van die verlede;
- dit kan toegepas word op die sekulêre en openbare beleid;
- dit is die proses om tot ander insigte te kom, die suksesvolle uitvloeisel van die aktiewe poging om slegte gedagtes met goeies te vervang, bitterheid en woede met meegevoel en om toegeneentheid te verplaas;
- dit behels drie stadiums op die pad na genesing, naamlik verwydering, beperking en volledigheid (The Boston Theological Institute, 2012).

4.3 Skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam*

Die vergestaltung van skuld en vergifnis in *30 nagte in Amsterdam* geskied veral deur middel van karakterisering, handeling en intrige. Die konseptuele elemente wat uitgewys is in hoofstuk 2, word as struktuurbeginsels vir die gevolgtrekking aangewend.

Al die karakters is metafisies skuldig. Hulle voldoen nie aan die volgende aspekte, soos bespreek in paragraaf 3.2, nie: Die etiese ideale van waarheid (dit wat algemeen aanvaar word as juis en waar); goedheid (om ander te behandel soos wat jyself behandel wil word en nie jouself, jou volk, jou kultuur en jou geloofsoortuiging ten koste van ander te bevoordeel nie); geregtigheid (die hoedanigheid wat die mens in staat stel om reg aan 'n ander te laat geskied) (Odendal et al., 1983).

Kriminele skuld behoort aan die karakters wat die ideologie van apartheid uitvoer, die groep mense en politici wat direk by menseregteskendings betrokke is: die polisie, die weermag en die regering. In die roman word slegs Sersant Suikerbossie, Siegfried Killian en kollegas, asook die polisieman in die Vrystaatse dorpie direk genoem. Daar is egter verwysings na episodes van menseregteskending: die gedwonge verskuiwing van die voorste koorfamilies; die optrede van die regering teenoor die rebelle van Pondoland. Die realiteit van apartheid word aangebied as normaal in die konteks van die roman en verset teen die stelsel as wetlike skuld. Zan/Xan se verbreking van

die staat se wette (om byvoorbeeld met die bandiete seks te hê en in die lokasie rond te loop) sou ook as wetlike skuld geïnterpreteer kon word. Dit beaam Bash se siening (vergelyk par. 2.2.3 in hoofstuk 2) dat dit 'n moedige en intellektueel dapper persoon verg om krities en onafhanklik van die heersende ideologie op te tree. In *30 nagte in Amsterdam* is Zan/Xan die enigste karakter uit die Afrikaanse geleedere wat verset toon. Haar optrede en ingesteldheid word egter deur die gemeenskap verbind aan haar epilepsie. Dit is net haar broer, Suikerbossie en Siegfried Killian wat besef dat sy teen die stelsel optree. Kytie, die ander lede van die Sobukwe-sel, die karakters in die veilige huis, die Rooms-Katolieke priester en Piet Pyp lewer in 'n mindere mate ook teenstand teen apartheid.

MaOlivier as ondersteuner van Verwoerd se filosofie en die gemeenskap wat vir die Nasionale Party gestem het, is polities skuldig.

Binne die konteks van die roman is al die Suid-Afrikaanse blankes (behalwe Zan/Xan), moreel skuldig omdat hulle nie beswaar teen die onbillike sisteem gemaak het nie en die voordeel daarvan gesmaak het.

Die lede van die Sobukwe-sel is wetlik skuldig aan Wehmeyer en Klaboet se moorde, die verbranding van Wehmeyer se lyk en die opblaas van die kragstasie. Zan/Xan is 'n medepligtige. Alhoewel die ander lede aangekla en verhoor word en daar taamlik moeite gedoen word om Zan/Xan in hegtenis te neem, word sy nooit formeel aangekla van hierdie dade nie. Haar eksentrieke geaardheid en vreemde persoonlikheid word aangebied as 'n rede. Sy beken nooit haar skuld teenoor Killian en Suikerbossie nie. Die diefstal wat op treine deur die karakters in die Veilige Huis gepleeg word en Zan/Xan wat die Napoleonborde steel, dui ook wetlike skuld aan. Henk is wetlik skuldig omdat hy Zan/Xan probeer vermoor het. Zan/Xan en Grotius verbreek ook die wet as hulle voorgee dat sy reeds dood is.

Zan/Xan is sosiaal skuldig en verbreek die ongeskrewe wette en verwagting in al die omgewings waarin sy beweeg met haar optrede, handeling en haar taalgebruik. Sy identifiseer haar met die onderdrukte en die buiteperde:

mense in die lokasie, anti-apartheidsaktiviste, bandiete, mynwerkers en kunstenaars. Haar optrede in die boekwinkeltjie, by die kerk en selfs in die skool, getuig daarvan dat sy sosiaal verstoot word. In Suid-Afrika is sy te liberaal en in Amsterdam te konserwatief. Zan/Xan verander nie net haar naam na 'n Xhosa-uitspraak nie, sy verlaat die land, haar kultuur en familie, en los haar ma, wat haar ondersteun en beskerm het, om alleen oud te word. Dit word deur die familie as verraad ervaar. In Amsterdam verbreek sy die sosiale kodes van die Nederlandse anti-apartheidsaktiviste deur te verlang na 'n land en mense wat apartheid ondersteun en goedpraat. Hulle vermoed dat sy 'n spioen vir die Nasionale Party is omdat sy nie oor dieselfde kam geskeer word as die ander Suid-Afrikaanse aktiviste nie.

Zan/Xan se vermommings verbreek ook sosiale reëls. Haar vertolking van rolle op die verhoog of in 'n film word bewonder, maar rolspel binne 'n gemeenskap vir meer as net 'n partytjie, is onaanvaarbaar. Dit is ook ongehoord dat iemand wat welaf (en siek) is in Amsterdam en 'n woning in Amstelstraat besit, by straatkunstenaars in 'n verlate gebou sou bly. Zan/Xan se kompostaal (Van Heerden, 2009) verbreek die taalreëls. Sy skep nuwe idiomme en praat byvoorbeeld met mense in 'n register wat ontoepaslik is. Haar obsessie met haar nefie (en nie haar kind of kleinkind nie) en die besluit om die huis aan Henk te bemaak en nie aan Grotius nie, is in 'n mate absurd.

Die familie De Melker dra veral familienskuld ten opsigte van wat hulle verbloem: Oupa De Melker, die patriarg, wat die familie oorheers het; MaOlivier wat na haar man se dood as gevolg van Kytie se organisasievermoë opgelei word om die Trust te bestuur; Klaboet se depressie en sy moord; Zan/Xan se epilepsie en haar oënskynlike drostery.

Beide Henk en Zan/Xan dra swaar aan persoonlike skuld en tree by tye só op dat hulle die standarde wat hulle vir hulleself stel, skend. Henk se kinderskuld transformeer tot verdringing van sy ware self. Zan/Xan se vermommings as Zondernaam Zuiderzinnen, dui daarop dat sy 'n ander identiteit aanneem omdat die las van haar eie skuld te groot is om te dra.

Die inisiasie van Zan/Xan in die Sobukwe-sel deur die moord op haar geliefde en die feit dat sy die verbranding van sy lyk moet bywoon, die knopiespinnekop-insident en Henk se pa se moord, verteenwoordig onvergeefbare skuld.

Die vergestaltung van vergifnis vind veral plaas in die verhouding tussen Zan/Xan en Henk de Melker. Dit word nie uitgesê in woorde nie; dit word eerder uitgewys deur die versoeningsritueel aan die einde van die roman. Hierdie verpersoonliking van die idee vergifnis, stem ooreen met Holloway se pragmatiese maatstaf dat vergifnis net herken kan word indien sekere resultate voor die hand liggend is (Holloway, 2002: 167).

Zan/Xan, Henk en Grotius word uitgebeeld as karakters wat by tye in 'n mate metafisiese vergifnis ervaar. Hulle besit die vermoë om die wêreld en die gebrokenheid van bestaan te vergewe. Veral aan die einde van die roman is daar 'n bewustheid by beide Zan/Xan en Henk oor die besonderheid van die lewe, al is dit gebroke en vol probleme.

Onvoorwaardelike vergifnis word deur Zan aan Henk toegestaan na die knopiespinnekop-insident. Sy tree selfs vir hom in die bresse en vra dat sy skuld vrygespreek word.

Voorwaardelike vergifnis word nie op 'n formele wyse in die roman vergestalt nie. Daar is wel sprake daarvan in die sin dat Zan/Xan van die volwasse Henk verwag om vir 30 nagte na Amsterdam te reis en om permanent in Amsterdam te woon ten einde haar erfgenaam te wees. Sy noem ook op 'n informele manier dat die voorwaarde van haar vergifnis en haar terugkeer na Suid-Afrika Henk verbind aan sy vermoë om sy meer vrye self te word. Zan/Xan se selfvergifnis blyk voorwaardelike vergifnis te wees. Indien Henk haar vergewe nadat sy alles aan hom beken het, kan sy haarself vergewe.

Restoratiewe geregtigheid word verbeeld in *30 nagte in Amsterdam* deur Grotius se betrokkenheid by Zan/Xan se boedel en haar toekoms. Wanneer

Zan/Xan aan Henk haar skuld beken en dit in Grotius se kamers opgeneem word, is Grotius die regterlike bemiddelaar.

Net soos die Van Gogh-boek, vervul die huis in Amstelstraat en die reis na Amsterdam die rol van reparasie. Dit is pogings van Zan/Xan om die foute wat gemaak is, reg te stel. Henk se reparasie aan Zan/Xan is indirek deurdat hy die erfporse weg wys en eerder haar terugvergesel na Suid-Afrika. Sy reparasie is simboliese handeling.

Daar is slegs suggesties van politieke vergifnis in die roman. Indien Zan/Xan amnestie vir haar anti-apartheidsoptredes sou gekry het, sou dit kon dien as politieke vergifnis. Sy word egter nooit formeel aangekla nie.

Derdeparty-vergifnis word verbeeld deur Zan/Xan se verlange na haar ma en broer en deur die ritueel aan die einde van die roman waar Henk die laaste oorblyfsel van Wehmeyer se beendere optel en Zan/Xan daarmee rieldans.

Selfvergifnis is die aspek van vergifnis wat grotendeels vergestalt word deur Henk se binne-gesprek en Zan/Xan se eerste persoonse vertelling.

Die aanvaarding van Zan/Xan in die lokasie en in die anti-apartheidsgemeenskap, veral deur Zolani en Grotius, dui op ubuntu. Zan/Xan se ingesteldheid en optrede teenoor die bandiete, die mynwerkers, die mense in die lokasie en op die plaas asook die uitgeweke kunstenaars in Amsterdam, dien ook as tekens van ubuntu.

Die versoeningsritueel aan die einde van die roman manifesteer die self- en interpersoonlike vergifnis tussen Henk en Zan/Xan.

4.4 Voorstelle vir verdere navorsing

Die volgende temas behoort baie interessante en omvattende studies op te lewer:

- Die analise van skuld en vergifnis in Etienne van Heerden se oeuvre en in watter mate dit tot versoening tussen karakters, gemeenskappe en kulture lei.
- Die skep van 'n werklikheid binne-in 'n roman waar sekere historiese verwysings gebruik word en ander weggelaat word en in watter mate dit gesien kan word as 'n alternatiewe diskoers oor die geskiedenis, met spesifieke verwysing na die WVK-lapsus in *30 nagte in Amsterdam*.
- 'n Ontleding van die idiomatiese uitdrukkings en die taal in *30 nagte in Amsterdam*.
- 'n Studie binne die huidige politieke globaliseringsklimaat oor die moontlikheid dat patrone van rasse-, kultuur- en geloofsdiskriminasie - wat eie aan Suid-Afrika was voor 1994 en deur sommige lande soos Nederland afgekeur is - in dié lande begin kop uitsteek.

4.5 Slot

Henk de Melker vergestalt die raamwerk van skuld. Zan/Xan de Melker vergestalt die raamwerk van vergifnis. Beide karakters konfronteer hulle skuld en vergewe hulleself en mekaar vir persoonlike en familieskuld. 'n Persoonlike versoeningsritueel sluit die roman af.

Bibliografie

Abhayagiri Buddhist Monastery. 2006. Abhayagiri Buddhist Monastery – Universal Loving Kindness. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.abhayagiri.org/inde.php/main/article/universal_loving_kindness/#op>. Soos op 2 Julie 2009.

AFP. 2008. Uganda's mato oput ritual: forgiveness for brutal 20-year war. Aanlyn beskikbaar by: < <http://afp.google.com/article/ALeqM5i-Op9prQrFBXZm4O4tzvOWtIHAEg>>. Soos op 23 Julie 2012.

American Psychological Association. 2006. Forgiveness: A Sampling of Research Results. Washington, DC: Office of International Affairs.

Améry, J. 1998. Response. In: Wiesenthal, S., H. Cargas, H. & Fetterman, B. (Eds.), *The Sunflower: On the Possibilities and Limits of Forgiveness*. New York: Schocken Books.

Anker, J. 2009. 30 nagte in Amsterdam (Etienne van Heerden). *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2): 241-244.

Arendt, H. 1958. *The Human Condition*. Chicago: University of Chicago Press.

Barry, M.S. 2010. *The forgiveness project: The startling Discovery of How to Overcome Cancer, Find Health, and Achieve Peace*. Grand Rapids: Kregel Publications.

Bash, A. 2007. *Forgiveness and Christian Ethics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Blank, W. 2010. *Yom Kippur*. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.keyway.ca/htm2001/20010927.htm>>. Soos op 17 Junie 2010.

- Branscombe, N. & Doosje, B. 2004. *Collective Guilt: International perspectives*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Broodryk, J. 2002. *Ubuntu: life lessons from Africa*. Pretoria: Ubuntu School of Philosophy.
- Brudolm, T. 2008. *Resentments's Virtue: Jean Améry and the Refusal to Forgive*. Philadelphia: Temple University Press.
- Buber, M. 1957. Guilt and guilt feelings. *Psychiatry*, 20(2): 114-29.
- Burger, I., van der Watt, J., Stander, H. 2009. *Die 50 Grootste Geloofsvrae*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
- Burger, W. 2008. 30 nagte in Amsterdam. *Rapport*. 14 Desember.
- Cairns, E., Hewstone, M. & Tam, T. 2006. Forgiveness in Northern Ireland. In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 20-22.
- Camus, A. 1981. *The Outsider*. London: Penguin.
- Chan, B. 2010. Busboy in Kennedy assassination photo asks for forgiveness. *Los Angeles Times*. 22 November.
- Chapman, G. & Thomas, J. 2008. *Vyf tale van apologie*. Fourie, H. (vert.) Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Cook, T. 2003. *Forgiveness and Reconciliation: soul-healing in South Africa*. Aanlyn beskikbaar by:
<<http://www.guildofpastoralpsychology.org.uk/Media/LS281.pdf>>. Soos op 19 Junie 2010.

Cook, T. 2012. Apple is extremely sorry for the frustration. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.cultofmac.com/193351/tim-cook-apple-is-extremely-sorry-for-the-frustration-ios-6-maps-has-caused-users/>>. Soos op 10 Oktober 2012.

Dachis, A. 2012. lifehacker.com. Aanlyn beskikbaar by: <<http://lifehacker.com/http://lifehacker.com/5912713/want-to-stop-procrastinating--just-forgive-yourself-mind-hacks>>. Soos op 9 September 2012.

De Beer, D. 2011. Zan-speak finds its tongue. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.iol.co.za/tonight/books/zan-speak-finds-its-tongue-1.1039169#.UJuLeePz_nI>. Soos op 8 November 2012.

De Coninck, H. 2010. *Etienne van Heerden. Tuisblad*. Beskikbaar by: <<http://www.etiennevanheerden.co.za/>>. Soos op 25 Februarie 2013.

Derrida, J. 2007. *On Cosmopolitanism and Forgiveness*. London, New York: Routledge.

Die Bybel: Nuwe vertaling. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Digester, P. 1998. Forgiveness and Politics: Dirty Hands and Imperfect Procedures. *Political Theory*, 26(5): 700-724.

Douglas, J. (Ed.). 1962. *The New Bible Dictionary*. Leicester, England: Inter-Varsity Press.

Duffy, M. 2009. *Paul Ricoeur's Pedagogy of Pardon: a Narrative Theory of Memory and Forgetting*. London: Continuum.

Eagleton, T. 2008. *Literary Theory: An Introduction*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Emerick, B. 2011. *Apology as an indispensable practice of Moral Repair*. Boulder: University of Colorado.

- Enright, R., Knutson, J., Holter, A., Knutson, C. & Twomey, P. 2006. Forgiveness education with children in areas of violence and poverty. In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 11-13.
- Fetzer Institute. 2012. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.fetzer.org>>. Soos op 26 September 2012.
- Frise, N. & McMinn, M. 2010. Forgiveness and reconciliation: the differing perspectives of psychologists and Christian theologians. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.thefreelibrary.com>>. Soos op 1 Februarie 2011.
- Gartner, J. 1988. The Capacity to Forgive: An Object Relations Perspective. *Journal of Religion and Health* 27(4): 313-320.
- Gobodo-Madikizela, P. 2009. Working Through the Past: Some Thoughts on Forgiveness in Cultural Context. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van Der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), 2009. *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Gobodo-Madikizela, P.A. 2003. *A Human Being Died That Night: A Story of Forgiveness*. Cape Town: David Philip.
- Gorsuch, R.L., Hao, J.Y. 1993. Forgiveness: an exploratory factor analysis and its relationships to religious variables. *Review of Religious Research*. 34(4): 333-347.
- Gous, A. 2012. Vergifnis. *Rapport*. 7 Oktober.

Gous, A. 2013. Vergifnis. Persoonlike onderhoud op 16 Januarie 2013.

Gous, H. 2012. *Gesprek oor vrede*. Ongepubliseerde preek. NG-Kerk Quellerina: Johannesburg.

Gouws, L.L. 1979. *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Govier, T. 2002. *Forgiveness and Revenge*. London: Routledge.

Green, P. 2009. The pivotal role of acknowledgement in social healing. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing, pp. 74-97.

Green, R. 1996. *Quotations of Mahatma Gandhi*. Aanlyn beskikbaar by: <http://mindprod.com/ethics/gandhi.html>. Soos op: 25 Maart 2013.

Gregory, C.A. 1982. *Gifts and Commodities*. London: Academic Press.

Grisworld, C. 2007. *Forgiveness. A Philosophical Exploration*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hargrave, T. 1994. Families and Forgiveness: a Theoretical and Therapeutic Framework. *The Family Journal* 2(4): 339-348.

Hay, L. 1987. *You can heal your life*. Grant Park, South Africa: Paradigm Press CC.

Hays, J. 2009. *Yakuza and organized crime in Japan: History, Honor, Punch Perms, Pinkies and Tattoos*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.bfactsanddetails.com/japan.php?itemid+811%20+22%20=147>. Soos op 24 Januarie 2013.

Hazan, P. 2006. Measuring the impact of punishment and forgiveness: a framework for evaluating transitional justice. *International Review of the Red Cross*. 88(861): 19-47.

Henriksen, J. 2008. The difficulties of forgiving – or why not to reconcile with the past. *Ars Disputandi* 8: 80-87.

Hergenhahn, B. 2001. *An Introduction to the History of Psychology*. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Herman, D., Jahn, M., Ryan, M-L. (Eds.). 2005. *Routledge Encyclopedia of Narrative Theory*. London: Routledge.

Hill, M. 1979. *Hannah Arendt: The recovery of the Public World*. New York: St Martin's Press.

Hinson, L.W. (Producer), Hinson, L.W. (Writer) & Hinson, L.W. (Director). 2009. *As we forgive* [Motion Picture]. United States of America: Image Bearer Pictures, LLC.

Holloway, R. 2002. *On forgiveness*. Edinburgh: Canongate Books Ltd.

Hooti, N. & Habibi, S. 2011. The nature of guilt in Arthur Miller's *All my Sons*. CSCanada. *Studies in Literature and Language* 3(1): 11-16.

Hope, D. 1987. The healing paradox of forgiveness. *Psychotherapy* 24(2): 240-244.

Human, T. 2008. *Litnet/30 nagte in Amsterdam*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=56975&cause_id+1270>. Soos op 12 Augustus 2011.

Institute for Forgiveness & Reconciliation at Chestnut Hill College. 2010.

Aanlyn beskikbaar by:

<http://www.chc.edu/institute_for_forgiveness_and_reconciliation>. Soos op 26 September 2012.

International Criminal Court. 2012. *What is genocide?* Aanlyn beskikbaar by:

<[\[http://www.icc-cpi.int/en_menus/icc/about%20the%20court/frequently%20asked%20questions/Pages/11.aspx\]\(http://www.icc-cpi.int/en_menus/icc/about%20the%20court/frequently%20asked%20questions/Pages/11.aspx\)>. Soos op 25 Maart 2013.](http://www.icc-</p></div><div data-bbox=)

International Forgiveness Institute. 2012. *What is genocide?* Aanlyn

beskikbaar by: <http://www.internationalforgiveness.com>. Soos op 26 September 2012.

Jaspers, K. 2001. *Question of German Guilt*. New York: Fordham University Press.

Johl, J. 1992. Karakter/Karakterisering. In T.T. Cloete (red.), *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Jones, I. 2008. Uganda watch. Aanlyn beskikbaar by:

<<http://www.ugandawatch.blogspot.com/2008/10/forgiveness-for-ex-ugandan-rebels.html>>. Soos op 23 Julie 2012.

JR, 2007. 2007. *Face 2 Face / Israel & Palestine / 2007* Aanlyn beskikbaar

by: <<http://www.jr-art.net/projects/face-2-face>>. Soos op 12 Julie 2013.

Kekes, J. 2009. Blame versus Forgiveness. *The Monist* 92(4): 488-506.

Kristeva, J. & Rice, A. 2002. Forgiveness: An Interview. *PMLA* 117(2): 278-295.

Krog, A. 1998. *Country of my skull*. London: Jonathan Cape.

- Laidlaw, J. 2000. A free gift makes no friends. *Journal of the Royal Anthropological Institute* 6: 617-634.
- Levi, P. 1989. *The Drowned and the Saved*. (R. Rosenthal, Trans.) New York: Vintage.
- Lewis-Balden, C. 2012. Eerder menslik as perfek. *Rapport*, 14 Oktober, p.16.
- Libin, M. 2003. Can the subaltern be heard? Response and responsibility in South Africa's Human Spirit. *Textual Practice* 17: 119-140.
- Luskin, F. 2006. The Stanford Forgiveness Projects. In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 14-16.
- Mauss, M. 1990. *The Gift: Forms and functions of exchange in archaic societies*. London: Routledge.
- McIntosh, D., Kline, G., Wadsworth, M.A., Burwel, R., Gudmundsen, G., Raviv, T. et al. 2006. Forgiving the perpetrators of the September 11th attacks: associations with coping, distress, and religiousness In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 17-19.
- Meiring, P. 1999. *Kroniek van die waarheidskommissie. Op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Meiring, P. 2000. Reparasië, die onbetaalde rekening van die Waarheids- en Versoeningsproses: *Skrif en kerk JRG*. 21(2): 301-315.
- Meiring, P. 2009. Is vergifnis moontlik? In: Burger, I., Van der Watt, J., Stander, H. *Die 50 Grootste Geloofsvrae*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Meyer, M. 2008. Reflections on Comic Reconciliations: Ethics, Memory, and Anxious Happy Endings. *The Journal of Aesthetics and Art Criticism*. 66(1): 77-87.

Minow, M. 2009. Facing Unfinished Business. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Muller, B.R. 2011. Weaving magic in his way with words. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.iol.co.za/tonight/books/weaving-magic-in-jos-wau-with-words-1.1048619?showComments+tr...>>. Soos op 12 Augustus 2011.

Odendal, F., Schoonees, P., Swanepoel, C., Du Toit, S. & Booyen, C. 1983. *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Parrott, L. 2003. *Shoulda Coulda Woulda*. Michigan: Zondervan.

Pfuger, R. 2013. Can Forgiveness Play a Role in Criminal Justice. *The New York Times*, 4 January.

Philpot, C. R. & Hornsey, M. J. 2006. Asking forgiveness for the sins of many: Does it work? In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 24-26.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A., Gouws, L.A. 1986. *Psigologie-Woordeboek*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Restorative Justice Centre. 2013. Restorative Justice Centre. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.rjc.co.za/>>. Soos op 25 Februarie 2013.

Ricoeur, P. 2004. *Memory, history, forgetting*. Chicago: The University of Chicago Press.

Ricoeur, P., Antohi, S. 2005. Memory, History, Forgiveness: a dialogue between Paul Ricoeur and Sorin Antohi. *Janus Head* 9(1): 8-25.

Sanders, M. 2007. *Ambiguities of witnessing. Law and literature in the time of a truth commission*. Johannesburg: Wits University Press.

Schaffer, A. 2007. *Etienne van Heerden, interviews*. Beskikbaar by: <http://www.etiennevanheerden.co.za/interviews_schaffer.html>. Soos op 8 Desember 2012.

Scobie, G.E.W. & Scobie, E.D. 2002. An Analysis of the Components of Forgiveness. *Journal of Beliefs & Values* 23(1): 83-99.

Shelton, D. 2005. *Encyclopedia of Genocide and Crimes Against Humanity*. New York: Macmillan Reference.

Siddiqi, M. 2004. *IslamOnline*. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.islamonline.com/news/print.php?newid=696>>. Soos op 16 Junie 2010.

Skelton, A. 2002. Reforming the juvenile justice system in South Africa: policy, law reform and parallel developments. *British Journal of Criminology* 42: 496-513.

Steenkamp, E. (red.). 2004. *Die groot aanhalingsboek*. Wellington: Lux Verbi.

Sunday Times. 2010. 20 June, p. 16.

Szablowinski, Z. 2012. Self-forgiveness and forgiveness. *The Heythrop Journal* 53(4): 678-689.

The Boston Theological Institute. 2012. *Forgiveness and Reconciliation*.
Aanlyn beskikbaar by:
<http://bostontheological.org/forgiveness_and_reconciliation.html>. Soos op
27 September 2012.

thefreedictionary.com. 2013. *Aanlyn beskikbaar by*:
<<http://www.thefreedictionary.com>>. Soos op 25 Februarie 2013.

thinkexist.com. 1999. *Aanlyn beskikbaar by*:
<http://thinkexist.com/quotation/forgiving_the_unrepentant_is_like_drawing/177711.html>. Soos op 8 Februarie 2013.

Tolle, E. 2005. *A New Earth*. London: Penguin.

Tutu, D. 1999. *No future without forgiveness*. London: Rider.

Van Coller, H. 2005. Anderkant die stilte (André P. Brink) en die verwerking van trauma. *Tydskrif vir Letterkunde* 42(1): 117-133.

Van der Heyden, 2005. A Review of the Psychological Process of Forgiveness within Simon Wiesenthal's 'The Sunflower'. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

Van der Merwe, C. 2009. Literature as Truth and Reconciliation Commission: Examples from Afrikaans Literature. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Van der Merwe, C. & Viljoen, H. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding to die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Walt, C. 2003. *Forgiveness: Liberating or Restraining? Exploring the constructions of forgiveness of people living with the Human*

Immunodeficiency Virus (HIV). Ongepubliseerde MA-verhandeling:
Universiteit van Pretoria.

Van Heerden, E. 1978. *Matoli*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2000. *Die Swye van Mario Salviati*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2005. *In stede van die liefde*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2007. *Asbesmiddag*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2008. *30 nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2009. Geloofsbriewe. Etienne van Heerden:
Bedankingswoord. Aanlyn beskikbaar
by: <<http://www.etiennevanheerden.co.za>>. Soos op 28 Januarie 2013.

Van Vuuren, M.E. 2011. *The truth of wounded memories: the question of forgiveness in selected post-apartheid texts*. Pretoria: University of Pretoria.

Volschenk, B. 2010. *'n Vergelykende studie van die tradisionele speurverhaal en die literêre speurverhaal met spesifieke verwysing na vier Afrikaanse speurverhale*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Von Klemperer, M. 2011. *The Witness, 23 Maart*. Aanlyn beskikbaar by:
<[http://www.witness.co.za/index.php?showcontent&global\[id\]=57552](http://www.witness.co.za/index.php?showcontent&global[id]=57552)>. Soos
op 8 November, 2012.

Wachtel, T. 2013. Restorative Justice Is Not Forgiveness. Aanlyn beskikbaar
by: <http://www.huffingtonpost.com/ted-wachtel/restorative-justice-is-no_b_2567653.html>. Soos op 12 Februarie 2013.

Wenar, C. 2000. *Developmental Psychopathology: From Infancy through Adolescence*. Singapore: McGraw-Hill International Editions.

Wepener, C. 2004. Versoeningsrituele: tipologieë en prosesse. Insigte vanuit 'n beskrywende verkenning van die rituele mark. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 45(3 & 4): 763-773.

Wiesenthal, S. 1998. *The Sunflower. On the Possibilities and Limits of Forgiveness. With a Symposium*. New York: Schocken Books.

Winfrey, O. 2012. Full Episode of Oprah's Lifeclass: the Tour: The Power of Forgiveness. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.oprah.com/oprahs-lifeclass/Full-Episode-of-Oprahs-Lifeclass-The-Power-of-Forgiveness-Video>>. Soos op 13 Julie 2012.

Zaibert, L. 2009. Forgiveness: An Introduction. *The Monist* 92(4): 481-487.

Bibliografie

Abhayagiri Buddhist Monastery. 2006. Abhayagiri Buddhist Monastery – Universal Loving Kindness. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.abhayagiri.org/inde.php/main/article/universal_loving_kindness/#top>. Soos op 2 Julie 2009.

AFP. 2008. Uganda's mato oput ritual: forgiveness for brutal 20-year war. Aanlyn beskikbaar by: < <http://afp.google.com/article/ALeqM5i-Op9prQrFBXZm4O4tzvOWtlHAEg>>. Soos op 23 Julie 2012.

American Psychological Association. 2006. Forgiveness: A Sampling of Research Results. Washington, DC: Office of International Affairs.

Améry, J. 1998. Response. In: Wiesenthal, S., H. Cargas, H. & Fetterman, B. (Eds.), *The Sunflower: On the Possibilities and Limits of Forgiveness*. New York: Schocken Books.

Anker, J. 2009. 30 nagte in Amsterdam (Etienne van Heerden). *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2): 241-244.

Arendt, H. 1958. *The Human Condition*. Chicago: University of Chicago Press.

Barry, M.S. 2010. *The forgiveness project: The startling Discovery of How to Overcome Cancer, Find Health, and Achieve Peace*. Grand Rapids: Kregel Publications.

Bash, A. 2007. *Forgiveness and Christian Ethics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Blank, W. 2010. *Yom Kippur*. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.keyway.ca/htm2001/20010927.htm>>. Soos op 17 Junie 2010.

- Branscombe, N. & Doosje, B. 2004. *Collective Guilt: International perspectives*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Broodryk, J. 2002. *Ubuntu: life lessons from Africa*. Pretoria: Ubuntu School of Philosophy.
- Brudolm, T. 2008. *Resentments's Virtue: Jean Améry and the Refusal to Forgive*. Philadelphia: Temple University Press.
- Buber, M. 1957. Guilt and guilt feelings. *Psychiatry*, 20(2): 114-29.
- Burger, I., van der Watt, J., Stander, H. 2009. *Die 50 Grootste Geloofsvrae*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
- Burger, W. 2008. 30 nagte in Amsterdam. *Rapport*. 14 Desember.
- Cairns, E., Hewstone, M. & Tam, T. 2006. Forgiveness in Northern Ireland. In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 20-22.
- Camus, A. 1981. *The Outsider*. London: Penguin.
- Chan, B. 2010. Busboy in Kennedy assassination photo asks for forgiveness. *Los Angeles Times*. 22 November.
- Chapman, G. & Thomas, J. 2008. *Vyf tale van apologie*. Fourie, H. (vert.) Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Cook, T. 2003. *Forgiveness and Reconciliation: soul-healing in South Africa*. Aanlyn beskikbaar by:
<<http://www.guildofpastoralpsychology.org.uk/Media/LS281.pdf>>. Soos op 19 Junie 2010.

Cook, T. 2012. Apple is extremely sorry for the frustration. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.cultofmac.com/193351/tim-cook-apple-is-extremely-sorry-for-the-frustration-ios-6-maps-has-caused-users/>>. Soos op 10 Oktober 2012.

Dachis, A. 2012. lifehacker.com. Aanlyn beskikbaar by: <<http://lifehacker.com/http://lifehacker.com/5912713/want-to-stop-procrastinating--just-forgive-yourself-mind-hacks>>. Soos op 9 September 2012.

De Beer, D. 2011. Zan-speak finds its tongue. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.iol.co.za/tonight/books/zan-speak-finds-its-tongue-1.1039169#.UJuLeePz_nI>. Soos op 8 November 2012.

De Coninck, H. 2010. *Etienne van Heerden. Tuisblad*. Beskikbaar by: <<http://www.etiennevanheerden.co.za/>>. Soos op 25 Februarie 2013.

Derrida, J. 2007. *On Cosmopolitanism and Forgiveness*. London, New York: Routledge.

Die Bybel: Nuwe vertaling. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Digester, P. 1998. Forgiveness and Politics: Dirty Hands and Imperfect Procedures. *Political Theory*, 26(5): 700-724.

Douglas, J. (Ed.). 1962. *The New Bible Dictionary*. Leicester, England: Inter-Varsity Press.

Duffy, M. 2009. *Paul Ricoeur's Pedagogy of Pardon: a Narrative Theory of Memory and Forgetting*. London: Continuum.

Eagleton, T. 2008. *Literary Theory: An Introduction*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Emerick, B. 2011. *Apology as an indispensable practice of Moral Repair*. Boulder: University of Colorado.

- Enright, R., Knutson, J., Holter, A., Knutson, C. & Twomey, P. 2006. Forgiveness education with children in areas of violence and poverty. In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 11-13.
- Fetzer Institute. 2012. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.fetzer.org>>. Soos op 26 September 2012.
- Frise, N. & McMinn, M. 2010. Forgiveness and reconciliation: the differing perspectives of psychologists and Christian theologians. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.thefreelibrary.com>>. Soos op 1 Februarie 2011.
- Gartner, J. 1988. The Capacity to Forgive: An Object Relations Perspective. *Journal of Religion and Health* 27(4): 313-320.
- Gobodo-Madikizela, P. 2009. Working Through the Past: Some Thoughts on Forgiveness in Cultural Context. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van Der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), 2009. *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Gobodo-Madikizela, P.A. 2003. *A Human Being Died That Night: A Story of Forgiveness*. Cape Town: David Philip.
- Gorsuch, R.L., Hao, J.Y. 1993. Forgiveness: an exploratory factor analysis and its relationships to religious variables. *Review of Religious Research*. 34(4): 333-347.
- Gous, A. 2012. Vergifnis. *Rapport*. 7 Oktober.

- Gous, A. 2013. Vergifnis. Persoonlike onderhoud op 16 Januarie 2013.
- Gous, H. 2012. *Gesprek oor vrede*. Ongepubliseerde preek. NG-Kerk Quellerina: Johannesburg.
- Gouws, L.L. 1979. *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.
- Govier, T. 2002. *Forgiveness and Revenge*. London: Routledge.
- Green, P. 2009. The pivotal role of acknowledgement in social healing. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing, pp. 74-97.
- Green, R, 1996. *Quotations of Mahatma Gandhi*. Aanlyn beskikbaar by: <http://mindprod.com/ethics/gandhi.html>. Soos op: 25 Maart 2013.
- Gregory, C.A. 1982. *Gifts and Commodities*. London: Academic Press.
- Grisworld, C. 2007. *Forgiveness. A Philosophical Exploration*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hargrave, T. 1994. Families and Forgiveness: a Theoretical and Therapeutic Framework. *The Family Journal* 2(4): 339-348.
- Hay, L. 1987. *You can heal your life*. Grant Park, South Africa: Paradigm Press CC.
- Hays, J. 2009. *Yakuza and organized crime in Japan: History, Honor, Punch Perms, Pinkies and Tattoos*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.bfactsanddetails.com/japan.php?itemid+811%20+22%20=147>. Soos op 24 Januarie 2013.

Hazan, P. 2006. Measuring the impact of punishment and forgiveness: a framework for evaluating transitional justice. *International Review of the Red Cross*. 88(861): 19-47.

Henriksen, J. 2008. The difficulties of forgiving – or why not to reconcile with the past. *Ars Disputandi* 8: 80-87.

Hergenhahn, B. 2001. *An Introduction to the History of Psychology*. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Herman, D., Jahn, M., Ryan, M-L. (Eds.). 2005. *Routledge Encyclopedia of Narrative Theory*. London: Routledge.

Hill, M. 1979. *Hannah Arendt: The recovery of the Public World*. New York: St Martin's Press.

Hinson, L.W. (Producer), Hinson, L.W. (Writer) & Hinson, L.W. (Director). 2009. *As we forgive* [Motion Picture]. United States of America: Image Bearer Pictures, LLC.

Holloway, R. 2002. *On forgiveness*. Edinburgh: Canongate Books Ltd.

Hooti, N. & Habibi, S. 2011. The nature of guilt in Arthur Miller's *All my Sons*. CSCanada. *Studies in Literature and Language* 3(1): 11-16.

Hope, D. 1987. The healing paradox of forgiveness. *Psychotherapy* 24(2): 240-244.

Human, T. 2008. *Litnet/30 nagte in Amsterdam*. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=56975&cause_id+1270>. Soos op 12 Augustus 2011.

Institute for Forgiveness & Reconciliation at Chestnut Hill College. 2010.

Aanlyn beskikbaar by:

<http://www.chc.edu/institute_for_forgiveness_and_reconciliation>. Soos op 26 September 2012.

International Criminal Court. 2012. *What is genocide?* Aanlyn beskikbaar by:

<<http://www.icc->

[cpi.int/en_menus/icc/about%20the%20court/frequently%20asked%20questions/Pages/11.aspx](http://www.icc-cpi.int/en_menus/icc/about%20the%20court/frequently%20asked%20questions/Pages/11.aspx)>. Soos op 25 Maart 2013.

International Forgiveness Institute. 2012. *What is genocide?* Aanlyn

beskikbaar by: <http://www.internationalforgiveness.com>. Soos op 26 September 2012.

Jaspers, K. 2001. *Question of German Guilt*. New York: Fordham University Press.

Johl, J. 1992. Karakter/Karakterisering. In T.T. Cloete (red.), *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Jones, I. 2008. Uganda watch. Aanlyn beskikbaar by:

<<http://www.ugandawatch.blogspot.com/2008/10/forgiveness-for-ex-ugandan-rebels.html>>. Soos op 23 Julie 2012.

JR, 2007. 2007. *Face 2 Face / Israel & Palestine / 2007* Aanlyn beskikbaar

by: <<http://www.jr-art.net/projects/face-2-face>>. Soos op 12 Julie 2013.

Kekes, J. 2009. Blame versus Forgiveness. *The Monist* 92(4): 488-506.

Kristeva, J. & Rice, A. 2002. Forgiveness: An Interview. *PMLA* 117(2): 278-295.

Krog, A. 1998. *Country of my skull*. London: Jonathan Cape.

- Laidlaw, J. 2000. A free gift makes no friends. *Journal of the Royal Anthropological Institute* 6: 617-634.
- Levi, P. 1989. *The Drowned and the Saved*. (R. Rosenthal, Trans.) New York: Vintage.
- Lewis-Balden, C. 2012. Eerder menslik as perfek. *Rapport*, 14 Oktober, p.16.
- Libin, M. 2003. Can the subaltern be heard? Response and responsibility in South Africa's Human Spirit. *Textual Practice* 17: 119-140.
- Luskin, F. 2006. The Stanford Forgiveness Projects. In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 14-16.
- Mauss, M. 1990. *The Gift: Forms and functions of exchange in archaic societies*. London: Routledge.
- McIntosh, D., Kline, G., Wadsworth, M.A., Burwel, R., Gudmundsen, G., Raviv, T. et al. 2006. Forgiving the perpetrators of the September 11th attacks: associations with coping, distress, and religiousness In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 17-19.
- Meiring, P. 1999. *Kroniek van die waarheidskommissie. Op reis deur die verlede en die hede na die toekoms van Suid-Afrika*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.
- Meiring, P. 2000. Reparasie, die onbetaalde rekening van die Waarheids- en Versoeningsproses: *Skrif en kerk JRG*. 21(2): 301-315.
- Meiring, P. 2009. Is vergifnis moontlik? In: Burger, I., Van der Watt, J., Stander, H. *Die 50 Grootste Geloofsvrae*. Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Meyer, M. 2008. Reflections on Comic Reconciliations: Ethics, Memory, and Anxious Happy Endings. *The Journal of Aesthetics and Art Criticism*. 66(1): 77-87.

Minow, M. 2009. Facing Unfinished Business. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Muller, B.R. 2011. Weaving magic in his way with words. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.iol.co.za/tonight/books/weaving-magic-in-jos-wau-with-words-1.1048619?showComments+tr...>>. Soos op 12 Augustus 2011.

Odendal, F., Schoonees, P., Swanepoel, C., Du Toit, S. & Booyen, C. 1983. *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Parrott, L. 2003. *Shoulda Coulda Woulda*. Michigan: Zondervan.

Pfuger, R. 2013. Can Forgiveness Play a Role in Criminal Justice. *The New York Times*, 4 January.

Philpot, C. R. & Hornsey, M. J. 2006. Asking forgiveness for the sins of many: Does it work? In: Anderson, N. & Bullock, M. (Eds.), *Forgiveness: A sampling of research results*. Washington: American Psychological Association, pp. 24-26.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A., Gouws, L.A. 1986. *Psigologie-Woordeboek*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Restorative Justice Centre. 2013. Restorative Justice Centre. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.rjc.co.za/>>. Soos op 25 Februarie 2013.

Ricoeur, P. 2004. *Memory, history, forgetting*. Chicago: The University of Chicago Press.

Ricoeur, P., Antohi, S. 2005. Memory, History, Forgiveness: a dialogue between Paul Ricoeur and Sorin Antohi. *Janus Head* 9(1): 8-25.

Sanders, M. 2007. *Ambiguities of witnessing. Law and literature in the time of a truth commission*. Johannesburg: Wits University Press.

Schaffer, A. 2007. *Etienne van Heerden, interviews*. Beskikbaar by: <http://www.etiennevanheerden.co.za/interviews_schaffer.html>. Soos op 8 Desember 2012.

Scobie, G.E.W. & Scobie, E.D. 2002. An Analysis of the Components of Forgiveness. *Journal of Beliefs & Values* 23(1): 83-99.

Shelton, D. 2005. *Encyclopedia of Genocide and Crimes Against Humanity*. New York: Macmillan Reference.

Siddiqi, M. 2004. *IslamOnline*. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.islamonline.com/news/print.php?newid=696>>. Soos op 16 Junie 2010.

Skelton, A. 2002. Reforming the juvenile justice system in South Africa: policy, law reform and parallel developments. *British Journal of Criminology* 42: 496-513.

Steenkamp, E. (red.). 2004. *Die groot aanhalingsboek*. Wellington: Lux Verbi.

Sunday Times. 2010. 20 June, p. 16.

Szablowinski, Z. 2012. Self-forgiveness and forgiveness. *The Heythrop Journal* 53(4): 678-689.

The Boston Theological Institute. 2012. *Forgiveness and Reconciliation*.
Aanlyn beskikbaar by:
<http://bostontheological.org/forgiveness_and_reconciliation.html>. Soos op
27 September 2012.

thefreedictionary.com. 2013. *Aanlyn beskikbaar by*:
<<http://www.thefreedictionary.com>>. Soos op 25 Februarie 2013.

thinkexist.com. 1999. *Aanlyn beskikbaar by*:
<http://thinkexist.com/quotation/forgiving_the_unrepentant_is_like_drawing/177711.html>. Soos op 8 Februarie 2013.

Tolle, E. 2005. *A New Earth*. London: Penguin.

Tutu, D. 1999. *No future without forgiveness*. London: Rider.

Van Coller, H. 2005. Anderkant die stilte (André P. Brink) en die verwerking van trauma. *Tydskrif vir Letterkunde* 42(1): 117-133.

Van der Heyden, 2005. A Review of the Psychological Process of Forgiveness within Simon Wiesenthal's 'The Sunflower'. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

Van der Merwe, C. 2009. Literature as Truth and Reconciliation Commission: Examples from Afrikaans Literature. In: Gobodo-Madikizela, P. & Van der Merwe, C. (Eds.), *Memory, Narrative and Forgiveness: Perspectives on the Unfinished Journeys of the Past*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Van der Merwe, C. & Viljoen, H. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding to die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Walt, C. 2003. *Forgiveness: Liberating or Restraining? Exploring the constructions of forgiveness of people living with the Human*

Immunodeficiency Virus (HIV). Ongepubliseerde MA-verhandeling:
Universiteit van Pretoria.

Van Heerden, E. 1978. *Matoli*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Van Heerden, E. 1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2000. *Die Swye van Mario Salviati*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2005. *In stede van die liefde*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2007. *Asbesmiddag*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2008. *30 nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, E. 2009. Geloofsbriewe. Etienne van Heerden:
Bedankingswoord. Aanlyn beskikbaar
by: <<http://www.etiennevanheerden.co.za>>. Soos op 28 Januarie 2013.

Van Vuuren, M.E. 2011. *The truth of wounded memories: the question of forgiveness in selected post-apartheid texts*. Pretoria: University of Pretoria.

Volschenk, B. 2010. *'n Vergelykende studie van die tradisionele speurverhaal en die literêre speurverhaal met spesifieke verwysing na vier Afrikaanse speurverhale*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Von Klemperer, M. 2011. *The Witness, 23 Maart*. Aanlyn beskikbaar by:
<[http://www.witness.co.za/index.php?showcontent&global\[id\]=57552](http://www.witness.co.za/index.php?showcontent&global[id]=57552)>. Soos
op 8 November, 2012.

Wachtel, T. 2013. Restorative Justice Is Not Forgiveness. Aanlyn beskikbaar
by: <http://www.huffingtonpost.com/ted-wachtel/restorative-justice-is-no_b_2567653.html>. Soos op 12 Februarie 2013.

Wenar, C. 2000. *Developmental Psychopathology: From Infancy through Adolescence*. Singapore: McGraw-Hill International Editions.

Wepener, C. 2004. Versoeningsrituele: tipologieë en prosesse. Insigte vanuit 'n beskrywende verkenning van die rituele mark. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 45(3 & 4): 763-773.

Wiesenthal, S. 1998. *The Sunflower. On the Possibilities and Limits of Forgiveness. With a Symposium*. New York: Schocken Books.

Winfrey, O. 2012. Full Episode of Oprah's Lifeclass: the Tour: The Power of Forgiveness. Aanlyn beskikbaar by: <<http://www.oprah.com/oprahs-lifeclass/Full-Episode-of-Oprahs-Lifeclass-The-Power-of-Forgiveness-Video>>. Soos op 13 Julie 2012.

Zaibert, L. 2009. Forgiveness: An Introduction. *The Monist* 92(4): 481-487.